

DORPSTIGTING IN DIE BANTOETUISLANDE

n Onderzoek na die beleid en praktyk met betrekking tot die funksionele en administratiewe aspekte van tuislanddorpe uit die gesigspunt van die Naturelle-administrasie.

deur J.J. HENNING, M.A.

Proefskrif aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die graad Doctor Philosophiae aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Potchefstroom
Januarie 1969

VOORWOORD

Hiermee wil ek graag my dank en waardering betuig teenoor diegene wat my op een of ander wyse bygestaan het in hierdie onderneming.

Hooggeagte prof. J.H. Coetzee, aan u my innige dank en opregte waardering vir u bereidwilligheid om as promotor op te tree. U belangstelling, hulpvaardigheid, indringende en opbouende kritiek, het my in staat gestel om hierdie studie te kon onderneem.

Die Sekretaris van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling word bedank vir die toestemming aan my verleen om gegewens vir hierdie proefskrif aan die hoofkantoor en in die verskillende tuislande te kon insamel.

Die Direkteure van die Departemente Nie-blanke-sake van die Stadsrade van Potchefstroom, Welkom en Benoni het waardevolle advies en inligting verstrek. Aan hulle my dank.

n Besondere woord van dank gaan aan die personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek vir hulle uitnemende diens en hulpvaardigheid.

Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing word bedank vir n ad hoc-toekenning waardeur besoeke aan die Bantoetuislande gebring kon word.

Mnre. A.A. Bischoff en A.B. de Villiers van die Departemente Geologie en Aardrykskunde van die P.U. vir C.H.O. word bedank vir die hulp verleen by die samestelling en afronding van kaarte wat as bylaes opgeneem is.

Dank gaan aan Dr. L.C. Minnaar van die Departement Afrikaans-Nederlands vir taalkundige advies wat sy verleen het by die skrywe van hierdie proef-skrif.

Aan my ouers wat my deur hulle lewe en leer, in woord en voorbeeld, met die ideaal van akademiese studie geïnspireer het, word hierdie werk in dankbaarheid opgedra.

J.J. Henning

Potchefstroom
Januarie 1969

INHOUDSOPGAW E

1. INLEIDING

1. Motivering 1
2. Doel van ondersoek 2
3. Metode van ondersoek 5
4. Terminologie 5
5. Ontstaan en funksionele betekenis van dorpe en stede 17

② DORPS- EN STADSONTWIKKELING IN AFRIKA SUID VAN DIE SAHARA

1. ~~X~~ Verstedeliking 26
2. ~~X~~ Gevolge van verstedeliking 56
3. ~~^~~ Beheer en administrasie van die dorpe 61
4. Samevatting en gevolgtrekkings 76

3. DIE BANTOE EN SY TRADISIONELE VESTIG- INGSWYSE

1. Inleiding 78
2. Tradisionele nedersetting van die Bantoe 79
3. Administratiewe organisasie 102
4. Funksioneel - strukturele aspekte van die tradisionele Bantoenedersetting 104
5. Samevatting en gevolgtrekkings 110

④ AANWESIGHEID VAN DIE BANTOE IN SUID- AFRIKA SE BLANKBEHEERDE DORPE EN STEDE

1. Ontstaan van blanke dorpe in Suid-Afrika 116
- ② Ontstaan van stedelike Bantoewoon-
buurtes 125

3. Ontwikkeling van die stedelike Bantoe-
beleid 129
4. Aandeel van die Bantoe aan stedelike
plaaslike bestuur 138

5. VERSTEDELIKING VAN DIE TUISLANDE

1. Afwesigheid van dorpe 167
2. Begin van Bantoeorpstigting 181
3. Die Tomlinsonplan 190
4. Dorpstigting as deel van n groter
ontwikkelingsprogram vir die tuis-
lande 207

6. GARANKUWA EN MAKWARELA - 'N BESKRYWING EN ANALISE VAN TWEE BANTOEDORPE

1. Garankuwa 220
2. Makwarela 231
3. Evaluering 237

7. ADMINISTRATIEWE BELEID EN PRAKTYK TEN OPSIGTE VAN BANTOEDORPE

1. Beleidsaspekte in verband met dorp-
stigting 244
2. Huidige reëling in verband met stigting,
beheer en administrasie van tuisland-
dorpe 249
3. Basiese vraagstukke in verband met
die huidige administrasie 265

8. MOONTLIKE KORREKTIEWE MAATREËLS IN DIE
PROSES VAN DORPSTIGTING

1. Faktore in blanke stedelike gebiede 280
2. Faktore in die tuislande 319

9. BEVINDINGS 349

BIBLIOGRAFIE 361

BYLAES 373

HOOFSTUK I

INLEIDING

1. Motivering

"So long as men remained in the pastoral or agricultural stages there was little stimulus to the differentiation of economic functions; the entire energies of men were absorbed in the task of raising the food supply. But with the city came the division of labor and possibilities for economic surplus, hence wealth, advance and the development of the arts and sciences". William B. Munro ¹⁾.

Die geskiedenis van stedebou leer dat dorpe en stede as menslike vorms van nedersetting in die Nabye-Ooste en Noord-Afrika ontstaan het. Vandaar het dit uitgebrei na ander wêrelddele, maar aanvanklik nie na die res van Afrika nie. Met die uitsondering van Wes-Afrika is al die ander dorpe en stede van die kontinent die werk van die blanke of die Asiaat.

Ook in Suid-Afrika het dorpe en stede ontstaan deur die inisiatief van die blanke van Wes-Europese afkoms. Die inheemse bevolkingsgroepe het slegs 'n nie-stedelike agrariese selfonderhoudende nedersettingsvorm geken en in daardie toestand verkeer totdat omstandighede hulle gedwing het om na die dorpe van die blanke te trek.

Na meer as twee eeue van aanraking met die blanke het die Bantoe nog geen eie dorp of stad gestig nie.

1. In Encyclopaedia of Social Sciences, p. 474.

Die toepassing van Suid-Afrika se Bantoebeleid vereis enersyds die ontwikkeling van die Bantoe mens en andersyds die Bantoegebiede. Daardie gebiede moet gelei word tot staatkundige en ekonomiese selfstandigheid. Derhalwe is een van die pilare waarop die beleidsuitvoering steun, die voorsiening van lewensruimte en bestaansmoontlikhede in digte agglomerasies met 'n definitiewe funksionele betekenis.

Alhoewel die Bantoe in die blanke dorpe en stede tot 'n sekere mate die stedelike lewenswyse van die blanke aanvaar het, is hy in sy tuisgebiede nog oorwegend platteland met 'n sterk agrariese gebondenheid. Die beleid stuur in sy volle manifestasie af op die snelle ontwikkeling van die tuislande wat kan materialiseer indien verstedeliking moontlik sal wees.

Met ander woorde, die sosio-ekonomiese en staatkundige ontwikkeling van die tuislande draai in 'n groot mate om die suksesvolle deurvoering van die dorpstigtingsprogram.

Teen die agtergrond van die Bantoe se tradisionele nedersettingsvorm en die huidige verstedelikingstendens in die blanke gebiede, openbaar die dorpstigtingsprogram iets van 'n kunsmatige karakter. Dit is nie net die ordening van 'n organisasie en spontane groei-proses nie, maar die proses moet self ook gestimuleer word. Die dorpstigtingsprogram vorm inderdaad deel van 'n groot, omvangryke, nasionale opbouproses met velerlei probleme. Die belangrikheid daarvan vereis wetenskaplike studie van die hele projek vanuit verskillende vakrigtings.

2. Die doel van die ondersoek.

Die doel van hierdie ondersoek en proefskrif is om teen die agtergrond van die motivering en aan die hand van die verklaarde beleid, dorpstigting in Suid-Afrika se Bantoe tuislande in sy administratiewe aspek te analiseer.

Hier moet daarop gewys word dat die bestaan van dorpe in die tuislande nog so in die beginstadium is dat die grootste gewig van hierdie proefskrif nie op 'n empiriese beskrywing en ontleding van sodanige dorpe sal val nie, maar eerder op die kwessie van dorpstigtingsbeleid. Uit 'n wetenskaplike oogpunt gesien wil dit voorkom asof die studie te vroeg is, maar uit 'n beleids-oogpunt is dit nie die geval nie.

Die vraagstuk is benader uit die standpunt van die Naturelle- (Bantoe) administrasie. Dit is egter onvermydelik om in so 'n studie ook aspekte van ander vakdissiplines aan te raak. Trouens, Miner ²⁾ het reeds verklaar dat "..... students of African cities tend to be disciplinary border-crossers". Ook in hierdie studie is geleen van geografie, stadsbeplanning, volkekunde, ekonomie en staatsleer. By al hierdie interdissiplinêre grensoorskrydings het die onderlinge verband tussen die verskillende wetenskappe weereens duidelik geword.

Alhoewel hierdie onderwerp reeds vanuit die stads-en streeksbeplanningsoogpunt aansienlike aandag geniet het ³⁾, is daar tot op datum van skrywe vanaf die kant van die Naturelleadministrasie nog weinig gedoen.

Hoewel dorpstigting ten nouste verbonde is aan die proses van ekonomiese differensiasie met die gepaardgaande sosiologiese en ander prosesse en verskynsels, kan die student van Naturelleadministrasie alleen die belangrikheid van die ekonomiese aspek waardeur en beklemtoon, maar dit nie ontleed nie. Derhalwe is hierdie ondersoek op die algemeen funksionele en in besonder op die administratiewe aspekte toegespits. Laasgenoemde kan egter nie sonder eersgenoemde bespreek word nie.

2. The city in modern Africa, p. 9.

3. Die werke van Page, Rossouw en Van Gass waarna later in besonderhede verwys sal word.

Om die Suid-Afrikaanse situasie in die regte perspektief te kan beoordeel, is begin deur te bepaal wat 'n dorp en stad is en wel in historiese en funksionele verband. Daar het die probleme egter begin en, om Miner ⁴⁾ weer aan te haal,

"Everyone knows what a city is, except the experts. For them, the city is many things, among which none is clearly dominant."

Aan die hand van 'n werkshiptese is 'n poging aangewend om vas te stel tot welke mate die dorp en stad in Afrika suid van die Sahara en noord van die Republiek van Suid-Afrika, as menslike nedersettingsvorm voorkom.

Daarna word die fokus op diegene geplaas vir wie nou dorpe en stede in hulle tuislande gestig word. Die tradisionele vestigingswyse van die Suid-Afrikaanse Bantoe word in hoofstuk III ontleed en funksioneel beskryf.

Aangesien aansienlike getalle Bantoes reeds in die blanke dorpe en stede verstedelik het, of in verskillende stadia van verstedeliking verkeer, word daardie opset met die klem op die bestuurs-aandeel van die Bantoe in hoofstuk IV behandel. Daardeur is gepoog om te kan bepaal tot welke mate die Bantoe woonbuurt van die blanke dorp 'n leerskool vir die inwoners van die tuislanddorp sal wees. Kennis moet geneem word van die situasie in die blank-beheerde dorpe en stede, want uit daardie bron sal die tuislanddorpe ook groot getalle in mense materiaal trek.

Teen hierdie breë agtergrond word die aandag verder (vanaf hoofstuk V) op dorpsstigting in die tuislande toegespits met die klem op die funksionele, beleids- en administratiewe aspekte.

Terwyl dorpsstigting in 'n sekere sin nog in 'n eksperimentele toestand verkeer en daar nie verwag kan word dat alles foutloos sal geskied nie, word in die laaste instansie oorweging geskenk aan

4. Op. cit., p. 3.

enkele korrektiewe en/of rigtinggewende maatreëls. Slegs enkele maatreëls word genoem aangesien die onderwerp, afgesien van die breë wyse waarop dit aangevoer is, tog beperk is tot die vak Naturelleadministrasie.

3. Metode van ondersoek

Beskikbare literatuur, veral oor die inhoud van die eerste drie hoofstukke, is nagegaan en bestudeer. Vir die samestelling van hoofstuk II is verder onderhoude gevoer met deskundiges oor Afrikadorpe tydens 'n konferensie oor verstedeliking in Afrika, gehou te Edinburgh, Januarie 1963.

Vir die latere hoofstukke is hoofsaaklik gebruik gemaak van departementele verslae, periodieke beleidsverklarings en lêers van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling.

Daarbenewens is besoeke aan al die Bantoetuislande gebring. Verskeie Bantoedorpe in verskillende stadia van ontwikkeling is besoek, onderhoude is gevoer met amptenare, kapteins en hoofmanne en Bantoes uit verskillende lae van die onderskeie volksgroepe. Besoeke is ook aan verskillende Bantoewoonbuurtes gebring en onderhoude is gevoer met amptenare van Nie-blankesake departemente van munisipaliteite asook verskillende Bantoeleiers in stedelike gebiede.

4. Terminologie

Aan die begin van hierdie werk is dit noodsaaklik om sekere terme te omskryf of af te baken om sodoende verwarring en onduidelikheid te voorkom. Dit is nie net noodsaaklik nie, maar ook gebruiklik by elke wetenskaplike werk om helderheid te bewerkstellig.

In hierdie werk word terme gebruik wat in die Europese, Engelse en Amerikaanse literatuur vry algemeen voorkom en waaroor daar skynbaar geen verwarring behoort te bestaan nie. In die loop

van hierdie werk sal egter aangetoon word dat terme soos dorp, stad, "hamlet", "village", "town", "township" en "city" in Suid-Afrika in omloop is en dat dit as nedersettingsvorme vir beide blank en Bantoe gebruik word terwyl daar tog groot wesentlike en funksionele verskille veral tussen die Bantoenedersetting en die van die blanke in Suid-Afrika en elders bestaan.

Dit is net een van die talle terminologiese probleme waarvoor die student van Afrika-aangeleenthede in die algemeen en menslike woonwyses of nedersettingsvorme in die besonder, te staan kom. Om dus enigsins duidelikheid te verkry, moet 'n metode gesoek word waarlangs sekere terme verklaar kan word of nuwes selfs geskep word om by die besondere situasie aan te pas. Europese, Britse en Amerikaanse wetenskaplikes en kenners van Afrika-aangeleenthede toon feitlik deurgaans die neiging om die aan hulle bekende (Westerse) terminologie sonder meer op Afrika-omstandighede van toepassing te maak en daardeur te verval in 'n proses van veralgemening.

Waar hierdie werk oor die dorp- en stadstigting in Suid-Afrikaanse Bantoetuislande gaan, moet allereers duidelikheid verkry word oor watter tipe dorp en stad bedoel word. Derhalwe moet 'n poging aangewend word om te bepaal wat 'n dorp en stad is volgens Suid-Afrikaanse terminologie. Terselfdertyd sal ook vasgestel moet word wat die tradisionele vorm van nedersetting van die Bantoe is en watter terminologie die blanke aan die een kant en die Bantoe aan die ander kant, daaraan gekoppel het.

Uit die aard van die saak sal dit dus meebring dat 'n ietwat omslagtige prosedure gevolg moet word, want daar sal in die eerste instansie helderheid verkry moet word van wat die Europeër, die Brit en die Amerikaner, dit wil sê die Westerling, met dorp en stad bedoel en daarna eers kan die Suid-Afrikaanse situasie in oënskou geneem word. Beide dorp en stad is 'n gekonsentreerde vorm van nedersetting en word in Westerse sin net as stedelik getipeer. Met die oog daarop sal hier nou 'n poging aangewend word om 'n beskrywing of analise te gee van die wesentlike van stedelike (dorp ingeslote) nedersetting, of stedelike agglomerasie. By die beskrywing moet die aandag voorlopig net eers

beperk word tot die moderne dorp of stad, gesien teen die agtergrond van die geweldige tipologiese verskille in vergelyking met die antieke en middeleeuse dorpe en stede. By so 'n bespreking van die moderne dorp of stad moet daar verder weer tussen die Westerse, die Oosterse, en die Afrikaanse dorpe en stede onderskei word.

Uitgaande van daardie standpunt moet daar dus noodwendig tussen die verskillende stadstipes onderskei word en wel in historiese sin (Antieke, Middeleeuse en Moderne stede) sowel as in geografiese sin (Westerse-, Oosterse- of Afrikaanse stede). Hierdie verskille in stadstipes is die regstreekse gevolg van „verschillen in cultuurniveau” ⁵⁾ en sodanige kultuurverskille staan in regstreekse samehang met die maatskaplike struktuur en ontwikkeling van elke tipe dorp of stad. So is elke stadstipe dus die eksponent van 'n bepaalde historiese fase van kulturele ontwikkeling. Smits ⁶⁾ sien elke stadstipe as „zowel de bakermat als het kind van een bepaalde culturele levenssamenhang”.

Om nou te kan omskryf wat 'n dorp of stad is, moet daar ten minste ook gesoek word na wat die wesentlike funksie(s) van die moderne stad is. Aangesien die Suid-Afrikaanse dorpe en stede tot 'n groot mate die eweknie van die Britse en Europese dorpe en stede is en iets soortgelyks in die Bantoetuislande be-oog word ⁷⁾, moet in dié soeke na 'n omskrywing die aandag alleen by een bepaalde historiese stadstipe bepaal word, naamlik die hedendaagse Westerse. Dit is baie moeilik om in een bondige definisie volledig die essensiële van die moderne stad saam te vat. Daarvoor besit die stad beslis te veel aspekte: geografiese, ekonomiese, sosiologiese, sosiaal-psigologiese, kulturele en sosiaal-etiese.

5. Smits. Kerk en stad, p. 11.

6. Loc. cit.

7. Pelzer. Verwoerd aan die woord, p. 128.

By n wetenskaplike omskrywing moet al daardie aspekte in gedagte gehou word wat weer meebring dat die navorser homself op die terrein van verskillende vakdissiplines bevind. Kennis moet geneem word van wat sosiologies, histories, geografies, ekonomies en, vir die doel van hierdie besondere studie, ook juridies - administratief met dorp en stad bedoel word. As gevolg van bogenoemde verskillende vereiste benaderinge is verskeie omskrywinge nagegaan om, ten minste vir die doeleindes van dié werk, n uitgangspunt en werkshipotese te vind wat sal lei tot n begripsbepaling van die wese van die dorp en stad. Dit moet dadelik toegegee word dat, indien tot n omskrywing gekom word, die voorlopigheid daarvan nie betwis kan word nie, maar dit kan ten minste waardevolle dienste lewer as basiese uitgangspunt.

In die Nederlandse taal word gekonsentreerde nedersettings van mense (agglomerasies) beskryf as dorp en stad. Die term of begrip dorp word omskryf as „een der nederzettingsvormen van de plattelandsbevolking en als zodanig in het gewone spraakgebruik meestal een meer of minder dichtopeengebouwde huizenagglomeratie; 8). Hieruit spreek dadelik twee belangrike eienskappe van die dorp, naamlik (a) die nedersettingsvorm van die plattelandse bevolking en (b) die vereiste dat die huise dig opeen gebou moet wees. Winkler Prins gaan met sy definisie van die dorp verder deur die nedersetting te beskryf as n plek „waarin zowel de boerenhoeven als de woningen van de landarbeiders en van voor de locale behoeftevoorziening onontbeerlijke ambachtslieden en neringdoenden op verschillende wijzen kunnen zijn gegroepeerd". In hierdie gedeelte van die omskrywing word die aandag op die inwoners van die dorpe gevestig wat kan bestaan uit drie kategorieë, naamlik (a) die boere of grondeienaars self, (b) die arbeiders van die boere en (c) ambagsmanne en ander professionele persone wat aan die plaaslike behoeftes diens moet lewer. Hierdie omskrywing het dus in die eerste plek net op die visuele verskynning van die dorp betrekking. Daarom maak die agrariese karakter

8. Winkler Prins Ensiklopaedie, p. 395.

van hierdie landelike nedersettingsvorm dit noodsaaklik dat die begrip dorp nie beperk word tot die groep huise nie. Dit moet egter uitgebrei word tot die landerye behorende aan die in die dorp gevestigde agrariese bedrywe.

Die Nederlandse dorp waarvan die Suid-Afrikaanse term afgelei is, is dus die plattelandse nedersettingsvorm van boere, arbeiders, ambagslui en selfs professionele mense wat in diens van die omgewing staan. Dorp het dus in Nederlands n besondere funksionele betekenis, en dit is die kleinste nedersettingsvorm naas die indiwiiduele „boerderij" of plaas.

In die Engelse terminologie is die posisie ietwat anders. Die kleinste vorm van nedersetting is daar naas die indiwiiduele „homestead", en die „hamlet", wat omskryf word as "a small group of homes in the English countryside, too small to be called a village, usually without a church" ⁹⁾. Uit hierdie omskrywing word drie basiese kenmerke aan die "hamlet" gekoppel: (a) dit is klein, (b) dit is plattelands en (c) dit beskik nie oor n kerk nie. Die aanwesigheid van n kerk is n Engelse tradisie wat vandag nog in mindere of meerdere mate by die statusverlening van n besondere nedersetting bepalend is. Die volgende nedersettingsvorm wat in die Engelse taal bekend is, is die sogenaamde "village" wat omskryf word as

"a collection of houses in rural surroundings, smaller than a town, larger than a hamlet, and without a municipal form of government. Usually willages were founded as agricultural settlements, but they may not be so today even though retaining the name; e.g. Dulwich Village in London Most villages in England are administered by a rural district council and a parish council, under the overall administration of the country in which they are situated" ¹⁰⁾.

9. Monkhouse. A dictionary of geography, p. 152.

10. Monkhouse, op. cit., p. 323.

Volgens bogenoemde omskrywing is n "village" daardie nedersettingsvorm wat (a) betreklik klein is, (b) geleë is in n plattelandse omgewing, en (c) wat nie-outonoom is en beskik oor n beperkte vorm van plaaslike bestuur. Die woord "village" is afgelei van die Latynse villa, wat beteken plattelandse huis, landgoed of selfs plaas. Die ekwivalente van die woord village kan in Nederlands wees dorp, in Duits Dorf en in Russies mir ¹¹⁾, maar selfs in Engeland word geleidelik n begripsverandering ondervind soos duidelik uit Monkhouse se omskrywing blyk. So kan aan die een kant groot, digte konsentrasies van die bevolking selfs in n deel van Londen n "village" genoem word, terwyl klein vissersdorpies ¹²⁾ met hulle nie-agrariese bevolkings ook n "village" kan wees.

Die Engelse terminologie maak in rangorde verder ook vir nog n ander vorm van nedersetting voorsiening, naamlik die "town". Die woord "town" kan in verband gebring word met die Oud-Germaanse woord Tun wat omheining beteken ¹³⁾. Die hedendaagse Duitse Zaun of heining wat etimologies verband hou met "town", dui duidelik op die oorspronklike ommuurde nedersetting. Monkhouse ¹⁴⁾ omskryf "town" as "a compact settlement larger than a village, with a community pursuing an urban way of life". Hieruit blyk al dadelik (a) die klem wat op die grootte van die nedersetting gelê word, (b) die gekonsentreerdheid of kompaktheid daarvan, (c) die stedelike lewenswyse van die inwoners en (d) die afwesigheid van die landbou of die nie-agrariese karakter daarvan. Voortgaande beweer Monkhouse dat in Engeland "the term has no administrative connotation;

11. Nel & Van Zyl. Stad en dorp, p. 49.

12. Loc. cit.

13. Loc. cit.

14. Op. cit., p. 132.

an urban district, borough or county borough may all be towns, with some form of municipal administration". Munisipale administrasie verleen dus in 'n sekere sin dorpstatus aan 'n nedersetting, en so 'n dorp kan selfs baie uitgebrei wees. In Engeland is daar ook dorpe met gespesialiseerde funksies soos byvoorbeeld die markdorpe, myndorpe en spoorwegdorpe.

Vandag bestaan daar nie 'n duidelike funksionele verskil tussen die Engelse dorpe en stede nie. So kan daar ook verder dorpe wees wat groter as sommige stede is, want stadstatus is daar oor die algemeen kunsmatig ¹⁵⁾.

In die Duitse terminologie word ewe-eens die woord Dorf gevind en dit sluit tot 'n groot mate aan by die betekenis van die Nederlandse dorp; want dit is ook 'n „ländliche Siedlung, deren Lage, Form und Grösse durch die bäuerliche Arbeit bestimmt ist“¹⁶⁾. Die landelikheid en agrariese verbondenheid is kenmerkend van die Duitse dorpe terwyl die getal inwoners beperk is.

Samevattend kan uit al die voorgaande omskrywings van 'n dorp soos dit in die stamlande van Suid-Afrika aangetref word, afgelei word dat daar in die Europese terminologie 'n duidelike funksionele betekenis aan dorp geheg kan word wat beslis nie die geval by die Engelse dorpe is nie. In hierdie opsig staan Suid-Afrika nader aan Engeland, want tussen sy dorpe en stede is daar nie 'n groot funksionele verskil nie.

15. Nel & Van Zyl, loc. cit.

16. Der Grosse Brockhaus; 1953, Deel III, bl. 326

Dit lui dadelik tot die vraag wat met die term stad bedoel word? In die Nederlandse literatuur verskyn talryke omskrywings wat in baie opsigte onbevredigend is omdat dit dikwels net een of enkele van die belangrikste aspekte noem of selfs oorbeklemtoon. W.H. Vermooten ¹⁷⁾, as voorbeeld, noem die stad net „de grote gemeente”. In hierdie omskrywing word n fisiese aspek tot die enigste en vernaamste kenmerk van die stad verhef. By die omskrywing van die term stad kan n geografiese of fisiese aspek nie altyd primêr wees nie want baie dorpe is groter as sekere stede. Die blote getal inwoners kan nie altyd as kriterium geneem word nie.

Bos ¹⁸⁾ het in sy studie van Rotterdam gevind dat die wese van die stad saamgevat kan word in n tweetal begrippe, naamlik „de concentratie, de opeenhoping van mensen, woningen, fabrieken en werkplaatsen rondom een zeker centrum, en de intensivering, de verheving van het maatschappelijk leven en van het levenstempo” wat uiting vind in n sekere mate van spanning, voortdurende aktiwiteite, n veelheid van idees en inisiatief. Alhoewel dit nie n duidelike omlynde omskrywing is nie, kom dit tog nader aan die werklikheid en wel in die sin dat die onderskeid tussen stedelike en plattelandse bevolking die beste getipeer kan word aan die hand van die beroepstruktuur. Uit die omskrywing word dit duidelik dat die inwoners van die stad grootliks by nie-agrariese beroepe betrokke is. n Verdere kenmerk van die stad wat spreek uit hierdie omskrywing is die arbeidsverdeling en toenemende beroepspesialisasie gepaard met die intensivering van die lewenstempo.

17. In Smits, op cit., p. 15.

18. De Stad der toekoms - de toekomst der Stad, p. 25.

Tot dusver het twee belangrike elemente in die verskillende omskrywings van die stad nog ontbreek, en dit is die ver-
swyging van, of sekondêre posisie wat aan die ekonomiese en
regionale funksies van die stad toegeken word. Die belang-
rikheid daarvan kan nie ontken word nie, want die moderne
stad is tot 'n groot mate ook streeksversorger. Duvenhage¹⁹⁾,
in ooreenstemming met Bobek, definieer die stad as „'n groot
nedersetting wat die middelpunt van 'n bepaalde omrande
ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele lewe is”.

Uit die Nederlandse literatuur is een van die mees bevre-
digende omskrywings van die stad sekerlik die van Bouman²⁰⁾.
Volgens hom is die stad „een massale opeenhoping van een
niet - agrarische bevolking, wonende in en om een centrum
van ekonomiese bedrijvigheid, bestuur of van kunste en
wetenschap”. Alhoewel die woord „centrum” tekens van 'n
sentrale funksie inhou, word die regionale funksie van die
stad nie baie duidelik na vore gebring nie. Nogtans bevre-
dig hierdie minder formele en minder abstrakte omskrywing
omdat die wesentlike kenmerke van die moderne stad daaruit
spreek. Naas die fisiese en ekonomiese aspekte, soos weer-
spieël in die term „massale opeenhoping”, wys die omskry-
wing ook op die geestelike probleme voortvloeiende uit
die komplekse aard van die stedelike samelewing.

Die Engelse woord "city" hou etimologies verband met die
Latynse woord civitas wat 'n aanduiding was van belangrike
bestuursentra binne die Romeinse Ryk en wat met verloop
van tyd ook die setels van biskoppe geword het²¹⁾.
Monkhous²²⁾ omskryf stad of city as

19. Geografie en geotegniek, p. 238 - 9.

20. Algemene maatschappijleer, p. 96.

21. Nel & Van Zyl, loc. cit.

22. Op. cit., p. 63.

- (i) "a loosely used term, implying a very large town.
- (ii) "An old - established town, with a cathedral and bishop, not necessarily large: e.g. Winchester.
- (iii) "In England and the Commonwealth, a title created by royal charter or letters patent, but with no specific privileges other than ceremonial. Most, though not all, cities have a Lord Mayor, in contrast to the Mayor of a Borough".

Uit bogenoemde omskrywing blyk dit dat die stad oor die algemeen, maar nie noodwendig nie, groot is. Die verskil tussen n city en n town kom dus eerder neer op n kunsmatige status wat nie met die funksionele werklikheid verband hou nie ²³⁾. Net soos by die Romeinse civitas het dit in Engeland tradisie geword dat net n stedelike nedersetting oor n katedraal kan beskik. Vandag is city net n eretitel wat kragtens koninklike oktrooi toegeken word aan sekere dorpe wat dan as stede getipeer word. Die onderskeiding tussen n dorp en stad is dus kunsmatig, sonder enige funksionele verskil.

Lewis Mumford ²⁴⁾ het in n mooi bewoorde omskrywing die stad in sy geheel gesien as "a geographic plexus, an economic organization, an institutional process, a theatre of social action, and an esthetic symbol of collective unity". Hierdie omskrywing is egter te formeel en abstrak. Indien daar nie vooraf kennis of ervaring van n stad is nie, sal hierdie omskrywing nie die ware stad na vore

23. Nel & Van Zyl, loc. cit.

24. The culture of cities, p. 480

roep nie. Dieselfde beswaar kan ingebring word teen die siening van ander Amerikaanse skrywers soos Queen en Carpenter ²⁵⁾ wat die stad net sien as "...a collection of people and buildings, large for its time and place, and characterised by distinctive activities". Barnes ²⁶⁾ se omskrywing is meer bevredigend aangesien dit duidelik stel dat die moderne stad die produk is van industrialisasie en dat die stad vir die gemeenskap n besondere probleem oplewer deur die komplekse karakter van sy sosiale struktuur want "it is also a novelty because of its complex character as a social unit". Enige omvattende omskrywing van die moderne stad moet weer- spieël dat dit n sosiale, politieke, juridiese en ekonomiese eenheid is, want die stad het n kenmerkende sosiale struktuur, n gespesialiseerde regeringsorganisasie, n unieke wetlike status en n hoogs ingewikkelde ekonomiese lewe.

Dit blyk dus moeilik, indien moontlik, om n bondige omskrywing van „stad” in die algemeen te gee. Elke historiese stadstipe en elke landstreek se besondere stadstipe kan uit verskillende terreine omskryf word. Die groot probleem is egter hoe om daardie verskillende sieninge bymekaar te bring want "... the concept of a city is conditioned by the point of view of the person who is observing or studying it" ²⁷⁾. Vir die doeleindes van hierdie werk moet eerder nou met hierdie opsomming van die mees algemene kenmerke van die stad volstaan word. Vanselfsprekend mag in so n opsomming nie een enkele van die genoemde kenmerke geïsoleer en daarmee dalk verabsoluteer word nie - „want slechts in correlatief, structureel verband geven ze een idealtypische dwarsdoorsnee" ²⁸⁾ van die moderne stad.

25. The American city, p. 18.

26. Society in transition, p. 485

27. Queen & Carpenter, op. cit., p. 17.

28. Smits, op. cit., p. 17.

Ten slotte moet die aandag by die Suid-Afrikaanse situasie bepaal word. Hier het veral vyf vorms van gekonsentreerde nedersettings van mense ontstaan. Die blankes se vorm van gekonsentreerde nedersetting word omskryf as dorpe en stede wat beslis afgelei is van die Europese (veral Nederlandse) en Engelse gelykluidende nedersettings. In Suid-Afrika bestaan daar egter nie die funksionele verskil tussen dorp en stad soos die geval is in Nederland nie. Funksioneel is dit dus nie moontlik om so n onderskeid te trek nie en anders as byvoorbeeld in Engeland „is die grens eerder een van intensiteit van stedelikheid" ²⁹⁾. Anders gestel, is die stedelike funksies van die Suid-Afrikaanse stad in alle opsigte meer intens as dié van n dorp.

Naas bogenoemde twee vorms van blanke nedersetting in Suid-Afrika het daar ook met verloop van tyd drie gekonsentreerde nedersettingsvorms ten opsigte van die Bantoe ontstaan. Die een is sy tradisionele vorm wat om redes wat breedvoerig in n volgende hoofstuk gemotiveer en uiteengesit word, weer onderverdeel kan word in (a) verspreide gesinsnedersettings of krale ³⁰⁾ en (b) gekonsentreerde groepsnedersettings of statte. In aansluiting by wat vroeër in hierdie hoofstuk gesê is, kan die Europese, Engelse of selfs blanke terminologie nie sonder meer op byvoorbeeld die Bantoe se vorm van nedersetting van toepassing gemaak word nie, want funksionele verskille kan nie deur n veralgemening uit die weg geruim word nie. In n volgende hoofstuk word verder ook aangetoon dat in die tradisionele vorm van nedersetting van die Bantoe daar geen sprake van dorpe of stede is nie en daarom word die woorde kraal en stat in hierdie werk gebruik.

29. Nel & Van Zyl, loc. cit.

30. Walton. African village, p. 150.

Die tweede vorm van nedersetting van die Bantoe wat met verloop van tyd ontstaan het, is die Bantoewoonbuurtes van die blankbeheerde dorpe en stede. Dit wil sê die nietradisionele nedersettings buite die stamgebiede. In die verlede is die term lokasie gebruik en alhoewel die bestaande wetgewing ³¹⁾ die term behou het, is die algemene beleid eerder ten gunste van Bantoewoonbuurt. Aangesien daardie nedersettingsvorme nog geen dorpe is nie soos later aangetoon word, en aangesien lokasie verwarring kan skep en beslis uitgedien is, sal in hierdie werk verwys word na Bantoewoonbuurte, bedoelende daardie woonplekke van die Bantoe in die blankbeheerde dorpe en stede.

n Derde en meer resente vorm van nedersetting ten opsigte van die Bantoe is die dorpe en stede wat nou in die Bantoetuislande gestig en ontwikkel word. Uit verskillende beleidsverklarings en uit die aard van hulle funksies sal dit in hierdie werk duidelik word dat hulle werklik dorpe en stede is, in n mate soortgelyk aan dié van die blankes. Om daardie rede word dit as sodanige genoem in die titel en die inhoud van die werk.

5. Ontstaan en funksionele betekenis van dorpe en stede

Daar bestaan verskillende teorieë oor die ontstaan van dorpe en stede. Van Hinte ³²⁾ wys tereg daarop dat „... (men) kan het ontstaan der steden niet verklaren aan de hand van een enkele theorie“. Nogtans sien onder andere Queen en Carpenter ³³⁾ en Bergel ³⁴⁾ die verbouing van graan as die eerste ekonomiese omwenteling waardeur die mens groter beheer oor sy voedselvoorrade verkry het.

31. Wet 25 van 1945, artikel 2(i)b.

32. Stad en land, p. 15.

33. Op. cit., p. 42.

34. Urban Sociology, p. 6.

Dit op sigself het gelei tot die permanente bewoning van bepaalde gebiede en die ontstaan van landbounederssettings wat verder gegroei het tot dorpe. „(Man) now began, in some of the fertile river valleys between the Mediterranean Sea and the Indian Ocean, to till the soil and to congregate in cities" 35).

Namate handel in surplusprodukte tussen die verskillende dorpe plaasgevind het, het permanensie in vestiging en 'n toename in die grootte van die dorpe ingetree. Met verloop van tyd het die saamwoon van mense 'n samehorigheidsgevoel laat ontstaan wat tot onderlinge hulpverlening in tye van nood en oorlog meegewerk het.

Tot 'n sekere mate stem Oram 36) saam met hierdie teorieë van Queen en Carpenter en Schneider waar hy beweer dat die ligging van die eerste dorpe toegeskryf kan word aan die feit dat die riviere hulle oewers oorstroom het en vrugbare grond daar neergelaat het. Dit het meegebring dat boere meer voedsel kon produseer as wat hulle self kon verbruik. Sodoende is die boere in staat gestel om arbeiders met voedsel te betaal vir die vervaardiging van klere, wapens en ander benodigdhede. Ambagsmanne, handelaars en regeringsamptenare het mettertyd die neiging begin toon om nie meer self voedsel te produseer nie en saam te woon op sentrale plekke.

Egli 37) sien die seëviering van akkerbou met die gepaardgaande surplusproduksie oor die jagter- en veeherdnomadisme as die eerste stimulus tot 'n vorm van dorpsbewoning. Oliver en Fage 38) kom tot dieselfde gevolgtrekking

35. Schneider. *Babylon is everywhere*, p. 17.

36. *Towns in Africa*, p. 2.

37. *Geschichte des Städtebaues*, p. 13.

38. *A Short history of Africa*, p. 34.

en beklemtoon voorts (a) die permanensie van daardie vroeë nedersettings en (b) die bewyse van handel tussen die verskillende dorpe soos deur die opgrawings van onder andere Petrie in El Amrah blootgelê.

Sjoberg ³⁹⁾ onderskei drie hoof-faktore wat tot die ontwikkeling van dorpe aanleiding gegee het, naamlik omgewing, tegnologie en sosiale organisasie. Gist en Fava ⁴⁰⁾ beklemtoon die feit dat aldrie genoemde faktore basiese vereistes vir die ontwikkeling van dorpe is en dat "... no single factor is sufficient".

Volgens Weber ⁴¹⁾ kan die dorpe en stede in vier duidelike historiese periodes ingedeel word: die Antieke tyd, die Romeinse tyd, die Middeleeue, die Renaissance- Baroktyd en die Moderne tyd. Sonder om in besonderhede in te gaan op elk van hierdie verskillende historiese stadstipes, sal slegs hoofmomente beklemtoon word waardeur nie net die wese nie, maar veral die funksionele betekenis van die dorp en stad in sy historiese verband, belig sal word.

Dit word algemeen aanvaar dat die eerste menslike nedersettings wat as stedelik getipeer kan word, ontstaan het in die Midde-Ooste; in die groot semi-woestyngebied tussen Egipte en Indië en meer bepaald in die Nyl-, Tigris-, Eufraat- en Indusvalleie ⁴²⁾. Dit is moeilik en gewaagd om 'n presiese datum te koppel aan die ontstaan van die eerste dorpe en stede, maar bewyse van 'n stedelike lewenswyse kan teruggevoer word tot die vierde millenium voor Christus.

39. The preindustrial city, p. 27.

40. Urban society, p. 4.

41. In Smits, op. cit., p. 11.

42. Nel en Van Zyl, op. cit., p. 8.

Die oudste stad waaroor daar wel gegewens bestaan, is Memfis, gestig deur koning Menes ⁴³⁾. Dit het ook bekend gestaan as Nof ⁴⁴⁾, en as hoofstad van die Egiptiese Ryk het dit in 2500 v.C. tot n val gekom. n Interessante kenmerk van Memfis is die wit muur wat dit omring het en die feit dat dit op die linkeroewer van die Nyl aangelê is. Dit dui enersyds op die strategiese en andersyds op die handelsfunksie van die nedersetting.

Bergel lê veral klem op die militêre funksies van die antieke dorpe en stede waar hy beweer "... they were essentially strongholds from which overlords controlled vanquished peasants, ..." ⁴⁵⁾. Die feit dat Memfis op die oewer van die Nyl aangelê is, dui verder ook op die agrariese verbondenheid van die antieke dorpe en hulle plattelandse hinterlande.

Na die val van die Egiptiese Ryk is Tebes as nuwe hoofstad aangelê. In die Ilias van Homeros word na Tebes verwys as die stad van honderd hekke ⁴⁶⁾. Naas sy politieke en administratiewe funksies wil dit dus voorkom asof Tebes ook nog n belangrike verbindingssentrum was.

Min of meer gedurende dieselfde tyd het ander stede soos Heliopolis, (langs die Nyl), Canopus, Nineve (langs die Tigrus), en Babilon ontstaan ⁴⁷⁾. Die ontwikkeling van stede langs die kuste van die Middellandse- en Egeïse-see dui op die belangrike handelsfunksie wat die stede vervul het.

43. Christelijke Encyclopedie, 1959, Deel IV, p. 645.

44. Hosea, 9:6.

45. Op. cit., p. 20.

46. Leaf en Bayfield. The Iliad of Homerus, IX: 381 - 383, p. 193.

47. Nel en Van Zyl, loc. cit.

Die stadskultuur het vanuit Knossus ⁴⁸⁾ na Griekeland versprei. Stadstate soos Athene, Korinthe, Sparta, Miletus en Sirakusa was selfregerende gemeenskappe en die sentra van 'n lewendige politieke lewe ⁴⁹⁾ gepaard met 'n hoë mate van ekonomiese vitaliteit. Sommige van daardie dorpe was in- en uitvoersentra, terwyl 'n dorp soos Miletus 'n nywerheidsentrum was. Daarnaas was dit ook nog verdedigingshoofkwartiere en plekke van aanbidding. Ter wille van gemeenskaplike beskerming het diegene wat dieselfde gode aanbid het, saamgewoon. Die inwoners van die stadstate was egter nie almal op die handel aangewese nie, en 'n aansienlike getal het ook grond buite die stede besit wat hulle met behulp van slawe bewerk het. Volgens Nel en Van Zyl het die burgers binne die stadsmure gewoon, terwyl die slawe en mense sonder burgerskap hulle buite die stadsmure gevestig het ⁵⁰⁾.

Die grootte van die antieke stede kan nie met sekerheid bepaal word nie. Sommige skrywers stel Athene se inwonertal op 150,000 ⁵¹⁾ terwyl andere dit weer op 70,000 stel met die werklike getal stadsburgers op 20,000 ⁵²⁾.

Gedurende die tydperk van die Romeinse Ryk is die dorpskultuur tot 'n veel groter deel van die wêreld uitgebrei. Dorpe was nou nie meer beperk tot die vrugbare valleie of die gebiede waar waterverkeer moontlik was nie, maar binnelandse dorpe het ontstaan sover as wat die Romeinse gesag gestrek het. Teen die einde van die tweede eeu n.C. was daar ongeveer 50 dorpe en stede oor die Ryk versprei ⁵³⁾.

48. Loc. cit.

49. Munro, in *Encyclopaedia of Social Sciences*, p. 474.

50. Loc. cit.

51. Munro, loc. cit.

52. Nel en Van Zyl, loc. cit.

53. Ibid., p. 9.

Landbounederssettings en militêre poste het mettertyd ontwikkel tot dorpe, en 'n goeie padstelsel het voorts gelei tot verskillende verkeers- en handelsdorpe.

Gedurende die duur van die Romeinse Ryk is die stedelike funksies goed ontwikkel. Rome was veral bekend vir sy munisipale bestuurstelsel, geplaveide strate, openbare badens en dienste waaronder riolering, 'n goedgeorganiseerde brandweer en polisie-diens.

Na die val van die Romeinse Ryk tree daar 'n agteruitgang in die verstedelikingsproses in. Die Germaanse invallers was geen dorpsbewoners nie en baie dorpe het in hierdie tydperk tot niet gegaan. "... London, for example, was a place of extensive commerce in the time of Tacitus, but within fifty years after the Romans evacuated Britain the metropolis on the Thames was a heap of ruins, its people scattered, its trade gone and even its streets blotted out" ⁵⁴⁾. Gaandeweg het die landboudorpieë die algemene nedersettingspatroon geword. Militêre vestings wat opgerig is om die bevolking teen invalle van die Noormanne, Hunne en Sarasene te beskerm, het mettertyd die vestigingspunte van koopmanne geword.

Die kerk was egter die behoudende faktor in die verstedelikingsproses. Bisdomme was oor die landelike gebiede versprei, en met die oplewing van die handel is die marke gewoonlik langsaan of naby die kerke opgerig. Vanaf 1200 tot 1400 is dorpe gestig tot sover as die huidige Oos-Europa, en teen die einde van die Middeleeue was daar ongeveer 3,000 dorpe. Sowat 10% tot 15% van die bevolking van die Heilige Romeinse Ryk kon teen die einde van sy bestaan as stedelik geklassifiseer word.

54. Munro, op. cit., p. 475.

Gedurende die Renaissance- en Baroktydperk het min nuwe dorpe en stede ontstaan. Slegs in enkele gevalle het die aanwesigheid van metale en sekere grondsoorte vir die vervaardiging van glas en porselein tot die ontstaan van enkele nuwe dorpe gelei ⁵⁵⁾.

Die negentiende en twintigste eeue was egter die tydperk toe stedelike ontwikkeling ongekende hoogtes bereik het. Wetenskaplike en tegniese ontwikkelinge, nywerheidsomwentelinge en die ontstaan van fabriekes het tot 'n geweldige toename in die getal dorpe en stede gelei.

Uit bogenoemde saaklike uiteensetting van die ontstaan en ontwikkeling van dorpe en stede is dit duidelik dat (a) daar 'n ontstaans- of ekonomiese basis vir elke vorm van gekonsentreerde nedersetting moes wees, en (b) dat elke sodanige nedersetting of agglomerasie 'n bepaalde funksionele betekenis het.

Munro stel dit dat elke stad "... is fundamentally ... related to what may be called its 'economic base', that is, to the source or sources from which it derives the means of livelihood for its people" ⁵⁶⁾.

As so 'n ekonomiese basis verbreed, groei die dorp of stad, maar as die basis om een of ander rede vernou, sal die dorp of stad nie ontwikkel nie en kan dit selfs tot niet gaan.

In die Antieke tyd het die meeste dorpe hulle oorspronklike lokaliteit sowel as hulle groei of ontwikkeling aan die landbou en verdediging toegeskryf. In later jare het stede soos Londen, Parys, Berlyn en Washington hulle groei weer aan veral politieke faktore te danke gehad. Vandag speel verdedigingsfaktore feitlik geen rol in die lokaliteit en groei van stede nie terwyl politieke faktore 'n ewe geringe rol speel.

55. Nel en Van Zyl, op. cit., p. 11.

56. Op. cit., p. 477.

Oor die algemeen genome is handel en nywerheid vandag die bepalende faktore by die groei en ontwikkeling van dorpe en stede. Die landbou was en is tans nog 'n groeioorsaak vir dorpe en stede. Meganisasie in die landbou en beter boerderymetodes lei daartoe dat toenemende getalle arbeiders na die dorpe en stede gaan om daar 'n heenkome te vind.

Naas bogenoemde, primêre, oorsaaklike faktore is daar ook nog ander sekondêre faktore wat tot die ontstaan en groei van dorpe en stede kan lei. Opvoedkundige instellings, klimaatomstandighede en ontspanningsfasiliteite, geskiedkundige aantreklikhede ens. kan alles tot die groei van dorpe en stede lei.

Die dorp en stad is 'n klein geografiese eenheid met 'n intensiewe vorm van grondgebruik ⁵⁷⁾. Met betrekking tot sy funksionele betekenis, kan met Bergel se siening saamgestem word: "What makes a city is the functional integration of its elements into a whole. Yet a city has not merely a single function but rather an assortment of many functions and not all of them are present in every city" ⁵⁸⁾.

Duvenhage ⁵⁹⁾ lê veral klem op die noodsaaklike funksies wat die stad ten opsigte van sowel "... sy eie bevolking as die van sy omland uitoefen" en kom tot die gevolgtrekking dat die stad hoofsaaklik ekonomiese en sosiale funksies uitoefen aangesien dit, (a) sentra vir werkverskaffing, (b) verkoopplek of verspreidingsplek vir produkte van die omland, en (c) verspreidingsplek vir sy eie produkte is. Daarnaas sien hy egter ook die sosiaal-kulturele funksie van die stad aangesien dit 'n diens lewer as sentrum vir opvoeding, gesondheid, ontspanning en kultuuraktiwiteite en kristalliseringspunt is vir die denke van die omland.

57. Nel en Van Zyl, op. cit., p. 97.

58. Op. cit., p. 5.

59. Op. cit., p. 238.

Nel en Van Zyl ⁶⁰⁾ vat die stedelike funksies soos volg saam: residensie, handel en nywerheid, onderwys, verkeer, sport (ontspanning), en administrasie. Die residensiële funksie is dan ook ongetwyfeld die primêre funksie van elke dorp en stad.

60. Loc. cit.

DORPS- EN STADSONTWIKKELING IN AFRIKA
SUID VAN DIE SAHARA

1. Verstedeliking

Een van die kenmerkendste verskynsels van Afrika Suid van die Sahara is die feitlik algehele afwesigheid van inheemsgestigte dorpe en stede. Die grootste persentasie dorpe in hierdie deel van Afrika het hulle ontstaan hoofsaaklik aan nie-inheemse en in die meeste gevalle, blanke inisiatief te danke. Die enigste uitsondering is 'n groep dorpe in Noordwes-Afrika, veral die Yorubadorpe van Nigerië.

Hierdie algemene stelling word nie waardeloos gemaak deur die ontstaan en bestaan (in enkele gevalle) van ou stede en dorpe langs die kus van die Indiese Oseaan nie. Nedersettings soos Zanzibar is deur die Arabiere gestig en ontwikkel. Dieper die binneland in is daar weinig groot nedersettings, en in elk geval geen inheemse dorpe nie. Slegs waar die blanke hom gevestig het, het dorpe en stede ontstaan. Origens het die vasteland van Afrika oorheersend landelik gebly, en vandag nog is daar suid van die ewenaar geen groter inheemse nedersettings as Serowe in Botswana nie ¹⁾.

Afgesien van die afwesigheid van stede en dorpe was daar behalwe in genoemde dele van Noordwes-Afrika en die Swahilikus ook geen groot en digte agglomerasies van die inheemse bevolkings nie. Die tradisionele nedersettings van die inboorlinge van Afrika het weinig afgewyk van die algemene patroon van geïsoleerde groepe hutte of enkele krale versprei oor groot gebiede.

1. Comhaire. Aspects of Urban Administration in Tropical and Southern Africa, p. 1.

As gevolg van eksterne, en veral blanke invloed het nuwe dorpe dwarsoor die vasteland van Afrika ontstaan. Om n duidelike beeld van die verstedeliking van die inboorlingbevolking van Afrika te kan kry, is dit noodsaaklik om enigsins by die soorte dorpe wat deur die jare in Afrika ontstaan het stil te staan. Daar moet n duidelike onderskeid tussen die inheemse dorpe (van oorsprong inheems) en die sogenaamde nuwe dorpe gemaak word, met ander woorde dorpe gestig deur nie-inboorlinge, veral sedert die koloniale tydperk.

Na aanleiding van die ontstaan en ontwikkeling, kan die huidige dorpe en stede van Afrika in drie duidelik waarneembare groepe verdeel word: (a) dorpe met n inheemse oorsprong en hoofsaaklik bewoon deur inboorlinge; (b) dorpe wat deur nie-inheemse inisiatief ontstaan het en oorwegend deur inboorlinge bewoon word; en (c) dorpe wat deur nie-inheemse inisiatief ontstaan het en deur blankes (feitlik in alle gevalle) en die inheemse bevolking bewoon word.

1.1 Dorpe met n inheemse oorsprong

Volgens beskikbare gegewens blyk dit dat Nigerië die enigste deel van Afrika suid van die Sahara is waar daar sprake van inheems gestigte dorpe is. Die grootste persentasie dorpe word egter in Wes-Nigerië gevind en veral in die tuisgebied van die Yorubastam. Ongeveer 70% van die bevolking van Wes-Nigerië behoort tot die Yoruba.

1.1.1 Noord- en Oos-Nigerië.

Die inheemse dorpe en stede is nie net tot Wes-Nigerië beperk nie. Die Ibo van Oos-Nigerië (Biafra) was tradisioneel nie dorpsbewoners nie; tog het die gebruik om in digte nedersettings te woon, met verloop van tyd ook daar pasgevat. Volgens die 1953-sensus van Nigerië

sensus van Nigerië ²⁾ was 14% van die Ibo op daardie stadium woonagtig in dorpe en stede in hulle tuisgebied.

Noord-Nigerië beklee n interessante posisie vir soverre dit sy dorpe betref. Terwyl slegs 9% van sy bevolking in 1952 in dorpe en stede gewoon het, het dit net soos die Yorubagebied sy ou inheemsgestigte dorpe, gewoonlik die setels van die Moslem emirs. Voorbeelde hiervan is Kano (130,000 inwoners), Katsina (53,000), Zaria (54,000) en Sokoto (48,000) ³⁾.

Alhoewel Kano vanaf die koloniale jare n merkbare uitbreiding en ontwikkeling ondergaan het, kan sy inheemse oorsprong nie betwis word nie. In der waarheid gaan sy geskiedenis etlike eeue terug, lank voor die eerste blanke ontdekkingsreisiger van die bestaan van daardie landstreek bewus was. Hugh Clapperton ⁴⁾ het in 1824 die eerste beskrywing van Kano gegee en toe reeds sy inwonertal tussen 30,000 en 40,000 geskat. Clapperton was veral deur die bedrywige mark en die florerende handel beïndruk maar tog baie teleurgestel omdat die dorp vuil en onsindelik daar uitgesien het.

Gedurende 1854 het n volgende reisiger, Heinrich Barth ⁵⁾ Kano besoek en die bevolking op ongeveer 60,000 geskat. Ook Barth was deur die sentrale mark en die sirkelvormige stadsmuur om die huise beïndruk.

-
2. Steel. The Towns of Tropical Africa, p. 253.
 3. Russel. The British Commonwealth Year Book, 1962-63, p. 229.
 4. In Steel, op. cit., p. 254.
 5. Travels and discoveries in North and Central Africa, 1849-55, p. 1857.

Die tradisionele Oos-Nigeriese dorp is ondanks geringe gewestelike afwykinge nie n kompakte geografiese eenheid soos die Europese dorp nie. Dit bestaan egter uit n reeks kwartiere wat dikwels etlike myle van mekaar geleë is. Elke kwartier word deur verskeie uitgebreide families van 200 tot 300 persone bewoon. n Kwartier word verder in verskeie gesinskampongs onderverdeel wat in der waarheid net n groep skakelhuisies is, gebou van kleistene met gras- of strooidakke. n Kampong word deur n enkele gesin bewoon, dit wil sê die gesinshoof met sy vrou (vrouens), kinders en moontlik enkele verwante ⁶⁾.

Alhoewel die verskillende kwartiere van so n landelike dorp wyd versprei is, bestaan daar nogtans n sterk gemeenskapslewe, hoofsaaklik gesentreer om die mark. Die mark is die sosiale middelpunt en daar word nie net handel gedryf nie, maar ook stamsake word bespreek en geskille opgelos.

1.1.2 Dorpe in Wes-Nigerië

Soos reeds vroeër genoem is 70% van Wes-Nigerië se bevolking Yorubas. Die kenmerk van die Yorubas is hulle hoë graad van verstedeliking. Volgens Mitchell ⁷⁾ is ongeveer die helfte van Nigerië se stedelike bevolking van 5.66 miljoen gekonsentreer in die Yorubagebied.

6. Jackson. Advance in Africa, p. 5.

7. Yoruba towns, p. 279.

Beide wat grootte en getal betref is die Yorubadorpe uniek in Afrika. Van die 128 dorpe in die Westelike streek van Nigerië is 107 in die tuisgebied van die Yoruba. Vyf van daardie 107 dorpe of stede het meer as 100,000 inwoners terwyl Ibadan alleen meer as 500,000 het ⁸⁾.

Die belangrikste en miskien die bekendste dorpe in Yorubaland is Ibadan, Abeokuta, Ife, Iwo, Ogbomosho, Oshogbo en Oyo. Volgens die 1952 - sensus van Nigerië soos aangehaal deur Steel ⁹⁾, het 47% van die bevolking van Wes-Nigerië in dorpe van 5,000 en meer inwoners gewoon. As hierdie persentasie met die minder as 10% verstedeliking vir die hele Afrika vergelyk word, kan enigsins 'n beeld gevorm word van die hoë mate van verstedeliking in Nigerië, veral in die Yorubagebied.

Wat die Yoruba nog meer uitsonderlik maak, is die feit dat verstedeliking daar inheems is. Met uitsondering van Lagos (379,000 inwoners), is daar geen nuwe dorpe (uitheems gestig) nie, dit wil sê dorpe wat die koloniale patroon van ontwikkeling gevolg het: van administratiewe setel na 'n handels-, nywerheids- en mynbousentrum. In die Yorubagebied is daardie funksies, wat kenmerkend in die ontwikkelingsgang van die sogenaamde nuwe dorpe was, by die reedsbestaande inheemse dorpe gevoeg.

8. Russell, loc. cit.

9. Op. cit., p. 253.

Verskillende grade van verstedeliking word in die Yorubagebied aangetref. So byvoorbeeld is daar n hoër verstedeliking van die bevolking in Ibadan en Oyo as in Ijebu en Abeokuta. n Verdere interessante verskynsel is die feit dat ongeveer 25% van die Yoruba se stedelike bevolking in die kleiner dorpe (minder as 10,000 inwoners) woon, terwyl meer as 50% in die 9 grootste stede (meer as 100,000 inwoners) saamgetrek is. Volgens Mitchell ¹⁰⁾ het Ibadan en Lagos alleen 26% van Nigerië se totale stedelike bevolking binne hulle grense saamgetrek.

Die verspreiding en aanvanklike groei van die inheemse Yorubastede en -dorpe kan hoofsaaklik aan die saam- en wisselwerking van fisiese , historiese , politieke- en sosiale faktore toegeskryf word. Die latere groei is weer deur ekonomiese faktore gestimuleer toe veral beter verbindingstelsels en n kontantoesboerdery deur die Britse administrasie ontwikkel is. Die kakaobedryf is tans die grootste enkele stimulant vir dorpsontwikkeling en nuwe dorpe ontstaan nou veral in die kakaostreek.

n Verdere interessante kenmerk van die Yoruba-dorpe en -stede is die sterk en selfs oorheersende landbouelement onder die inwoners. Mitchell ¹¹⁾ het persentasies bereken wat as steekproewe duidelik die landboungebondenheid van die stedelike inwoners toon: 92% van die werkende mans van Eruwa (8154 inwoners) is

10. Op. cit., p. 280.

11. Op. cit., p. 281.

by die landbou betrokke terwyl tussen 60% en 70% van die stede Ogbomosho (139,535), Oshogbo (122,728) en Iwo (100,000) se manlike werkers, landbouers is. Selfs in Ibadan met sy gediversifieerde funksies is 35% van die werkende mans, boere. Die enigste noemenswaardige afwykings is Abeokuta en Ijebu - Ode waar 15% en 20% van die werkende mans onderskeidelik by die landbou betrokke is.

Indien hierdie nie - stedelike karakter van die oorgrote meerderheid dorpe en stede in aanmerking geneem word, ontstaan daar tog twyfel of hulle werklik dorpe en stede volgens westerse terminologie genoem kan word. Hierby moet ook in gedagte gehou word dat by baie Yorubadorpe moderne (volgens westerse standaarde) dorps- en stadsfunksies dikwels ontbreek.

Volgens die Yorubaterminologie is daar n funksionele onderskeid tussen n ilu (dorp) en n ileto, abule en aba (klein dorpie of gehug). In hierdie verband wys Mitchell ¹²⁾ tereg daarop dat n inwoner van n ilu verontwaardig sal wees as na sy dorp verwys word as n ileto. Die Yoruba onderskei duidelik tussen die funksies van n ilu en n ileto.

n Nedersetting is n ilu as dit n heersende hiërargie het en so as nedersetting ook administratiewe funksies uitoefen.

12. Op. cit., p. 282.

Oor die oorsprong van die Yorubadorpe bestaan daar nie altyd sekerheid nie. Reeds voor die 19e eeu het die Portugese ontdekkingsreisigers, d'Aveiro en Pereira verslae van groot dorpe en stede in Wes-Nigerië ontvang. Volgens Yoruba-oorleweringe was Ife die eerste dorp wat ontstaan het en van hom is weer verskillende ander dorpe afgestig. Met verloop van tyd het Ife die godsdienstige hoofstad van die Oni geword terwyl Oyo tot die politieke hoofstad ontwikkel het. Volgens die Commonwealth Year Book, 1962-63 het Ife in 1953 reeds 111,000 inwoners gehad teenoor die 72,000 van Oyo ¹³⁾.

Die afstigting van nuwe dorpe was in die vorige eeue 'n algemene verskynsel. Gedurende die 19e eeu het Fulaniinvalle vanuit die noorde tot 'n groot mate 'n bedreiging ingehou vir die voortbestaan van die Yorubadorpskultuur. Dorpe is ontruim en die vlugtelingen het nuwe dorpieë gestig in die oorgangsgebied van bos na savanna. Op daardie wyse is dorpe oor selfs 'n groter gebied as die oorspronklike Yoruba-gebied versprei.

In sy studie van die invloed van historiese omstandighede op die hedendaagse dorpspatroon, kom Mitchell ¹⁴⁾ gesteun deur Bascom ¹⁵⁾ tot die gevolgtrekking dat die ontwikkeling van die inheemse Yorubadorpe in 4 stadia plaasgevind het, nl.:

13. Russell, loc. cit.

14. Op. cit., p. 283.

15. Urbanization among the Yoruba, soos aangehaal deur Mitchell.

- (a) as jagterskampe waarheen immigrante getrek het ter wille van goeie bewerkbare gronde, of as gevolg van bevolkingsdruk (byvoorbeeld Iseyin, Fiditi en Shaki);
- (b) die tweede stadium toe groei en konsolidasie plaasgevind het. Dit is moontlik dat in hierdie tydperk enkele groot dorpe reeds hulle verskyning gemaak het, (Ife, Oyo en Illesha);
- (c) die derde stadium is gekenmerk deur stamoorloë, invalle en die ineenstorting van sentrale gesag. Slegs daardie dorpe wat baie goed verdedigbaar was en moontlik nog ander politieke affiliasies aangegaan het, kon hierdie periode oorleef. Nuwe dorpe het ook in hierdie tyd uit oorlogskampe en vlugteling skuilplekke (Ikirum) ontstaan; en
- (d) die vierde en laaste stadium het begin met die Britse koloniale tydperk toe wet en orde gevestig is en beskerming nie meer van primêre belang was nie. Van daardie tyd af was administratiewe en ekonomiese faktore bepalend vir dorpsontwikkeling.

Die tradisionele Yorubadorp word omsluit deur 'n sirkelvormige grondmuur van 5 tot 6 voet hoog en in sommige gevalle tot 20 myl in omtrek. Buite, langs so 'n stadsmuur, is slote gegrawe wat saam met die muur nie net die grense aangedui het nie, maar moontlik ook 'n verdedigingsmaatregel was. Namate dorpsuitbreidings die mure bereik het, is dit gewoonlik verder verskuif sodat die verskillende stadia van dorpsontwikkeling vandag nog duidelik waarneembaar is.

Tradisioneel het elke dorp 4 toegangshekke gehad. Die hoofingang was gewoonlik n indrukwekkende konstruksie. Al vier ingange of hekke is normaalweg vernoem na die dorpe wat deur middel van paaie met daardie hekke verbind was. In uitsonderlike gevalle is sulke hekke ook na belangrike persone vernoem ¹⁶⁾.

Die eintlike dorp binne die stadsmuur bestaan uit groepe (kwartiere) reghoekige kleihuise (kampongs) wat aan mekaar verbind is ¹⁷⁾. Elke kampong huisves n uitgebreide familie of linie wat kan wissel van 20 tot 2,000 inwoners. Die belangrikste gedeelte van die Yorubadorp is die kampong van die bale of hoofman. Dit is gewoonlik ook die grootste kampong en word teenoor die mark gebou. In werklikheid is die bale se kampong die administratiewe sentrum van die dorp, en om daardie rede is dit gerieflik om dit teenoor die mark, die middelpunt van die sosiale- en handelsaktiwiteite van die dorp, te bou.

Die mark(e) is n wesentlike kenmerk van die Yorubadorpe. Terwyl n netwerk paadjies die dorp deurkruis, kom al die belangrikste paaie by die mark bymekaar. Om status te kan verkry moet n dorp ook ten minste oor n nagmark beskik.

Die tradisionele uitleg van die Yorubadorpe het tot n groot mate nog onveranderd gebly. Onder blanke invloed word die strate wyer gemaak en geteer, die stadsmure en slote verdwyn, terwyl nuwe geboue soos kerke en skole n vermenging

16. Mitchell, op. cit., p. 285.

17. Jackson, loc. cit.

van Europese en Afrika-argitektuur weerspieël. Die kampong of gesinswoning word nog van klei gebou, maar daar bestaan reeds 'n neiging om die mure met 'n dun laagie sement af te pleister en die dak van sinkplaat te maak ¹⁸⁾.

1.1.3 Dorpe in die res van Wes-Afrika

Buite die grense van Nigerië was daar min inheemse dorpe in Wes-Afrika. Langs die kant van die Sahara waar die woestynnomade en handelaars die meer gevestigde inwoners van veral die Soedan ontmoet het, het enkele handelsdorpe soos Ségou, Gao en Timbuktu ontstaan ¹⁹⁾.

Die ouderdom en geskiedenis van Ségou kan nie met sekerheid bepaal word nie. Dit is gestig deur die Bambara en het vanaf ongeveer 1660 tot 1861 as hoofstad van die Bambara-koninkryk gedien.

Die ouderdom en ontwikkelingsgeskiedenis van Gao is eweëns in duisternis gehul. Steel ²⁰⁾ is tog van mening dat dit tussen die 9e en 10e eeue gestig is en dat dit die hoofstad van die Songhairyk was wat in 1591 deur die More verower is.

Oor Timbuktu se vroeë geskiedenis bestaan daar meer gegewens. Dit kan moontlik toegeskryf word aan sy vroeëre belangrikheid en die feit dat hy meer bekombaar as byvoorbeeld Ségou en Gao was.

18. Kimble. Tropical Africa, deel I, p. 98.

19. Steel. Op. cit., p. 254.

20. Loc. cit.

Timbuktu is in die 12e eeu deur die Touareg gestig en as handels- en opvoedkundige sentrum is dit gereeld deur handelaars en leerlinge van oor die hele Noord-Afrika besoek. Gedurende die 16e eeu, tydens die besoek van Leo Africanus, het dit reeds 'n inwonertal van oor die 45,000 gehad ²¹⁾. Net soos Gao het Timbuktu geweldig onder invalle van die More en die Fulani gely.

Latere ontdekkingsreisigers, soos Rene Caillié en Heinrich Barth, het Timbuktu gedurende die 19e eeu besoek en hulle was veral deur die lewendige handel in goud, sout en neute getref. Toe die Franse die stad in 1894 beset het, was dit verlate en geruïneer. Timbuktu se huidige bevolking kan op ongeveer 6,000 gereken word ²²⁾.

Die enigste ander inheemse dorp in Wes-Afrika waaroor daar gegewens bestaan, is Kumasi. Hierdie dorp in Ghana was reeds voor die koms van die eerste blankes die setel van die Ashanti-opperhoof. In 1817 het die reisiger Bowdich, Kumasi se inwonertal geskat tussen 12,000 en 15,000 ²³⁾. Gedurende die 19e eeu het die Ashantiryk verskillende ernstige teenslae ondervind en na die sewende Anglo-Ashanti oorlog (1900) het die inwonertal van Kumasi op slegs 3,000 te staan gekom.

21. Loc. cit.

22. Loc. cit.

23. Loc. cit.

Vanaf die begin van die 20ste eeu, en as gevolg van die Britse koloniale aktiwiteite, het die dorp n bloeitydperk binnegegaan. Die Ashanti-bevolking het vinnig gegroei, en in 1963 het Kumasi 190,323 inwoners gehad ²⁴⁾.

1.1.4 Dorpe in die res van Afrika

In die res van Afrika suid van die Sahara het daar, met die uitsondering van Addis Ababa en Kawa, geen inheemse dorps- en stadsontwikkeling plaasgevind nie. Voor en selfs na die koms van die blankes het daar nêrens inheemse nedersettings ontstaan wat as dorpe en stede getipeer kan word nie. Die tradisionele Bantoenedersetting was die algemene vestigingswyse van die inboorling-bevolkings van alle gebiede suid van die ewenaar.

Daar is verskillende faktore wat tot die ontstaan van die inheemse dorpe van Afrika gelei het. Uit die voorafgaande wil dit voorkom asof die Yorubadorpe van Wes-Afrika in baie gevalle uit jagterskampe ²⁵⁾ ontstaan het. n Sterk gemeenskapsgevoel het verder daartoe gelei dat groot getalle nie-verwante verkies het om saam te woon. Daarby het ander oorwegings waaronder veral verdediging, n belangrike rol gespeel in die ontstaan van gekonsentreerde vorms van nedersetting in Wes-Afrika. Onderlinge hulpverlening in tye van nood en eksterne bedreiginge het digte

24. Statesman's Year Book, p. 485.

25. Mitchell, op. cit., p. 283.

agglomerasies ten gevolg gehad. Die kenmerkende muur om die Yorubadorpe is n manifestasie van die gevoel om in n afgeslote gebied saam te woon.

Maar daar is ook ander faktore wat verantwoordelik is vir die ontstaan van inheemse dorpe.

Godsdienstige oorwegings het byvoorbeeld tot die ontstaan van Ife gelei, terwyl Oyo om politieke redes gestig is. Die handel was weer verantwoordelik vir die ontstaan van enkele dorpe soos Ségou, Gao en Timbuktu.

Die vraag ontstaan in hoeverre die inheemse dorpe funksioneel aan die vereisteistes van n dorp of stad voldoen het. Die primêre funksie van daardie dorpe is die voorsiening van huisvesting aan n boerende bevolking. Die agrariese en nie-stedelike karakter daarvan asook die afwesigheid van basiese stedelike funksies kan die indruk laat ontstaan dat dit funksioneel gesien, geen dorpe is nie.

Mitchell ²⁶⁾ noem dit egter „agricultural towns" want naas die voorsiening van huisvesting en die agrariese karakter daarvan, het dit tradisioneel tog ander stedelike funksies uitgeoefen. So het n dorp of ilu met sy heersende hiërargie administratiewe funksies gehad.

Die verskillende merke van elke nedersetting, die sentrale posisie en die belangrikheid daarvan, dui op die handelsfunksies van die Yorubadorpe. Daarbenewens het elke dorp ook

26. Op. cit., p. 281

sy grofsmede gehad wat landbouimplemente vervaardig het asook n verskeidenheid „ambagsmanne" wat gewissel het van vervaardigers van huishoudelike gebruiksartikels tot wewers van katoen ²⁷⁾.

Die landbou is tans nog die hoofbasis van die grootste persentasie Yorubadorpe. Die landerye is nie meer binne die dorpsmure nie en die „dorpsboere" woon dikwels tot 40 myl van hulle landerye.

In plaas dat die koloniale moondhede nuwe dorpe gestig het, het hulle deur die verskaffing van administratiewe geboue, winkels, skole en hospitale stedelike funksies aan die bestaande nedersettings gekoppel. Volgens Mitchell ²⁸⁾ het dit die beplande en gebalanseerde ontwikkeling van dorpe soos Ibadan ernstig gestrem. Oram ²⁹⁾ kom tot dieselfde gevolgtrekking waar hy die tradisionele grondbesit en gebruik in die Yorubadorpe sien as n belemmering vir enige beplanning en stadsvernuwing.

1.2 Dorpe wat ontstaan het deur nie-inheemse inisiatief en oorwegend deur inheemse bevolking bewoon word.

Hierdie kategorie dorpe staan vandag algemeen as nuwe dorpe (new towns) bekend ³⁰⁾. Uit die aard van hulle ontstaan is dit duidelik dat die nuwe dorpe tydens en moontlik na die koloniale tydperk

27. Mitchell, op. cit., p. 287.

28. Op. cit., p. 301.

29. Op. cit., p. 35.

30. Oram, op. cit., p. 6.

in Afrika gestig is. Dit is dus betreklik resent, uitheems van oorsprong en nedersettings waarheen die inboorlinge of die inheemse bevolking gemigreer het.

Aangesien verstedeliking in die nuwe dorpe gesien moet word teen die agtergrond van die land waarin daardie dorpe geleë is, sal by die verdere bespreking van hierdie kategorie dorpe nie dieselfde indeling gevolg word as by die inheemse dorpe nie.

Verder moet daar ook op gelet word dat hierdie uitheemsgestigte of nuwe dorpe in Afrika, aanvanklik oorwegend deur die inheemse bevolkings bewoon is. Gedurende die koloniale bewind is hulle egter geadministreer deur die bewindhebbers. Na onafhanklikheid aan die verskillende kolonies verleen is, het die posisie dermate verander dat hulle vandag nog meer oorwegend inheems bevolk is terwyl die bestuursbevoegdhede uitsluitlik inheems gesentreer is.

Die basiese verskil tussen hierdie kategorie dorpe en die volgende kategorie lê daarin (soos ook later aangedui sal word) dat laasgenoemde dorpe (in Rhodesië en Suid-Afrika) nog deur blankes en die inheemse bevolking bewoon word maar feitlik uitsluitlik onder blankebeheer staan.

Hierdie onderskeid word gemaak omdat gevind sal word dat verstedeliking van die inheemse bevolking in die twee genoemde kategorieë tog verskillend is, veral wat die gevolge betref. Hierdie selfde stelling geld ook ten opsigte van die inheemsgestigte teenoor die nuwe dorpe.

Verskeie van die nie-inheemse dorpe is in die pre-koloniale tydperk deur Arabiere en Mohammedane gestig, hoofsaaklik as slawedepots. Voorbeelde van hierdie dorpe is Zanzibar, Kilwa, Mombasa, Sofala en Malindi. Hesseltine ³¹⁾voer aan dat hulle moontlik gedurende die laat Middeleeue gestig is en dat daar toe reeds kontak met Arabië was. As sodanig (en miskien omdat hulle geskiedenis sover teruggaan) word hulle dikwels met inheemsgestigte dorpe verwar, soos byvoorbeeld die Yorubadorpe.

Vanaf die koloniale tydperk was die stigters van dorpe in Afrika hoofsaaklik Westerlinge of blankes. Om dus enigsins duidelikheid te verkry, sal die term nuwe dorpe sover as moontlik vermy word (om ook verwarring met die Oostersgestigte dorpe te voorkom). Inheems- en uitheemsgestigte dorpe omskryf die situasie beter.

1.2.1 Die omvang en patroon van verstedeliking:

Die 19e-eeuse Industriële Revolusie in Europa het die gevolg gehad dat verstedeliking in intensiteit toegeneem het, en namate Europese koloniale moondhede hulle magte oorsee uitgebrei het, is die noodsaaklikheid om in groot stedelike gebiede saam te trek, ook dikwels op die mees primitiewe volke oorgedra.

31. Remaking Africa, p. 98.

As gevolg van blanke-invloed het dorpe dwarsoor die vasteland van Afrika ontstaan. Hierdie dorpe kan verder hulle lokaliteit en huidige belangrikheid aan koloniale invloede toeskryf. Daarby is 'n kenmerkende eienskap van die sogenoemde koloniale dorpe in Afrika, die feit dat die koloniale moondheid en nie die kolonie self nie, die dryfkrag agter die groei en ontwikkeling van die dorpe was. In werklikheid was hierdie dorpe meestal net die sentra vir die uitvoer van koloniale produkte (grondstowwe) en die invoer van verbruikersgoedere van veral die koloniserende moondheid. Uit daardie oogpunt gesien was die dorpe in Afrika in hulle ontwikkeling grootliks van toestande in die oorsese moederland afhanklik.

Hierdie groei van dorps- en stedelike gebiede wat hoofsaaklik die gevolg van druk van buite eerder as 'n behoefte van binne was, was in baie gevalle 'n stremmende faktor op die ontwikkeling van sommige Afrikagebiede. Wat hier dus onderskei kan word, is (a) die feit dat die nuwe dorpe op die basis van nuwe behoeftes (handel en administrasie) gegroei het en (b) die omstandigheid dat die natuurlike stimulus uitwendig was, met ander woorde, komende van die kant van die koloniseerder en dus nasionaal-vreemd.

Afrika is vandag nog een van die wêrelddele waar die kleinste verstedeliking van die bevolking plaasgevind het. Volgens Kimble ³²⁾ woon minder as 10% van die totale bevolking in dorpe met 'n inwonertal van 5,000 en meer. Baie van hierdie dorpe is in elk geval meer plattelands as stedelik in vorm sowel as funksie.

32. Op. cit., p. 97.

Die stedelike bevolking is nie slegs klein nie, maar die grootste persentasie woon boonop in baie klein dorpie. In 1955 was daar in die hele Afrika ongeveer 455 nedersettings wat as dorpe geklassifiseer kon word met 'n inwonertal van 5,000 of meer en daarvan het net 41 meer as 50,000, 16 meer as 100,000 en 5 meer as 200,000 inwoners gehad. Word die dorpe en stede van Nigerië (inheems gestig) en Suid-Afrika (blankbeheerd) hiervan afgetrek, verander die situasie drasties.

TABEL I

Verspreiding van stedelike bevolking van Afrika 1955 (33).

Grootte van dorp/stad	Getal Dorpe/Stede	Inwoners in 1000e	% van totale stedelike bevolking.
5,000 - 10,000	227	1656	16.4
10,000 - 20,000	110	1474	14.6
20,000 - 30,000	42	1057	10.4
30,000 - 40,000	35	1388	13.7
50,000 - 75,000	12	715	7.0
75,000 - 100,000	13	1129	11.2
100,000 - 200,000	11	1397	13.8
meer as 200,000	5	1299	12.8
TOTAAL	455	10115	100

n Verdere kenmerk van die uitheemsgestigte dorpe van Afrika is die feit dat hulle oor die algemeen baie yl oor groot gebiede versprei is. Twee-derdes van Afrika se dorpe en stede word in Wes-Afrika gevind terwyl minder as een-derde in die res van Afrika bestaan.

n Algemene verskynsel by die uitheemsgestigte dorpe in Afrika is die geweldige groei wat hulle veral tussen die Eerste Wêreldoorlog en onafhanklikheid ondergaan het. Enkele voorbeelde kan aan die hand van beskikbare sensusgegevens ³⁴⁾ genoem word. In 1926 was Dakar se inwonertal 30,000 en in 1953 het dit op 305,000 te staan gekom. Accra het in 1921 slegs 38,400 inwoners gehad maar tot 1948 het dit gegroei na 135,000. Freetown se inwonertal was in 1921 al 44,100 terwyl dit in 1953 toegeneem het na 85,000. Conakry het in 1936 slegs 13,600 inwoners gehad en in 1951 het dit tot 52,900 aangegroei.

Hierdie dikwels fenomenale groei was hoofsaaklik die gevolg van die vestiging en konsentrasie van uitgebreide handels- en regeringsdienste in daardie dorpe. Bylae A bevat tabelle wat die inwonertal van die belangrikste dorpe aantoon en daaruit kan afgelei word dat die groei van daardie dorpe n algemene verskynsel in Afrika is.

Dit is veral treffend dat al die dorpe in hierdie kategorie feitlik sonder uitsondering as sentra vir administratiewe funksies ontstaan het en verder as handelsdorpe ontwikkel het.

34. Russell, op. cit., p. 218.

Hesseltine ³⁵⁾ wys daarop dat nie een dorp "... has arisen as a centre of important productive enterprises" nie. Die werklike nywerheidsdorp bestaan nog nie in Afrika noord van die Zambezi nie.

Ook in Oos- en Sentraal-Afrika het die getal inboorlinge in dorpe en stede gedurende die afgelope twee dekades geweldig toegeneem. Gedurende 1953 is vasgestel dat 57% van Nairobi se totale bevolking Bantoes was terwyl 66% van Dar-es-Salaam se inwoners tot die Bantoe behoort het ³⁶⁾.

n Verdere faktor wat bygedra het tot die toename in die getal inboorlinge in die dorpe en stede van Afrika was die onbeheerde toestroming vanaf die platteland. Alhoewel verskillende koloniale moonshede (veral Brittanje) vir baie jare die Bantoes as tydelike inwoners van die dorpe gereken het, is toestroming hoegenaamd nie beheer nie. "There is a perceptible drift of Africans from the country districts to the town, in many cases the numbers involved bearing no relation to the industrial or commercial opportunities offered by the town" ³⁷⁾.

35. Loc. cit.

36. Great Britain. Report East African Royal Commission 1953 - 1955, p. 204.
(Voortaan Report Royal Commission).

37. Great Britain. Report to the General Assembly of the United Nations on the administration of Tanganyika, 1951, par 678.

Bogenoemde stelling ten opsigte van Tanganjika is ook op ander gebiede in Oos- en Sentraal-Afrika van toepassing. Die onbeheerde toestroming na die dorpe en stede het meegebring dat groot getalle Bantoes werkloos was en geleef het van wat hulle gesteel het, of hulle het as afhanklikes van verwante n parasitiese bestaan gevoer ³⁸⁾.

Die voorsiening van meer en beter huise deur munisipaliteite en plaaslike owerhede asook die daarstelling van hoër lone het nie altyd die lewenstandaard van die Bantoes opgeskuif nie, maar eerder die gevolg gehad dat die grootte van die Bantoebevolking van die dorpe en stede toegeneem het.

Ondanks die beleid van die plaaslike owerhede veral in die gewese Britse gebiede, naamlik dat die Bantoes slegs tydelike inwoners van die dorpe en stede was, verklaar Philip Mitchell ³⁹⁾ dat n steeds toenemende getal Bantoes die dorpe en stede as hulle enigste tuiste aanvaar het. Daar is byvoorbeeld in 1953 geskat dat 40% van die Bantoes van Nairobi voor die afkondiging van noodmaatreëls, langer as 5 jaar in die stad woonagtig was.

Daardie Bantoes was egter nie n stabiele inwonerkorps nie, dit wil sê in die sin dat hulle geheel en al afhanklik van die dorp vir n bestaan was. Die grootste persentasie het belange by grond in hulle stamgebiede gehad.

38. Hesseltine, op. cit., p. 101.

39. African afterthoughts, p. 236, soos aangehaal deur East African Royal Commission, p. 205.

In hierdie gedeelte sal nie n prinsipiële regverdiging of verwerping van woonbuurtsegregasie as woonwyse gegee word nie. Die feitlike posisie ten opsigte van die dorpe en stede in Afrika gedurende die koloniale periode sal egter net genoem word. Die rede hiervoor is tweërlei, naamlik: (a) hierdie studie het hoofsaaklik betrekking op die Suid-Afrikaanse situasie, en (b) omstandighede ten opsigte van die dorpe en stede in die res van Afrika het na verkryging van onafhanklikheid radikaal verander.

Segregasie van woonbuurtes is nie n verskynsel wat net tot Afrika beperk kan word nie. Alreeds voor die Franse Revolusie het daar n standeverdeling in Europa bestaan, en die nywerheidsomwenteling het op sy beurt ook tot n verdere klasseverdeling aanleiding gegee. In Europese en Britse dorpe van die vorige eeu was segregasie van een deel van die gemeenskap van n ander geen vreemde verskynsel nie.

Toe Afrika daarna gekoloniseer is en oorsese moondhede hulle gesag oor die inboorlingbevolkinge daar gevestig het, is die destydse gebruike, waaronder ook woonbuurtsegregasie, op Afrika oorgeplaas. Die tradisionele sosiale organisasie en ekonomiese aktiwiteite van die meeste inboorlinge van koloniale Afrika het nie tot die stigting en groei van dorpe gelei nie.

Met die vestiging van koloniale administrasie in Afrika was die grootste gedeelte van die vasteland vir die blanke ongesond en nie geskik vir blanke nedersetting nie. Streke is uitgesoek waar dit nie nadelig vir die blanke se gesondheid was nie en

daar is dorpe (die tradisionele vorm van nedersetting van die Europeaan) aangelê vanwaar die omliggende gebiede geadministreer kom word ⁴⁰).

Soos reeds aangetoon, het die inboorlinge (aanvanklik miskien sporadies) na daardie blanke nedersettings (al was dit net administratiewe sentra) getrek en het die periode van Bantoe-verstedeliking begin.

Waar daar in die verlede in Europa en Brittanje tussen die verskillende klasse of stande (en selfs beroepe) binne dieselfde gemeenskap ten opsigte van woonbuurtes gesegregeer is, is ook in Afrika gesegregeer, maar op grond van ras en beskawing. Segregasie van woonbuurtes in die dorpe en stede van Afrika gedurende koloniale bewind was gebruiklik ⁴¹), alhoewel daar tog verskille van gebied tot gebied bestaan het, afhangende van die beleide van die koloniserende moondhede. In sekere gevalle was segregasie wetlik vasgelê (byvoorbeeld Suid-Rhodesië en Kenia), terwyl dit in ander gevalle vrywillig was en miskien aan die plaaslike inwoners of amptenare oorgelaat is om self te besluit waar hulle wil gaan woon.

Sodoende het daar met verloop van tyd afsonderlike blanke en nie-blanke woonbuurtes in die dorpe en stede ontstaan. Hierby kom nog die feit dat, waar daar ook Asiate in die dorpe en stede saamgetrek was, die neiging bestaan het om ook tussen hulle woonbuurtes en dié van die blankes te onderskei.

40. Breese. Urbanization in newly developing countries, p. 39.

41. Comhaire, op. cit., p. 23.

Die meeste dorpe se blanke woonbuurtes is beplan en uitgelê volgens Europese en Britse standaarde soos Hesseltine ⁴²⁾ tereg opmerk dat "African towns are pure European import, and are laid out strictly on the model of European towns". Naas hierdie woonbuurtes vir blankes het ook woonbuurtes vir die inboorlinge ontstaan en bekend geraak as lokasies, "medina's", "quartier indigène", "cité indigène", "native quarters" of "native housing schemes" en Poto Poto (van klei of modder). Soos die name aandui, kan gesien word dat hierdie tipe woonbuurtes vir inboorlinge in die gebiede van alle koloniserende moondhede ontstaan het. Die enigste afwyking is miskien in die geval van die Wes-Afrikaanse inheemsgestigte dorpe. Daar was dit weer gebruiklik dat die blankes (veral amptenare) vir hulle op 'n gerieflike afstand van die ou dorp, nuwe woonbuurtes aangelê het. Funksioneel dus dieselfde as die gesegregeerde inboorlingbuurtes.

Oor die algemeen het daar 'n groot kontras bestaan tussen die blanke woonbuurtes en die lokasies of cités indigènes waar die inboorlinge gewoon het. In die gewese Britse kolonies het die owerhede aantreklike residensiële buurtes vir hulle amptenare gebou, gewoonlik 'n hele afstand van die lokasies of inboorlingwoonbuurtes af. Die Belge het in die Kongo mooi dorpe vir hulleself langs die inboorlingwoonbuurt gebou terwyl die Franse medina's vir die Bantoes gestig het met aantreklike woonbuurtes vir die blankes en Bantoe-evolue's.

42. Op. cit., p. 98.

Volgens Hesseltine ⁴³⁾, Comhaire ⁴⁴⁾, en die East African Royal Commission ⁴⁵⁾ was die toestande waaronder die inboorlinge in die lokasies gewoon het besonder swak. In Kenia, byvoorbeeld, het die omstandighede waaronder die Bantoes in Mombasa verkeer het tot ernstige onluste aanleiding gegee (1939).

Dit blyk ook dat daardie toestande nie verbeter het nie, veral nie ten opsigte van behuising nie, want in 1948 word verslag gedoen dat "... legitimately employed Africans sleeping under the verandahs in River Road, in noisome and dangerous shacks in the swamp, in buses parked by the roadside and fourteen to the room in Pumwani, two to a bed and the rest on the floor" ⁴⁶⁾.

In die Britse kolonies was die Bantoes in stedelike gebiede aanvanklik as tydelike inwoners gereken waar hulle kon werk as ongeskoolde arbeiders. Die Bantoes het self hulle hutte binne of buite die dorpsgrense opgerig en betreklik laat in die koloniale periode het die plaaslike owerhede eers begin om huisvesting te verskaf, maar onder die veronderstelling dat die Bantoes net vir kort periodes (en as enkelinge) in die dorpe sou werk. Onbeheerde toestroming het egter spoedig meegebring dat teorie en praktyk in botsing gekom het.

43. Op. cit., p. 100.

44. Op. cit., p. 86.

45. Op. cit., p. 207.

46. Report Royal Commission, loc. cit.

Daarby het die beleid van indirekte beheer soos toegepas in die Britse kolonies, daartoe gelei dat net op die ontwikkeling van die stangebiede gekonsentreer is en nie op die stededelike Bantoe woonbuurtes nie. Die uitgangspunt was dat die dorpe en stede nie die geskikte habitat vir 'n permanente Bantoe-gemeenskap is nie.

Hierdie beleid van die owerhede in Britse kolonies het veral tot gevolg gehad dat (a) daar so 'n groot kontras tussen die blanke woonbuurte en die Bantoe-lokasies ontstaan het en (b) dat die Bantoes wat reeds afgesien het van hulle tradisionele lewenswyse, hulle self uitgesluit gevind het van daardie maatskaplike en kulturele lewe waarna hulle gestreef het.

Die onbeplande en onbeheerde toestroming na die dorpe en stede was primêr die gevolg van die verarmde platteland en nie as gevolg van werksgeleenthede wat reeds in die dorpe en stede bestaan het nie. In verskillende kolonies waarvan Uganda 'n goeie voorbeeld was, het die onbeheerde toestroming daartoe gelei dat plakkerkampe op die grense van dorpe ontstaan het en later selfs groter as die Bantoe-woonbuurtes geword het ⁴⁷⁾.

Op hierdie manier het daar dus, naas die gesegregeerde Bantoe-woonbuurtes, ook nog 'n tweede tipe woonbuurt vir die inheemse bevolkings ontstaan. Gewoonlik het hierdie plakkerkampe buite die beheer van plaaslike owerhede geval en in die geval van die Britse kolonies, was die "African rural authorities" nie by magte en in staat om daardie onbeheerde nedersettings te administreer nie.

47. Report Royal Commission, p. 207.

Ondanks die swak toestande wat daar geheers het, was daardie gebiede onder die inboorlinge baie populêr. Daar kon hulle sonder enige inmenging van die kant van die owerheid woon. Verder was daardie plakkerkampe ook die sponse wat die surplus bevolking van sowel die dorpe as die plattelandse gebiede opgesuig het. Lokasie-uitbreidings het nie aan die plakkerkampe n einde gemaak nie maar dit net verder verskuif. Inheemse handelaars het verkies om hulle besighede in daardie plakkerkampe op te rig omdat persele in die dorpe en stede te duur was. Verder kon sulke handelaars vry van alle beheer in die plakkerkampe besigheid doen terwyl hulle n munimum kapitaal aan geboue spandeer het.

Beide die gesegregeerde inboorlingwoonbuurtes en plakkerkampe is funksioneel nog geen dorpe nie. Huisvesting word wel daarin aan groot getalle mense verskaf, maar daar is geen of weinig ander stedelike funksies. Dit is bloot ekonomiese aanhangsels van n dorp en dit kan op sigself nie bestaan nie.

Saamgevat kom dit daarop neer dat, naas die afsonderlike woonbuurtes vir blank en nie-blank, daar in feitlik alle Afrikadorpe, hierdie nuwe tipe onbeplande en onbeheerde nedersettings ontstaan het wat met verloop van tyd n steeds belangriker rol in die verstedelikingsproses van die inheemse bevolkings van Afrika gespeel het. Met die verdere groei en ontwikkeling van dorpe en stede in Afrika moet met hierdie faktor deeglik rekening gehou word.

Ten slotte moet net gewys word op die posisie van hierdie dorpe en stede nadat die verskillende kolonies onafhanklikheid verkry het. Een van die kenmerkendste verskynsels en tog ook voor-die-handliggend, is die feit dat woonbuurtsegregasie nou iets van die verlede is. Wat eintlik hier bedoel word, is dat die segregasie tussen die woonbuurtes van die verskillende rasse-groepe verdwyn het. Segregasie bestaan nog, maar nou tussen verskillende klasse mense binne dieselfde rasse-groep en gemeenskap. Die woonbuurtes van die voormalige blanke minderheids-groep word nou bewoon deur die nuwe heersers. Hesseltine ⁴⁸⁾ vat die posisie mooi saam waar hy sê "... this take - over only perpetuates the division between the rulers and the ruled".

1.3 Dorpe wat ontstaan het deur nie-inheemse inisiatief en deur verskillende rasse-groepe bewoon word.

Dorpe en stede van hierdie groep word vandag veral in suidelike Afrika aangetref. Aanvanklik het hierdie dorpe deur die toedoen van een deel van die bevolking ontstaan, naamlik die blanke van Europese en Britse afkoms. Hierdie dorpe is as nedersettings vir en deur daardie groep van die bevolking gestig en ontwikkel, maar namate met die inheemse bevolking kontak gemaak is en laasgenoemde tot die arbeids- en lewensterrein van eersgenoemde toegetree het, moes daar ook vir woonplekke vir die inheemse bevolking voorsiening gemaak word.

48. Op. cit., p. 99.

Soos breedvoerig in 'n later hoofstuk aan die hand van die Suid-Afrikaanse situasie aangetoon sal word, is afsonderlike woonbuurtes vir die inheemse bevolking ontwikkel en met verloop van tyd statutêr vasgelê. Daardie afsonderlike woonbuurtes het nooit tot dorpe in die ware sin van die woord ontwikkel nie. Dit is eerder ekonomiese aanhangsels van reeds bestaande blanke dorpe. Uit administratiewe oogpunt gesien, is daardie woonbuurtes tog afsonderlik bestuur, deur of onder toesig van die bestuursowerheid van die oorspronklike dorp of stad.

Die rede waarom hierdie dorpe en stede onder 'n afsonderlike kategorie genoem word, sentreer hoofsaaklik om historiese en politieke redes. Soos reeds aangetoon, was die meerderheid dorpe onder kategorie b gestig, veral deur inheemse persone bewoon gedurende koloniale bewind. Met die ontvoogding van daardie kolonies het die beheer in die hande van die inheemse (nie-blanke) bevolkings oorgegaan met die uitheemse (blanke en Oosterse) bevolkingsgroep deur eersgenoemdes as tydelike inwoners gereken.

In Suidelike Afrika, en in besonder in Suid-Afrika, het die beheer in die hande van een bevolkingsgroep, naamlik die blankes, gebly. In daardie posisie word die stedelike gebiede verder bewoon en ontwikkel. Hierby kom ook nog die ontplooiing van die politieke toekoms, soos deur die huidige heersende groep gesien, naamlik die verdeling van die grondgebied en die daarstelling en ontwikkeling van afsonderlike state vir die tans nie-heersende bevolkingsgroep. In die ontwikkelende en in sommige gevalle te stigte state het daar tot baie onlangs nog geen dorpe bestaan hie, soos wel later aangetoon sal word. Die enkele dorpe wat daar wel bestaan, is deur die blanke gestig en beheer as nedersettings vir die

blankes met miskien n parallele Bantoewoonbuurt. Daardie enkele dorpe gaan nou oor in die hande van die bevolkingsgroep wat die gebiede gaan bewoon en beheer (miskien enigsins vergelykbaar met die situasie in die nuwe Afrikastate). Nuwe dorpe sal uiteraard daar ontwikkel. Maar daardie proses sal in latere hoofstukke intensief en breedvoerig behandel word.

Samevattend kom dit dus daarop neer dat die situasie ten opsigte van die dorpe en stede onder hierdie hoof genoem, heeltemal verskillend van die vorige is en dus nie altyd en in alle opsigte daarmee vergelykbaar is nie. Daardeur word nie te kenne gegee dat die te stigte en in sommige gevalle reeds gestigte Bantoedorpe ten opsigte van sekere fasette en manifestasies van probleme met dorpe in die res van Afrika vergelykbaar is nie. Wat hier betoog word, is dat kategorie c (dit wil sê blankbeheerde dorpe) ten opsigte van hulle geskiedenis, aard en toekoms n eie posisie beklee en as sodanig grootliks onvergelykbaar is met wat tans in die res van Afrika gevind word.

2. Gevolge van verstedeliking in Afrika

Verstedeliking is n universele verskynsel. Sodra dorpe en stede ontstaan nadat n land n sekere hoogte van kultuur bereik het, vind daar n verskuiwing van die bevolking plaas vanaf die platteland na die dorpe en stede. Die gevolge, soos die oorsake van verstedeliking, is tot n groot hoogte dus ook universeel. Maar tog moet verstedeliking, veral wat die gevolge betref, teen die agtergrond van die land waarin dit plaasvind, gesien word. Daar is wat genoem kan word positiewe en negatiewe gevolge aan verstedeliking verbonde. Anders gestel, daar is n krediet- en n debietkant.

By n bestudering van verstedeliking in Afrika word die student veral deur twee groot leemtes in die werke van skrywers oor hierdie onderwerp getref, naamlik eerstens die feit dat verstedeliking in Afrika te maklik met soortgelyke verskynsels in ander lande vergelyk word sonder dat die besondere Afrika-situasie daarvan in ag geneem word. Anders gestel, alle fasette van die aanvaarde universele verskynsel word sonder meer op Afrika van toepassing gemaak. Daar word byvoorbeeld nie altyd in gedagte gehou dat verstedeliking van die inheemse bevolking in n uitheemsgestigte dorp of stad anders is met andersoortige probleme en gevolge nie. Hierdie, dikwels verkeerde benadering, lei dan noodwendig tot gevaarlike veralgemenings.

n Tweede en ewe algemene leemte is die feit dat daar nie altyd van die debietsy sowel as die kredietsy van verstedeliking in Afrika kennis geneem word nie. Moontlik is baie skrywers daarvan bewus, maar dan is hulle tog geneig om die debietsy of die negatiewe gevolge oor te beklemtoon. Met so n benadering beland studente van die stedelike situasie in Afrika, baie maklik in die vaarwaters van filantropie en negrofilisme.

n Goeie voorbeeld van oorbeklemtoning van n enkele faset waardeur perspektief op die geheel verloor word, word in die werk van Comhaire ⁴⁹⁾ gevind, waar hy segregasie as woonwyse kritiseer as dit op ras en kleur gebaseer word. Volgens hom wek dit by een groep, naamlik die inheemse bevolking, spanning en selfs n aggressiwiteit op omdat hulle elders moet woon terwyl hulle eerder by die blanke soos die blanke wil woon. Verder as dit redeneer Comhaire nie en verloor dus uit die oog dat, as daar nie woonbuurt-segregasie was nie, die blanke op sy beurt weer in spanning sou lewe. Sy benadering is dus ontdaan van perspektief daar hy net een deel van die bevolking en nie die geheel van die stedelike bevolking in gedagte hou nie.

49. Op. cit., 22.

Aangesien dit in hierdie werk hoofsaaklik om die verstedelikingproses van die Bantoe in Suid-Afrika gaan en die gevolge van verstedeliking daar prioriteit verdien, sal hier nou slegs oorsigtelik enkele van die belangrikste gevolge genoem word. Hierdeur word nie te kenne gegee dat dit die enigste is nie, maar vir die doeleindes van hierdie studie kan, vir sover dit hierdie hoofstuk betref, daarmee volstaan word. Trouens, daar is reeds baie geskryf oor die gevolge van die verstedeliking in Afrika, en daaroor sal nog baie geskryf word.

Met hierdie standpunt word die mees algemene en dan ook die negatiewe gevolge van verstedeliking nie oor die hoof gesien of selfs gedegradeer nie. Die belangrikheid daarvan word eweëns nie betwis nie, maar terwyl daardie veld reeds vrugbaar gedek word en daardie gevolge n sine qua non is, sal hier eerder aandag gegee word aan die rol wat die dorp en stad in Afrika gespeel het en nog gaan speel. Daar is die historiese en kontemporêre rolle maar ook die toekomstige rol wat dorpe en stede in Afrika sal speel.

Terwyl Afrika die mins verstedelikte van alle kontinente is, beweer Miner ⁵⁰⁾ tereg dat "... this demographic fact belies the new importance of African cities". n Dekade gelede was die kontinent n koloniale lappieskombers en die inboorlinge n maglose konglomeraat van mense. Vandag weerspieël die koukus van die onafhanklike Afrikastate dat n derde van die lede van die Algemene Vergadering van die V.V.O. uit Afrika kom. In hulle tuisgebiede is daardie mense nie meer tradisionele hoofde of renegaat onrusstokers nie, maar leiers met ekonomiese, militêre en politieke magte. Die habitat van hierdie nuwe swart elite is die dorp en stad in Afrika. Dit is nie net handels- en administratiewe sentra nie, maar die Afrikastate se kontakte met die buitewêreld.

50. The city in modern Africa, p. 1.

Die dorp en stad in Afrika het alreeds in die verlede as ontvanger en gewer opgetree. Namate die ontwikkelende state politieke en handelsverteenwoordigers van ander lande trek en uiteindelik ook toeriste en sakelui, sal die dorpe en stede in belangrikheid toeneem, aangesien dit die sentra sal wees vanwaar die beeld van die ontwikkelende land gereflekteer sal word. Dit verklaar ook waarom in sommige gevalle groot en indrukwekkende geboue in die Afrikadorpe opgerig word. Dit is nie net 'n prestigesimbool nie, maar ook die uitstalvenster van 'n ontwikkelende land.

Dorpe en stede was in koloniale Afrika, in een of ander vorm, setels van regerings- en administratiewe funksies. Politieke mag is deur die dorpe en stede gekanaliseer. Hierdie rol van die dorpe en stede sal in die nuwe ontwikkelende state voortgaan en selfs toeneem. Vanuit die dorp of stad sal die streek en uiteindelik die land geadministreer word.

As setels van die nywerhede (vir soverre dit deur uitheemse inisiatief tot stand gekom het), die handel en ander ondernemings, het die dorpe en stede as kontakte of skakels met, enersyds die buitewêreld en andersyds die onderontwikkelde streek (platteland) gedien. In daardie hoedanigheid was dit reeds groeipunte in onderontwikkelde gebiede.

'n Verdere eienskap van die dorp en stad is die feit dat dit as setels en as verspreidingspunte vir maatskaplike veranderinge gedien het. Dit is in die dorpe en stede waar nuwe idees ten opsigte van nasionale beleid — ekonomies, maatskaplik en polities — te voorskyn tree en nuwe leiers verskyn. Vanuit die dorp en stad word, aanvanklik miskien burokraties, intensiewe en ekstensiewe invloede uitgeoefen op die stad self, die omgewing (streek) en uiteindelik op die land as geheel. So gesien, is die dorp en stad ook verspreidingspunt en

en streeksversorger. Nie net in ontwikkelde, maar ook in ontwikkelende lande was die dorp en stad steeds die ontvanger of „spons“ van die land se beste talente en mannekrag.

Reeds in koloniale Afrika was die uitheemsgestigte dorp of stad die magneet waarheen die surplus landelike bevolking getrek het. In ontwikkelende Afrika behoort die dorp en stad in toenemende mate daardie funksie te vervul mits verstedeliking met industrialisasie en beplande toestroming gepaard gaan.

Ten slotte kan dit gestel word dat, alhoewel Afrika die vasteland is waarin die bevolking relatief gesproke die kleinste verstedeliking ondergaan het, dit nogtans daardie kenmerkende universele probleme van verstedeliking openbaar. Indien daardie probleme opgeweeg word teen die rol wat dorpe en stede reeds in Afrika as onderontwikkelde gebied gespeel het en voortaan in 'n ontwikkelende Afrika gaan speel, behoort daar 'n klemverskuiwing na die kredietsy plaas te vind.

Hierby moet ook in aanmerking geneem word dat, nieteenstaande die reeds bestaande dorpe en stede, daar nog baie ruimte vir en behoefte aan dorpe en stede in Afrika is. Met Spengler ⁵¹⁾ en Lerner ⁵²⁾ kan saamgestem word dat afwesigheid van dorpe en stede, tot Afrika se voordeel sal wees, of soos Minner ⁵³⁾ dit stel "... the lack of cities in general, and of 'primate' cities in particular, means that there may be an opportunity to urbanise without creating the misery which stamps pre-industrial cities and which attended unplanned urban growth in the 'developed' nations".

51. Africa and the theory of optimum city size, p. 63.

52. Comparative analysis of processes of modernisation, p. 34.

53. Op. cit., p. 12.

Hierdie optimisme stel egter as voorvereistes, enersyds nywerheidsontwikkeling en beheerde toestroming na die stede en andersyds dat die stedelike bevolking van Afrika eerder tussen kleiner dorpe verdeel moet wees as gekonsentreer in n paar groot stede.

3. Beheer en administrasie van die dorpe

Aan die begin van die koloniale era in Afrika was n algemene kenmerk van plaaslike bestuur die oorplanting van die moederlandse stelsel van dorpsadministrasie op die koloniale dorpe, Comhaire ⁵⁴⁾ noem dit die identiteitsbeleid in plaaslike bestuur en voortgaande plaas hy die Britte bo-aan die lys van koloniale moondhede met so n benadering. Hierdie "little England"-opvatting was die gevolg van die Britse liberaliste se geloof in die doeltreffendheid van hulle stelsel van munispale administrasie, wat volgens hulle die enigste waarborg vir uiteindelijke selfregering kon bied.

Toe hierdie in die buiteland gemaakte bestuurstelsels geen lewensvatbaarheid getoon het nie, is alternatiewe stelsels ontwerp, wat met wissellende sukses deur verskillende koloniale moondhede toegepas is. In sekere gebiede is indirekte beheer as stelsel van plaaslike bestuur ingevoer, terwyl in ander gebiede weer segregasie van woonbuurtes en afsonderlike administrasies die basis vir dorpsadministrasie gevorm het ⁵⁵⁾.

54. Op. cit., p. 6.

55. Comhaire, op. cit., p. 13.

Hier kan egter nie volstaan word met net 'n tematiese uiteensetting van die verskillende stelsels van dorpsadministrasie in Afrika nie, maar 'n kort uiteensetting sal gegee moet word van die beleidsrigtings wat deur die verskillende koloniale moondhede gevolg is. Die rede vir hierdie metode van behandeling is dat nie alle koloniale moondhede 'n eenvormige stelsel van dorpsadministrasie toegepas het nie. Daar is in die verlede reeds heelwat oor hierdie onderwerp geskryf, en gevolglik sal hier slegs 'n kort samevatting van die belangrikste strominge in dorpsadministrasie gedurende die koloniale tydperk gegee word. Dit sal slegs oorsigtelik gedoen word om te voorkom dat die klem verskuif gaan word na aangeleenthede wat nou miskien net van historiese waarde is.

3.1 Die Britse gebiede

'n Kenmerk van die koloniale dorpe in die gewese Britse kolonies in Afrika is die afwesigheid van 'n eenvormige nedersettingsvorm en 'n administratiewe stelsel. Dit kan tot 'n mate verklaar word omdat die Britse gebiede oor 'n groot gedeelte van Afrika versprei was. Britse belange het gestrek vanaf Noord- tot Suid-Afrika en vanaf Wes- tot Oos-Afrika. Verskillende en uiteenlopende etniese groepe was in die groter geheel van Brits-Afrika ingesluit met dikwels uiteenlopende groepe binne 'n enkele kolonie.

Verdere faktore wat bygedra het tot die afwesigheid van 'n eenvormige beleid ten opsigte van dorpsadministrasie, was die bestaan van inheemse dorpe (Wes-Afrika), nog voor die koms van die Britte. Die getalsterkte van die blanke nedersetters en -amptenare het ewe-eens 'n invloed uitgeoefen op die ontwikkeling en administrasie van die dorpe.

Afgesien van die afwesigheid van n eenvormige administratiewe beleid, was segregasie van woonbuurtes n algemene verskynsel in die koloniale dorpe. In die meeste gevalle was segregasie statutêr gereël 56).

Waar inheemse dorpe reeds bestaan het soos in Wes-Afrika, is die blankes normaalweg nie verplig nie, maar eerder geadviseer, om in die blanke woonbuurtes of, "Government Quarters" 57) te gaan woon.

Aanvanklik het die koloniale owerhede die dorpe nie as die woonplekke van die inheemse bevolkings gereken nie, maar slegs as tydelike verblyfsoorde van beperkte getalle arbeiders. Die beleid van indirekte beheer het ook daartoe gelei dat hoofsaaklik op die ontwikkeling van die plattelandse stamgebiede gekonsentreer is ten koste van die inboorlinge in die dorpe.

In die Wes-Afrikaanse gebiede waar die Britte inheemse dorpe aangetref het, was die owerhede aanvanklik teësin om die jurisdiksie van die tradisionele owerhede (tribal authorities) oor daardie dorpe uit te brei. Sir Donald Cameron, die vader van die stelsel van indirekte beheer, het by geleentheid voorgestel dat slegs die enkele groot nedersettings tot dorpe geproklameer moes word 58).

56. Comhaire, op. cit., p. 23.

57. Hailey. An African Survey, p. 582.

58. Comhaire, op. cit., p. 21.

Namate groter getalle inboorlinge hulle in die dorpe gaan vestig het, het die gevaar bestaan dat die stamlewe as geheel daaronder sou ly.

"Tribal life is bound to die at its root if the people staying at home remain unconnected with their young and able relatives in towns through the agency of some new political device" 59)

Op twee terreine moes daar 'n verandering kom. Vir die dorpe moes 'n bevredigende administratiewe stelsel ontwerp word en vir die breër stamadministrasie moes metodes gevind word waarvolgens 'n aanpassing by veranderde omstandighede moontlik sou wees. Die enigste oplossing is gesien in die uitbreiding van die jurisdiksie van "tribal authorities" oor die inboorlinge woonagtig in die dorpe.

Die Britse owerhede het so 'n uitbreiding van die gesag van die tradisionele owerhede as 'n riskante onderneming gesien. Die moontlikheid het bestaan dat sodanige owerhede maklik tot politieke non-entiteite afgekerf kon word sodra hulle met probleme in dorpe gekonfronteer word waarteen hulle in werklikheid nie opgewasse was nie. Nogtans is gevoel dat dit die moeite sou loon om so 'n risiko te loop. Die meerderheid inheemse dorpe in Wes-Afrika is vervolgens onder die gesag van "tribal authorities" geplaas 60).

59. Comhaire, op. cit., p. 13.

60. Ibid, p. 14.

Hierdie nuwe benadering ten opsigte van dorpsadministrasie het noodwendig tot aanpassing in en wysigings van die stelsel van indirekte beheer gelei. Comhaire ⁶¹⁾ het in sy beoordeling van hierdie tendens tot die gevolgtrekking gekom dat die plasing van dorpe onder die jurisdiksie van tradisionele owerhede, in die geheel genome, nie geslaagd was nie. Die tradisionele owerhede was gewoon om gemeenskappe te beheer wat saamgesnoer was deur sterk verwantskapsbande. In die veranderde situasies was hulle nie bevoeg om die probleme spruitende uit interetniese kontak in 'n stedelike gemeenskap, suksesvol die hoof te bied nie.

As gevolg van onder andere die vraagstukke wat gespruit het uit die plasing van dorpe onder die direkte gesag van "tribal authorities", is 'n alternatiewe stelsel vir die destydse Goudkus ingestel. Dit het daarop neergekom dat verteenwoordigers van "tribal authorities" in die verskillende dorpe aangestel is.

Hierdie stelsel was inderdaad ook 'n uitbreiding van die jurisdiksie van tradisionele owerhede, maar dit het die voordeel ingehou dat die dorpsinwoners nie geheel en al in die hande van onbevoegde outoriteite gelaat is nie.

In Freetown, Sierra Leone, het 'n ander vorm van indirekte beheer ontwikkel. Die inwoners van die dorpe het die reg verkry om uit eie geledere 'n "tribal authority" te kies. Nieteenstaande probleme, het Comhaire dit as 'n werkbare stelsel gesien wat die moontlikheid ingehou het vir die inwoners om bestuurservaring op te doen. ⁶²⁾

61. Op. cit., p. 21.

62. Loc. cit.

In die ander Britse gebiede in Afrika het die koloniale owerhede n verskeidenheid administratiewe stelsels ⁶³⁾ ten opsigte van stedelike naturelle toegepas. In sommige gevalle was dit gebaseer op woonbuurtskeiding en in ander gevalle, veral waar die blankes baie min in getal was, was daar geen sprake van segregasie nie.

3.1.1 Oos-Afrika

In Uganda was daar weinig dorpe van noemenswaardige grootte. Oor die algemeen was dit administratiewe sentra met beperkte opvoedkundige en handelsfunksies. Die afwesigheid van industrialisasie het meegebring dat daar prakties geen werksgeleenthede vir groot getalle naturelle bestaan het nie. Alhoewel die plattelandse stamgebiede die inheemse bevolking nie altyd en oral kon dra nie, het geen noemenswaardige verstedeliking bestaan nie.

Ingevolge die Townships Ordinance, 1938, soos gewysig in 1939, is voorsiening gemaak vir die beheer en administrasie van dorpe. Die ordonansie het bepaal dat die goewerneur enige nedersetting tot n dorp kan proklameer en dit dan onder beheer van n dorpsraad plaas. n Dorpsraad was by magte om regulasies oor minder belangrike aangeleenthede te maak en met die goedkeuring van die goewerneur belastings te hef.

63. Hailey. Native administration in the British African territories, part I, p. 71.

n Dorpsraad was normaalweg saamgestel uit die distrikskommissaris as voorsitter en hoofuitvoerende amptenaar en enkele aangestelde regeringsamptenare wat ampshalwe sitting gehad het. Gedurende die laaste jare van die koloniale bewind het die dorpsrade n geringe wysiging ondergaan deurdat nog twee nie-amptelik gekose lede op die rade gedien het. Dit was veral gebruiklik om een naturel en een Indiër in hierdie hoedanigheid te nomineer.

Hierdie min of meer algemene patroon het vir alle dorpe in Uganda gegeld en afwykinge het slegs by hoë uitsondering voorgekom.

Die dorpsrade het jurisdiksie oor blank sowel as naturel gehad. Laasgenoemde het egter gesegregeerd in die sogenaamde "African Housing Estates" gewoon wat inderdaad n lokasie met weinig ander dienste as net behuising was.

In Kenia het n besondere administratiewe stelsel vir die naturelle-inwoners van die vyf munisipale gebiede ⁶⁴⁾ gegeld. As voorbeeld kan Nairobi met sy aansienlike nie-naturelle inwonertal genoem word. Die aanwesigheid van n sterk blanke en Asiate element het daartoe gelei dat n goed georganiseerde stedelike plaaslike bestuurstelsel ontwikkel is.

64. Nairobi, Mombasa, Nakuru, Eldoret en Kisumu.

Gedurende die koloniale bewind was die neiging baie sterk om die dorpe onder blanke beheer te hou. Naturelle-verstedeliking het in Kenia en veral by die enkele groter dorpe in n veel groter mate as in Uganda plaasgevind.

Nairobi was onder beheer van n stadsraad bestaande uit 22 lede waarvan 16 verkose was (9 deur die blanke inwoners en 7 deur die Indiërs) terwyl die res (ses) gekose lede was. Die distrikskommissaris het as gekose lid op die raad gedien en hy was verantwoordelik vir naturelleaangeleenthede. Vanaf 1946 was twee van die gekose lede naturelle uit die naturellewoonbuurt.

Vir administratiewe doeleindes het die stadsraad n Naturellesakedepartement gehad met n blanke amptenaar aan die hoof, bygestaan deur naturelle-welsynsbeampies en -klerke.

Die enigste aandeel wat die naturelle van die lokasies aan plaaslike bestuur gehad het, was adviserend van aard. Die "Native Advisory Council" was deels gekose en deels verkose. Vir die verkiesing van laasgenoemde lede was die naturellewoonbuurtes in wyke verdeel. Die gekose lede is aangewys deur organisasies en verenigings wat die verskillende stamgroepe in die lokasies verteenwoordig het.

In Kenia is die beleid neergelê dat blankes en naturelle residensieel gesegregeer moes word. Dit is ook statutêr vasgelê ⁶⁵⁾. Slegs naturelle wat bona fide in diens was, was op verblyf in die munisipale gebied van Nairobi geregtig.

65. Hailey, op. cit., p. 180.

Ten opsigte van die kleiner dorpe in Kenia is min of meer dieselfde administratiewe stelsel as in Uganda gevolg. Die distriks-kommissaris was in baie gevalle die „plaaslike owerheid" en hy is deur junior naturelleklerke bygestaan.

In Tanganjika was daar geen geïndustrialiseerde dorp nie en derhalwe ook geen noemenswaardige verstedeliking van die naturelle nie. Slegs in die geval van Dar-es-Salaam het 'n munisipale raad ingevolge Ordonansie 29 van 1946 gefunksioneer. Die raad het bestaan uit 12 gekose lede: vier uit die blanke gemeenskap, vier uit die Indiërgemeenskap en vier uit die naturellegemeenskap.

Naturellesake was die verantwoordelikheid van die distrikskommissaris, bygestaan deur 'n aantal gekose tradisionele gesagsdraers. Selfs in die kleiner dorpe is deurgaans 'n indirekte beheerstelsel toegepas in naturelleaangeleenthede.

3.1.2 Wes-Afrika

Die grootste sametrekking van inboorlinge in dorpe het in Wes-Afrika plaasgevind. Daar het hoegenaamd geen eenvormigheid ten opsigte van stedelike inboorlingadministrasie bestaan nie. In nie twee Britse gebiede in Wes-Afrika is dieselfde stelsel nagevolg nie. Wat die probleem nog verder gekompliseerd gemaak het, is die feit dat binne 'n enkele gebied, stedelike administrasie van streek tot streek verskil het. Nigerië is 'n goeie voorbeeld daarvan. Selfs

binne een provinsie is dorpe verskillend geadministreer. Hiervan is Lagos n voorbeeld ⁶⁶⁾.

Indien nou gepoog word om n analise van die verskillende stedelike administratiewe stelsels te gee, sal dit as gevolg van die groot verskeidenheid en omvang daarvan buite die bestek van hierdie studie val. Indien verder n poging aangewend word om slegs n samevatting daarvan te gee, sal dit onbevredigend en onwetenskaplik wees en beslis tot onverantwoorde veralgemenings lei. Van n berg kan nie maklik n miershoop gemaak word nie. n Gesaghebbende soos Hailey het hom in sy standaardwerk oor Afrika daarvan weerhou ⁶⁷⁾. Die aktualiteit van die onderwerp verg eerder n afsonderlike studie gebaseer op diepgaande navorsing.

3.2 Belgiese gebiede

Die Belge het ook in hulle koloniale beleid die neiging getoon om die moederlandse stelsel van dorpsadministrasie op die koloniale dorpe oor te plant. Hierdie identiteitsbeleid het veral gedurende die eerste jare van koloniale bewind in die Kongo op die voorgrond getree. In 1891 het Goewerneur-generaal Janssens vir Boma die commune-stelsel van die Belgiese dorpe voorgestel ⁶⁸⁾.

66. Comhaire, op. cit., p. 18.

67. An African Survey, p. 582.

68. Comhaire, op. cit., p. 10.

Die identiteitsbeleid het mettertyd gekulmineer in die immatriculation-stelsel waarvolgens die inheemse bevolking volle Europese status kon verkry en hulleself aan die Belgiese geskrewe reg onderwerp ⁶⁹⁾. Gedurende 1898 kom die eerste dorpe (communes) tot stand onder die direkte beheer van die sentrale owerheid en in 1922 word die Britse voorbeeld gevolg met die daarstelling van 'n genomineerde raad vir Leopoldville.

Met verloop van tyd het die klem by plaaslike bestuur geval op segregasie, gebaseer op kulturele verskille tussen die verskillende inwoners ⁷⁰⁾. Afsonderlike woonbuurtes, cités indigénés, is vir die inheemse bevolking tot stand gebring. Alle gekleurde persone was kragtens wetgewing van 1898 en 1932 ⁷¹⁾ verplig om in die afgesonderde woonbuurtes te gaan woon indien hulle nie deur hulle werkgewers in bediendekwartiere gehuisves was nie. Die cité indigéné was alleenlik bedoel vir die inheemse bevolking en geen blanke kon sonder spesiale goedkeuring van die owerheid daar gaan woon nie. Die polisie was by magte om woonbuurtsegregasie af te dwing. Tot 'n mate was toestrommingsbeheer toegepas deurdat slegs persone wat bona fide in diens was, permitte vir verblyf in die cité indigéné kon verkry ⁷²⁾.

69. Loc. cit.

70. Comhaire, op. cit., p. 26.

71. Hailey, op. cit., p. 584.

72. Ibid., p. 557.

Die verskaffing van huisvesting aan die inheemse bevolking was die verantwoordelikheid van n sentrale raad, die office des cités indigénés, met adviserende komitees in alle dorpe. In die praktyk is huise deur die raad gebou en aan lede van die inheemse bevolking verkoop of verhuur ⁷³⁾.

Vir administratiewe doeleindes is elke nie-blanke woonbuurt onder die beheer van n blanke amptenaar, die administrateur de territoire geplaas ⁷⁴⁾.

Hierdie amptenaar is deur n blanke assistent, enkele aangestelde inheemse amptenare en n adviserende raad, die conseil de cité bygestaan ⁷⁵⁾. Die aangestelde inheemse amptenare was in werklikheid wykshoofmanne met die magte van polisie-dienare.

In die administratiewe raamwerk is daar ook vir die funksionering van inheemse howe in die dorpsgebiede voorsiening gemaak. Die distriks-kommissaris het die beamptes van hierdie howe genomineer uit die geledere van daardie stamme wat die sterkste verteenwoordig was in die dorpsgebiede ⁷⁶⁾.

n Genomineerde adviserende raad het normaalweg bestaan uit nie meer as agt lede nie. Dit kon alle aangeleenthede rakende die cité indigéné bespreek of oorweeg, maar dit het geen seggenskap oor die blanke gedeelte van n dorp gehad nie ⁷⁷⁾. Vir administratiewe doeltreffendheid is elke nie-blanke woonbuurt in wyke onderverdeel met n hoofman aan die spits van so n wyk.

73. Hailey, op. cit., p. 585.

74. Kimble, op. cit., p. 333.

75. Hailey, op. cit., p. 584.

76. Kimble, loc. cit.

77. Hailey, loc. cit.

Na die onluste van 1958-1959 het die Belgiese regering sy beleid van „paternalisme” gewysig en begin met ’n emansipasiebeleid ⁷⁸⁾. Daardie nuwe gedagterigting moes onder andere ook na die terrein van plaaslike bestuur deurgevoer word. In die hele projek sou dit groter deelname van die inheemse bevolking in bestuursaangeleenthede beteken. Daar is veral met groot optimisme uitgesien na die rol wat die tradisionele gesagsdraers sou speel in ’n stedelike plaaslike bestuur. Hulle was egter onvoorbereid en nie opgewasse vir die nuwe verantwoordelikhede nie. Die „nuwe élité” van die stedelike gebiede het daardie funksies in hulle hande geneem.

3.3 Franse gebiede

Stedelike plaaslike bestuur in die gewese Franse gebiede moet teen die agtergrond van wat Hailey noem, die Franse se „national philosophy” gesien word ⁷⁹⁾. Waar die Britte voortdurend gepoog het om op die tradisionele stelsel van die inboorlinge voort te bou, was daar vir die Franse administrateur slegs een eindbestemming vir die inheemse bevolkings, en dit is „... that they should absorb the culture and adopt the institutions of France, which had for him (die administrateur) not a comparative but a positive value” ⁸⁰⁾.

78. Easton, *The Twilight of European Colonialism*, p. 432.

79. Hailey, *op. cit.*, p. 542.

80. *Ibid.*, p. 543.

Die gevolge van hierdie benadering was dat die Franse koloniale administrasie deurentyd voorkeur gegee het aan daardie metodes wat die einddoel die vinnigste tot verwesenliking kon bring.

In die Franse koloniale dorpe was daar geen amptelike segregasie van woonbuurtes nie. Nogtans het daar in verskillende dorpe afsonderlike woonbuurtes, die sogenaamde ville indigéné, vir die inheemse bevolkings tot stand gekom. Hailey sien dit as "... a matter of expediency rather than of principle" ⁸¹⁾.

In Senegal en Bo-Volta is daar formeel voorsiening gemaak vir die reservering van sekere gebiede as die uitsluitlike woonbuurtes van die inheemse bevolkings. n Soortgelyke reëling het in sommige dorpe van die Sudan, asook by Bamako en Pointe Noire gegeld. In Abidjan het die inheemse woonbuurt of ville indigéné op die eiland Klein Bassam ontstaan, terwyl die blankes en die évolués op die skiereiland gewoon het ⁸²⁾.

Hierdie enkele gevalle van woonbuurtskeiding in die Franse koloniale dorpe was eerder die uitsondering as die reël. Die blote bestaan van enkele afsonderlike woonbuurtes weerspieël tog die verskil in kultuur en lewenswyse tussen die blanke inwoners en die inheemse bevolking.

Op die terrein van dorpsadministrasie is daar geen onderskeid tussen die blankes en die inheemse bevolking gemaak nie. Die Franse commune-stelsel

81. Op. cit., p. 583.

82. Loc. cit.

is sover as moontlik op die koloniale dorpe van toepassing gemaak. In daardie proses is enersyds afgestuur op die demokratisering van stedelike plaaslike bestuur, en andersyds op die ontkenning van alle tradisionele inheemse instellings.

Deur die jare het daar drie tipes plaaslike bestuur uitgekristalliseer, naamlik die commune de plein exercice, die commune de moyen exercice en die commune rurale ⁸³⁾.

Die commune de plein exercice is gebaseer op die metropolitaanse munisipale stelsel met 'n demokraties verkose raad in beheer. Aan die hoof van daardie raad was 'n verkose burgemeester in wie die uitvoerende bevoegdhede gesetel was. Dit het dikwels gebeur dat 'n inboorling (èvolué) die burgemeester was en dat lede van die inheemse bevolking die meerderheid op die raad gevorm het.

Die commune de moyen exercice, of ook genoem die commune mixte, is beheer deur òf 'n verkose òf 'n genomineerde raad met 'n genomineerde burgemeester. Hierdie vorm van plaaslike bestuur kon vir beide stedelike en plattelandse gebiede ingestel word, afhangende van die ontwikkelingspeil van die gemeenskap.

Die commune rurale is veral gedurende die laaste jare van die Franse bewind ontwikkel. Dit het hoofsaaklik op die plattelandse inboorlinge betrekking gehad, "... to cultivate French democracy at the bush-roots of African society" ⁸⁴⁾.

83. Kimble, op. cit., p. 346.

84. Loc. cit.

4. Samevatting en gevolgtrekkings

Terwyl dorpe en stede as menslike vorms van nedersetting in die Midde-Ooste en Noord-Afrika ontstaan het en vandaar uitgebrei het na die res van die beskaafde wêreld, het Afrika ten suide van die Sahara met die uitsondering van 'n deel van die huidige Nigerië, feitlik geen dorps- en stadskultuur en geskiedenis nagelaat nie. Die dorpe en stede wat wel ontstaan het, is eerstens gering in getal en tweedens die werk van nie-inheemse groepe wat hulle met verloop van tyd daar gaan vestig het.

Verstedeliking van die inheemse bevolkings het op twee terreine plaasgevind: eerstens in die enkele inheemsgestigte dorpe en tweedens in uitheemsgestigte dorpe. Daardie verstedeliking het hoofsaaklik plaasgevind omdat die plattelandse gebiede nie die bevolkings kon dra nie, en nie omdat daar altyd werksgeleenthede in die stedelike gebiede was nie. Die stootkrag was hier dus (aanvanklik) sterker as die trekkrag.

Namate dorpe en stede ontstaan en ontwikkel het, het toestroming daarheen onbeheer en onplanmatig plaasgevind. Die verdere groei en ontwikkeling van dorpe en stede het dus ten nouste saamgehang met die onbeheerde toestroming, sodat, wat aard en voorkoms betref, dit deur onplanmatigheid en swak beheer gekarakteriseer is,

Die dorpe en stede van Afrika kan om historiese en politieke oorwegings kategorieë in drie groepe verdeel word:

- (a) inheemsgestigte en -georiënteerde dorpe;
- (b) uitheemsgestigte en tog oorwegend inheemsbewoonde dorpe; en
- (c) uitheemsgestigte dorpe bewoon deur blank en nie-blank.

Funksioneel was die inheemsgestigte nedersettings landboudorpe. Dit was ekonomies selfonderhoudende, agrariese nedersettings. Daarteenoor was by die koloniale dorpe die afsonderlike woonbuurtes vir die inheemse bevolkings funksioneel geen dorpe nie. Dit was slegs ekonomiese aanhangsels van dorpe.

Met die ontvoogding van Afrikakolonies en die gepaardgaande Afrikaniseringsproses sal daardie groepverdeling verander en uiteindelik sal daar net blankbeheerde dorpe en stede en inheemsbeheerde dorpe en stede wees.

Segregasie as woonwyse het tot gevolg gehad dat daar in koloniale Afrika dorpe en stede met afsonderlike woonbuurtes vir verskillende rassegroepe ontstaan het. Met uitsondering van die Franse gebiede, was daar uit 'n administratiewe oogpunt gesien, weinig sprake van eenvormigheid. Daarby het die inheemse bevolkings 'n geringe aandeel in stedelike plaaslike bestuur gehad. In die meeste gevalle was dit slegs adviserend.

In die ontvoogde Afrikastate verdwyn woonbuurtsegregasie gebaseer op rasseverskille. Die neiging bestaan tog nog om met woonbuurtsegregasie voort te gaan, maar gebaseer op klasseverskille binne 'n enkele gemeenskap.

Verstedeliking in Afrika het behalwe die algemeen bekende universele gevolge ook nog besondere probleme opgelewer. Daarnaas het verstedeliking vir Afrika ook belangrike voordele ingehou. Die dorp en stad het in 'n onderontwikkelde Afrika 'n belangrike rol gespeel en daar kan verwag word dat dit in die toekoms 'n steeds groter rol sal speel as groeipunte in ontwikkelende lande.

HOOFSTUK III

DIE BANTOE EN SY TRADISIONELE VESTIGINGSWYSE

1. Inleidend

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk waarin die klem op die tradisionele nedersettingsvorm van die Bantoe val, kan slegs na gesaghebbende werke ¹⁾ oor die herkoms en suidwaartse trek van die Bantoe verwys word. Uit daardie werke is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse Bantoe etnies verwant is aan die Bantoe van die res van Afrika.

Die trek-ekonomie van die Bantoe asook die voortdurende stamoorloë waaraan hulle onderhewig was, het 'n besondere invloed op die vorm van nedersetting uitgeoefen. Daarby het hulle heterogene aard asmede die afsonderlike volksgroepeerings wat reeds voor hulle vestiging in Suid-Afrika beslag gekry het, tot verskillende nedersettingspatrone gelei.

Die 10,929,929 Suid-Afrikaanse Bantoes ²⁾ word om taalkundige en kulturele oorwegings, gesteun deur tradisionele woonplek, in die volgende hoof- en subgroepe ingedeel:

- | | |
|-------------------|----------------------------|
| <u>die Nguni:</u> | (a) die Zoeloe, |
| | (b) die Swazi, |
| | (c) die Khosasprekendes en |
| | (d) Ndebele. |

1. Bruwer. Die Bantoe van Suid-Afrika, hoofstuk I.

2. Republiek van Suid-Afrika. Statistiese Jaarboek, 1964.

die Sotho:

- (a) die Suid-Sotho,
- (b) die Noord-Sotho (Pedi) en
- (c) die Wes-Sotho (Tswana).

die Venda:

- (a) die Suidelike Venda,
- (b) die Oostelike Venda en
- (c) die Westelike Venda.

die Tsonga-
Shangana

Die ontstaan en ligging van die Bantoegebiede ³⁾ is deur n verskeidenheid faktore meegebring wat gesien kan word as die sameloop van historiese gebeure. Die totale oppervlakte van daardie gebiede sal uiteindelik op 20,000,000 morg te staan kom en 13.7% van Suid-Afrika se totale oppervlakte beslaan.

Die verspreiding van die Bantoebevolking openbaar twee belangrike eienskappe: eerstens dat die Bantoegebiede oor die algemeen digter as die res van Suid-Afrika bevolk is, en tweedens dat nog net n klein persentasie as stedelik geklassifiseer kan word.

2. Die tradisionele nedersetting van die Bantoe

n Belangrike kenmerk van die Bantoe is dat hy in sy tuisgebiede oor die algemeen nie in groot konsentrasies woon nie. Die vorm en wyse van nedersetting by die Bantoe verskil wesentlik van die van die blankes. Laasgenoemdes het hulle self oor die land versprei

-
- 3. Daardie gebiede wat die Bantoe tradisioneel bewoon het en later statutêr vir hulle verseker is (Wet 27 van 1913) met periodieke toevoegings (Wet 18 van 1936).

volgens beide n stedelike en plattelandse patroon met ongeveer 2 miljoen in die stede en n driekwart miljoen op die platteland. Die Bantoes daarenteen, ken in hulle tuisgebiede nie so n onderskeid tussen dorp (stad) en platteland nie. Slegs een basiese nedersettingspatroon is aan hulle bekend. Hulle is almal agrariese plattelanders wat oor die hele stangebied versprei woon. Die Transkei is vandag die digtbevolkte Bantoegebied in Suid-Afrika en daar was tot onlangs geen werklike Bantoeorp of -stad nie.

Die enigste uitsondering ten opsigte van Bantoenedersetting word miskien in die Westelike Bantoegebiede gevind waar die verspreidingspatroon die indruk van n dorp-plattelandse verdeling skep. In daardie streek word dikwels digtere plaaslike konsentrasies van die Bantoe aangetref, die sogenaamde statte, wat streng gesproke nog geen dorpe is nie. In die sensusopnames word dit ook nie as dorpe geklassifiseer nie. Sodanige statte is net punte waar die mense digter bymekaar woon.

In wese is die Bantoegebiede oor die algemeen nog plattelands omdat daar geen bepaalde stedelike organisasie is nie. Soos later aangedui sal word, word stedelike beroepe daar feitlik geensins deur die bevolking beoefen nie. Hulle is merendeel almal in een of ander vorm van die landbou betrokke.

Die dorps- of stadskonsentrasie is iets vreemds aan die Bantoe, veral in die suidoostelike Bantoegebiede. Selfs in die noordwestelike Bantoegebiede met die digtere plaaslike konsentrasies van die bevolking, kan die statte hoogstens as voorlopers van n dorpspatroon gesien word.

Waar n groter of kleiner aantal huishoudinge of gesinne hulle huise of hutte saam bou, is daar nog geen dorp of stad nie. Dit is n stat, en die term word algemeen gebruik, onafhanklik van die grootte van die nedersetting. Dikwels word die term „kraal” ook nog gebruik om kleiner nedersettings te omskryf. By nadere ondersoek blyk dit gewoonlik dat „kraal” gebruik word vir die nedersetting van òf n enkel gesin òf n uitgebreide gesin. Mbatha ⁴⁾ stel dit dat die umuzi "might house a man and his wife or wives and children, his brother or brothers and their wives and children". In hierdie verband moet „kraal” nie verwar word met die beeskraal wat n baie belangrike funksie binne die Bantoenedersetting vervul nie.

Volgens Bruwer ⁵⁾ woon die Bantoegesin in sy tradisionele stamverband altyd saam met ander gesinne in n stat. So is die statsgroepe dan ook n kenmerk van die Bantoesamelewing. In sy verdere uiteensetting wys Bruwer daarop dat sulke statte aanmerklik in grootte en samestelling kan verskil en as algemene reël lê hy neer dat n stat gewoonlik n aantal gesinne of huishoudings wat aan dieselfde vaderlinie behoort, huisves. Voortgaande stel hy dat by die Nguni die statte gewoonlik klein is en net n ou patriarg met sy vrouens, kinders en miskien n paar naverwante huisves.

Ter wille van meer duidelikheid kan dit gestel word dat, veral by die Ngunigroepe, dit vir die gesin bestaande uit een of meer huishoudings (laasgenoemde in die geval van n poligamis) gebruiklik is om saam

4. Migrant labour and its effects on tribal and family life among the Nyuswa of Botha's Hill, p. 31.

5. Op. cit., p. 45.

te woon in n kraal. By die Sothogroepe is dit egter gebruiklik dat n aantal verwante gesinne dieselfde stat bewoon. Die Nguni se vorm van nedersetting is dus die enkelgesinseenheid, terwyl die ander groepe se vorm van nedersetting verskil van verwante gesinseenhede tot stamkonsentrasies. n Interessante kenmerk van die Bantoe is dat die kraal of stat die tipiese woonwyse is terwyl dieselfde woord in een of ander vorm daarvoor gebruik word; die Zoeloe praat van umuzi, die Xhosa noem dit umzi en die Sotho praat van motse.

n Verdere interessante kenmerk van die Bantoenedersetting is die ordelike patroon van die kraal of stat. Die stats- of kraalaanleg volg n besondere patroon ten opsigte van die rangskikking van die hutte en die samestelling van die gesinne wat dit bewoon. Daar kan verder ook van n algemene patroon by die statsaanleg gepraat word, want elke hoofgroep van die Bantoe volg sy eie kenmerkende patroon wat van die van ander groepe basies verskil.

n Algemene verskynsel onder die Suid-Afrikaanse Bantoe is die feit dat hoofsaaklik verwante in die vaderlinie dieselfde kraal of stat bewoon. Dit wil sê die moeders is van die krale of statte van hulle vaders afkomstig. Hierdie „gebondenheid van die verwante gee dan eintlik ook vorm aan die statsaanleg“⁶⁾.

Voordat die woonwyse van die verskillende Bantoe-groepe bespreek word, moet daar egter op gewys word dat dit hier net om die tradisionele vorm gaan en dat daar

6. Bruwer, op. cit., p. 57.

vandag groot afwykings aangetref word. So byvoorbeeld sal gevind word dat sommige Ngunigroepe neig om in baie klein eenhede saam te woon terwyl ander, veral onder blanke invloed, in groter nedersettings woon. Die Sothogroepe neig selfs ook om in kleiner nedersettings te woon.

Daar is verskeie redes waarom daar van die tradisionele patroon afgewyk word, maar die mees algemene rede is die invloed van die blanke woonwyse en die rustige en stabiele toestand waaronder die Bantoe vandag lewe. Mbatha ⁷⁾ noem nog verdere redes vir die afwyking van die tradisionele patroon:

"As a result of congestion on the land, the need to avoid disputes, difficulty of supervising large establishments of the type described above, western ideas flowing in through Christianity, and labour migration ... kraals have tended toward fragmentation into smaller and smaller units with married brothers and even sons establishing their own separate kraals either in the neighbourhood of their kinsmen from far and wide in the reserve"

2.1 Die Nguni

By die Ngunihoofgroep is die kraalaanleg hoofsaaklik die residensiële tuiste van 'n gesinsgroep. Dit is egter geen uitsonderlike verskynsel dat ander familieledede van die gesins- of kraalhoof

7. Op. cit., p. 32.

(as enkelinge of gesinne) saam met n bepaalde gesin in dieselfde kraal woon nie. Selfs nie-verwante of vreemdes kan sodanige woonreg verkry. Die basiese- of kernbeginsel by die Nguni is egter dat n gesinshoof saam met sy vrou of vrouens en kinders n eie aanleg bewoon. Die woonaanleg word so saamgestel dat dit n weerspieëling is van die rangposisie van die verskillende vrouens van die patriarg en poligamis. By alle Ngunigroepe vorm die beeskraal altyd die sentrum waarom die hutte gerangskik word. Daar bestaan egter heelwat kleiner verskille ten opsigte van woonwyse, kraalaanleg en rangorde van die inwoners en daarom sal n beknopte oorsig van die vorm van nedersetting van slegs een subgroep gegee word.

Die Zoeloe kraal

Die Zoeloe het tradisioneel geen digte agglomerasies geken nie maar in verspreide gesinseenhede of lokale familie-eenhede gewoon ⁸⁾. Die term waarmee die Zoeloe sy nedersetting beskryf, is umuzi. Voordat n Zoeloe kraal aangê word, word die terrein eers noukeurig uitgesoek. Die umuzi moet verkieslik teen n helling aangê word en wel op so n wyse dat die hoofingang na die ooste wys. Gewoonlik word die kraal in die nabyheid van lopende water aangê terwyl die bekombaarheid van hout en dekgras n ewe belangrike rol by die keuse van die terrein speel.

8. Van Schalkwyk. Die ontwikkeling van die Bantoehuwelike stelsel onder invloed van industrialisasie, p. 23.

By die tradisionele Zoeloekraal is twee dinge dadelik opvallend:

- (a) die umuzi (kraal) word gewoonlik sirkelvormig aangelê, en
- (b) die beeskraal neem deurgaans 'n sentrale posisie in.

Die sirkelvormige aanleg van die kraal is net soos die sirkelvormige hutte, nie 'n willekeurige keuse nie, maar eerder die invloed van kulturele en omgewingsfaktore. Daarby verleen dit ook doeltreffender beskerming vir mens en dier. Die plasing van die beeskraal in die sentrum van die aanleg dui op die belangrike posisie wat die bees inneem in die lewe van die herdersvolk. Verder beklemtoon dit ook die oorwegend agrariese eienskap van die umuzi.

Die Zoeloekraal word van ander Ngunikrale, soos byvoorbeeld dié van die Xhosasprekendes, onderskei deurdat dit gewoonlik omhein is. Die uthango⁹⁾ is die struik- of paalheining wat die hele nedersetting omsluit. Vandag dien dit geen ander doel as net 'n simbool „van die geslote heiligdom van die Zulupatriarg“¹⁰⁾, nie, maar vroeër jare was dit 'n noodsaaklikheid en 'n vereiste vir die beskerming van mens en dier teen roofdiere en invalle. Die omheining of uthango het gewoonlik 'n hoofingang reg teenoor die hoofhut waardeur besoekers en

9. De Jager. Settlement types of the Nguni and Sotho tribes, p. 5.

10. Bruwer, op. cit., p. 58.

vreemdelinge die umuzi binnegaan. Aan die agterkant van die umuzi is nog twee ander ingange wat hoofsaaklik vir die gebruik van die kraalinwoners self bedoel is.

Een van die belangrikste eienskappe van die Zoeloeakraal en tewens ook n wesentlike kenmerk daarvan, is die rangskikking van die hutte of huise in drie duidelik onderskeibare huisafdelings. Hierdie besondere rangskikking hang ten nouste saam met die statusskeiding tussen die verskillende vroue van die poligamis. In n tipiese Zoeloeakraal is daar drie sulke afdelings, die indlunkulu, die inqadi en die ikhohlwa wat elk n besondere plek in die aanleg het, terwyl die bewoners daarvan n bepaalde status het met besondere voorregte daaraan verbonde.

Aan die bo-ent van die kraal, reg teenoor die hoofingang, is die hoofhut of groothuis, die indlunkulu. Hierdie huis met sy hele afdeling het die hoogste statusrang, en dit is groot in belangrikheid omdat die hoofvrou, die inkosikazi, van die poligamis daar woon¹¹⁾. In die indlunkulu-afdeling is ook verder nog die hutte van die inkosikazi se stutvrouens, die aantal vrouens wat direk aan haar geaffilieer is, tesame met die hutte van getroude seuns en afhanklikes van die hoofhut. Indien die kraalhoof se moeder nog lewe, bly sy gewoonlik ook in die indlunkulu-afdeling.

11. Volgens Bruwer is die hoofvrou normaalweg die eerste vrou wat die Zoeloeman as vrou genoem het, en derhalwe is sy die belangrikste vrou in die kraal.

Die tweede huisafdeling in die Zoeloekraal, die inqadi-afdeling, is gewoonlik aan die regterkant van die hoofhut, gesien vanuit die hoofingang. Die inqadi-afdeling is die woonplek van die regterhandse vrouens en is duidelik 'n aanhangsel van die hoofhut. Die derde huisafdeling in die tradisionele Zoeloekraal is die ikhohlwa-afdeling. Hierdie afdeling se hutte of huise word aan die linkerkant van die hoofhut, gesien vanaf die hoofingang, opgerig. Dit huisves die vrouens van die linkerhand asook al die vrouens wat aan daardie afdeling geaffilieer is, met hulle getroude seuns en afhanklikes. Dit is gebruikelik dat die ikhohlwa-afdeling na die kraalhoof se dood afskei en 'n afsonderlike aanleg begin waar dit dan weer die hoofhuis word. Die ikhohlwa-afdeling versinnebeeld dus 'n nuwe kraal en op hierdie wyse hou die Zoeloekraal die beginsel in van stigting van nuwe krale ¹²⁾.

Volgens Van Schalkwyk ¹³⁾ het die Zoeloes in die verlede 'n soort plakkerstelsel gehad waardeur daar dan ook by so 'n kraal die gesinne gewoon het van mans wat feitlik as onderdane van die hoof van die kraal beskou was.

'n Besondere belangrike deel van die Zoeloekraal is die beoskraal, die isibaya, wat in die middel voor in die umuzi opgerig word. Elke

12. Bruwer, op. cit., p. 59.

13. Op. cit., p. 24.

umuzi huisves naas die inwoners ook nog die beeste wat tot daardie kraal behoort. Net soos die umuzi is die beeskraal ook sirkelvormig gebou. Dit is n eenvoudige struktuur van pale of opgestapelde klippe, afhangende van wat die omgewing bied. Die beeskraal is vir die Zoeloe nie net die plek waar die beeste oornag ingejaag word om hulle te beskerm, of n plek waar hulle gemelk word nie, maar eerder „die daklose tempel van die umuzi” ¹⁴⁾, aldus Bruwer. Die beeskraal is die plek waar die geestelike kontak met die voorvadergeeste die gunstigste is. Trouens, daar word die offers aan die voorvaders gebring, en die belangrikste seremonies en rituele danse vind daar plaas. Aangesien die vrouens by die Zoeloe geen aandeel in die beeskultuur het nie, mag vrouens onder normale omstandighede nie in die beeskraal verkeer nie.

Naby die hoofingang van die kraal, gewoonlik aan die regterkant van die beeskraal, word die hutte opgerig vir besoekers, verwante en opgegroeide, dog ongetroude kinders.

Vandag ken die Zoeloe net die enkelgesinswooneenhede of krale, maar vroeër jare toe die Zoeloe nog n militêre volk was, het hulle ook groot militêre statte aangelê. Die geskiedenis verhaal van verskillende sulke militêre statte waarin die krygers gehuisves is en waarin hulle hulle opleiding ontvang het. Preller ¹⁵⁾ gee die volgende beskrywing

14. Op. cit., p. 60.

15. Piet Retief, p. 163.

van Umgungundlovu, die militêre stat van Dingaan: „Die plek self was nie die gewone soort van Kafferstad nie, want behalwe n reusagtige groot, ringvormige kraal van strooihuise was daarbuite net drie ander klein kraaltjies" Hy beskryf Umgungundlovu egter as n groot, netjies uitgelegde stat wat mense sowel as diere gehuisves het. Oor die werklike grootte van Umgungundlovu bestaan daar ook nie sekerheid nie. Stander ¹⁶⁾ maak melding van die kraal „met sy 1500 hutte en n paleis waarvan die vloer soos n spieël geblink het" terwyl Preller die „strooihuise wat die ring vorm", beskryf as die herberg van sowat 20,000 krygsliede.

Volgens Becker ¹⁷⁾ dateer die militêre krale uit die beginjare van die 19e eeu. Krige ¹⁸⁾ gee egter n goeie beskrywing van die ikhanda of militêre kraal. Elke regiment het normaalweg sy eie militêre kraal gehad wat op dieselfde basis as die koninklike militêre kraal gebou is.

Die militêre krale was gewoonlik baie groot nedersettings. Die buitenste omheining het van 1200 tree tot een myl gewissel. Tussen die buitenste en binneste omheining is die hutte van die krygers sirkelvormig om n oop arena opgerig.

16. Die verhouding tussen die boere en Zoeloe tot die dood van Mpande in 1872, p. 21-23.

17. Rule of fear, p. 4.

18. The social system of the Zulus, p. 233.

n Militêre kraal was funksioneel in verskillende afdelings ingedeel. Indien die koning daar gewoon het, was die afdeling vir hom, sy vrouens, kinders en bywywe (die isigodlo) aan die bo-ent van die nedersetting teenoor die hoofingang. Toegang tot die kraal is deur verskillende ingange verkry, elk met n bepaalde doel en gereserveer slegs vir die gebruik van sekere persone. Dit was egter nie soos die gewone krale ten volle selfversorgend nie daar die krygers dikwels deur ander krale van lewensmiddele voorsien moes word.

Die militêre krale het egter saam met die Zoeloe se militêre mag tot niet gegaan.

Vandag bestaan die neiging by die Zoeloe om nie meer in groot krale te woon nie. Daar is verskeie redes waarom die krale kleiner word. Seker die belangrikste is die feit dat deur die koms van die blanke die uitdelgingsoorloë en stamtwiste beëindig is en die saamwoon van groot getalle mense ter wille van wedersydse beskerming, nie meer nodig is nie. Daarby word die familie-groepe kleiner deurdát n groter mate van onafhanklikheid, veral van die jonger mans, aanleiding gee tot die aanlê van nuwe krale. Die verminderde drakrag van die grond bring verder ook mee dat jonggetroude Zoeloemans gouer as in die verlede wegbreek en hulle eie krale aanlê, al is dit net om nuwe weiveld te bekom.

Op hierdie wyse word groter gebiede deur die Zoeloos bewoon terwyl die weiveld altyd minder word. Van Schalkwyk ¹⁹⁾ toon nogtans die neiging onder die Zoeloos aan om ondanks die toenemende gevoel van onafhanklikheid, in kolle saam te woon want „al het hy die idee dat hy graag sy eie, feitlik onafhanklike stat wil hê, (het hy) daarby ook die idee dat hy graag so wil woon dat hy altyd kan sien wat die mense van n ander stat doen". Daarby moet miskien gevoeg word dat geografiese omstandighede en n samehorigheidsgevoel meebring dat tien tot twaalf krale dikwels in een vierkante myl aangetref word. In sommige gebiede is die krale dikwels maar net honderd tree van mekaar terwyl in ander gebiede vir myle daar geen enkele kraal gevind word nie.

Alhoewel die Zoeloe kraal vandag miskien kleiner as vroeër jare is, bly die aanleg basies dieselfde. Onder blanke invloed verander die tipe hut, veral wat betref vorm en boumateriaal. Vierkantige huise, dikwels met n stoep en n dak van sinkplaat, word vry algemeen aangetref. Uit sy ondersoek in hierdie verband het Van Schalkwyk ²⁰⁾ tot die gevolgtrekking gekom dat alreeds in die dertiger jare die Zoeloe afgewyk het van die tradisionele bouvorm ten opsigte van die hutte, maar dat die rangskikking van huise binne die kraal, tradisioneel gebly het.

19. Op. cit., p. 26.

20. Loc. cit.

Samevattend kan die nedersettings- of vestigingswyse van die Nguni as enkelgesins-eenhede of krale beskryf word. Op grond van vorm en funksie bestempel de Jager ²¹⁾ die Nguninedersetting as die "dispersed homestead type" en noem vervolgens die volgende kenmerke van hierdie soort nedersetting:

- (a) die enkelgesinskern daarvan;
- (b) die afsondering en privaatheid daaraan verbonde;
- (c) die ekonomiese selfonderhoudendheid daarvan;
- (d) die relatief eenvoudige en ongekompliseerde aard van die sosiale struktuur daarvan;
en
- (e) die eenvoud van fasiliteite en kommoditeite.

Bogenoemde eienskappe is kenmerkend van alle Ngunigroepe.

Die tradisionele vorm van nedersetting van die Nguni is egter steeds besig om te verander, hoofsaaklik onder blanke invloed. Veral op twee maniere is die verandering waarneembaar:

- (a) die enkelgesinswooneenheid of kraal word kleiner, terwyl
- (b) die neiging ontstaan om krale in groepe (clusters) te bou.

21. Loc. cit.

Naas die bogenoemde, algemene kenmerke of eienskappe ten opsigte van die Nguninedersetting, bestaan daar tog enkele belangrike verskille tussen die subgroepe:

- (a) die Zoeloe- en Swazi-krale is oor die algemeen groter as die van die Xhosa;
- (b) die Khosakrale word nie omhein soos die van die Zoeloe en Swazi nie;
- (c) n groter verskeidenheid ten opsigte van uitleg word by die Khosanedersetting gevind. Hierdie eienskap word meegebring deur die feit dat die Xhosas n meer heterogene groep as die Zoeloe of Swazi is, en
- (d) die Xhosa bereken die posisie in die stat, anders as die Zoeloe, deur van die hoofhut af na die beeskraal te kyk.

2.2 Die Sotho.

Die vorm van nedersetting van die Sothogroepe verskil grootliks van dié van die Ngunigroepe. By laasgenoemde groepe is dit hoofsaaklik die patriargale gesin, enkelvoudig of uitgebreid, wat n kraal bewoon. By die Sothogroepe word die aanleg nie deur die gesin bepaal nie maar deur n wyer saambindende organisasie soos n hele linie of segmente van n linie. In die Volkekundeliteratuur word derhalwe nie van die term „kraal" by die Sotho gebruik gemaak nie, maar wel van „stat". In die Engelstalige literatuur word die woorde "village" en "town"

ten opsigte van die Sothogroepe gebruik wat ewe-eens dui op die verskille in vorm en funksie tussen die Sotho-nedersettings en dié van die Nguni. Aangesien die plaaslike digtere konsentrasies van die Sotho nie as dorpe omskryf kan word nie (omdat dorpsfunksies oor die algemeen nog daar ontbreek), sal die term „stat" by die verdere bespreking gebruik word.

By die Sothogroepe word die statsaanleg tot n groot mate bepaal deur n wedersydse of onderlinge gevoel van afhanklikheid van diegene wat om dieselfde vergaderplek, kgotla, kgoro of khorro, georganiseer is.

Ter illustrasie van die tradisionele nedersetting van die Sotho word n beskrywing van een subgroep, die Tswana gegee. Hierdie Sothogroep bekleed tot n mate n unieke posisie aangesien hulle in aansienlike groot en digte konsentrasies woon. Soos later aangetoon word, is daar funksioneel nie n groot verskil tussen die Tswanastat en die nedersettings van die ander Sothogroepe nie.

Die Wes-Sotho of Tswanastamme

Die belangrikste kenmerk wat die Wes-Sotho van ander Sothogroepe onderskei, is die feit dat hulle in groot statte woon. Volgens beskikbare gegewens het die Wes-Sotho of Tswana al van die vroegste jare in baie groot nedersettings gewoon. In die dagboek van Dr. A. Smith²²⁾

22. Kirby. The diary of Dr. A. Smith, p. 240.

word van Tswanastatte verhaal wat meer as vyfduisend inwoners gehad het terwyl die reisigers Arbousset en James Backhouse ²³⁾ van statte met n inwonertal van tot negeduisend melding maak. Alreeds in 1801 het daar van tien tot vyftienduisend mense in die Tlhaping-hoofstat gewoon ²⁴⁾. Dit was geen uitsonderlike verskynsel dat n hele stam in een enkele stat saamgewoon het nie.

Vandag nog word baie groot statte onder die Tswana van Botswana aangetref en selfs diegene wat in Transvaal woon se nedersettings is bo die gemiddelde ²⁵⁾. Stamgebruike bepaal dikwels die grootte van n stat sodat sommige stamme soos byvoorbeeld die Ngwato, die Tlôkwa, die Kgatla, die Ngwaketse en die Kwena die neiging toon om in groot statte te woon ²⁶⁾. Die hoofstat van die Tlôkwa se inwoners word op 8,250 geskat terwyl die Kgatlahoofstat 12,000 inwoners en die Ngwaketse-hoofstat meer as 23,000 inwoners het. Naas hierdie stamme is daar byvoorbeeld die BaRolong wat oor die algemeen in die westelike gebiede sowel as in die Vrystaat, weer in kleiner statte woon.

n Ander interessante ~~kenmerk~~ kenmerk van die Tswana se vorm van nedersetting is die feit dat, naas die groot statte, nog verskeie kleiner statjies rondom die hoofstatte opgerig word.

-
23. Schüler. Die BaRolong van Thaba 'Nchu, O.V.S.
24. Language. Stamregering by die Tlhaping, p. 3.
25. Schapera. The Tswana, p. 36.
26. Schapera. Native land tenure in the Bechuanaland Protectorate, p. 23.

Gewoonlik was die hoofstat die woonplek van n stamhoof. So n hoofstat het bestaan uit n groot aantal huishoudings, opgedeel in patrilineêre familie-groepe en wyke. Naas die hoofstat met sy groep kleiner statjies rondom, het die Tswana ook nog veeposte gehad wat dikwels van 20 tot 40 myl van die statte verwyder is. By hierdie veeposte is kleiner statjies opgerig wat permanent deur die jong mans, en vir korter periodes deur getroude mans, bewoon is.

Aangesien die landerye van die Tswana ook dikwels ver van die statte geleë is, word buiteposte naby die landerye opgerig sodat n groot deel van die inwoners van n stat gedurende die landboueisoen vir korter en langer periodes daar saamgetrek is.

Voordat die Tswana n nuwe stat aanlê, moet die kaptein eers sy toestemming gee, en in sekere gevalle soek hy self die terrein uit. Die mees algemene gebruik is egter dat n hele gemeenskap of wyk moet besluit oor die terrein en nie die enkeling nie ²⁷⁾. Geen individuele Tswanagesin waag dit om afsonderlik te gaan woon nie. By die keuse van n terrein was die verdedigbaarheid daarvan in tye van oorloë van die grootste belang. Vandag is dit nie meer n faktor wat in aanmerking geneem word nie en die belangrikste vereistes waaraan so n bousterrein moet voldoen is:

27. Van Zyl. n Volkekundige studie van die ekonomiese lewe en posisie van die Bakgatla Bagamosêtlha, p. 101.

- (a) daar moet voldoende kleigrond wees vir die bou van hutte;
- (b) genoegsame landbougrond en weiveld moet beskikbaar en indien moontlik, nie te ver van die stat verwyder wees nie;
- (c) daar moet genoegsaam water beskikbaar wees vir die boubedrywigheide en daarna vir menslike gebruik;
- (d) die terrein moet oor ten minste een groot skaduryke boom beskik waaronder die mans vergadering kan hou; en
- (e) die bouterrein moet verkieslik op 'n plato of teen die hang van 'n randjie geleë wees.

Die uitleg van die Tswanastat of motse is baie meer gekompliseerd as die van die ander Sothogroepe. Elke stat word verdeel in wyke en die wyke word weer onderverdeel in kleiner eenhede wat elk bestaan uit 'n groep verwante wat saam woon. Anders gestel is 'n stat niks anders as groepe wooneenhede wat van mekaar geskei word deur smal gangetjies of selfs breë paaie nie. Elke wyk is die tuiste van 'n groep mense wat om dieselfde kgoro georganiseer is, die sentrum van sosiale samehorigheid. So bestaan elke wyk weer uit verskillende huishoudings of lapas. Gewoonlik bestaan 'n huishouding uit 'n man, sy vrou of vrouens en ongetroude kinders. In 'n sekere sin is elke huishouding 'n redelike geslote eenheid met sy eie woonhutte, stoorkamers, „graanskure" en binnehof, omring met 'n rietheining of kleimuur.

Elke stat of motse het n gemeenskaplike beeskraal, gewoonlik in die middel van die stat. Al die vee van die stat word in die beeskraal gejaag. Die neiging bestaan tog vandag by die meer welvarende gesinne om hulle eie beeskrale op te rig. Die groter Tswanastatte beskik dikwels oor meer as een beeskraal.

Die beeskraal is n eenvoudige konstruksie van pale wat in die grond geplant en met doringtakke deurvleg word. Sirkelvormige beeskrale is vandag eerder die uitsondering as die reël. Alhoewel die Tswana nie dieselfde betekenis as die Nguni aan die bees heg nie, is die beeskraal nogtans n belangrike plek binne die stat.

Die sentrum van elke stat is die kgotla of vergaderplek. Dit is n oop ruimte met n groot skaduryke boom waaronder die mans vergader om stamsake te bespreek en reg te laat geskied. Elke stat het sy kgotla en vir die Tswana is dit een van die belangrikste plekke in die hele aanleg. Dikwels word die kgotla ook omhein met pale wat in die grond geplant word.

Oor die algemeen is die Tswanastatte permanente nedersettings. Die toename in bevolking bring mee dat daar voortdurende nuwe wyke by die statte gevoeg word. Die algemene gebruik is dat die nuwe aanlegte agter die oues gemaak word sodat die nedersetting na buite toe uitbrei.

Samevattend kan dit gestel word dat die Wes-Sotho of Tswana in digte nedersettings of statte van verskillende groottes woon. Die Tswana se vorm van nedersetting het n groot invloed op sy samelewing. Die stat"makes

considerably for the social solidarity of these tribes; and accounts to some extent for the tenacity and permanence of their material and social culture against extraneous influences" 28).

Die saamwoon in statte is n resultaat van die Wes-Sotho se kultuur maar terselfdertyd het dit ook weer n invloed op die kultuur van die mense. Alhoewel die neiging bestaan om in statte saam te woon, is daardie statte egter nog nie ware dorpe nie, want sekere belangrike dorpsfunksies ontbreek daar nog.

Die groter statte is dikwels die hoofkwartier van die kaptein van die stam. Naas so n stat se sosiale funksies verrig dit ook nog in n sekere mate politieke en administratiewe funksies.

2.3 Die Bavenda

Die Venda is ongetwyfeld een van die Bantoe-groepe wie se nedersetting, veral ten opsigte van die ligging, die meeste verander het na aanraking met die blanke. Alhoewel die Venda ook een van die Bantoe-groepe is wat relatief laat eers met die blanke kennis gemaak het, het sy nedersetting reeds verander.

28. Duggan - Cronin. The Bantu tribes of S.A.
Vol. III, p. 12.

29. The Bavenda, p. 29.

In vroeër jare was die Vanda voortdurend aan aanvalle van ander stamme blootgestel en ook dikwels in oorloë betrokke met die gevolg dat hulle in groot state gewoon het. Volgens Stayt ²⁹⁾ het die state van die Vanda tot 'n mate 'n ooreenkoms vertoon met die militêre krale van die Zoeloe. Die vorm en funksie van die state was sodanig dat dit eintlik 'n fortifikasie was. Voor die koms van die blankes na Suid-Afrika, en nog vir baie jare daarna, het die Vanda die terrein vir 'n state op die mees onbekombare plek uitgekies - gewoonlik teen die hange van berge en dan nog in die middel van 'n digte bos. Dit het meegebring dat die Vendastate sodanige weggesteek en verskans was dat dit moeilik waargeneem en bereik kon word. Verder het dit ook meegebring dat die state in baie gevalle myle van die naaste waterbron geleë was. By die keuse van 'n terrein was die verdedigbaarheid van die state dus 'n groter oorweging as die beskikbaarheid van water.

Vandag word daar feitlik nie meer groot state aangetref nie want die behoefte om gekonsentreerd en in groot getalle saam te leef vir wedersydse beskerming, het geheel en al verdwyn. Die huidige vorm van nedersetting van die Bavenda kan dus beskryf word as state van beperkte omvang. Dit kom tot 'n mate ooreen met die Ngunigesinseenhede, veral wat funksie betref. Die enigste Bavandanedersetting wat vandag as 'n groot state getipeer kan word, is die wooneenheid van die kaptein met sy familie en raadsmanne.

29. The Bavenda, p. 29.

Die neiging bestaan tans by die gewone Bavenda om sy kraal verder weg van die kaptein se stat te bou. Waar die statte vroeër teen die hange van berge in die mees onherbergsame plekke aangelê was, word die gesinsnedersettings vandag in toenemende mate op die gelyk grond gebou. As rede daarvoor kan aangevoer word dat die nabyheid van goeie bewerkbare grond, water en brandhout, van primêre belang is. Daarby kom ook nog n groter mate van onafhanklikheid van individuele gesinne.

Die stat van elke Bavenda word volgens n vaste patroon uitgelê. Hierdie kleiner nedersettings is inderdaad net miniature van die (groter) statte. Elke stat het n toegangshek, die mafhoro, aan die onderpunt van die nedersetting. Hierdie hek of ingang lei na n groot oop ruimte, die khoro. Die ligging en grootte van die stat bepaal die grootte van die khoro. In groot statte wat op die gelyk grond aangelê is, kan die khoro maklik n deursnee van vyftig treë hê. Die khoro is die vergaderplek van die inwoners van die stat, die "hofsaal", die ontvangsplek vir besoekers en die plek waar gedans word. Alle stamaangeleendhede vind in die khoro plaas. Waar die stat teen n berghang geleë is, word die khoro met klipmure omhein. Indien moontlik word een of twee groot bome so naby as moontlik aan die middel van die khoro gelaat vir skaduwee.

In die geval van statte van hoofmanne is die omheining van die khoro van skerppuntige pale gemaak. Vir die gewone Bavenda is dit verbode.

Direk aan die linkerkant van die khoro word die beeskraal, die danga, opgerig, terwyl die krale vir kalwers en bokke aan die regterkant van die khoro gebou word. Aan die bo-ent van die khoro, reg teenoor die hoofingang, is 'n hek, die tshivana, wat na 'n ware doolhof van paadjies tussen die verskillende wooneenhede lei. In die stat is elke gesin binne sy omheinde wooneenheid min of meer selfonderhoudend. Elke wooneenheid bestaan verder uit woonhutte, graanskure en bierhutte.

Die huishouding van elke vrou is gewoonlik van die van ander geskei deur 'n afskorting. Dikwels word afsonderlike woonplekke vir kinders en besoekers gebou. In die geval van die statte van kapteins of hoofmanne word gemeenskaplike stampplekke ingerig.

3. Administratiewe organisasie

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Bantoe tradisioneel geen dorpstigters en bewoners was nie, het hulle nogtans 'n goedgeorganiseerde politieke organisasie en regswese gehad waarin "plaaslike bestuur" van die verskillende nedersettingsvorme in 'n bepaalde hiërargiese orde verteenwoordig was ³⁰⁾. Die politieke organisasie en die regswese staan egter nie geïsoleerd van die algemene sosiale organisasie nie.

30. Schapera. The political organization of the Ngwato of Bechuanaland Protectorate, p. 63.

Die stam is die basiese eenheid in die politieke struktuur van die Bantoesamelewing. Aan die hoof van die stam staan die stamhoof as die erfregtelike regeerder wat in die uitvoering van sy magte en pligte bygestaan word deur n verskeidenheid rade, elk met n bepaalde jurisdiksie ³¹⁾. Die kleinste politieke eenheid is normaalweg die kraal of stat met n kraal- of statshoof aan die spits daarvan. In die verdere piramidale opbou groepeer n aantal statte of krale (of selfs afdelings van groter statte) in n wyk as n administratiewe eenheid onder leiding van n wykshoof ³²⁾. Verskillende wyke vorm saam n „distrik of provinsie” ³³⁾ met n leier aan die hoof. Op dieselfde wyse as wat die opperhoof bygestaan word deur n raad, het ook die stats- (kraal) hoof, die wykshoof en die distrikshoof so n raad wat bestaan uit senior manlike persone binne die bepaalde regsgebied.

Die tradisionele stamregering van die Suid-Afrikaanse Bantoe begin by die kraalhoof of statshoof en brei met „groeierende of wyerwordende jurisdiksie” ³⁴⁾ uit totdat die hele stam inbegrepe is. Anders gestel, kan dit ook beskryf word as van bo-af gedelegeerde bevoegdhede oor steeds kleinerwordende groepe met verminderde uitvoerende magte ³⁵⁾.

31. Bruwer, op. cit., p. 167.

32. Labuschagne. Blanke bestuurstelsels en hulle invloed op die tradisionele politieke instellings in die Transkei, p. 39.

33. Bruwer, loc. cit.

34. Bruwer, loc. cit.

35. Gluckman. The kingdom of the Zulu of South Africa, p. 39.

Die kraalhoof by die Nguni, of die statshoof by die Sothogroepe, besit as verantwoordelike senior leier van die familiegroep inderdaad onomskrewe bevoegdhede, magte en regte wat eerder "... vaderlik, moreel en oorredend" 36) as afdwingend is. As hoof van 'n lokale nedersetting, kan die kraalhoof of statshoof bevele uitreik en patriargaal geskille binne sy gesagsgebied oplos. Hy kan egter nie beslissings afdwing nie, behalwe op vrouens en kinders.

Alhoewel die stats- of kraalhoof ook familiegeskille mag beslis, word alle belangrike sake of probleme na 'n hoër instansie in die piramidale opbou, verwys. Naas sy patriargaal-judisiële funksies, het die stats- of kraalhoof ook nog ander administratiewe funksies waarin hy deur 'n raad van senior mans van sy stat of kraal bygestaan word. Oor die algemeen is hy verantwoordelik vir die rus en orde in die nedersetting, die toewysing van landerye en terreine vir die oprigting van hutte. In kort gestel, kom dit neer op die bevordering van die algemene welsyn van sy nedersetting. Die uitoefening van sy administratiewe en judisiële bevoegdhede geskied egter nie willekeurig nie, maar staan in ooreenstemming met die tradisionele stamreg- en gewoonte.

4. Die funksioneel - strukturele aspekte van die tradisionele Bantoenedersetting

Na die voorafgaande beskrywing van die Bantoenedersetting moet daar enigsins stilgestaan word by die verband tussen die funksies en struktuur as uitdrukking

36. Bruwer, op. cit., p. 173.

van die kultuur en lewensomstandighede van die Bantoe. Die klem sal dus hoofsaaklik op die funksionele betekenis van die nedersetting val. Aangesien daar funksioneel en prinsipieel geen groot verskille tussen die onderskeie hoofgroepe bestaan nie, word 'n uiteensetting van die Nguni-nedersetting gegee met slegs 'n verwysing na enkele minder ingrypende afwykings by die ander groepe.

4.1 Residensie

Die primêre funksie van die Nguni se kraal is die voorsiening van residensie. Aan elke individu binne die gemeenskap word huisvesting op 'n besondere wyse verskaf. Die uitoefening van die residensiële funksie geskied ook nie onordelik nie, maar wel volgens bepaalde gebruike.

Trouens, een van die kenmerkendste en interessante aspekte van die Ngunikraal is die indeling in verskillende huisafdelings, elk met 'n besondere status. Deur die plasing van huise word uitdrukking gegee aan die waarde wat geheg word aan statusverskille op geslags-, leeftyds- en verwantskapsbasis.

Die huise van elke afdeling word ooreenkomstig die status van daardie besondere afdeling geplaas en opgerig. Die vrouens wat die huise bewoon, verskil dienoooreenkomstig in status en rang. Erfreg en erfopvolging geskied streng volgens die status van die vrou van 'n besondere afdeling. Daarby het elkeen van die drie afdelings in die kraal ook nog sy eie besittings soos beeste en gebruiksvorwerpe.

Hierby moet ook in aanmerking geneem word dat die inwoners oorwegend verwante is. Daar is derhalwe n groot mate van homogeniteit enersyds deur verwantskap en andersyds deur ooreenkomstige ekonomiese belange in die agrariese leefwyse. Dit beïnvloed en vergemaklik die kommunale lewenswyse en optrede.

4.2 Beveiliging

Tradisioneel is die nedersetting (Zoeloe en Swazi) omhein ter beskerming van mens en dier teen vyande en roofdiere. Sover dit die beskerming van die vee betref, kan dit as n ekonomiese voorsorgmaatreël gesien word, want die bees is die waardevolste besitting van die Nguni.

Vroeër jare was die omheining (gewoonlik van doringtakke en pale) n noodsaaklikheid, maar vandag is dit slegs simbolies van die „geslote heiligdom" van die Zoeloepatriarg ³⁷).

Vreemdelinge en besoekers kon slegs deur die hoofingang die kraal binnegaan. Daardie ingange of hekke was gewoonlik stewig versper met dwarsbalke en verder nog met kragmedisyne behandel. Naas tegniese en menslike voorsorg dus ook nog die van die voorvaders.

4.3 Ekonomies

In die Bantoe gemeenskap is daar, net soos by enige ander gemeenskap, produksie, omset,

37. Bruwer, op. cit., p. 58.

distribusie en verbruik. Soos by alle ander gemeenskappe is by die Bantoe die ekonomiese lewe n aspek van die besondere kultuur wat tesame met ander stelsels en gebruike, n funksionele geheelpatroon uitmaak ³⁸⁾. By die Nguni (en ook by die ander groepe) bestaan daar n noue verband tussen die ekonomiese stelsel, die religie, die politieke organisasie ens.

Sodra die ekonomiese lewe en organisasie bestudeer word, sal gevind word dat die Ngunikraal ook besondere ekonomiese funksies het. Dit is nie slegs die woonplek van mense nie maar ook die sentrum van hulle ekonomiese bedrywigheide. Vanuit die nedersetting of kraal word die beeseconomie georganiseer, die landbou bedryf en die tuisnywerhede beoefen.

Uit n ekonomiese en funksionele oogpunt gesien, beklee die beeskraal n besonder belangrike posisie. Die beeskraal is in werklikheid n meerdoelige struktuur. Dit bied oornag beskerming aan die Nguni se waardevolste besitting, sy beeste. Daarbenewens is dit die plek waar sy graan opgeberg word, sy plek van „aanbidding” of soos Bruwer dit noem „die daklose tempel” ³⁹⁾ en laastens die vergaderplek van die mans.

Die Ngunikraal het nog n verdere funksionele betekenis, Dit is die plek waar tuisnywerhede beoefen word. Elke huishouding vervaardig sy eie mandjies, matte, klere en ander gebruiksvoorwerpe, wat naas hulle ekonomiese waarde ook nog sosiale en rituele waarde besit.

38. Potgieter. Ekonomiese lewe en organisasie, in Coertze, Inleiding tot die algemene Volkekunde, p. 70.

39. Op. cit., p. 60.

Ander gespesialiseerde diens soos dié van yster-smede, pottbakkers en "dokters" word ook in die nedersetting beoefen ⁴⁰⁾.

In geheel genoeme is die Ngunikraal n voorbeeld van n ongedifferensieerde sosio-ekonomiese bestaanswyse wat as n selfversorgende agrariese ekonomie getipeer kan word. Funksioneel is dit miskien met die 18e-eeuse boerewoning vergelykbaar wat self ook n agrariese selfversorgende nedersetting was.

4.4 Sosio-, religieuse- en opvoedkundige funksies

By sy residensiële funksie het die Ngunikraal ook nog ander funksies. In die gemeenskap lewer die gesin, as die kleinste sosiale eenheid, ook besondere funksies. Daardie funksies, veral wat die voortbestaan van die gemeenskap betref, is in die uitoefening daarvan, gesentreer in die kraal.

Daarby is die kraal ook die sentrum van die opvoedkundige en religieuse bedrywigheide van die saamwonende verwantskapsgroep. Die unieke posisie van die beeskraal as deel van die nedersetting in die uitoefening van hierdie funksies, is reeds genoem.

4.5 Administratief

Die Ngunikraal het terselfdertyd ook nog sy administratiewe funksies. Elke kraal staan

40. Potgieter, op. cit., p. 87,

onder die leiding van 'n kraalhoof wat sy gesag patriargaal oor die inwoners uitoefen. Met die kraal as kleinste politieke eenheid, begin die gesag by die kraalhoof en brei dan in wyerwordende jurisdiksie uit totdat dit administratief deel van die groot geheel, die stam, is. So gesien is elke kraalgesag dus ingeskakel in die organiese struktuur van die stam.

Die administratiewe pligte van funksionariese is oor die algemeen ongedifferensieerd. Die enigste verskil lê in die omvang en belangrikheid van die gebied van jurisdiksie. Verder is daar ook geen gedifferensieerde plaaslike bestuur wat vir higiëne, heffings, dienste ens. verantwoordelik is nie. Vir sover elke kraal/stat 'n administratiewe sentrum vorm, is dit in kleiner of groter mate deel van die stambestuur sonder enige gespesialiseerde administratiewe funksies soos die dorp/stad in die westerse struktuur. Dit is dus eerder piramidaal in die geheel ingeskakel en nie parallel soos by die blanke dorp nie.

By die Zoeloe het vroeër jare nog 'n vorm van nedersetting voorgekom. Dit is die sogenaamde militêre krale wat 'n meer gespesialiseerde vorm van nedersetting was. Die militêre kraal kombineer die funksies van die gewone kraal met verdedigingsfunksies. Dit was egter groter in omvang, hoër in status en het huisvesting op 'n tydelike basis aan groot getalle krygers gebied. Administratief was die militêre kraal hoër geplaas in die hiërargiese orde en gevolglik ook moeiliker beheerbaar.

Naas sy residensiële en militêre funksies het hierdie soort krale ook nog ekonomiese funksies gehad met gepaardgaande agrariese verbondenheid. Bo en behalwe sy defensiewe militêre funksies, was die aggressiewe aspekte uit funksionele oogpunt ook sterk ontwikkel. Die buit van vee en ander rykdomme deur die inwoners van so 'n militêre kraal het daaraan ook 'n groot ekonomiese betekenis gegee.

Samevattend kom dit daarop neer dat die tradisionele Ngunikraal primêr 'n selfversorgende, oorewegend agrariese nedersetting met 'n ongedifferensieerde sosio-ekonomiese bestaanswyse is.

Indien 'n analise nou van die nedersettingsvorme van ander etniese groepe gemaak word, sal gevind word dat dit funksioneel en prinsipiëel nie veel van die van die Nguni verskil nie.

Hoofsaaklik as gevolg van geografiese faktore soos skaarste aan water, het veral die Tswana in groter konsentrasies gewoon. Binne daardie groter konsentrasies het die kleinste sosiale eenhede in hulle nedersettingsvorm basies dieselfde selfversorgende, agrariesverbonde bestaansekonomie beoefen. Administratief het die groter nedersettings ook groter eise gestel en vertoon dit 'n meer komplekse sisteem.

5. Samevatting en Gevolgtrekkings

Uit die voorafgaande uiteensetting van die vestigingswyse van die Suid-Afrikaanse Bantoe is dit duidelik dat daar 3 duidelike verdelings t.o.v. nedersettingspatrone gemaak kan word:

- (a) die suidoostelike en oostelike groep;
- (b) die sentrale en noordelike groep; en
- (c) die westelike groep.

Tot eersgenoemde groep behoort die Nguni wat oor die algemeen in kleiner gesinsnedersettings of krale, versprei oor die hele landstreek woon. Met ander woorde, dit is hoofsaaklik 'n patriargale gesinsgroep wat 'n eie nedersetting of kraal bewoon.

Die sentrale en noordelike groep word veral verteenwoordig deur die Suid-Sotho, die Noord-Sotho en die Bavenda. By hierdie twee groepe bestaan die neiging om in groter nedersettings of statte saam te woon. So 'n stat sluit dus 'n groep verskillende (dikwels verwante) gesinseenhede in: almal lede van een stam, 'n liniegroep of net 'n segment of segmente van 'n linie.

Tot die westelike groep behoort die Tswana wat weer 'n unieke posisie beklee. By hierdie groep word die verskynsel aangetref dat 'n hele stam in een groot nedersetting of stat met sy onderverdelings of wyke saamwoon.

Na aanleiding van die voorafgaande kan nou die volgende afleidings gemaak word:

- (a) aan die kusgebiede, of waar die reënval die hoogste is, het die Bantoe hulle gevestig in gesinseenhede of krale;
- (b) waar die reënval laer is, maar nog redelik gemiddeld, het die Bantoe hulle gevestig in groter konsentrasies of statte; en

- (c) namate die reënval afneem en die beskikbare watervoorraad minder word, word die nedersettings of statte groter en omsluit dikwels n hele stam.

Daar moet egter ook gesoek word na faktore of oorwegings waarom die Bantoe se nedersettings so n besondere patroon aangeneem het en waarom hy nie die dorp of stad as vestigingswyse ontwikkel het nie. n Finale antwoord kan sekerlik nie binne die bestek van n enkele hoofstuk gegee word nie. Tot n mate kan met Page 41) saamgestem word as hy sê:

„Dit moet aanvaar word dat die inheemse Bantoe-beskawing n fossiel is van moontlik vyf tot seweduisend jaar gelede. In die sin dat verstedeliking volg op oorproduksie, n spesialisasie in handewerk en n daaruitvloeiende funksionele differensiasie was die inheemse Bantoe nog nie op die verstedelikingspeil nie.”

Hierby moet nie uit die oog verloor word nie dat daar tog ook ander faktore was wat n invloed op die vorm van nedersetting van die Bantoe uitgeoefen het.

In die verband was daar beslis geografiese faktore waaronder omgewing, klimaat en bodemgesteldheid, wat n groot rol by die aanleg, struktuur en vestigingswyse van die Bantoe gespeel het. So moet die bodem en die omgewing die materiaal vir strukture verskaf. Kleigrond, water, hout, klippe en gras moet aanwesig of in die nabyheid wees. Waar die waterbronne is, vind daar n konsentrasie van mense plaas. Indien waterbronne

41. Die verstedeliking van die Bantoegebiede van Transvaal, p. 32.

volop is, sal kleiner konsentrasies gevind word. Waar slegs n enkele waterbron in n groot uitgestrekte omgewing bestaan, mag selfs n hele stam hom daar vestig.

n Ander faktor wat ook by die nedersettingspatroon van die Bantoe kon gewees het, is oorloë of strooptogte. Om verdedigingsoorwegings moes groter groepe dikwels in die verlede gekonsentreerd saamwoon. Dit dui weer op die verband tussen funksie en struktuur. Namate die militêre gevaar verdwyn het, veral as gevolg van blanke vestigings in Suidelike Afrika, het die behoefte aan groter konsentrasies afgeneem.

Die beskerming van mens en vee teen roofdiere het ook tot die vestigingswyse van die Bantoe bygedra. Potgieter ⁴²⁾ beweer dat die krale „.... blykbaar gespruit (het) uit die noodsaaklikheid om die vee teen roofdiere te beskerm."

Naas geografiese en verdedigingsfaktore het kulturele oorwegings en tradisie n ewe belangrike rol in die ontwikkeling van die woonwyse en nedersettingspatroon van die Bantoe gespeel. Terwyl by die Nguni die algemene uitleg van die kraal deur die status van die vroue en hulle gradering in verskillende huise oorheers is, was die uitleg van die Sothostat "...dominated by a mutual feeling of dependence of those organized around the same meeting place, 'kgotla', 'kgoro', 'khorro'" ⁴³⁾.

42. Die vestiging van die blankes in Transvaal (1837-1886), p. 41.

43. De Jager, op. cit., p. 13.

Die Bantoe se verlede en sy algemene lewenswyse was verder bydraende faktore tot sy kraal- en statbou. As nomade en mense wat deur eeue gewoond was om te trek, is hulle woonwyse en nedersetting tot 'n groot mate die produk van tydelikheid. Daarby het die skuifkultuur van die Bantoe in vroeër jare nooit 'n rypwording van die argitektuur toegelaat nie. Page ⁴⁴⁾ reken dat toe hierdie immigrasiekultuur ten einde gekom het, kontak met die blanke beskawing veels te oorheersend was om 'n spontane inheemse ontwikkeling moontlik te maak.

Die Bantoe is gemeenskapsmens met 'n sterk sin vir die kommunale. Daarby was eiendom gelykwaardig. „Alles was gelyksoortig en variasie in vorm ten opsigte van wonings en toerusting was daar nie", aldus Van Zyl ⁴⁵⁾. Dieselfde beplanning en boumetodes is in ooreenstemming met stamgebruik deur almal toegepas.

Onwillekeurig ontstaan die vraag waarom die Bantoe nooit sy eie dorpe en stede gebou het nie. Oliver en Page ⁴⁶⁾ merk in hierdie verband tereg op dat "..... only in one small corner of Africa food production led directly to urbanization".

Die antwoord op hierdie vraag moet miskien gedeeltelik gesoek word in die feit dat dorp- en stadstigting 'n manifestasie van 'n hoër, of relatief hoër kulturele ontwikkeling is. Daarby bewys die geskiedenis ook dat geen werklike hoër peil van ontwikkeling kan plaasvind indien daar nie dorpe of stede is nie.

44. Op. cit., p. 69.

45. Op. cit., p. 113.

46. Op. cit., p. 34.

"In all ages and areas, from ancient Egypt to modern America, the highest development of human mentality, initiative and achievement has been in urban communities"⁴⁷⁾.

47. Munro. Encyclopaedia of Social Sciences, p. 474.

AANWESIGHEID VAN DIE BANTOE IN SUID-
AFRIKA SE BLANKBEHEERDE DORPE EN
STEDE

1. Ontstaan van blanke dorpe in Suid-Afrika

In die titel van hierdie hoofstuk word gepraat van blankbeheerde dorpe van Suid-Afrika. Die rede waarom dit blankbeheerd is, is nie net om dit van Bantoe - dorpe te onderskei nie, maar omdat dit uit die aard van hulle ontstaan en ontwikkeling, blanke dorpe is.

Blanke nedersetting in Suid-Afrika het kort na 1652 in twee rigtings begin ontwikkel: op partikuliere landbounedersettings of plase en in dorpe of gekonsentreerde nedersettings volgens Europese model ¹⁾.

Beide nedersettingspatrone is 'n weerspieëling van die kulturele agtergrond van die Wes-Europeër wat hom hier in Suid-Afrika kom vestig het. Met verloop van tyd het daardie nedersettingsvorme wysigings ondergaan wat uiteindelik 'n eie Suid-Afrikaanse karakter vertoon het ²⁾.

Gedurende die bewind van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie het die boerderygronde hoofsaaklik die eiendom van die Kompanjie (N.O.I.K.) gebly. Die boere kon dit slegs as leenplase op 'n jaarlikse

1. Holford. The city and the farm, p. 5.

2. Coetzee. Die Afrikaanse volkskultuur, p. 119.

huurbasis verkry. Groot plase is uitgemeet en aan indiwiidueel boere toegeken wat daarop huise en buitegeboue (opstalle) indiwiidueel aangels het.

Na die Britse gesagsvestiging is die stelsel van grondbewoning gewysig na private besit met erfpag en nog later na volle indiwiiduele besit ³⁾. In die Oranje Vrystaat, Natal en Transvaal was privaat besit van landbougrond van die begin af gebruiklik. Ook in hierdie gebiede is groot plase aan indiwiiduele boere toegeken. Die groot plase en klein blanke bevolkings het meegebring dat die verskillende opstalle gewoonlik ver van mekaar geles was. Elke boer was n onafhanklike en selfstandige entrepeneur.

Die indiwiiduele plase het met verloop van tyd n eie Suid-Afrikaanse karakter begin openbaar. n Eie boustyl is ontwikkel wat geen verband met die Kaaps-Hollandse styl meer gehou het nie.

Elke boerdery was inderdaad n selfversorgende entiteit en die bewoners van die plase was alleenlik van die distriksdorp afhanklik vir periodieke aankope van daardie lewensmiddele wat nie self geproduseer kon word nie. Verder was die dorp die kerklike sentrum wat periodiek besoek is.

Suid-Afrika se dorpsgeskiedenis begin met die volksplanting in 1652. Vanaf 1657 het die vryburgers met die oprigting van woonhuise in die omgewing van die fort begin. Die aanvanklike landelike aard van die nedersetting het geleidelik begin plek maak vir n dorp met later n oorwegend stedelike karakter. Verskillende

3. Floyd. Town planning in South Africa, p. 37.

besoekers aan die Kaap het in geskifte reeds melding gemaak van die nie-agrariese karakter van die nedersetting. So byvoorbeeld noem Dampier ⁴⁾ in 1691 die nedersetting "a small Dutch Town", Peter Kolb ⁵⁾ praat in 1719 van „das zierliche Stadlein" en De la Caille ⁶⁾ noem dit in 1753 die „Ville du Cap", of stad van die Kaap. Lichtenstein ⁷⁾ skryf in 1811 van „Capstadt" wat later Kaapstad geword het.

Floyd ⁸⁾ onderskei vier duidelike periodes in die geskiedenis van dorpsstigting in Suid-Afrika, naamlik

1652 tot 1790;
1791 tot 1825;
1826 tot 1900 en
1901 tot die hede.

Met die uitbreiding van blanke veeboere na die binneland het dit noodsaaklik geword om die administrasie te desentraliseer. In ooreenstemming hiermee het Goewerneur Simon van der Stel in 1679 'n nuwe nedersetting, Stellenbosch, tot stand gebring. 'n Drosdy is opgerig en, met 'n landdros aan die spits, is voorsiening gemaak vir 'n vorm van plaaslike bestuur en 'n hofstelsel.

Die binnelandse ontplooiing van die trekboere het gelei tot verdere administratiewe desentralisasie en die totstandkoming van nuwe distrikte en nedersettings, byvoorbeeld Swellendam (1746) en Graaf Reinet (1786) ⁹⁾.

4. Nel en Van Zyl, op. cit., p. 52.

5. Loc. cit.

6. Loc. cit.

7. Loc. cit.

8. Op. cit., p. 11.

9. Loc. cit.

Van die vyf destydse nedersettings (Simonstad het in 1680 as hawe en vlootbasis ontstaan) was slegs Kaapstad 'n dorp met werklike dorpsfunksies. Die ander was hoofsaaklik administratiewe setels wat tot 'n groot mate van Kaapstad afhanklik was vir handel ens.

'n Toename in die bevolking en die behoefte aan addisionele administratiewe en kerklike sentra het daartoe gelei dat nuwe distrikte en gemeentes deur onderverdeling van die bestaandes gevorm is. Op hierdie wyse het Tulbagh (1795), George (1800) en Uitenhage (1804) ontstaan ¹⁰⁾.

Gedurende die tweede periode 1791 tot 1825, is verskillende dorpe ook hoofsaaklik om administratiewe oorwegings gestig. Daarnaas het enkele dorpe in hierdie tydperk om verdedigingsoorwegings op die oosgrens ontstaan. Uit militêre poste het dorpe soos Grahamstown, Cradock, Fort Beaufort en Queenstown ontstaan. Laasgenoemde dorp se besondere uitleg in die vorm van die speke van 'n wiel, is 'n weerspieëling van die militêre funksie wat daaraan gekoppel was ¹¹⁾.

Port Elizabeth het weer in 1812 as 'n klein handelspos tot stand gekom. In dieselfde jaar is Griekwastad gestig, primêr as 'n sendingsstasie. Ander oorwegings het in twee gevalle tot nuwe dorpe gelei, naamlik Bathurst wat ontstaan het as 'n nedersetting vir setlaars en Caledon as 'n kerkdorp.

Gedurende die eerste en tweede periodes van dorpsstig- het die inisiatief hoofsaaklik van die owerheid uitgegaan. In die derde periode (1826-1900) het die

10. Floyd, op. cit., p. 15.

11. Coetzee, op. cit., p. 120.

Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk groot inisiatief aan die dag gelê by die stigting van dorpe ¹²⁾.

Dit wil dus voorkom asof die volgende funksies, hoewel in wisselende relatiewe belangrikheid, by die vroeëre dorpe aanwesig was: administrasie, kerk, handel en kommunikasie. Daarby het gewoonlik nog enkele sporadiese funksies gekom soos verdediging, onderwys en residensie (ook vir tydelike inwoners soos gemanifesteer in die stelsel van tuishuise).

Vanaf 1826 het verskillende nuwe dorpe in die Kaapkolonie, die Oranje Vrystaat, Natal en Transvaal ontstaan. Die Kaapse nedersettingspatroon is saam met die Groot Trek die binneland ingedra. Teen 1900 was die meeste dorpe in Suid-Afrika reeds gestig. Slegs enkele nywerheidsdorpe het daarna ontstaan (Sasolburg).

Na die ontdekking van diamante en goud (en later ander minerale) het myndorpe ook in Suid-Afrika ontstaan. In Transvaal is Johannesburg aanvanklik as tydelike mynkamp uitgelê ingevolge die Goud Wet van 1871 ¹³⁾.

Die ontstaan van die meeste dorpe in Suid-Afrika hou verband met die behoefte om administratiewe, kerklike, sosiale, en handelsentra aan bepaalde landboudistrikte te voorsien. Hierdie neiging het daartoe gelei dat 'n bevredigende verspreiding van dorpe plaasgevind het wat enersyds voldoen het aan die behoeftes van die tyd en andersyds rekening gehou het met die draakapasiteit van die grond.

12. Floyd, op. cit., p. 15.

13. Floyd, op. cit., p. 19.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse dorpe volgens Europese en Britse model ontstaan het, het dit nogtans met verloop van tyd strukturele wysigings ondergaan waardeur n eie Suid-Afrikaanse karakter vertoon word ¹⁴⁾.

Die oorspronklik agrariese karakter van die Suid-Afrikaanse dorpe word onder andere weerspieël in gebruike, vorms en terminologie soos die meent waarop vee van die inwoners gemeenskaplik kon wei, burgerregerwe en watererwe waarop beperkte landbou beoefen kon word, die aanwesigheid van leiwater ens ¹⁵⁾. In hierdie verband beweer Floyd dan ook tereg dat "..... the similarity between the town erf and farm 'werf' or farmyard is very striking" ¹⁶⁾.

Streng gesproke kom die vroegste Suid-Afrikaanse dorpe tog nie ooreen met die Europese dorp as nedersetting van boere met hulle omliggende boerderye nie. In Suid-Afrika was die agrariese karakter nie primêr nie, maar sekondêr.

Aanvanklik is daar geen voorsiening gemaak vir besondere woongebiede vir die nie-blanke groepe in die dorpe nie omdat daar geen behoefte aan bestaan het nie. Die Hottentotte het dieper die binneland in n nomadiese bestaan gevoer en slegs sporadies met die blankes in aanraking gekom.

Met die ontwikkeling van die verversingspos na n permanente nedersetting het n tekort aan arbeiders ontstaan. Aangesien die Hottentotte uit die aard van hulle kultuur en ontwikkeling nie geskik en te vinde was vir arbeiders nie, en aangesien die blankes

14. Coetzee, op. cit., p. 119.

15. Loc. cit.

16. Floyd, op. cit., p. 28.

se getalle en beroepe hulle van toetrede tot die ongeskoolde arbeidersmark weerhou het, is in ooreenstemming met die destyds heersende gebruik, nie-blanke slawe ingevoer.

Die heterogene aard van die ingevoerde slawe het dadelik 'n kompleksiteit aan die bevolkingsamestelling van die Kaap verleen wat in later jare dorpsontwikkeling sou beïnvloed. Aangesien die slawe oorspronklik huisbediendes was en deur hulle here gehuisves was, het daar geen onmiddellike behoefte aan woongebiede vir hulle bestaan nie.

Namate die Kaapse nedersetting ontwikkel en uitgebou is, het sy karakter ook na die van 'n kolonie verander. Die vraag na arbeiders het toegeneem terwyl die blanke kolonis homself verder van handewerk gedistansieer het. Immigrasie uit Nederland is nie as die enigste oplossing van die arbeidersprobleem gesien nie en slawe is in toenemende mate ingevoer.

Sporadiese kontak met die Bantoe het plaasgevind maar daar was nog geen sprake van hulle toetrede tot die blanke se arbeids- en lewensterrein nie. Teen die einde van die 18e eeu het die Kaap 'n Britse kolonie geword en is daar voortgegaan met die arbeidsbeleid van die vorige bedeling. Steeds meer slawe is ingevoer, en nadat die Kaap finaal (1806) 'n Britse kolonie geword het, het humanisme en filantropie kragte saamgesnoer en die wêreldmening teen slawery gekeer.

Na die vrystelling van slawe (1833) het die Kaapkolonie, wat die voorsiening van arbeiders betref, die oë begin rig op die Bantoe. In ooreenstemming met die destydse koloniale beleid van Engeland, is die een na die ander gebied wat tradisioneel deur die Bantoe bewoon was, geannekseer. Blanke gesagsvestiging oor die Bantoe was die begin van die Bantoe se indringing in die lewens- en arbeidsterrein van die blanke.

Die behoefte aan ongeskoolde arbeiders het steeds toegeneem terwyl die blanke van die Kolonie reeds n eie, unieke arbeidsiening ontwikkel het wat onder andere daartoe gelei het dat handewerk gereserveer moes word vir die nie-blanke. Doelbewuste pogings van owerheidsweë, soos Sir George Grey se identiteitsbeleid, die heffing van belasting op die Bantoe asook verskeie historiese faktore (die nasionale selfmoord-episode onder die Xhosa) het by die Bantoe die behoefte aan kontantgeld laat ontstaan. Dit het verder tot sy doelbewuste toetrede tot die blanke se ekonomiese struktuur gelei, aanvanklik eers as arbeider op blanke plase.

Oorspronklik het klein getalle Bantoes na die blanke dorpe gegaan om daar hulle arbeid te verkoop. Volgens Riekert ¹⁷⁾ het Bantoe- en kleurlinghuisbediendes gedurende die beginjare van Potchefstroom ¹⁸⁾ met hulle gesinne op hulle werkgewers se persele gewoon het in hutte van sooi en klei wat hulle self opgerig het. As gevolg van die beperkte getalle van die Bantoe werknemers was die plattelandse dorpe in hulle ontwikkelingsjare uitsluitlik blankgeoriënteer en -beheer.

Sekere gebiede wat tradisioneel deur die Bantoe bewoon was, het met verloop van tyd as gevolg van onder andere historiese faktore tot Bantoegebiede of reservate ontwikkel. Daarteenoor het die res van die land blanke gebied gebly en dorpe en stede het daarin ontstaan.

17. Bantoe-administrasie in Potchefstroom, p. 32.

18. Riekert, op. cit., p. 2. beweer dat die historiese ontwikkeling van die administrasie en beheer van stedelike Bantoes in Potchefstroom tipierend was van die ontwikkeling in Transvaal.

Aan die begin van die 20ste eeu het die beleid ten opsigte van grondverdeling en bewoning wetlike beslag gekry. Min of meer in dieselfde tyd en meer in besonder vanaf die Eerste Wêreldoorlog, het die Bantoe aktief die arbeidsmark van die blanke dorp en stad begin betree. Daardie indringing het veral na die Tweede Wêreldoorlog in tempo toegeneem.

Plaaslike owerhede van die verskillende dorpe was nie voorbereid op so n ontwikkeling nie. Daar was nie by alle dorpe vir die Bantoe voorsiening gemaak in die vorm van afsonderlike woongebiede nie, Die blanke was vir meer as twee eeue gewoond daaraan dat hoofsaaklik hy alleen die dorpe bewoon het. Die Bantoe was grootliks n nuweling op die dorps- en stadsterrein. Die tradisionele opvatting, naamlik dat blank en nie-blank nie saam dieselfde gebiede moet bewoon nie, het homself nou ook in hierdie nuwe situasie laat geld.

Hierdie opvatting van die blanke het saam met die geskiedenis van die land gegroei. Kulturele- en beskawingsverskille het primêr daartoe gelei dat n natuurlike seleksie en segregasie ontwikkel het tot die algemeen aanvaarde lewenspatroon van die blanke bevolking, wat uiteraard ook in die bewoning van dorpe en stede in Suid-Afrika gekulmineer het.

Daarby moet ook in gedagte gehou word dat al sou segregasie nie die woonwyse bepaal het nie, die Bantoe as nuweling op die stedelike „terrein" in die eerste instansie nie in n finansiële posisie was om mededingend met die blanke, gevestigde inwoners grond en eiendomme te bekom nie. Die Bantoe het na die dorpe en stede van die blanke gegaan juis omdat sy ekonomiese posisie, meegebring deur verskeie omstandighede, dit van hom geverg het.

Genoemde beweegredes sowel as die andersoortigheid van die Bantoe, het meegebring dat hy verkies het om naby sy werk maar tog afsonderlik van die blanke en tussen sy eie mense, te gaan woon. Voorsiening van afsonderlike woonbuurte vir die Bantoe is nie deur alle blanke plaaslike owerhede gemaak nie met die gevolg dat die Bantoe sy hut of huis self op 'n gerieflike afstand van die blanke woonbuurt opgerig het. Namate die dorpe uitgebrei het, het die Bantoewerkers ook in getalle toegeneem, "... sodat hulle aanwesigheid deur die Blanke inwoners as 'n las beskou is..." 19).

Samevattend kom dit dus daarop neer dat die dorpe en stede in Suid-Afrika as nedersettings vir die blankes ontstaan het; en eers betreklik laat in hulle ontwikkeling het die Bantoe in aansienlike getalle daarheen getrek. Om daardie rede is die Suid-Afrikaanse dorpe in so 'n mate blankgeoriënteer en blankbeheer – 'n verskynsel wat met verloop van tyd net in Suid-Afrika sal voorkom.

2. Ontstaan van stedelike Bantoewoonbuurtes

Daar was veral twee faktore wat tot die grootskaalse trek van die Bantoe na die blankbeheerde stede en dorpe gelei het. Eersyds was dit die ekonomiese opbloeï en nywerheidsontwikkeling wat in die blankesektor plaasgevind het en andersyds kon die landelike leefwyse van die Bantoe nie meer in die behoeftes van 'n groeiende bevolking voorsien nie.

19. Riekert, op. cit., p. 32.

Die toenemende konsentrasie van die Bantoebevolking in 'n relatief klein aantal blanke stedelike gebiede is 'n faktor van deurslaggewende politieke, maatskaplike en ekonomiese belang. Alle beskikbare gegewens dui daarop dat die verstedelikingsproses van die Bantoe in die blanke gebiede aan die toeneem is ²⁰⁾. Dit kom dus daarop neer dat 12% van die totale Bantoebevolking in 1904 in dorpe en stede woonagtig was en dat dit tot 30% in 1960 aangegroei het. In die nege jaar tussen 1951 en 1960 het die stedelike Bantoebevolking 'n toename van 37% getoon teenoor die 26% vir die Bantoebevolking as geheel. Laasgenoemde syfers weerspieël die intensiteit van die verstedelikingsproses van die Bantoe.

'n Bevolkingsverskuiwing vanaf die platteland na stedelike gebiede, gepaard met die ontstaan van 'n stedelike lewenspatroon, is 'n universele verskynsel. Daaruit spruitende gevolge is min of meer ooreenstemmend in alle lande van die wêreld, met slegs graduele verskille. Omvangryke en grootskaalse industrialisasie en daarmee saam 'n toenemende handel maak slegs die verstedelikingsproses intenser. Daarby is dit ook waar dat hoe langer die plattelandse verbondenheid, des te moeiliker is die aanpassingsproses ²¹⁾.

In die blanke dorpe van Suid-Afrika was die verstedelikingsproses van die Bantoe nog meer gekompliseerd. Dit was, naas die oorgang van 'n plattelandse na 'n stedelike lewenswyse, ook nog die oorplasing na 'n gans vreemde lewens- en kultuurmilieu.

20. De Coning. Die stedelike Bantoeverbruiker, referaat gelewer op 10e jaarkongres I.A.N.A., 1961, p. 3.

21. Coetzee, J.H. Moderne tendense in die ontwikkeling van die stedelike Bantoe in die Unie, referaat gelewer op 6e jaarkongres I.A.N.A., 1957, p. 3.

Die trek van die Bantoe na die blanke dorpe en stede en die gepaardgaande verstedelikingsproses het met verloop van tyd ten minste twee ²²⁾ en in die meeste gevalle drie ²³⁾ groepe Bantoe-inwoners ten gevolg gehad:

- (a) trekarbeiders wat periodiek na hulle tuislande terugkeer;
- (b) semi-verstedeliktes wat op 'n gesinsbasis in die blanke dorpe en stede woon, maar nog met die tuislande en hulle mense kontak hou; en
- (c) verstedeliktes wat met die tuislande geen kontak meer het nie.

Vir hierdie drie kategorië Bantoe-inwoners van die blanke dorpe en stede het daar gaandeweg 'n besondere nedersettingsvorm ontwikkel. Elke blanke dorp in Suid-Afrika het, na die toetrede van die Bantoe, 'n Bantoewoonbuurt of lokasie daargestel ²⁴⁾.

Hierdie Bantoewoonbuurtes het tot onlangs uit drie tipes bestaan:

- (a) eiendomsdorpe (uitsonderlik en beperk in getal);
- (b) lokasies; en
- (c) onbeheerde nedersettings of plakkerkampe.

22. Mayer. Townsman or tribesman, ' p. 4.

23. Maritz. Bestuursontwikkeling van die Tswanastammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland, p. 168.

24. Die beleid t.o.v. Bantoewoonbuurtes en die statutêre vaslegging daarvan word breedvoerig behandel.

Eersgenoemde is in stryd met die landsbeleid en neem nie meer toe nie. As „swartkollie" sal dit verdwyn. Laasgenoemde tipe woonbuurt word veral as gevolg van staatsoptrede uitgeskakel en behoort met verloop van tyd geheel en al te verdwyn.

Nie een van bogenoemde drie soorte nedersettings is funksioneel dorpe nie. By die lokasies is die primêre funksie slegs die voorsiening van huisvesting deur die blanke plaaslike bestuur en derhalwe is dit slegs woonbuurtes. Die grondgebied behoort aan die plaaslike owerheid en die inwoners mag dit nie in eiendom verkry nie.

Aangesien die meeste normale funksies van 'n dorp of stad nie daar aangetref word nie, is dit hoogstens die Bantoe woonbuurtes van die blanke dorp. Daardie afhanklikheid van die blanke dorp of stad beteken dat die Bantoe woonbuurtes se groei-oorsaak nie in hulle self geleë is nie. Derhalwe kan hulle nooit tot volle ontplooiing kom nie.

Teoreties is die primêre faktor vir die Bantoe se aanwesigheid in blanke stedelike gebiede slegs sy dienslewering, en meer bepaald as ongeskoolde arbeider. Die Bantoe het na die dorpe en stede gegaan „... sonder geld, sonder enige geskooldeheid, sonder werk, sonder hulle gesinne, en veral sonder 'n maatskaplike struktuur" ²⁵⁾.

25. Jooste. Munisipale funksies en verantwoordelikheid ten opsigte van nie-blanke administrasie - aangeleenthede, referaat gelewer op 10e jaarkongres I.A.N.A., 1961, p. 11.

Tradisioneel was die Bantoe geen groot handelsvolk nie ²⁶⁾ en gevolglik was sy bydrae op handelsgebied baie beperk in vergelyking met ander nie-blanke groepe soos byvoorbeeld die Indiërs. As verbruiker het die stedelike Bantoe n ietwat belangriker rol gespeel, maar opnames het aan die lig gebring dat die Bantoe-gesin in die stede oor die algemeen nog baie arm is ²⁷⁾. Die besteding van hulle inkome is hoofsaaklik nog beperk tot basiese lewensbenodigdhede.

3. Ontwikkeling van die stedelike Bantoebeleid

3.1 Evolusie van die landsbeleid m.b.t. Bantoes

Die Suid-Afrikaanse Bantoebeleid is in wese n uitvloeisel van die geskiedenis van die land. Anders gestel, dit is die uitkoms of kulminasie van historiese, maatskaplike, politieke en ekonomiese gebeure. Selfs nog voor blanke vestiging in 1652 aan die Kaap, het die proses wat aan Suid-Afrika n besondere rassepatroon of bevolkingspatroon gegee het begin. Die standpunt van die Protestantse en Calvinistiese Nederlander, naamlik dat n Christen hom nie met n heiden moet vermeng nie, was vormgewend in die hele proses ²⁸⁾. Vanaf die eerste kontak tussen blank en nie-blank op Suid-Afrikaanse bodem, het n besondere verhouding tussen die twee hoof kleurgroepe begin ontstaan. Daarby was natuurlik eksterne faktore wat in daardie kontaksituasie kummilatief bepalend vir die verhouding in sy ontwikkelingsgang was.

26. Coetzee, op. cit., p. 8.

27. De Coning, op. cit., p. 17.

28. Scholtz. Die ontstaan en wese van die Suid-Afrikaanse rassepatroon, in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Vol. 9, No. 4. 1958, p. 144.

Met die toenemende kontak tussen blank en Bantoe, veral na vestiging van blanke gesag oor die Bantoe gedurende die vorige eeu, het die blanke as gevolg van die andersoortige agtergrond en kultuur van die Bantoe, n besondere gedragspatroon of beleid ontwikkel. Die twee basiese beginsels van daardie beleid is (1) dat die blankes en die Bantoes afsonderlike entiteite en gemeenskappe is en (2) die voorsiening van afsonderlike gebiede vir daardie twee groepe. Jare lank is dit as die gedragspatroon van die verskillende rasse-groepe in die land stilswyend aanvaar. Eksterne bedreigings en aanslae op daardie gedragspatroon, asook die besef van n rassevraagstuk (toe genoem n naturellevraagstuk), het aan die begin van hierdie eeu leiers soos genl. J.B.M. Hertzog genoop om te begin dink in die rigting van n meer effektiewe toepassing van daardie beleid.

Vanaf die Nasionale Konvensie van 1909 het genl. Hertzog hom vir n oplossing van die „bevolkingsvraagstukke“ ²⁹⁾ van Suid-Afrika begin beywer. Vanaf unifikasie tot 1912, het die onafhanklikheids- en taalstryd egter sy aandag tot so n mate in beslag geneem dat die „groot probleem vir Suid-Afrika“ ³⁰⁾, die bevolkingsvraagstuk n sekondêre posisie moes beklee. Vir Hertzog het die enigste oplossing van die vraagstuk in n beleid van territoriale segregasie gelê.

29. Van As. Enkele beskouings oor die naturellebeleid van wyle genl. J.B.M. Hertzog, p. 179.

30. Soos genl. Hertzog die vraagstuk in sy Smithfield-toespraak genoem het.

Die segregasiebeleid van genl. Hertzog het daarop neergekom dat gebiede, waar die Bantoes en blankes afsonderlik kon woon, voorsien moes word. Die onderliggende beginsel tot hierdie geskeidenheid of territoriale segregasie het vir genl. Hertzog aanvanklik daarom gegaan dat afsonderlike gebiede vir die rassegroepe "... (would) prevent the emergence of a mixed race by miscegenation" ³¹⁾. Vir die Bantoes moes daar, so het hy dit gevisualiseer, groot gebiede tot stand gebring word waar daar reeds groot getalle saamgetrek was. In daardie gebiede kon die Bantoe onder blanke voogdy ontwikkel sover as moontlik sonder dat hulle 'n bedreiging vir die blanke ingehou het, of die blanke stremmend op die ontwikkeling van die Bantoe gewerk het.

Hertzog het sy beleid verder ontwikkel om aan te pas by veranderde omstandighede, want beleid op sigself was vir hom nie staties nie, maar "..... organic and developed as the problem itself grew" ³²⁾. Gedurende 1913 stel hy die segregasiebeleid nog duideliker in 'n toespraak en lê veral klem daarop dat Suid-Afrika verdeel moet word en dat die Bantoe sy regmatige deel moet kry. In die sogenaamde Bantoegebied moet die regte van die Bantoe primêr wees terwyl die blanke daaruit geweier moet word. Omgekeerd, moet daar blanke gebiede geskep word waarin die regte van die blanke primêr moet wees.

In 1913 is hierdie segregasiebeleid die eerste keer statutêr vasgelê met die aanname van die Naturellen Grond Wet, 1913.

31. Neame, soos aangehaal deur van As, op. cit., p. 181.

32. Van As, op. cit., p. 178.

Vanaf 1948 is die segregasiebeleid, toe bekend as „apartheid“, na ander terreine van die lewe uitgebrei en ook wetlik vasgelê. Geskeidenheid tussen die verskillende bevolkingsgroepe het nou ook die politieke, die sosiale en die ekonomiese terreine betree. Wetgewing soos die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, 1949, die Ontug Wysigingswet, 1950, die Bantoe Bouwerkerswet, 1951, en die Wet op Groepsgebiede, 1950, het apartheid tot al daardie genoemde terreine uitgebrei.

3.2 Evolusie van die stedelike Bantoebeleid met verwysing na die wetlike vaslegging daarvan

Alhoewel die toetrede van die Bantoe tot die blankgestigte dorpe en stede in Suid-Afrika n resente verskynsel is, kan die grondslae van die stedelike Bantoebeleid as integrale deel van die hoofbeleid ook nie van historiese gebeure losgemaak word nie. Toe die Bantoe sy verskyning in die dorpe en stede van Suid-Afrika gemaak het, het die land se Bantoebeleid as deel van sy kleur- of rassebeleid, alreeds in so n mate vorm aange- neem dat aanvaarde en selfs tradisioneelgeworde opvattinge ook daardie situasie gedek het.

Teen daardie agtergrond het Suid-Afrika se stedelike Bantoebeleid ontstaan en ontwikkel. Die Bantoes het in toenemende mate hulle plattelandse tuisgebiede verruil vir die blankes se dorpe en stede — laasgenoemdes wat primêr tot stand gekom het as nedersettings vir die blankes — sodat daar ook ten opsigte van hierdie kategorie Bantoes standpunt ingeneem moes word. Dit kan dus verwag word dat die stedelike Bantoebeleid met die reeds aanvaarde en tot n mate statutêr vasgelegde Bantoebeleid in ooreenstemming sou wees.

Tydens die parlementêre behandeling van die Naturellen (Stadsgebieden) Wetsontwerp gedurende 1923, is die beginsel neergelê dat die stedelike Bantoebeleid in ooreenstemming met en aanvullend tot die hoofbeleid moet wees. Toe dit byvoorbeeld duidelik geword het dat daar tog afgewyk is van die segregasiebeginsel in artikel 1 van genoemde wetsontwerp (waarin voorsiening gemaak is vir die verkryging van grond in eiendom deur Bantoes in stadsgebiede) ³³⁾, het genl. Hertzog gewys op die gevolge van so n teenstrydigheid met die segregasiebepalings van die Naturellen Grond Wet van 1913. Die beleid ten opsigte van die stedelike Bantoe moes in ooreenstemming met die Bantoebeleid wees en daardie artikel is derhalwe sodanig gewysig dat Bantoes geen eiendomsreg op grond in stadsgebiede kon verkry nie.

Na die inwerkingtreding van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, het die Bantoes nog in groot getalle na die blanke dorpe en stede gegaan. Enersyds is daar vir doeltreffende toestromingsbeheer geen voorsiening gemaak nie en andersyds het die ontwikkelende blanke gebiede werksgeleenthede aan groot getalle Bantoes versker. Streng gesproke was die aanwesigheid van groot getalle Bantoes in die blanke dorpe in stryd met die neergelegde segregasiebeleid wat reeds in 1913 wetlike beslag gekry het. Randall ³⁴⁾ sien dit so dat Suid-Afrika se Bantoebeleid „(Has) from the very beginning, been dominated by two conflicting attitudes, the need for native labour

33. Henning. Die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, No. 21 van 1923, p. 40.

34. Economic growth and urban Native policy in South Africa, p. 65.

and the desire to prevent Natives from menacing the dominant position of the European in the economic, social and political fields". Die aanwesigheid van die Bantoe in die blanke dorpe en stede was n feit waarmee rekening gehou moes word en in die verdere ontplooiing van die beleid, moes daar dus, alhoewel in afwyking van die oorspronklike beleid, vir die Bantoe in die vorm van afsonderlike woonbuurtes voorsiening gemaak word.

Hierdie afwykende beginsel is beliggaam in artikel 2 van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945, wat inderdaad net n konsolidering van vroeëre wysigings is en prinsipieel geen groot beleids wysigings behels nie.

Daardie artikel bepaal hoofsaaklik dat terreine afgesonder moet word waarin huisvesting vir Bantoes voorsien moet word. In samehang met hierdie artikel moet verder gelees word artikel 5 wat n beperking plaas op ooreenkomste ter verkryging van erwe of persele in n lokasie of Bantoe-woonbuurt; artikel 6 wat in dieselfde trant n beperking plaas op die reg van Bantoes om grond in n stadsgebied te verkry (wat in ooreenstemming met die segregasiebeleid en die Naturellen Grond Wet, 1913 is); artikel 8 wat die reg van nie-Bantoes om grond in Bantoe woonbuurtes te verkry beperk; en artikel 9 wat Bantoes nou verplig om in daardie gereserveerde Bantoe woonbuurtes te gaan woon.

Hierdie segregasiemaatreëls, vervat in die Stadsgebiede Wet van 1945, is dus tot n groot mate in ooreenstemming met die beginsel van afsonderlike gebiede soos behels in die Bantoebeleid. Die afwyking, insoverre Bantoes binne die geheel van

die blanke tuisland toegelaat word (terwyl die omgekeerde nie moontlik is nie), is in der waarheid die uitkoms van historiese omstandighede en nou reeds 'n ekonomiese noodsaak en as sodanig 'n feit wat aanvaar moet word. Hierdie verskynsel of afwyking van die segregasiebeginsel bring egter 'n nog 'n beleidsaspek na vore waardeur die posisie verder opgeklaar word en 'n mate van versoening tussen die teorie en praktyk bewerkstellig word. Dit is naamlik die feit dat binne die geheel van die blanke gebied die regte van die blanke primêr is terwyl die Bantoe 'n tydelike inwoner is.

Hierdie opvatting van die blanke gebied, met die primêre regte van die blanke daarin, word enersyds gerugsteun deur die omgekeerde daarvan, naamlik dat daar weer gebiede bestaan waarin die Bantoe se regte primêr is (met ander woorde die wederkerigheid van die beleid), en andersyds word dit bekragtigt deur die feit dat die dorpe en stede in Suid-Afrika primêr as blanke woongebiede ontstaan het. Alhoewel die Bantoe se toetrede tot die dorpe en stede van Suid-Afrika hoofsaaklik meegebring is aan die eenkant deur die onderontwikeldheid van die Bantoegebiede en aan die anderkant deur die werksgeleenthede wat binne die blanke gebiede ontstaan het, is sy aanwesigheid daar, uit 'n beleids oogpunt gesien, meegebring deur sy dienslewering. Daardie tydelikheid van die Bantoe binne die blanke gebiede, gegrond op sy dienslewering, word in die praktiese beleidsuitvoering ewe-eens in die wetgewing vasgelê.

In artikel 10 van die Stadsgebiede Wet word 'n beperking geplaas op die reg van Bantoes om in stadsgebiede te bly. Geen Bantoe mag langer as

twee-en-sewentig uur in n voorgeskrewe gebied ³⁵⁾
bly nie, tensy hy kan bewys dat hy tot een van
die vrygestelde kategorieë behoort soos in para-
grawe (a), (b), (c) en (d) uiteengesit is.
Genoemde paragrawe (a), (b) en (c) van artikel
10 van die wet verleen domicilium binne blanke
gebiede aan Bantoes op grond van hulle geboorte
in daardie gebiede, of hulle verblyf daarin vir
n sekere tydperk, wat op tien of vyftien jaar
neerkom, waardeur hulle dan kwalifiseer vir
permanente verblyf. Dit is in werklikheid ook
n afwyking van die beleid vir sover dit die
tydelikheid van die Bantoe in stadsgebiede be-
tref. Soos later wel aangetoon sal word, veron-
geluk dit n belangrike aspek van die Bantoebeleid
en wel in die sin dat daar van n sogenaamde blanke
gebied nooit sprake kan wees nie. Verder is dit
in stryd met alle pogings om n stad- tuisland-
beweging aan die gang te sit.

Die tydelikheid van die Bantoe in die blanke
stadsgebiede en sy reg om daár te wees gegrond
op sy dienslewering, word in paragraaf (d) van
artikel 10 beliggaam. Ingevolge hierdie paragraaf
moet n Bantoe wat nie tot die vrygestelde kategorieë
(a), (b) en (c) behoort nie, vergunning om in die
stadsgebied te kan wees van die plaaslike owerheid
verkry. Sodra hy onbevoeg raak om daar te kan
bly, dit wil sê deur byvoorbeeld diensbeëindig-
ing, moet hy die gebied verlaat. Hierdie artikel

35. n Voorgeskrewe gebied is in terme van artikel 9
bis (2) "elke stadsgebied, indien nie reeds by n
voorgeskrewe gebied ingesluit nie en elke gebied
voor die inwerkingtreding van hierdie artikel
kragtens sub-artikel (1) van artikel drie-en-
twintig geproklameer"

blyk meer in lyn te wees met die beleid. n Teoretiese probleem in hierdie verband is die vraag in hoeverre n kategorie (d)-Bantoe later kan kwalifiseer om in terme van paragraaf (b) aanspraak op permanente verblyf te maak.

Voordat die bestuursaspekte van die stedelike Bantoebeleid genoem word, is daar egter nog een grondbeginsel wat beklemtoon moet word, en dit is dat die staat die beleid bepaal. Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 ³⁶⁾ is die bron van die hele beleid ten opsigte van Bantoeaangeleenthede, die staat of die regering van die Republiek. Terwyl die staat enersyds die beleid neerlê, delegeer hy andersyds sy magte aan plaaslike owerhede om daardie beleid uit te voer. As sodanig tree die plaaslike owerhede en nie die provinsiale owerhede nie, as agente van die staat op. Hierdie beleidstandpunt word daarop gebaseer dat indien plaaslike owerhede die reg tot beleidsbepaling sou verkry, dit net tot n diversiteit van beleide sal lei, met voor-die-handliggende gevolge.

Naas die funksie om beleid neer te lê, het die staat ook nog toesighoudende funksies. Hierdie funksies berus by die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling en sy departement. Die Stadsgebiede Wet lewer voldoende bewys van hierdie toesighoudende funksies en ministeriële goedkeuring wat plaaslike owerhede moet verkry.

36. Artikel 111 van Wet 32 van 1961 bepaal:
„Die beheer oor en administrasie van Bantoesake en van sake wat Asiate dwarsdeur die Republiek spesiaal of afsonderlik raak, berus by die Staatspresident,”

Reeds sedert 1923 was dit owerheidsbeleid dat plaaslike owerhede verantwoordelik sal wees vir die beheer oor die Bantoes binne hulle onderskeie regsgebiede. Daardie verantwoordelikheid is aan die plaaslike owerhede toevertrou en statutêr vasgelê. In die Stadsgebiede Wet is die breë beleid neergelê terwyl plaaslike owerhede ingevolge artikel 38 die reg verkry het om regulasies in verband met die in die artikel genoemde aangeleenthede uit te vaardig, solank dit nie in stryd met die wet is nie.

4. Die aandeel van die Bantoe aan stedelike plaaslike bestuur

4.1 Die Bantoe Adviserende Komitees

Die beleid ten opsigte van bestuursdeelname van die Bantoe, is gefundeer op die beginsel dat hulle op 'n tydelike grondslag in die blanke stedelike gebiede is. Omdat uit 'n beleidsoogpunt die Bantoe-gemeenskap nie 'n permanente deel van die stedelike bevolking vorm nie, is die beginsel dat hulle nie direk of indirek verteenwoordiging in die plaaslike bestuursliggame kan verkry nie, wetlik sedert 1923 vasgelê. Derhalwe maak die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, vir die volgende voorsiening: „voor elke lokasie of naturellendorp onder het toezicht van een stedelik plaatselijk bestuur word een naturellen adviserend komitee ingesteld”.

So n komitee moes bestaan uit nie minder nie as drie naturelle woonagtig binne die regsgebied van n stedelike plaaslike bestuur en n voorsitter wat n blanke kon wees ³⁷⁾.

Uit die wetgewing van 1923 asook die model-lokasieregulasies ³⁸⁾ wat in 1924 uitgevaardig is, blyk dit dat die magte van die adviserende komitees beperk was, die funksies en pligte adviserend want sekere sake kon slegs oorweeg word en verslag kon aan die plaaslike owerheid gedoen word. Die rede vir daardie beperkte bevoegdhede en adviserende funksies moet verder toegeskryf word aan die beginsel van tydelikheid aangevul deur die Bantoe se peil van ontwikkeling en sy gebrek aan stedelike bestuurservaring.

Met die uitvaardiging van die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945, het die beginsel van adviserende komitees behoue gebly. Terwyl die stedelike Bantoe in getalle toegeneem het en hulle ook tot n groter mate verwesters geraak het, het die stelsel van deelname aan plaaslike bestuur nogtans dieselfde gebly. Na 1945 het die toestand so voortgeduur; dit het stagnant geraak, en alhoewel wetgewing in 1961 ³⁹⁾ aangeneem is, is tot op datum weinig vordering gemaak op die gebied van plaaslike bestuur vir die Bantoe in blanke stedelike gebiede.

37. Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, artikel 10.

38. Goewermentskennisgewing, Nr. 672/1924.

39. Die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961.

Dit val buite die bestek van hierdie werk om n diepgaande studie van die adviserende raadstelsel te maak, maar enkele opmerkings kan tog waardevol wees voordat die huidige wetgewende maatreëls bespreek word.

Die adviserende karakter van die ou stelsel, gebaseer op die tydelikheid van die Bantoe in blanke stedelike gebiede, het nooit verander nie. Regter Greenberg se interpretasie van die wet gee n duidelike uiteensetting van die doel met die adviserende raadstelsel: "It seems to me from such consideration of this Act as I have been able to give, that it was the intention of the Act to promote harmonious co-operation between the Natives and the Local Authority, and it was intended that weight should be given to views of the Natives" ⁴⁰⁾. (Eie onderstreping).

Of die stelsel daarin kon slaag om die Bantoe op te voed en gereed te maak vir eventuele deelname in die bestuur van hulle eie gebiede en meer bepaald die beheer van die nuwe dorpe en stede, val te betwyfel.

Volgens Van As ⁴¹⁾ het die stedelike Bantoe onder invloed van die blanke se lewenswyse n afstomping van die stambesef met n gepaardgaande rassebewussyn ondergaan, wat weer onder invloed van nuwe leiers n nasionale bewussyn aangewakker het. Groter en ingrypende eise is aan plaaslike owerhede gestel

40. Rex vs. Duba 1928, T.P.A., 253.

41. Moontlike alternatiewe vir Adviserende Naturelle-komitees in die Unie, p. 2.

deur middel van die adviserende komitees wat in der waarheid omvorm is tot platforms vir politieke agitاسie.

Verskillende organisاسies soos die African National Congress en die Congress of Democrats het direkte verteenwoordiging op plaaslike besture begin eis wat lynreg teenoor die gestelde staatsbeleid gestaan het ⁴²⁾. Hierdie agitاسies sowel as die eise van die Nasionale Kongresse van die adviserende komitees was 'n goeie barometer van die nuwe denkrigting onder die stedelike Bantoe.

Hierby kom nog die feit dat die adviserende komitees hoegenaamd nie by die beleid van afsonderlike ontwikkeling inpas nie en boonop 'n Bantoe-vreemde stelsel is. Riekert ⁴³⁾ sien dit as „'n historiese erfenis wat moeilik in 'n museum plek sal kry (want die) stamhoof-in-radebeginsel is glad nie hierin erken nie en dit is geen wonder dat dit nêrens 'n sukses blyk te wees nie".

Teen hierdie agtergrond en uit die genoemde stagnante situاسie het die owerheid die Wet op Stedelike Bantoeerade, No. 79 van 1961, uitgevaardig. Die soeke enersyds na nuwe uitlewingsmoontlikhede vir die stedelike Bantoe en andersyds 'n beëindiging van die skaakmatsituاسie ten opsigte van bestuursdeelname vir die Bantoe, het 'n nuwe tydvak

42. Loc. cit.

43. Toepassing van volkekundige beginsels en kennis in stedelike Bantoeadministrاسie, p. 25.

in blank-bantoe-verhoudinge in Suid-Afrika ingelei. Die vraag ontstaan dadelik of hierdie nuwe stelsel

- (1) in ooreenstemming met landsbeleid is;
- (2) n doeltreffende uitlaatklep vir die politieke aspirasies van die stedelike Bantoe bied;
- (3) die Bantoe daardeur bruikbare ervaring in plaaslike bestuur kan opdoen;
- (4) harmonieuse samewerking tussen plaaslike owerhede en die Bantoe-inwoners van die stede bewerkstellig sal word; en
- (5) vir die doeleindes van dorpsontwikkeling in die tuislande, n nuttige leerskool sal wees.

4.2 Stedelike Bantoerade

Die ontstaan van hierdie stelsel van deelname aan stedelike plaaslike bestuur moet gesien word teen (i) die agtergrond van die breë landsbeleid en (ii) die stedelike situasie en opset soos dit met verloop van tyd ontwikkel het. Met verwysing na die ontstaan en ontwikkeling van afsonderlike gebiede vir die verskillende bevolkingsgroepe, het die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling in n beleidsverklaring ⁴⁴⁾ gesê dat „(vir) sover as wat die ontwikkelinge van albei wel deurmekaar geloop het, moet dit op geleidelike wyse ontwar word omdat die wesenlike geskeidenheid van die blanke en Bantoe gemeenskappe nie net n tradisie by ons is nie, maar in ons land ook nog baie opvallend is“.

44. Botha. Ons stedelike Bantoebeleid teen die agtergrond van ons landsbeleid, in Tydskrif vir rasse-aangeleenthede, Januarie 1964, vol. 15, p. 12.

Uit die voorafgaande bespreking van die advise-
rende komiteestelsel en die stelselmatige
afwyking van die oorspronklike doelstellings
met Bantoedeelname aan blanke plaaslike bestuur,
blyk dit asof daar wel lewers n „deurmekaarloop“
plaasgevind het wat „ontwar“ moes word en dat
dit ten grondslag lê van die skaakmattoestand
wat met verloop van tyd ten opsigte van hierdie
aangeleentheid ontstaan het.

Die logiese teenhanger van die afsondering en
ontwikkeling van Bantoegebiede is die afsondering
van blanke gebiede. Die bevestiging en uitbouing
van hierdie beginsel asmede die tydelikheid van
Bantoe-inwoning in stedelike gebiede, is statutêr
vasgelê en gereël deur instromingsbeheer. Hierdie
beginsel is egter met verloop van tyd geleidelik
uit die oog verloor, met die gevolg dat die Bantoe
in toenemende mate toegelaat is om die lewensruimte
van die blanke te betree, n toelating wat gelei
het tot n groeiende permanensie. Hierdie perma-
nensie ten opsigte van stedelike verblyf is
meegebring en verder vertroebel „... deurdar
eers stilswyend en later selfs by wyse van wetgewing,
vergunning aan die Bantoe verleen is om hulle op
gesinsbasis in die Blankegebied te vestig en daarna
om op grond van geboorte aldaar, aanspraak te
kry op woonregte“ 45).

45. Unie van Suid-Afrika. Memorandum ter verduideliking
van die agtergrond en doel-
stellings van die Wetsontwerp
op Bevordering van Bantoe-
selfbestuur, 1959, (W.P. 3 -
59), p. 4.

Die gevolg van daardie afwyking van die oorspronklike doelstellings is dat daar veel meer Bantoes van beide geslagte in die blanke stedelike gebiede n heenkome gevind het as wat nodig was vir dienslewering. Naas die behoud van sy primêre regte in die afgesonderde Bantoegebiede het die stedelike Bantoe gaandeweg ook aanspraak begin maak op meer as net tydelike bewoningsregte in die blanke se gebied. Deelname aan die bestuur van dorpe en stede op dieselfde basis as vir die blankes het die nuwe strydkreet van leiers onder die Bantoe geword. Waar die ou adviserende komiteestelsel nie bevoeg en by magte was om aan die veranderde situasie te voldoen nie, het n geroep na volle deelname in plaaslike bestuur opgegaan. Hierin is die stedelike Bantoe gesteun deur sommige blankes wat sonder aarseling n direkte aanslag op die tradisionele beleid gemaak of probeer maak het. n Enkele aanhaling deur Van As 46) illustreer die mate waarin die beleid oor die hoof gesien en die oorspronklike doelstellings verwater is:

"In view of the large numbers of Africans in urban areas who have acquired a western standard of living and whose political aspirations are directed by the ideals of western democracy, I do not think that there is any prospect of effecting a satisfactory adjustment between the African and the European community in these areas, except on the basis of direct representation for the African community in the local Government". (Eie onderstreping).

46. Op. cit., p. 4, woorde aangehaal van H.J. Simons

Die Bantoe se aanwesigheid in groot getalle in die stedelike gebiede asook hulle politieke aspirasies gegrond op sogenaamde westerse demokrasie, is n faktor wat in aanmerking geneem moet word, maar uit n historiese en beleidsoogpunt gesien, gee dit nog geen aanspraak op direkte verteenwoordiging nie. Om vir die stedelike Bantoe bestuursregte te gee in n gebied waarin hy geen langtermynregte het nie, is ewe onregverdig en kan net n valse hoop laat posvat.

Die eerste poging van owerheidsweë in die ontstrengeling van die verwarrende en onbevredigende situasie was die publisering van die Wetsontwerp op Stedelike Bantoe-owerhede ⁴⁷⁾ gedurende 1952. Hierdie wetsontwerp het vir die instelling van stedelike Bantoe-owerhede en -howe voorsiening gemaak; dit wil sê die vervanging van die adviserende komiteestelsel met n tradisionele administratiewe- en judisiële stelsel waaraan die Bantoe gewoond was. Die heterogene aard van die stedelike Bantoebevolking is in aanmerking geneem en deur die stelsel van etniese groepering is enersyds gehoop dat die stedelike owerhede so n belemmering sou oorkom en andersyds dat n goeie skakel tussen die stedelike en plattelandse Bantoe-owerhede bewerkstellig sou kon word.

Die destyds beoogde stedelike Bantoe-owerhede sou aan die stedelike plaaslike owerhede ondergeskik wees. Daar was geen sprake van selfstandige

47. Buitengewone Staatskoerant, No. 4791, 22 Febr. 1952.

of outonome bestuursliggame vir die stedelike Bantoe nie. Die owerheid wou slegs aan die stedelike Bantoe 'n sekere mede-seggenskap deur bestuursverantwoordelikheid gee in die administrasie van Bantoe woonbuurtes op 'n basis ".... ondergeskik aan die blanke stadsraad en met steeds duidelike omskrewe beperkte magte," 48).

Die Wetsontwerp op Stedelike Bantoe-owerhede het egter nie wet geword nie hoofsaaklik omdat die tyd daarvoor nie ryp was nie. Verskillende plaaslike owerhede het die inhoud, bedoeling en werksmoontlikhede daarvan nie kon rym met die aanvaarde beleid nie terwyl Bantoeleiers dit met agterdog bejeën het 49). Trouens, daar is gevoel dat die stelsel ontwerp is vir die Bantoegebiede en nie sonder meer van toepassing gemaak kon word op die blankbeheerde stedelike gebiede nie. Die stedelike agtergrond en opset was geheel en al verskillend van die plattelandse Bantoegebiede; en etniese groepering in die stedelike gebiede sou op sigself nog nie daardie verskille uit die weg geruim het nie.

Daarby moet ook in aanmerking geneem word dat die Bantoe-owerheidstelsel in die Bantoegebiede op daardie stadium self, ondanks sy lewensvatbaarheid, nog nie tekens van sukses kon toon nie. Daar is toe van owerheidsweë besluit dat die stelsel eers in die Bantoegebiede op die proef gestel moes word alvorens dit in die stedelike gebiede toegepas kon word.

48. Verwoerd.

Plaaslike owerhede en die staat, p. 19.

49. Loc. cit.

Met die uitvaardiging van die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959, is die aangeleentheid sydelings aangeraak. Hoewel die klem nou meer op die skakelingsgedagte geval het, het artikel 4(i) voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n verteenwoordiger van 'n gebiedsowerheid binne die regsgebied van 'n stedelike plaaslike owerheid. So 'n verteenwoordiger by 'n betrokke volkseenheid in 'n stadsgebied behartig namens die gebiedsowerheid (artikel 5(i)) die belange van so 'n volkseenheid en verkry verder ook regsplegende bevoegdhede 50).

Voordat die masjinerie deur laasgenoemde wet in die praktyk geïmplementeer is en die toepasbaarheid daarvan bepaal kon word, is die Wet op Stedelike Bantoerade in 1961 uitgevaardig. In hoeverre dit, veral die praktiese toepassing daarvan, aansluiting vind by die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959, sal eers bepaal kan word nadat die stelsel van stedelike Bantoerade bespreek is.

Soos reeds gemeld, is met die aanname van die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, 'n rigting aangedui wat met die eerste oogopslag beleidsooreenstemmend voorgekom het. 'n Nadere ontleding van die wet sal egter in ixtenso gedoen moet word om daarmee te kan bepaal in hoeverre dit by die aanvaarde en tot 'n mate statutêr vasgelegde beleid aansluit.

50. Artikel 5 (2).

4.2.1 Instelling van stedelike Bantoerade

Artikel 2 van die wet ⁵¹⁾ verleen aan n stedelike plaaslike bestuur die bevoegdheid om n stedelike Bantoeraad in te stel. Die woord kan word gebruik waardeur geïmpliseer word dat n stedelike plaaslike bestuur nog nie verplig is om dit wel te doen nie, behalwe in gevalle wat later genoem sal word. By die instelling van n stedelike Bantoeraad is die bevolkingsamestelling van die Bantoes in die regsgebied van n plaaslike bestuur bepalend vir die tipe raad wat ingestel staan te word. In die eerste instansie kan n Bantoeraad ingestel word vir n Bantoewoongebied onder die gesag van n stedelike plaaslike bestuur, of n gedeelte van so n gebied, of so n gebied plus n gedeelte van n ander gebied, of twee of meer sodanige gebiede of twee of meer gedeeltes van sodanige gebiede gesamentlik. In die tweede instansie kan n stedelike Bantoeraad ingestel word vir die Bantoes hehorende tot n volkseenheid ⁵²⁾ wat in n stedelike Bantoewoongebied woonagtig is, of n gedeelte van so n gebied, „... of in so n gebied en so n gedeelte of twee of meer sodanige gebiede of twee of meer gedeeltes van sodanige gebiede" ⁵³⁾. Vir elk van die twee soorte rade is daar nog vyf moontlike gebiede of samestellings van gebiede waar Bantoerade ingestel kan word.

-
51. Die Wet op Stedelike Bantoerade waarna verder verwys sal word as die wet.
52. Soos uiteengesig in die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959, artikel 2(1).
53. Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, artikel 2(1)(b).

Voordat n stedelike plaaslike bestuur n Bantoeraad vir n gebied of n gedeelte van n gebied kan instel, moet die adviserende Bantoe-komitee van daardie gebied vir sover daar een bestaan, eers geraadpleeg word. Indien daar nie n adviserende komitee bestaan nie, moet die Bantoe-gemeenskap egter geraadpleeg word. Die wet lê dus n verpligting op die plaaslike owerheid om die Bantoe, hetsy as gemeenskap of n komitee as verteenwoordigend van die gemeenskap, te raadpleeg. Hier is dus geen sprake van instemming of goedkeuring deur die Bantoe nie.

n Stedelike plaaslike bestuur is egter verplig om n stedelike Bantoeraad vir n gebied in te stel as daar n adviserende komitee bestaan en dié hom versoek om n Bantoeraad in te stel. Met ander woorde, as die adviserende komitee hom nie versoek om n stedelike Bantoeraad in te stel nie, verval die verpligting ook. Teoreties is dit dus moontlik dat waar n adviserende komitee bestaan en hy die owerheidsbeleid nie goedgesind is nie (en nie n stedelike Bantoeraad ingestel wil hê nie), so n versoek tot instelling eenvoudig net nie gerig word tot die plaaslike bestuur nie.

Daarteenoor moet n stedelike plaaslike bestuur n Bantoeraad vir n gebied instel indien die minister na oorlegpleging met die betrokke Bantoe-gemeenskap van so n gebied, die plaaslike bestuur daartoe gelas.

n Stedelike plaaslike bestuur kan, indien n Bantoeraad reeds ingestel is en dié hom daartoe versoek, die gebied waarvoor dit ingestel is, vergroot of verklein deur toevoeging of wegneming van gebiede of gedeeltes van gebiede onder sy gesag. Verder kan n stedelike Bantoeraad ook n plaaslike bestuur versoek om hom te ontbind en n ander Bantoeraad in te stel. Ook in hierdie gevalle rus daar geen verpligting op die plaaslike owerheid om dit wel te doen.

4.2.2 Samestelling van stedelike Bantoerade

In die samestelling van n stedelike Bantoeraad word deur die wet voorsiening gemaak vir gekose sowel as verkose lede, maar in n besondere verhouding. Die verantwoordelikheid om te bepaal hoe groot so n raad moet wees, berus by die stedelike plaaslike bestuur met die voorbehoud dat dit nie minder as ses lede mag hê nie. Die gekose lede mag egter nie meer as die verkose lede wees nie. n Bantoeraad kan egter nadat dit reeds ingestel is, die plaaslike owerheid versoek om dit te vergroot of te verklein.

Indien n stedelike Bantoeraad ingestel word vir Bantoes behorende tot n bepaalde volkseenheid, moet die verkose lede tot daardie volkseenheid behoort en binne die gebied woonagtig wees. Daarbenewens moet

hulle ook oor die voorgeskrewe kwalifikasies beskik ⁵⁴⁾. Die gekose lede word deur en uit die geledere van kapteinsverteenwoordigers gekies, erken deur die minister en behorende tot die volkseenheid waarvoor die raad ingestel word. Daardie gekose lede se kandidatuur moet eers deur die minister en die stedelike plaaslike bestuur goedgekeur word.

54. Die modelregulasies vir stedelike Bantoerade bepaal in artikel 4 dat iemand nie kwalifiseer indien hy

- (a) nie in die stadsgebied woonagtig is nie;
- (b) agterstallig is met enige gelde betaalbaar aan die plaaslike bestuur of Bantoeraad;
- (c) in die 5 jaar voor nominasie skuldig was aan n misdryf en gevonniss was met gevangenisstraf sonder die keuse van n boete vir n tydperk van een maand of met die keuse van boete vir n tydperk van meer as ses maande.
- (d) deur n bevoegde instansie as geestelik gekrenk of gebrekkig verklaar is;
- (e) as werknemer n winsgewende amp of winsbetrekking beklee onder die stedelike plaaslike bestuur;
- (f) deur artikel 2(3) van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, verbied is om samekomste by te woon;
- (g) deur artikel 5(1) (e) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, verbied is om samekomste by te woon of ingevolge artikel 4(10) gelys is; en
- (h) n persoon onderworpe aan die bepalinge van artikel 12 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945.

Die gekose lede vir hierdie tipe raad word op dieselfde wyse gekies as dié van n raad vir n bepaalde volkseenheid, behalwe dat hulle nie erkende kapteinsverteenwoordigers moet wees nie maar tog verteenwoordigend van volkseenhede wat vanweë hulle getalle in die betrokke gebied, en volgens oordeel van die plaaslike owerheid, geregtig is op verteenwoordiging. In alle gevalle bly die gekose lede, lede van die Bantoeraad solank as wat hulle sodanige verteenwoordigers is.

4.2.3 Bevoegdhede, funksies en pligte van Bantoe- rade

Die bevoegdhede, funksies en pligte van stedelike Bantoerade word in artikel 4 van die wet uiteengesit. Dit kom daarop neer dat n stedelike Bantoeraad en die lede daarvan alle funksies uitoefen en pligte verrig wat ingevolge die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, of enige ander wet, verleen is aan of gelê is op sowel die adviserende komitee, ingestel deur genoemde wet, as die lede daarvan. Met ander woorde, as sodanig funksioneer die raad asof dit n adviserende komitee is.

Benewens bogenoemde het n stedelike Bantoeraad nog verdere bevoegdhede, funksies en pligte. n Stedelike Bantoeraad oefen ook namens en onder leiding van n stedelike plaaslike bestuur die bevoegdhede van n stedelike plaaslike bestuur uit en verrig die funksies en pligte daarvan „... ten opsigte van die gebied waarvoor dit ingestel is, ten opsigte

van een of meer van die volgende ondergenoemde aangeleenthede in verband met Bantoes wat die stedelike plaaslike bestuur na oorlegpleging met die betrokke Administrateur aan so n raad opdra met die instemming en onderworpe aan die voorwaardes bepaal deur die Minister." 55)

Prakties kom dit daarop neer dat n Bantoe-raad namens en onderworpe aan die voorskrifte van die betrokke stedelike plaaslike bestuur die bevoegdhede van n plaaslike bestuur uitoefen en die funksies en pligte verrig wat ingevolge subartikel (1) van artikel 4 aan hom verleen is. n Stedelike plaaslike bestuur kan dus vir sover dit die Bantoes in n Bantoewoongebied raak, sekere aangeleenthede oordra of reserveer vir die Bantoeraad nadat daardie aangeleenthede deur die Administrateur en Minister goedgekeur is. Die aangeleenthede wat in die wet genoem word en, onderworpe aan die nodige goedkeuring, aan n stedelike Bantoeraad oorgedra kan word, is:

1. die uitlê van n Bantoewoongebied;
2. die huisvesting van Bantoes wat geen familielewe lei nie;
3. die verwydering van persone wat onwettiglik in die gebied woonagtig is;
4. die onwettige okkupasie van grond en geboue;

5. die bestuur van en beheer oor die gebied (met inbegrip van die vasstelling van die voorrangsorte wat by die toewysing van woongeriewe gevolg moet word) en die handhawing van die goeie orde daarin;
6. die oprigting en gebruik van wonings, geboue en ander bouwerke, en die verwydering of sloping van ongemagtigde of verlate geboue of strukture;
7. die toekenning van persele vir kerk- of onderwysdoeleindes;
8. die verbod op of die reëling of beperking van die aantal diere asook die toesig oor die beweiding van gemeenskaplike weiveld;
9. die reëling van binnekoms of tydelike verblyf in die gebied;
10. die verskaffing van sanitêre, gesondheids- en mediese dienste in die gebied; en
11. die sedelike en maatskaplike welsyn van die persone wat in die gebied woonagtig is.

Benewens bogenoemde funksies en pligte verkry stedelike Bantoeraade ook nog verder uitgebreide bevoegdhede. Artikel 4(2)(b) bepaal dat 'n Bantoeraad bevoeg is om 'n gemeenskaps-wag te beheer en te bestuur as so 'n wag vir 'n gebied ingestel is. Die Hoof-Bantoesake-kommissaris of die Bantoesakekommissaris kan ook enige aangeleentheid wat wenslik geag word, na 'n Bantoeraad verwys vir oorweging en verslag. Insgelyks kan 'n Bantoeraad oor enige aangeleentheid 'n verslag aan die Hoof-Bantoesakekommissaris of Bantoesakekommissaris voorlê.

n Verpligting word op stedelike Bantoerade geplaas om enige verteenwoordiger ingestel vir n bepaalde volkseenheid ⁵⁶⁾ bystand en advies te verleen in verband met aangeleenthede wat daardie Bantoes raak. Die Minister kan enige ander bevoegdheid, funksie of plig wat hy nodig ag, na oorlegpleging met die Administrateur en instemming van die betrokke stedelike plaaslike bestuur, aan die stedelike Bantoeraad opdra. n Stedelike Bantoeraad verkry ook die bevoegdheid om, waar hy dit raadsaam ag met inagneming van die bepalinge van enige toepaslike wet, voorsiening te maak vir enige aangeleentheid ter uitvoering van sy funksies of pligte. Hierdie bevoegdheid sluit onder meer in die delegering van uitvoerende bevoegdhede aan n komitee van die Bantoeraad of slegs aan n Bantoe deur hom aangewys.

Die wet maak in artikel 4 (3) voorsiening vir optrede ingeval dit aan die Bantoesake-kommissie blyk dat n stedelike plaaslike bestuur op onredelike wyse sy instemming weerhou wanneer die Minister enige ander bevoegdhede, funksies of pligte aan n Bantoeraad wil opdra. In so n geval kan die Minister eenvoudig net daardie bevoegdhede, funksies en pligte wat hy wenslik ag, opdra aan n Bantoeraad, sonder die instemming van die plaaslike owerheid. In artikel 4(4) beskerm die wet egter stedelike plaaslike besture deur te bepaal dat die magte en

56. Die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur 1959, artikel 4.

funksies kragtens sub-artikel (2) aan Bantoe-
rade verleen, nie vertolk moet word as synde
n vermindering van die magte, funksies en
bevoegdhede van n stedelike plaaslike
bestuur nie. Enige aldus verleende magte,
funksies en bevoegdhede kan na raadpleging
met die administrateur en onderworpe aan die
goedkeuring van die Minister, teruggetrek
word deur die stedelike plaaslike bestuur.

4.2.4 Siviele en kriminele regsmag aan Bantoes

In die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961,
word voorsiening gemaak vir die verlening van
strafregtelike en siviele regsmag aan Bantoes.
Alhoewel dit in die tuislande gebruiklik is
om aan Bantoe kapteins en hoofmanne kriminele
en siviele juridiksie te verleen, is dit n
nuwe beginsel in stedelike Bantoeadministrasie
in Suid-Afrika.

Hierdie verlening van regterlike bevoegdhede
aan n plaaslike bestuursliggaam dui daarop
dat die owerhede met die stedelike Bantoerade
nie dieselfde bestuursvorm in gedagte gehad
het as dié van die blankes nie. Dit neig
eerder na die tradisionele stelsel waarin
die kraalbestuur administratief en judisieel
hierargies ingeskakel was by die stambestuur.

Die Minister kan aan n Bantoe wat lid is
van n stedelike Bantoe raad, of wat n erkende
kapteinsverteenvoerder is, dieselfde be-
voegdhede en regsmag verleen wat ingevolge

die Bantoeadministrasie Wet, 1927, 57) aan n Bantoekaptein of hoofman verleen word. Sodanige bevoegdheid of regsmag geld dan slegs ten opsigte van die gebied waarvoor so n Bantoeraad ingestel is.

Die toepaslike bepalings (artikels 12 en 20) van die Bantoeadministrasie Wet, 1927, en alle regulasies daarkragtens uitgevaardig, is mutatis mutandis van toepassing ten opsigte van die bevoegdheid en regsmag van die persoon aan wie dit in die stedelike gebied verleen is. Die Wet op Stedelike Bantoerade bepaal voortgaande dat geen beslissing, opdrag of bevel gedoen of uitgereik deur n persoon aan wie sodanige regsmag verleen is in die uitoefening van sy bevoegdhede, ongeldig sal wees nie bloot op grond van die feit dat so n persoon met n stedelike Bantoeraad of n lid daarvan oorleg gepleeg het.

4.2.5 Gemeenskapswagte

Die Minister van Bantoeadministrasie en -Ontwikkeling kan in oorleg met die Minister van Justisie en die stedelike Bantoeraad (of twee of meer rade gesamentlik) n gemeenskapswag instel vir die gebied of gebiede van so n Bantoeraad. In hoofsaak kom die funksies van so n gemeenskapswag neer op

57. Die Bantoeadministrasie Wet, 1927, artikels 12 en 20.

- (a) die versekering van die veiligheid van die inwoners van die betrokke gebied;
- (b) die handhawing van reg en orde in so n gebied; en
- (c) die voorkoming van misdaad in daardie gebied.

Die Minister bepaal en skryf verder die samestelling, funksionering en pligte van so n gemeenskapswag voor. n Gemeenskapswag waar ingestel, vervang nie die Suid-Afrikaanse Polisie ten opsigte van bevoegdhede, funksies en pligte nie. Dit moet eerder aanvullend wees.

4.2.6 Finansies van n stedelike Bantoeraad

n Stedelike Bantoeraad word deur die wet gemagtig om met geld te werk en geldsake te hanteer. Daar moet egter op gelet word dat uitdruklik bepaal word dat alle gelde wat n stedelike Bantoeraad invorder, aan die plaaslike bestuur oorbetaal moet word en in die Bantoe-inkomsterekening ⁵⁸⁾ gestort moet word. Die inkomste van n stedelike Bantoeraad kan kom uit (a) alle gelde ontvang uit hoofde van die uitoefening van bevoegdhede, funksies en pligte van so n Bantoeraad en (b) alle

58. Ingestel ingevolge artikel 19 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945.

boetegeld ingevorder ten opsigte van boetes opgelê deur iemand in die uitoefening van strafregtelike jurisdiksie aan hom verleen.

Die Bantoe-inkomsterekening is belas met (a) die uitgawes deur n stedelike plaaslike bestuur aangegaan in verband met n stedelike Bantoeraad deur hom ingestel, (b) alle uitgawes aangegaan deur n stedelike Bantoe-raad of n lid daarvan in die uitvoering van sy bevoegdhede en funksies, maar onderworpe aan die goedkeuring van die stedelike plaaslike bestuur, en (c) alle uitgawes aangegaan deur n persoon aan wie regsmag verleen is in die uitoefening van sy strafregtelike jurisdiksie. Ook hierdie uitgawes is onderworpe aan die goedkeuring van die stedelike plaaslike bestuur.

Wanneer n stedelike Bantoeraad ingestel is, is n stedelike plaaslike bestuur verplig om sy jaarlikse begroting ten opsigte van die Bantoe-inkomsterekening in oorleg met die Bantoeraad te doen. As die Minister oortuig is dat die oorlegpleging nie na wense is nie, kan hy n wyse van oorlegpleging voorskryf.

4.2.7 Adviserende komitees (artikel 9)

Sodra n stedelike Bantoeraad ingestel is vir n gebied of n gedeelte van n gebied waarin n Adviserende Bantoe Komitee bestaan, hou daardie Adviserende Bantoe Komitee op om te bestaan en bevoegdhede, funksies en pligte uit te oefen. Verder moet n stedelike plaaslike

bestuur n Adviserende Bantoe Komitee wat deur hom ingestel is, ontbind op versoek van so n komitee. Nadat die Wet op Stedelike Bantoe-rade ingestel is, kan geen adviserende komitees meer ingestel word nie.

Dit wil dus voorkom asof met hierdie wet n poging aangewend is om die teorie en praktyk nader aan mekaar te bring waar laasgenoemde geleidelik weg van die oorspronklike doel-stellings beweeg het.

Teoreties wil dit lyk asof die wet uitgebreide bestuursbevoegdhede aan die stedelike Bantoe gee, maar in die praktyk kom dit daarop neer dat n stedelike plaaslike bestuur, dié in artikel 4(2)(a) genoemde funksies, magte en bevoegdhede onderworpe aan sekere voorwaardes aan n Bantoeraad kan gee.

Hierdie artikel in die wet sowel as die modelregulasies ⁵⁹⁾, laat ruimte vir verskillende interpretasies vir sover dit die verlening van magte en funksies aan Bantoe-rade betref.

Die Engelse teks ⁶⁰⁾ van die wet is miskien duideliker waar dit die magte, funksies en bevoegdhede van n Bantoeraad omskryf. In artikel 4(2) word bepaal:

59. Die modelregulasies opgestel deur die Departement Bantoeadministrasie en -Ontwikkeling dien as handleiding vir stedelike plaaslike besture by die opstel van hulle regulasies.

60. Engelse teks deur die Staatspresident onderteken.

„An urban Bantu Council shall also:

- (a) in respect of the area for or in respect of which it has been established, on behalf of and subject to the directions of the Urban local Authority concerned, exercise such powers and perform such functions and duties of an urban, local authority in respect of one or more of the following matters in connection with Bantu as the urban local authority may after consultation with the Administrator in question assign to such council with the concurrence of and subject to such conditions as may be determined by the Minister:....."
(Eie onderstreping).

n Stedelike plaaslike bestuur het dus die reg om te besluit welke bevoegdhede, magte en funksies aan n Bantoeraad gegee kan word en die verlening daarvan is onderworpe aan voorwaardes wat die minister mag bepaal. Verder berus dit ook by plaaslike besture om te bepaal tot welke mate die aangeleenthede, wat in die wet genoem word (artikel 4 (2)(a)(i)-(xi)), deur n Bantoeraad slegs oorweeg en by die plaaslike bestuur aanbeveel mag word of ten volle uitgevoer moet word.

Die wet laat aan plaaslike besture die ruimte om bestuursbevoegdhede aan die Bantoe-rade toe te ken ooreenkomstig die ontwikkeling en bestuurservaring van die stedelike Bantoe. n Voorbeeld van die mate waarin n plaaslike bestuur die bevoegdhede, magte en funksies

van n Bantoeraad bepaal en omskryf, kan in die praktiese implementering van die regulasies ⁶¹⁾ van die munisipaliteit van Welkom gevind word, waar n stedelike Bantoeraad sedert 1963 in werking is.

Die magte en funksies van genoemde stedelike Bantoeraad is hoofsaaklik adviserend ⁶²⁾ ten opsigte van feitlik alle aangeleenthede genoem in artikel 4(2)(a) van die wet. So byvoorbeeld moet die stedelike Bantoeraad „.... kommentaar lewer en aanbevelings maak aan die Stedelike Plaaslike Bestuur oor die aanlegplan van n Bantoewoongebied en enige wysigings daarvan." (Eie onderstreping).

Ten opsigte van artikel 4(2)(a)(v) van die wet moet die stedelike Bantoeraad „... aansoek vir die gebruik van die gemeenskapsaal oorweeg en by die Stedelike Plaaslike Bestuur aanbevelings maak" (Eie onderstreping). Die uitdrukkings oorweeg, kommentaar lewer en aanbevelings maak kom voor in alle bevoegdhede wat aan daardie Bantoeraad verleen is. Prinsipieel verskil dit nog nie veel van die ou adviserende komiteestelsel nie.

Slegs ten opsigte van die sedelike en maatskaplike welsyn van die inwoners (artikel 4(2)(a)(XI) van die wet) van die Bantoewoongebied het die stedelike Bantoeraad meer as adviserende bevoegdhede want die raad is „.... verantwoordelik vir die beplanning en administrasie van -

61. Administrateurskennisgewing, Nr. 173 van 1963.

62. Vergelyk verder Bylae. E.

- (a) Versorging van die individu ...
- (b) Gesinsorg, ...
- (c) Gemeenskapsorganisasie," 63)

Bogenoemde voorbeelde illustreer duidelik dat die interpretasie van die wet asook die praktiese implementering daarvan, van gebied tot gebied kan verskil. Teoreties kan een stedelike plaaslike bestuur al die in die wet genoemde bestuursbevoegdhede aan 'n Bantoeraad verleen terwyl 'n ander plaaslike bestuur slegs adviserende bevoegdhede sal gee. In laasgenoemde geval sal so 'n stedelike Bantoeraad niks anders as 'n verheerlikte adviserende komitee wees nie, en die Bantoe, bewus van die magte wat die wet aan hulle bied, kan vir steeds groter bevoegdhede binne die blanke gebied agiteer.

'n Moontlike gevaar in die stelsel is dat die Bantoe daardeur gesterk mag word in hulle oortuiginge dat hulle permanent in die blanke gebied is. Daar is egter soveel ander omstandighede wat dit kan versterk dat hierdie verlening van bestuursbevoegdhede nie veel verskil sal maak nie.

Die verlening van siviele en strafregtelike jurisdiksie aan sekere Bantoes in stedelike gebiede (artikel 5 en 6) wil met die eerste oogopslag prinsipieel na 'n gesonde beginsel lyk. 'n Praktiese probleem kom daarin dat

die wet bepaal dat slegs aan 'n Bantoe wat lid van 'n stedelike Bantoeraad is daardie bevoegdheid verleen kan word. As die heterogene aard van die stedelike Bantoebevolking in aanmerking geneem word, ontstaan die vraag tog welke regstelsel so 'n Bantoe aan wie die regsmag verleen is, in gedinge gaan toepas. Elke Bantoepersoon as lid van 'n volkseenheid, moet aan 'n bepaalde regsisteem onderhewig wees, en dit kan nie verwag word dat 'n lid van 'n Bantoeraad (aan wie regsmag verleen is) van die verskillende Bantoe-regstelsels kennis moet dra nie. Dit wil dus voorkom asof die judisiële masjinerie daargestel deur die wet, onprakties is, behalwe in die geval van 'n Bantoeraad vir 'n spesifieke volkseenheid.

Aan die anderkant het hierdie wet egter ook positiewe elemente wat veral vir dorpsstigting oor die algemeen belangrik is en dan in besonder vir die beheer en bestuur van daardie tuislandse dorpe. Al sou 'n stedelike plaaslike bestuur op die oomblik miskien nie veel meer as adviserende bevoegdhede aan 'n Bantoeraad gee nie, voorsien die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, tog meer terreine waaroor die stedelike Bantoe mede-verantwoordelikheid moet aanvaar. Uit daardie oogpunt gesien, bied die wet ook meer geleentheid vir die stedelike Bantoe om bestuurservaring op te doen as die ou adviserende komiteestelsel. Uit 'n etnies-pedagogiese oogpunt gesien, bied hierdie wet ook iets positiefs aan die Bantoe.

Een van die belangrikste positiewe aspekte in die wet is die ervaring wat die stedelike Bantoeraad van geldsake kan opdoen. Onder die ou adviserende komiteestelsel was daar geen geleentheid vir die stedelike Bantoe om van hierdie belangrike bestuursfunksie enige positiewe ervaring op te doen nie en gevolglik was hulle eise en versoeke dikwels onredelik en onrealisties. Op alle bestuursvlakke is dit noodsaaklik dat kennis en ervaring van finansiële sake nie losgemaak of weerhou word van diegene wat veronderstel is om daarby te baat nie. Ook in hierdie opsig kan die stelsel van bestuursdeelname daargestel deur die wet, 'n goeie leerskool in plaaslike bestuur aan die Bantoe voorsien.

Dit word algemeen aanvaar dat deelname aan plaaslike bestuur die beste ervaring bied, in die kunsvaardigheid van selfregering. Terwyl daar in die Bantoetuislande in die verlede geen dorpe en stede ontstaan het nie, was die Bantoebevolking van daardie belangrike en noodsaaklike leerskool op die weg na selfregering uitgesluit. Verstedeliking van Suid-Afrika se Bantoebevolking het tot nou toe in die blankbeheerde stedelike gebiede plaasgevind waar hulle aandeel in plaaslike bestuur tot die absolute minimum beperk was naamlik die verlening van advies oor geringe aangeleenthede. Deur die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, is 'n poging aangewend om sover as moontlik in ooreenstemming met die beleid, groter en bruikbaarere bestuursbevoegdhede aan die stedelike Bantoe te gee.

Die feit is dat daar vandag groot getalle Bantoes is wat langdurig in die blanke stedelike gebiede woonagtig is, en derhalwe behoort pogings eerder in die werk gestel te word om daardie mense ervaring van plaaslike bestuur te laat opdoen wat hulle in belang van hulle tuisgebiede kan gebruik.

Die doeltreffendste metode is immers om dáár te begin waar die fasiliteite bestaan, naamlik in die Bantoewoonbuurtes van die blanke dorpe en stede.

In 'n latere hoofstuk sal dan ook aangetoon word tot welke mate stedelike Bantoeadministrasie aanvullend tot die tuislandse ontwikkeling moet wees en hoe die blankbeheerde stedelike gebiede 'n noodsaaklike funksie kan vervul by dorpstigting in die Bantoetuislande.

VERSTEDELIKING VAN DIE TUISLANDE

1. Die afwesigheid van dorpe

In hoofstuk III is gevind dat die Bantoe van Suid-Afrika tradisioneel nie dorpsstigters en -bewoners was nie. Dit neem egter nie die feit weg nie dat die Bantoe, na sy aanraking met die blanke, in toenemende mate verstedelik het. Daardie verstedeliking het nie in die Bantoegebiede plaasgevind nie, maar in die gebiede wat kragtens wet vir die blanke opsy gesit is. Volgens die 1951-sensus was daar in daardie jaar reeds 2,391,000 Bantoes in blanke stedelike gebiede woonagtig, terwyl die getal stedelike Bantoes in 1960 aangegroei het tot 3,471,000 ¹⁾. Dit verteenwoordig 27.9% van die totale stedelike bevolking in 1951 en 31.8% in 1960.

Op dié stadium is dit nodig om duidelikheid te kry oor die begrip „verstedeliking”. Verstedeliking, verwestersing en ontstamming is nie terme met identiese inhoud nie.

Volgens Coetzee ²⁾ kan verwestersing van die Bantoe buite die stad plaasvind en kan dit binne die stedelike lewe teengestaan word. Fisieke aanwesigheid van die Bantoe in dorpe en stede beteken nog geen sosio-kulturele verstedeliking nie. Trekarbeiders kan byvoorbeeld in die stad wees maar nie van die stad nie. Blote stadsverblyf moet van stadsverankertheid of stadsgeworteldheid onderskei word.

-
1. Republiek van Suid-Afrika. Statistiese Jaarboek, 1964, A-12.
 2. Coetzee, J.H. in Tydskrif vir Maatskaplike Navorsing, Deel 12, No. 2, 1962, p. 241.

Schmidt ³⁾ stel sekere voorwaardes aan die begrip verstedeliking. Naas die verhuising van 'n landelike na 'n stedelike omgewing, bedoel verstedeliking ook die hoedanigheid of kwaliteit van lewenswyse in die stedelike gebied. Gevolglik word met verstedeliking basies die proses bedoel waarvolgens 'n individu of groep, na oorpasing vanaf 'n landelike na 'n stedelike omgewing, permanente inwoners van daardie stedelike omgewing geword het met geen begeerte om na die landelike omgewing terug te keer nie.

Die verstedeliking wat in die sogenaamde blanke stedelike gebiede plaasgevind het, toon enersyds die neiging by die Bantoe om vinnig te verstedelik en andersyds dat 'n indirekte verstedeliking in die Bantoegebiede ontstaan het, hoofsaaklik meegebring deur die stelsel van trekarbeid.

Dit word aanvaar en deur die geskiedenis bewys dat die mens 'n sekere mate van kulturele ontwikkeling moet bereik voordat stedelike ontwikkeling kan intree. Terwyl die Bantoe nou, na aanraking met die blanke en sy kultuur, met die gepaardgaande akkulturasie, die neiging om te verstedelik begin toon het, ontstaan die vraag tog waarom daardie latente verstedelikingsdrang nie in die tuislande uitgeleef is nie.

Historiese en politieke omstandighede het daartoe gelei dat die grondgebied van Suid-Afrika tussen die blankes en die Bantoe verdeel is. Met verloop van tyd is daardie verdeling statutêr vasgelê en het die Bantoe 13.7% van die totale grondgebied gekry.

3. Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoe-gemeenskap, p. 29.

Die blanke het aanvanklik slegs sy eie gebied ontwikkel en vir die ekonomiese vooruitgang van die Bantoegebiede weinig gedoen. Die Bantoe daarenteen het self ook baie min gedoen om die gereserveerde gebiede te ontwikkel. Die Bantoe het hulle op daardie stadium ook glad nie as landbouers, volgens blanke standaarde, onderskei nie, met die gevolg dat grootskaalse uitbreiding van hulle gebiede, rampspoedige gevolge vir die Suid-Afrikaanse landbouproduksie sou meebring.

Die Ekonomiese Naturelle Kommissie van 1930-32 het destyds reeds aandag aan hierdie saak gegee en gevind dat die Bantoe "..... as ras te agterlik is, te sterk vasgehou in die greep van primitiewe bygeloof en vrees;" 4) om self iets positiefs vir die ontwikkeling en vooruitgang van hulle gebiede te doen.

Die pastorale lewenswyse van die Bantoe, sy onderontwikkeldheid en primitiewe landboumetodes, gepaard met 'n bevolkingsdruk, het daartoe gelei dat groot getalle na die blanke gebiede moes gaan om daar 'n heenkome te vind. Terwyl die Bantoegebiede die bevolking weggestoot het, het die ontwikkelende blanke gebiede daardie Bantoes getrek. Teen daardie agtergrond gesien, wil dit voorkom asof die ekonomiese ontwikkeling van die blanke gebiede enersyds en die relatiewe onderontwikkeldheid van die Bantoegebiede andersyds, die belemmerende faktore in die verstedeliking van die tuislande was. Verstedeliking van die Bantoe het nou in 'n vir hom vreemde milieu plaasgevind, terwyl die natuurlike verstedelikingsproses van sy eie gebied agterweë gebly het.

4. Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Ekonomiese Naturellekommissie, 1930-1932, U.G. 22, 1932, p. 15, par. 81. (verdere verwysings na U.G. 22, 1932).

Namate die Bantoe hulle in die blanke gebiede gaan vestig het, het toestande in die tuislande tot so n mate gedegenerereer dat die klimaat vir verstedeliking al hoe ongunstiger geraak het. Daarby moet in aanmerking geneem word dat daardie proses die tuislande dikwels van hulle beste kragte vir n uiteindelijke stedelike ontwikkeling, ontnem het. Die persone wat na die blanke gebiede uitgewyk het, het tot n groot mate die meer permanente Bantoe-inwoners van die blanke stede geword, terwyl hulle juis diegene was wat verstedeliking van die tuislande moes bewerkstellig. Die produktiewe Bantoe het sy tuisland verlaat en die ontwikkeling van die gebied in die hande van die onproduktiewes, die vrouens, kinders en oues van dae gelaat.

Die geskiedenis van stedeboou bewys dat n surplus in landbouproduksie en bevolkingsdruk normaalweg aanleiding gee tot n konsentrasie van mense in digte nedersettings wat die voorlopers van dorpe kan wees. In Suid-Afrika se Bantoegebiede kon daardie ontwikkeling nie plaasvind nie omdat daar eerstens geen oorproduksie was nie en tweedens omdat die surplus landboubevolking na die blanke ontwikkelingsgebiede uitgewyk het. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat waar oorproduksie gewoonlik tot gediversifiseerde beroepe lei, die Suid-Afrikaanse Bantoe daardie belangrike ontwikkelingsproses in dorpstigting moes ontbeer omdat hulle vir baie jare in hulle gebiede n pastorale volk gebly het. Tereg beweert Munro ⁵⁾ "(So) long as men remained in the pastoral or agricultural stages there was little stimulus to the differentiation of economic functions; the entire energies of men were absorbed in the task of raising the food supply".

5. In Encyclopaedia of Social Sciences, p. 474.

Dit was in der waarheid die geval met die Bantoe in hulle tuislande. In plaas daarvan dat die surplus landboubevolking in die tuislande in dorpe n heenkoms gevind het waar n verskeidenheid beroepe beoefen kon word, het Bantoewoonbuurtes as aanhangsels of satelliete van elke blanke dorpe en stad ontstaan. Die aldus verstedelikte Bantoe se bydrae tot die ontwikkeling van die tuislande, veral vir sover dit dorpstigting betref, was minimaal. Die stimulus om die tuislande te ontwikkel en dorpe daar te stig moes dus noodwendig van die blanke kom. Vir hierdie toedrag van sake was verskeie faktore verantwoordelik, naamlik (a) die gevaar wat die onderontwikkeldheid van die tuislande vir die land as geheel ingehou het, (b) die aandeel wat die Bantoe in die ekonomiese ontwikkeling van die land gehad het en (c) die toestroming van die Bantoe na die blanke gebiede.

Verder het faktore wat in die blanke ontwikkelende gebiede tot dorpstigting en stadsontwikkeling gelei het, feitlik algeheel ontbreek in die Bantoegebiede. Geografiese en historiese faktore wat bepalend vir die sosio-ekonomiese vorming van die Bantoegebiede was, was ewe-eens ook bydraend tot die afwesigheid van dorpe en stede. Hier word veral gedink aan die plekgebondenheid van die goudmynbedryf in Suid-Afrika en die mate waarin dit dorpstigting in die blanke sektor tot gevolg gehad het ten koste van n soortgelyke ontwikkeling in die Bantoegebiede met die gevolg dat die myne n trekkrag op die bevolking van die gebiede uitgeoefen het. Gepaard met die vestiging van myne het n ekonomiese oplewing plaasgevind wat tot die ontstaan van dorpe en stede in die blanke sektor aanleiding gegee het. Groot getalle Bantoes het vir korter of langer periodes in die blanke dorpe en stede gaan woon en sodoende die bevolkings- en

ekonomiese druk op die Bantoegebiede verminder, sodat n behoefte aan dorpe aanvanklik nie ontstaan het nie.

n Verdere faktor wat dorpstigting in die tuislande voorkom het, was die plekgebondenheid van die land se sekondêre nywerhede. In die meeste lande is die arbeidsbronne n belangrike lokalisasie faktor vir die nywerhede, maar in Suid-Afrika het die sekondêre nywerhede om die goudmyne en die verskillende hawens gegroepeer. Sodoende was die nywerhede ook plekgebonde en gesentraliseer, waardeur n verdere suigkrag op die tuislandse Bantoe uitgeoefen is. Enkele groot nywerheidsentra het binne die geheel van die blanke gebied ontstaan wat as sponse selfs meer as die surplus landboubevolking van die tuislande opgevang het. Ekonomiese en landbouontwikkeling van die tuislande het noodwendig daaronder gely, terwyl dorpstigting nie plaasgevind het nie.

Die Naturellen Grond Wet van 1913, waarkragtens die Bantoegebiede uitsluitlik vir die Bantoe gereserveer is, het verder voorkom dat blanke entrepeneurs hulle daar gaan vestig het. Selfs waar dorpstigting om handels- en administratiewe redes plaasgevind het, het dit tot „witkolle" met swart aanhangsels ontwikkel (byvoorbeeld die dorpe in die Transkei en ander Bantoegebiede). Daardeur is kapitaal, ondernemingsgees en tegniese vaardigheid tot n groot mate uit die gebiede gehou. Hoewel daardie wet die gebiede in belang van die Bantoe gereserveer het, het verstedeliking van die gebiede tot n groot mate daaronder gely want die blanke het aanvanklik al sy kragte aan die ontwikkeling van sy eie gebiede bestee. Hieroor merk die Ekonomiese Naturellekommissie dan ook op: „(dit) is klaarblyklik onmoontlik en, selfs al was dit moontlik, onwenslik, dat die

Europese bevolking van die Unie die stoflike las moet dra om n Naturellebevolking wat hulle in getal oortref, in n verhouding van drie tot een, tot n peil van beskawing te bring" ⁶⁾. Die blanke kon dus nie dorpsstigting in die tuislande laat plaasvind nie terwyl die Bantoe self binne die ontwikkelende blanke gebiede in Bantoe woonbuurtes n verstedelikingsproses ondergaan het.

Die Naturellen Grond Wet van 1913 het die beleid van territoriale segregasie beliggaam en daarvolgens is gebiede afgesonder vir die uitsluitlike okkupasie deur die Bantoe. Daardie gebiede was egter heeltemal ontoereikend, en in 1925 verklaar generaal Hertzog ⁷⁾ dat vorige regerings daarmee begin het, "... dog het nie verder gekom dan tot n onvolledige en onbevredigende toekenning van grondgebied nie..." Uit amptelike verslae ⁸⁾ blyk dit ook dat ooreenkomstig die destydse beleid, gebiede vir die Bantoe afgesonder is terwyl daar weinig of niks gedoen is om dit ekonomies te ontwikkel nie. Van owerheidsweë is die politieke outonomie van die Bantoegebiede as heeltemal versoenbaar beskou met byna algehele ekonomiese afhanklikheid van blank Suid-Afrika en "hulle (owerheid) noem wel telkens ontwikkeling maar veel verder gaan dit nie" ⁹⁾.

6. U.G. 22, 1932, op. cit., p. 18.

7. Van As, op. cit., p. 178.

8. Union of South Africa. Report of the Native Affairs Department for the years 1919 to 1921, U.G. 34, 1922, p. 12.

9. Eiselen. Die ontwikkeling van die Bantoevolkseenhede na selfstandigheid, p. 104.

Kort nadat generaal Hertzog as leier van die Nasionale Party aan bewind gekom het, verklaar hy dit as sy beleid om voorsiening te maak vir addisionele grond soos in die 1913 - wetgewing aan die Bantoe beloof is, en "... om toe te sien, dat binne alle natuurlike-areas die natuurel opgelei en aangemoedig word om soveel moontlik te steun op eie krag, om dit vir homself daar so aantreklik moontlik te maak, en ook om sigself daar te bestuur deur die natuurlike kragte .."¹⁰⁾. (Eie onderstreping).

Terwyl die afsondering en ontwikkeling van Bantoegebiede nou die amptelike beleid van die staat was, is tog toegelaat dat daardie gebiede tot so n mate degenerereer dat groot getalle van hulle bevolkings elders n heenkome moes vind. Generaal Hertzog het veral die ontwikkeling van die gebiede beklemtoon sodat die Bantoe daarin volgens eie aard kon ontwikkel en van n behoorlike, menswaardige bestaan verseker kon wees. Aangesien vorige regerings nie daardie selfde standpunt gehuldig het nie en ook nie verantwoordelikheid wou aanvaar vir die ontwikkeling van die Bantoegebiede onder blanke leiding nie, het die gebiede reeds in die jare 1929-30 n stadium bereik waar owerheidsoptrede nie meer uitgestel kon word nie.

Trouens, een van die opvallendste verskynsels na die uitvaardiging van die Naturellen Grond Wet, 1913, was die agteruitgang van die gebiede wat vir die Bantoe gereserveer was. Aan die een kant het die stedelike Bantoebevolking tussen die jare 1911-1936 n vermeerdering van 6% getoon ¹¹⁾ terwyl dit aan die ander

10. Van As, op. cit., p. 185.

11. Statistiese Jaarboek, op. cit., A-12.

kant begin lyk het asof die Bantoegebiede vanweë hulle ongunstige ekonomiese posisie, met verloop van tyd nog groter getalle sou uitstoot. Gesien teen die agtergrond van Suid-Afrika se nywerheidsge-skiedenis, wil dit voorkom asof in daardie jare die grootste dryfkrag vir die toestroming na die blanke stedelike gebiede nie soseer die aanvraag na goedkoop ongeskoolde arbeiders was nie, maar eerder die afwesigheid van bestaansmoontlikhede in die Bantoegebiede. In totaal het die Bantoegebiede in daardie jare 10,546,320 morge ¹²⁾ beslaan en as nou in aanmerking geneem word dat daar geen dorpe bestaan het nie en die bevolking almal boere was wat n primitiewe ekstensiewe landbou beoefen het, dan kan dit begryp word waarom daar na die blanke sektor uitgewyk is.

As gevolg van die snelle vermeerdering van die getal stedelike Bantoes het die owerheid in 1930 n kommissie ¹³⁾ aangestel om ondersoek in te stel na die volgende:

- „(1) Die ekonomiese en maatskaplike toestande van Naturelle, veral in die groter stede van die Unie.
- „(2) Die toepassing op Naturelle in stedelike gebiede, van die bestaande wette, ...
- „(3) Die ekonomiese en maatskaplike uitwerking op die Europese en Kleurlingbevolking van die Unie, van die verblyf van Naturelle in stedelike gebiede....

12. Van der Walt e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, p. 485.

13. Die Ekonomiese Naturellekommissie.

„(4) Watter deel van die Openbare Inkomste direk en indirek deur die Naturellebevolking bygedra word”.

Die Ekonomiese Naturellekommissie het bevind dat die probleem hoofsaaklik in die „reserwes”, of Bantoegebiede geleë was en meer bepaald by die onderontwikeldheid daarvan en die primitiwiteit van die Bantoebevolking. In daardie opsig was die vraagstuk reg benader, en voortgaande het die kommissie aanbeveel dat van owerheidsweë pogings in die werk gestel moes word om mens en gebied te ontwikkel.

Uit die aanbevelings blyk dit dat die klem nog hoofsaaklik op landboukundige ontwikkeling van die gebiede geval het. Weliswaar was dit noodsaaklik, maar daar moes ook in die aanbevelings voorsiening gemaak gewees het vir daardie deel van die bevolking wat uit die landbou gestoot word. Terwyl die opdrag aan die kommissie tog hoofsaaklik gegaan het om ondersoek in te stel na die trek van die Bantoe na, en hulle aanwesigheid in blanke stedelike gebiede, was daar n goeie geleentheid om dorpsstigting in die tuislande, gepaard met die daarstelling van werksgeleenthede, te oorweeg. Die kommissie het slegs die moontlikheid van n konsentrasie van bouperssele ter oorweging voorgelê, want „... die pad van vooruitgang volg die beginsel van konsentrasie van bouperssele, en hoewel stappe in daardie rigting natuurlik slegs stadig gedoen kan word, moet die uiteindelijke doel by alle grondreëlinge, wat in verband met hierdie onderwerp staan, in die oog gehou word” 14).

14. U.G. 22, 1932, op. cit., p. 29, par. 165.

Die werk en bevindings van die Ekonomiese Naturelle-kommissie sowel as die reaksie van die owerheid op die kommissie se verslag, toon duidelik dat die ou „laissez faire“-houding met betrekking tot die ontwikkeling van die Bantoegebiede, nou iets van die verlede was. Die reeds bestaande Gekose Komitee oor die Naturellewetsontwerpe het nou die verslag van die Ekonomiese Naturellekommissie as basis gehad om verder n beleid van territoriale, ekonomiese en politieke segregasie uit te werk. Gedurende April 1935 het hierdie Gekose Komitee dan ook sy bevindinge in die vorm van twee wetsontwerpe voor die parlement gelê, naamlik (a) die Naturelletrust en -Grond Wetsontwerp en (b) die Naturelle Verteenwoordigingswetsontwerp.

In 1936 is die Naturelletrust en -Grond Wet ¹⁵⁾feitlik eenparig deur die parlement aangeneem waardeur n nuwe fase in die ontwikkeling van die Bantoegebiede ingelei is. Van daardie tyd af het die klem nie net op die afskeiding van die Bantoegebiede geval nie, maar ook op die ontwikkeling daarvan. Volgens Van Biljon ¹⁶⁾ was die beleid van afskeiding wat die Naturellen Grond Wet, 1913, ten grondslag gelê het, vir „... drie-en-twintig jaar deur die vereenselwigingsgedagte gestrem“. Daardie beginsel van vereenselwiging is toe deur die beginsel van aanpassing vervang terwyl die staat die trusteeenskap oor die Bantoeegroepe aanvaar en n modus operandi vir hulle ontwikkeling daar gestel het.

15. No. 18 van 1936.

16. Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika, p. 458.

Die trusteeskapsbeginsel, soos deur die segregasiebeleid meegebring, het nou in toenemende mate die klem op die ontwikkelingsgedagte laat val, waardeur „iets beters as net vrome aspirasies“ ¹⁷⁾ vir die Bantoegebiede in vooruitsig gestel is verder het hierdie trustee-skapsbeginsel volgens die Naturellesake-kommissie ¹⁸⁾ gëdui „... op n heilige plig, wat Suid-Afrika aanvaar het, om die belange van die natuurel as n ras te beskerm en te bevorder ...“ Hierdie nuwe benadering was nou in die Naturelletrust en -Grond Wet, 1936 beliggaam, wat naas die verdere reservering van addisionele grond, vir die instelling van die Suid-Afrikaanse Naturelle-trust voorsiening gemaak het. ¹⁹⁾

Die Suid-Afrikaanse Naturelletrust is n liggaam met regspersoonlikheid en ewigdurende opvolging, wat eisend sowel as verwerend kan optree. Met die staats-hoof as hoogste trustee, het alle Bantoegebiede oorgegaan in die hande van die trust wat dit vir die Bantoebevolking in trust moet hou.

Aangesien die Naturelletrust (nou genoem die Bantoe-trust) so n belangrike rol in die stigting van dorpe in die Bantoetuislande speel, is dit gewens om die funksies en bevoegdhede van die trust in extenso te neem soos dit in artikel 9 gestel word:

- „(a) Om sodanige koste in verband met die administrasie van die Trust en sodanige ander uitgawes as die Minister mag bepaal te bestry; (uit die trustfonds),

17. Unie van S.A. Verslag van die Naturellesakekommissie vir die jaar 1936, U.G. 48, '37, p. 6.

18. Loc. cit.

19. Artikel 4(1).

- (b) om grond vir trustdoeleindes te verkry;
- (c) om grond, die eiendom van die Trust, te ontgin;
- (d) om die belange van naturelle in afgesonderde naturellegebiede, oopgestelde gebiede, of op grond deur die Trust besit of die besit waarvan aan die Trust ontleen is, te bevorder, wat betref landbou, veeteelt en ander nywerhede;
- (e) om aan naturelle of aan gemeenskappe van naturelle wat grond bewoon in die oopgestelde gebiede of in besit is van grond die besit waarvan aan die Trust ontleen is, geld voor te skiet vir die betere ontginning van die hoewes van bedoelde naturelle of van die gebiede deur bedoelde gemeenskappe bewoon;
- (f) om oor die algemeen die materiële, morele en maatskaplike welsyn van naturelle, woonagtig op grond in die genoemde gebiede of op grond deur die Trust besit of die besit waarvan aan die Trust ontleen is, te ondersteun en te ontwikkel:"

Met die aanname van die Naturelletrust en -Grond Wet, 1936, is 'n nuwe tydvak in die ontwikkeling van die Bantoegebiede ingelui. Pogings is aangewend om die grond in die eerste instansie aan die behoeftes van die oorbevolkte gebiede te laat voldoen. Die Naturellesake-kommissie het derhalwe aanbeveel ²⁰⁾ dat 'n behoorlike ontwikkelingsplan vir die aangekoopte grond sowel as vir elke bestaande Bantoegebied ten tye van die aankoop opgestel moet word en dat dit dadelik in werking

20. U.G. No. 48, '37, p. 12.

moet tree. Daarbenewens moet die Departement van Naturellesake ingewolge n Witpapier ²⁰⁾ van die regering onder andere ernstige aandag gee aan

„(a) die omskrywing van woongebiede..., en

(b) om toe te laat dat nedersetting plaasvind op n behoorlike basis".

Tot op hierdie stadium is daar nog nie veel verder as die landboukundige ontwikkeling van die Bantoegebiede gedink nie. Die Bantoe-trust is wel gemagtig om nywerheidsontwikkeling te inisieer en aan die departement is voorskrifte aangaande die nedersetting van die Bantoe uitgereik maar dit was slegs landelike nedersettings en nog geen dorpe wat beoog is nie. Die verdeling van die Bantoegebiede in woongebiede en landbougebiede was weliswaar n voorwaartse stap, maar dorpsstigting kon van groter betekenis gewees het veral vir sover dit die opname van grondlose Bantoe geraak het.

Waar die klem nou op die ontwikkeling van die Bantoegebiede geval het, is tydens die Hertzog-bewind n naturelle- ontwikkelingsfonds in die lewe geroep, maar die positiewe bydrae wat dit kon lewer, is deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en Suid-Afrika se aandeel daarin ernstig vertraag. Dit het daartoe gelei dat die erosieproses in die Bantoegebiede, asmede die vermeerderde werksgeleenthede vir die Bantoe in die blanke sektor, n verdere dreinerings van die produktiewe Bantoe uit die tuislande ten gevolg gehad het. n Positiewe en kragdadige ontwikkeling van die gebiede, waardeur die behoefte aan

20. Van Biljon, op. cit., p. 461.

dorpstigting geopenbaar sou word, is derhalwe vir n verdere dekade op die agtergrond geskuif.

2. Die begin van Bantoedorpstigting

Reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is van owerheidsweë aan herwinningswerk ten opsigte van die Bantoegebiede aandag geskenk. Gedurende die oorlogsperiode, 1939-1945, is alle beoogde werke in hierdie verband ernstig vertraag deur Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Met die algemene tekort aan geld kon slegs pogings aangewend word om die reeds bestaande werke in stand te hou. In 1945 het die Departement van Naturellesake n skema vir die rehabilitasie van die Bantoegebiede opgestel en dit aan die Transkeise en Ciskeise Algemene Rade voorgelê. Daardie skema is deur beide rade goedgekeur en dit het naas die algemene herwinningswerk, onder andere ook voorsiening gemaak vir die stigting van plattelandse dorpe in die Bantoegebiede, "... to provide suitable houses for the families of Natives regularly employed in industries and other services" ²²⁾.

Die rehabilitasieskema het vir die aanstelling van n beplanningskomitee vir elk van die vyf destydse Hoof-naturellekommissarisgebiede voorsiening gemaak. Dit was die taak van elke komitee om, onder andere, aan die oprigting van sodanige dorpe ernstige aandag te skenk, en by die keuse van terreine moes hulle deur twee oorwegings gelei word, naamlik (a) die beskikbaarheid en afstand van werksgeleenthede vir die inwoners en

22. Rogers. Native Administration in the Union of South Africa, p. 158.

(b) die voorsiening van geskikte besproeibare grond waarop groente aangeplant kon word. Die inwoners van die dorpe sou verder nie toegelaat word om beeste binne die dorpsgrense aan te hou nie.

Volgens die skema het die departement drie soorte Bantoedorpe in gedagte gehad, naamlik: (a) buitestedelike dorpe waarheen die werknemers aan die einde van die dag se werk in 'n blanke dorp sou terugkeer; (b) nywerheidsdorpe waarin werknemers van nywerhede en bosbouprojekte binne die Bantoegebiede gehuisves moet word; en (c) plattelandse dorpe waar die gesinne van trekarbeiders moet woon.

Die beoogde nedersettings wat die departement ingedagte gehad het, was soos later aangetoon sal word, eerder behuisingskemas as dorpe.

Die deurslaggewende faktor wat gelei het tot die ontwerp van hierdie skema was die feit dat die Bantoegebiede in daardie jare alreeds nie meer in staat was om die hele Bantoebevolking op landbougebied van 'n heenkome te verseker nie. 'n Groot deel van die bevolking van elke Bantoegebied was toe reeds afhanklik van werk buite die tuisgebied en om aan daardie mense woonplek te gee, is die dorpe beoog. Dit wil voorkom asof die departement op daardie stadium minder begaan was oor die snelle vermeerdering van die stedelike Bantoebevolking as wat die geval was ten tye van die aanstelling van die Ekonomiese Naturellekommissie in 1930. Dorpstigting is dus primêr beoog om die druk op die landbougrond in die Bantoegebiede te verminder. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat die blanke sektor 'n bloeitydperk op die gebied van nywerheidsontwikkeling begin betree het en die ongeskoolde Bantoe uit die Bantoegebiede bereid was om in die arbeidsaanvraag te voorsien.

Die Departement van Naturellesake het, benewens die rehabilitasie van die landbou, ook oorweging geskenk aan die vestiging van nywerhede binne of in die nabyheid van die Bantoegebiede. Daar was egter geen duidelike en algemene beleid deur die departement neergelê nie, met die gevolg dat slegs daar waar die bevolkingsdruk die grootste was, pogings aangewend is om verligting te bring.

Om dus aan die rehabilitasieprogram van die departement uitvoering te gee het die Nywerheidsontwikkelingskorporasie met die oprigting van 'n tekstielfabriek in die Ciskei begin op grond wat deur die Bantoe-trust beskikbaar gestel is. Een van die hoofogmerke met die vestiging van die tekstiel fabriek was om werksgeleentheid en 'n woonplek aan 'n groep grondlose Bantoes van die Ciskei te gee.

In samewerking met die Nywerheidsontwikkelingskorporasie het die departement die Bantoe-dorp, Zwelitsha, gestig waar die werknemers van die tekstielfabriek gehuisves kon word. Dit is binne 'n Bantoegebied geleë en ongeveer drie myl vanaf King William's Town. Die ontwikkeling van Zwelitsha is verder gesamentlik deur die Departement van Naturellesake en die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie gedoen. Daar is destyds beoog om uiteindelik 3,500 werknemers van die tekstielfabriek daar te huisves. Die hele skema was egter 'n proefneming en nie veel meer as 'n behuisingsskema vir Bantoes in die nabyheid van 'n blanke dorp nie. Nogtans beweer Rogers dat "... (the) settlement will in a sense be a 'pilot' village and the experience gained in its creation, settlement and administration will be of the greatest value in the future" ²³⁾.

23. Op. cit., p. 161.

Aanvanklik was die vordering veral ten opsigte van boubedrywighede, teleurstellend. As gevolg van die oorlog was boumateriaal skaars en duur, en teen die einde van 1947 was daar slegs 78 drie-vertrek huise opgerig en n verdere 29 in aanbou ²⁴⁾. Nogtans het die Departement van Naturellesake die feit beklemtoon dat Zwelitsha op daardie stadium reeds n belangrike rol kan speel in die Ciskei, veral as n groeipunt in n onderontwikkelde gebied ²⁵⁾.

Vir die verdere en doelmatiger ontwikkeling en administrasie van die dorp het die departement n dorpsbeplanningsraad onder voorsitterskap van die Hoofnaturrellekommissaris van die Ciskei aangestel. Daardie raad het ten nouste met die Good Hope-tekstielfabriek saamgewerk, en volgens die departement het dit waardevolle ervaring aangaande dorpsstigting opgedoen wat deur die owerheid nagevolg kon word.

Teen die einde van 1948 was daar 127 huise opgerig en het die inwonertal van Zwelitsha op 527 te staan gekom ²⁶⁾. Daar is wel rudimentêre dienste gelewer soos byvoorbeeld die aanlê van water, die voorsiening van elektrisiteit en n rioolstelsel, maar in alle opsigte was Zwelitsha nog niks anders as die tradisionele Bantoewoonbuurt van n blanke dorp nie. Al verskil is dat dit geleë was binne n Bantoegebied wat binne trefafstand van n ontwikkelende blanke dorp was. Dit is ewe-eens duidelik dat die owerheid nog geen definitiewe beleid met betrekking tot dorpsstigting in die Bantoegebiede gehad het nie en dat hulle allermens daaraan gedink het om van Zwelitsha n dorp in die ware sin van die woord te maak.

24. Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Departement Naturellesake, 1945-47, p. 10.

25. Loc. cit.

26. Unie van Suid-Afrika. Verslag Departement Naturellesake, 1947-48, p. 14.

Terwyl die stigting en ontwikkeling van Zwelitsha begin is deur 'n owerheid wat nog geen duidelike en doelgerigte beleid ten opsigte van die Bantoegebiede gehad het nie, was die verdere groei van die dorp, veral na 1948, deur 'n gans ander benadering gekenmerk. Die regering wat in 1948 aan bewind gekom het, het hom sterk uitgespreek vir die voortsetting van die tradisionele- en vooroorlogse beleid wat neergekom het op „... die kragdadige ontwikkeling van die Bantoegebiede as volkstuistes vir die verskillende etniese groepe as integrale deel daarvan" 27).

Die besef het by die regering ontstaan en steeds sterker posgevat dat die Bantoegebiede nie net die woonplek van 'n boerende bevolking is nie, maar dat daar ook voorsiening gemaak moet word vir dorpe. Daardie dorpe moet nie net die opvanggebied word van die surplus landelike bevolkings nie, maar ook die verblyfplekke van diegene wat in naby geleë blanke gebiede werk.

Hierdie benadering, gegrond op die beleid van afsonderlike ontwikkeling, het sigself geopenbaar in die verdere ontwikkeling van Suid-Afrika se eerste Bantoeoordorp in 'n tuisland. Vanaf 1948 is die administrasie van Zwelitsha ook op 'n vaster grondslag onderneem. Die Departement van Naturellesake het 'n stel regulasies 28)

27. Eiselen, op. cit., p. 105.

28. Die Naturelleadministrasie Wet, No. 38 van 1927 bepaal in artikel 30:
 „Die Goewerneur-generaal mag regulasies uitvaardig -
 (a) vir die bestuur en beheer van 'n dorp wat nie binne die bepalings van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923 (Wet No. 21 van 1923), val nie, as nie minder dan twee-derdes van sy inwoners Naturelle is; en
 (b) vir die oplegging van belastinge of laste op grondeienaars of inwoners van so 'n dorp:...."

Die regulasies was vervat in Proklamasie 362 van 1948 soos later gewysig deur Proklamasie 98 van 1953, Proklamasie 258 van 1958 en Proklamasie 260 van 1955.

vir die beheer van Bantoedorpe opgestel en dit ingevolge Goewermentskennisgewing, 107 van 1949, op Zwelitsha van toepassing gemaak.

Volgens die jaarverslae van die Departement van Natu-
rellesake is die ontwikkeling van Zwelitsha vanaf
1948 ook met groter erns aangepak. Die ontwikkeling
was nou eerder gerig op die daarstelling van n dorp
wat alle basiese dienste aan sy inwoners moes verskaf:
n poskantoor, skole, beter watervoorsiening en sport-
fasiliteite is voorsien. Daarbenewens is n sakesen-
trum opgerig en in ooreenstemming met die owerheid se
beleid is alle nuwe handelaarslisensies slegs aan
Bantoes toegeken. Met ander woorde, Zwelitsha moes
nou n dorp word met n funksionele betekenis en nie
net n blote behuisingskema nie.

Ondanks die snelle groei van Zwelitsha het dit vir
die owerheid in 1953 duidelik geword dat die arbeids-
mag van die dorp se vernaamste ekonomiese basis feit-
lik versadigingspunt bereik het. Die dorp het net een
ekonomiese basis gehad wat bewys dat meer as een
basis nodig was vir n gebalanseerde groei. Derhalwe
is in daardie jaar besluit om die getal huise tot
1000 te beperk. Verder het dit ook duidelik geword
dat Zwelitsha n projek is wat begin is deur n owerheid
wat nie dieselfde beleid gevolg het as die een wat nou
verantwoordelik is vir die verdere ontwikkeling van
die dorp nie.

Daar is met die beplanning en ontwikkeling van
Zwelitsha sekere basiese foute begaan, wat meegebring
het dat dit nie in alle opsigte kon voldoen aan die
vereistes van n moderne Bantodorp nie. In die eerste
instansie was dit n baie duur onderneming, gebou met
duur en dikwels ondoeltreffende materiaal. Die gevolg
daarvan was dat die huur van die woonhuise te hoog

was vir die gemiddelde Bantoewerker, Die uitbreiding van die dorp is daardeur gestrem op n tydstop toe nog die dorp, nog die tekstielfabriek dit kon bekostig. Volgens gegewens van die Departement van Naturelle-sake ²⁹⁾ was daar op n stadium 300 huise onbewoon terwyl die land as geheel n ernstige tekort aan woonhuise vir die Bantoe ondervind het.

Die grootste fout wat egter met die stigting en ontwikkeling van Zwelitsha gemaak is, is die feit dat die inwoners geen eiendomsreg op hulle persele kon verkry nie. Die Bantoeadministrasie Wet, 1927, het in artikel 30 (b) die moontlikheid van eiendomsreg voorsien, maar blykbaar het die owerheid nog te veel waarde geheg aan die tradisionele kommunale besit van grond deur die Bantoe terwyl daardie selfde owerheid in die praktiese implimentering van sy breë beleid, geen beswaar gehad het teen die verkryging van eiendomsreg deur Bantoes in die blanke gebiede in die Kaap Provinsie nie ³⁰⁾.

Hierdie feit het onder andere meegebring dat die dorp niks anders as die lokasie of Bantoewoonbuurt van die tekstielfabriek was nie. Die tydelikheid van die Bantoe se okkupasie het ook n nadelige invloed uitgeoefen op die werksmag van die tekstielfabriek. Die Bantoe self het Zwelitsha nie as n ware tuiste binne hulle onvervreembare gebied beskou nie, met die gevolg dat hulle nie verstedelik het in n Bantodorp soos die verwagting was nie.

29. U.G. No. 48/1955, p. 45, par. (g)

30. In die saak Thompson en Stilwell vs. Kama, (A.D. 1917, p. 209).

Aan die ander kant moet egter in gedagte gehou word dat Zwelitsha die eerste poging was om 'n Bantoedorp in 'n Bantoegebied te vestig. Dit het sonder twyfel as riglyn vir die stigting van latere dorpe gedien. Die ervaring daar opgedoen, sou in die toekoms 'n positiewe bydrae vir die beleid en beplanning van ander Bantodorppe lewer.

Aangesien Zwelitsha die eerste poging was om 'n Bantodorp in 'n tuisland te vestig en omdat dit vir sover dit dorpsstigting betref, 'n historiese gebeurtenis was, is die voorafgaande empiriese gegewens in besonderhede genoem. Ongeveer in dieselfde tyd wat Zwelitsha gestig is, het die Departement van Naturellesake 'n ander Bantodorp, Temba, gestig. Hierdie dorpie is in die Hammanskraalse Bantoegebied ontwikkel, hoofsaaklik om plakkerarbeiders uit die Pretoria-Witwatersrand gebied daar te hervestig. Dieselfde foute as in die geval van Zwelitsha is ook hier begaan, met die gevolg dat Temba baie stadig ontwikkel het en in werklikheid niks anders as die tydelike verblyfsoord van 'n groep hervestigde plakkers was nie.

In die jare 1949-1950 het die Departement van Naturellesake 'n derde dorp in 'n Bantoegebied gestig. Die Bantodorp Umlazi is tien myl ten suide van Durban in die Umlazi-Bantoegebied geleë. Die hoofdoel met die stigting van Umlazi was om die Bantoebehuisingsprobleem in Durban te verlig. Alhoewel Umlazi op 'n veel groter skaal as die vorige twee dorpe begin is en alhoewel daar uit die ervaring wat reeds opgedoen is geput kon word, is daar tog dieselfde basiese foute begaan. Daarby moet in aanmerking geneem word dat, hoewel Umlazi in 'n Bantoegebied geleë is, dit ontwikkel is op die patroon van 'n stedelike lokasie of Bantowoonbuurt onder beheer van die sentrale owerheid.

Die hele projek het spoedig geblyk nie in ooreenstemming met die landsbeleid te wees nie. Die Bantoe kon daar geen eiendomsreg op grond bekom nie; die inwoners was hervestigde Bantoes, afkomstig van verskillende Bantoegebiede in Natal en wat naas hulle heterogene aard, ook geen besondere verbondenheid aan die Umlazi-tuisland getoon het nie. So was Umlazi vir die tuisland waarin hy geleë is, nie van veel waarde nie. Die destydse Minister van Naturellesake het dan ook ten opsigte van Umlazi verklaar ³¹⁾ "... it cannot be continued on the present lines because it clashes with the possibility of giving the Bantu control and ownership within his own area".

Uit hierdie verklaring van die Minister blyk dit dat die regering 'n definitiewe beleid ten opsigte van dorpe in die Bantoegebiede gehad het en dat die destyds bestaande drie Bantoe dorpe nie in ooreenstemming daarmee ontwikkel is nie. Die verdere ontwikkeling van Bantoe dorpe, veral na 1954, sal toon dat daar in die eerste instansie gedink is aan die funksies wat dit in die Bantoegebiede moet vervul. Dit moes, met ander woorde, ontwikkel word tot funksionele kerns binne bepaalde tuislande. Daarmee saam hang ook die gewysigde betekenis van die Bantoegebiede self. Dit sou nie meer reservate of Bantoegebiede wees nie, maar die nasionale tuistes van besondere volkeenhede.

31. Departement van Naturellesake. Bantoe, Augustus 1954, p. 21.

3. Die Tomlinsonplan

Vanaf 1953 het die owerheid met dorpsontwikkeling begin op 'n veel groter skaal as in die voorafgaande periode. Daar is toe reeds besef dat die boerderymoontlikhede van die Bantoegebiede beperk is en dat daar vir daardie Bantoes wat nie uit die landbou 'n bestaan kon maak nie, ander voorsiening gemaak moes word. Verder is gereken dat daardie Bantoes, net soos in die blanke gebiede, opgeneem sal moet word in dorpe en stede waar veral die vestiging van sekondêre en tersiêre nywerhede 'n verdere versekering vir behoorlike bestaansmoontlikhede kon bied.

In die tussentyd het die regering egter 'n kommissie aangestel (November 1950) om ondersoek in te stel na 'n verslag te doen oor 'n „..... omvattende skema vir die rehabilitasie van die Naturellegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, met die oog op die uitbouing daarin van 'n eie volkskultuur, gebaseer op doeltreffende sosio-ekonomiese beplanning" ³²⁾. Met die oog op die voorgestelde ondersoek is die aandag van die kommissie op enkele aktuele sake gevestig, waarvan een dorpsstigting was. Die kommissie is versoek om die uitlê van dorpe in die Bantoegebiede te oorweeg „.... wat tot vrugbare ekonomiese eenhede kan ontwikkel en wat voorsiening moet maak vir:

32. Unie van S.A. Verslag van die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, hierna genoem Tomlinsonkommissie.

- (i) trekwerkers;
- (ii) industrie-arbeiders in Blanke gebiede;
- (iii) industrie-arbeiders in eie gebiede;
- (iv) ambagsmanne;
- (v) handelaars en winkeliers; en
- (vi) professionele klasse;" 33).

Uit hierdie opdrag van die kommissie blyk dit dat die owerheid dorpe met 'n funksionele betekenis in gedagte gehad het, met ander woorde, dorpe in die ware sin van die woord en nie slegs behuisingskemas nie.

Gedurende 1954 het die Tomlinsonkommissie sy werksaamhede voltooi en 'n samevattende verslag is in 1956 voor beide huise van die Parlement gelê. Die verslag van die kommissie word algemeen gereken as die deeglikste en omvattendste streekopname van die onderontwikkelde of ontwikkelende gebiede van Suid-Afrika. Houghton ³⁴⁾ sien die aanbevelings van die Tomlinsonkommissie "..... (as) probably one of the largest rehabilitation schemes ever attempted outside the U.S.S.R. and China, covering an area of 58,000 sq. miles with a population of over 3,600,000".

Een van die belangrikste bevindings van die Tomlinsonkommissie was dat die Bantoegebiede geen stedelike bevolking gehad het nie. Terwyl die blankes in Suid-Afrika in die vorm van beide 'n stedelike en 'n plattelandse patroon oor die land versprei het, ken die

33. Loc. cit.

34. Land reform in the Bantu areas and its effects upon the urban labour market, p. 165.

Bantoe in sy tuisgebiede geen sodanige onderskeid nie. Almal is plattelanders wat oor die hele gebied versprei gewoon het. Daardie gebrek aan n stedelike bevolking was volgens die kommissie betekenisvol vir die Bantoe en het „..... soos n loodswaer hand op die ontwikkeling van die landbou en die ontstaan van n aparte boereklass in die Gebiede" ³⁵⁾ gelê.

Saamgevat kom die bevindings van die kommissie daarop neer dat

- (a) stadsvorming n inherente deel van ontwikkeling behoort te wees;
- (b) verstedeliking in die Bantoegebiede noodsaaklik vir die behoorlike organisering van die landbou is;
- (c) verstedeliking n noodsaaklikheid vir die beter benutting van Bantoearbeid is.

Met die oog op bogenoemde bevindings het die kommissie aanbeveel ³⁶⁾ dat.

- (a) n doelgerigte, omvattende en goed georganiseerde program van dorp- en stigting in die Bantoegebiede met spoed en krag aangepak moet word as een van die skemas in die groot ontwikkelingsprogram vir die Bantoegebiede;

35. Tomlinsonverslag, op. cit., hoofstuk 12, p. 66.

36. Ibid., hoofstuk 37, p. 94.

- (b) die beoogde dorpe en stede vooraf deeglik beplan en op 'n gesonde ekonomiese basis geplaas moet word;
- (c) daardie dorpe volwaardige Bantodorpe en stede moet wees waarin die Bantoe met verloop van tyd volle bestuursregte kan verkry;
- (d) die ongeveer 100 plekke wat as moontlike vestigingspunte aangedui is, sonder versuim verder ondersoek word en dat daar dadelik tot die stigting van dorpe oorgegaan moet word;
- (e) waar reeds klein blanke dorpies bestaan soos byvoorbeeld in die Transkei, groepsgebiede geproklameer moet word en Bantodorpe in die Bantogroepsgebiede gestig moet word;
- (f) 'n doeltreffende organisasie binne die Departement van Bantoadministrasie en -Ontwikkeling daargestel moet word wat belas sal wees met dorpstigting; nl.
 - (i) 'n dorperaad met die bevoegdheid om self dorpstigting te behartig;
 - (ii) 'n afdeling soortgelyk aan die afdeling plaaslike bestuur van die provinsiale Administrasie; en
 - (iii) 'n goed toegeruste kernorganisasie om die Bantoe in verband met stedelike administrasie in te lig en te adviseer.

- (g) die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling, bygestaan deur 'n ontwikkelingskorporasie, die funksies ten opsigte van dorpsstigting moet verrig aangesien private inisiatief nog tot 'n groot mate by die Bantoe ontbreek.

Indien hierdie aanbevelings van die Tomlinsonkommissie nou ontleed word, sal gevind word dat 'n viertal aktuele sake daarin opgesluit lê, naamlik (a) die aard van die voorgestelde stedelike ontwikkeling, (b) die ekonomiese basis waarop die dorpe en stede moet berus; (c) die beplanning van die dorpe en stede; en (d) die administrasie van die dorpe en stede.

Aangesien die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling sedert 1953 besig was met 'n groot-skaalse program ³⁷⁾ van dorpsstigting in die Bantoe-gebiede en om dus 'n objektiewe evaluering daarvan te kan gee, is dit noodsaaklik om die besondere aanbevelings ten opsigte van dorpsstigting na te gaan.

3.1 Die aard van stedelike ontwikkeling

Die Tomlinsonkommissie het met die beoogde dorpe en stede iets in gedagte gehad wat wesenlik verskil het van die Bantoewoonbuurtes in die blankbeheerde stedelike gebiede. Daarom was die kommissie se uitgangspunt dat dit volwaardige dorpe moet wees wat in alle opsigte

37. In die periode 1953 - 1956 was 35 Bantoedorpe in verskillende stadia van ontwikkeling.

moet voldoen aan die vereistes van moderne dorpe en stede. Uitgaande van daardie standpunt het die kommissie bevind dat sulke dorpe in die eerste instansie die woonplek van n groot gedeelte van die bevolking van elke tuisland moet word. Derhalwe is aanbeveel dat die Bantoe toegelaat moet word om eiendomsreg op persele in die Bantoe dorpe te kan verkry. Met hierdie aanbeveling is n nuwe beginsel in Suid-Afrika se Bantoeadministrasie ingevoer en die vinger op een van die grootste probleme by die alreeds gestigte dorpe gelê.

Dit is ook aanbeveel dat sulke dorpe nie net die woonplek van die Bantoe moet wees nie, maar ook hulle werkplek waarin die besighede, die professies, die onderwys en die administrasie in die hande van die Bantoe geplaas moet word. Indien dit nie die geval is nie, kan sodanige Bantoe dorpe slegs tot lokasies ontwikkel en op daardie wyse hulle doel mis. Terselfdertyd moet die belange van die Bantoe in daardie dorpe teen indringing en mededinging van persone behorende tot ander rassegroepe beskerm word.

In aansluiting by die voorgenoemde en in ooreenstemming met die aanvaarde beleid, het die kommissie aanbeveel dat geen blankes enige gronde of regte op grond in die Bantoegebiede mag verkry nie. Daarteenoor het die kommissie gevoel dat blankes alleenlik in die Bantoegebiede toegelaat behoort te word indien hulle aanwesigheid in belang van die Bantoe is. So kon blanke nyweraars wel toegelaat word om fabriekke in die Bantoegebiede op te rig mits daar geen Bantoe-ondernemers is wat dieselfde funksie kon behartig nie. Toelating en vestiging van blanke nywerhede moet egter volgens die

aanbeveling onderworpe wees aan streng voorbehoudbepalings. Slegs soveel blankes as wat bona fide nodig was vir die nywerhede behoort toegelaat te word en dan op die voorwaarde dat hulle so spoedig moontlik deur Bantoes vervang moes word.

Die Tomlinsonkommissie het die feit sterk beklemtoon dat die te stigte dorpe en stede by die besondere aard en omstandighede van die Bantoe moet aanpas, terwyl dit tog aan praktiese vereistes moet voldoen. Alhoewel dorpsstigting in die tuislande verdraag is, het groot getalle Bantoes reeds verstedelik volgens die beroepe wat hulle beoefen. Op daardie standpunt het die kommissie hom gestel toe hy aanbeveel het dat die beoogde dorpe en stede by die besondere ontwikkelingspeil van die Bantoe moet aanpas. Gevolglik is drie soorte stedelike ontwikkelings vir die Bantoegebiede aanbeveel, naamlik (i) landelike woonbuurtes (ii) dorpe en (iii) stede ³⁸⁾.

3.1.1 Landelike woonbuurtes.

Die basiese uitgangspunt van die kommissie was dat landboubepanning en die verstedelikingsproses hand aan hand moet gaan. Om dan die drakrag van die landbougrond te verlig, moet die bona fide landbouers van die res van die bevolking geskei, en die nie-boere geleidelik na dorpsgebiede

38. Tomlinsonverslag, op. cit., hoofstuk 37, p. 11.

oorgeplaas word. Verder moet in die beplan-
ningsproses die woongebiede van die land-
bougrond en weivelde geskei word sodat
die bevolking nie meer oor die hele gebied
versprei woon nie.

In die beplande woonbuurtes moet die klein-
boere eiendomsreg op persele verkry, maar
daar moet ook vir diegene wat nie meer bona
fide boere is nie, voorsiening gemaak word.
Eiendomsreg moet, volgens die kommissie,
slegs vir die kleinboere gereserveer word,
terwyl diegene met geen boerderybelange
net woonregte daar mag bekom. Op dié wyse
sal die landelike woonbuurtes die nie-
boerende bevolking eerste opvang en in die
proses van verstedeliking inlei. Hierdie
landelike woonbuurtes is nog geen dorpe nie
maar noodsaaklike oorgangsgebiede tussen
platteland en dorp. Dit is duidelik dat die
primêre ekonomiese basis van die landelike
woonbuurtes hoofsaaklik die landboubedrywig-
heid van die besondere omgewing moet wees.

3.1.2 Dorpe

Die tweede vorm van stedelike ontwikkeling
wat die Tomlinsonkommissie ten opsigte van
die Bantoegebiede aanbeveel het, is vol-
waardige Bantoedorpe ³⁹⁾. Aanvanklik sal
die dorpe verskillende ekonomiese basisse
hê, maar met verloop van tyd sal hulle tot
distriksdorpe in die Bantoegebiede ontwikkel.

39. Ibid., hoofstuk 37, p. 14.

Die kommissie het voorsien dat sodanige dorpe hoofsaaklik gebaseer sal wees op die behoeftes en die produktiwiteit van hulle besondere omgewings. As sodanig sal die Bantoedorpe die eintlike groeipunte binne die Bantoegebiede word en derhalwe moet hulle liggings so gekies word dat dit sal ooreenstem met die plekke waar die groeifaktore gunstig is.

3.1.3 Stede

Die derde vorm van stedelike ontwikkeling wat die kommissie vir die Bantoegebiede aanbeveel het, is stede. Die standpunt van die kommissie was egter dat stede uit dorpe ontwikkel, en gevolglik is aanbeveel dat daar aanvanklik nie stede gestig moet word nie ⁴⁰⁾. n Nedersetting met meer as 20,000 inwoners kon volgens die kommissie as stad kwalifiseer. Die Tomlinsonkommissie het geen moontlikheid voorsien dat nedersettings van die begin af as Bantoestede ontwikkel kan word nie, maar het tog toegegee dat die groeifaktore by sekere plekke so gunstig is dat dorpe wat daar gestig gaan word, spoedig tot stede kan ontwikkel. Sodanige ontwikkeling sal geskied in daardie gebiede waar nywerheidsontwikkeling moontlik is.

40. Ibid., p. 15.

3.2 Die ekonomiese basis waarop dorpe en stede moet berus.

Een van die belangrikste versistes vir dorpstigting in die Bantoetuislande is die ekonomiese basis waarop daardie dorpe moet berus. n Neder-setting kan nie ontstaan as daar nie n groei-oorsaak of basis bestaan nie, en eers wanneer n ekonomiese groeioorsaak gevind of voorsien is, kan verwag word dat so n nedersetting sal ontwikkel. Daarby moet ook onderskei word tussen aanvanklike (primêre) en latere (sekondêre) basisse wat noodsaaklik is vir die ontstaan enersyds en groei andersyds van dorpe en stede. Elke dorp of stad moet n aanvanklike of primêre basis hê om te kan ontstaan, en daardie primêre basis kan vir baie jare of vir altyd bly bestaan. Daarteenoor kan die primêre basis met verloop van tyd deur ander sekondêre basisse vervang word of dit kan selfs naasmekaar en aanvullend tot mekaar bestaan. Die mees algemene verskynsel in die ontwikkeling van dorpe en stede is egter dat hulle in daardie groeiproses hulle eie nuwe basisse skep, want dit moet ook iets produseer wat buite die eie grense verhandelbaar is.

Die Tomlinsonkommissie het bevind dat dorpstigting in Suid-Afrika se Bantoetuislande in n unieke posisie verkeer. Naas die gewone potensiële basisse wat vir dorpstigting en -ontwikkeling noodsaaklik is, bestaan daar nog een algemene basis, naamlik die blanke ontwikkelingsgebiede wat deur trekarbeid bedien kan word. Alhoewel toegegee moet word dat daar n verskeidenheid nadele aan trekarbeid verbonde is, sal dit nogtans op hierdie stadium n belangrike ekonomiese basis vir die Bantoedorp wees deur onder andere

die besteding van verdienstes in daardie dorpe. Die kommissie het veel betekenis geheg aan blanke ontwikkeling as ekonomiese basis vir Bantoedorpe, maar duidelik onderskei tussen blanke-ontwikkeling op veraf geleë plekke en blanke ontwikkeling op naby geleë of selfs aangrensende gebiede ⁴¹⁾.

n Ander ekonomiese basis wat deur die kommissie oorweeg en aanbeveel is, is bosbou. Die Suid-Afrikaanse Bantoegebiede is vanweë hulle ligging uitstekend geskik vir bosbou, en die stigting van dorpe moet as deel van sodanige projekte onderneem word. Bosbou vorm in hierdie geval dus n basis vir die stigting van etlike dorpe en kan ditbly selfs al sou nuwe basisse mettertyd uit die dorpe self voortkom.

Verder het die Tomlinsonkommissie bevind dat die landbou in die Bantoegebiede ook as ekonomiese basis vir Bantoedorpe kan dien. Aanvarklik sal dit nog nie n stewige basis kan voorsien nie aangesien die oorsaaklike faktore in n aansienlike mate nog nie aanwesig is nie, daar georganiseerde landbou grootliks ontbreek. Die stigting en ontwikkeling van dorpe hang ten nouste saam met die landboukundige ontwikkeling van die Bantoegebiede. Namate die landbou ontwikkel, behoort dorpe wat die landbou as basis het, saam met hulle besondere distrikte te groei.

41. Ibid., p. 18.

Die Tomlinsonkommissie het ook bevind dat mynbou-produksie in die Bantoetuislande beperkte moontlikhede bied. Nogtans beskik die noordelike en in 'n mate die westelike gebiede oor minerale, terwyl die Natalse gebiede steenkooldraend is. Waar daar egter 'n moontlikheid van minerale-ontginning bestaan, behoort dit aanleiding te gee tot dorpsstigting.

Nywerheidsontwikkeling as basis vir die stigting van Bantoedorpe en kan tweërlei van aard wees, naamlik nywerheidsontwikkeling in aangrensende gebiede of nywerheidsontwikkeling binne die Bantoegebiede self. Die Tomlinsonkommissie het beide gevalle sterk aanbeveel en tereg daarop gewys dat die ontstaan van nywerhede sowel oorsaak as gevolg van die ontstaan van dorpe kan wees. Uit die dorpe kan nywerhede groei maar dikwels lei die vestiging van 'n nywerheid tot die stigting van 'n dorp. Deur die vestiging van nywerhede sal groeipunte of ekonomiese basisse vir die stigting van dorpe binne die Bantoegebiede ontstaan. Die kommissie het egter geen voorstelle vir die oprigting van bepaalde fabriek gebou, maar wel die stigting van dorpe voorgestel wat op fabriek gebaseer is.

Aangesien die neiging by die Bantoe bestaan om in toenemende mate om die administratiewe setels saam te trek, het die kommissie bevind dat die administrasie 'n genoegsame basis bied vir die stigting van enkele dorpe in die tuislande. In aansluiting daarby is aanbeveel dat opvoedkundige en ander kulturele bedrywighede by daardie punte saamgetrek moet word sodat dit verder as aantrekkingspunt vir die Bantoe kan dien.

In die laaste instansie het die kommissie ook ontspanning as ekonomiese basis vir Bantoedorpe gesien. Op die oomblik is die behoefte aan ontspanningsoorde of vakansiedorpe egter nog nie sterk ontwikkel in die Bantoesamelewing nie, maar dit kan tog moontlikhede vir die toekoms inhou veral namate die Bantoesamelewing ontwikkel as gevolg van onder andere die verstedelikkingsproses.

Samevattend kan dit gestel word dat die kommissie al hogenoemde faktore as moontlike basisse vir dorpstigting gesien het en tot 'n groot mate sy aanbevelings vir sover dit dorpstigting betref, daarop gebaseer het. Die kommissie het verder die feit beklemtoon dat daar nog veel meer primêre basisse kan wees wat met verloop van tyd kan ontwikkel en aanleiding kan gee tot die stigting van nuwe dorpe in die Bantoegebiede. Die kern van die saak is egter dat daar 'n definitiewe ekonomiese basis moet wees voordat 'n Bantodorp gestig kan word.

Samevattend kom die waarde van die Tomlinson-onderzoek vir dorpstigting daarop neer dat dit

- (a) die noodsaaklikheid van dorpe vir die tuislande herbeklemtoon en bewys het;
- (b) dorpstigting as integrale deel van die algemene ontwikkeling van die tuislande gesien het;
- (c) die noodsaaklikheid van ekonomiese basisse, primêr en sekondêr beklemtoon het;
- (d) dorpe in die ware sin van die woord aanbeveel het wat aan alle beplanningsvereistes moes voldoen;

- (e) gemaan het teen oorhaastige, ondeurdagte en onplanmatige dorpstigting.

3.3 Bepanning van Bantoedorpe

Die Tomlinsonkommissie het bevind en dit ook aanbeveel, dat dit uiters noodsaaklik is dat elke dorp en stad in die Bantoegebiede van die begin af reg en goed beplan moet word. Die resultate van swak beplanning is voor-die-hand-liggend, en bowendien ontwikkel dit gewoonlik tot duur ondernemings waardeur die hele projek van dorpstigting kan misluk. Met die oog daarop het die kommissie aanbeveel dat die ligging van die dorpe oordeelkundig gekies moet word en dat die basiese dorpsplan deur deskundiges opgestel moet word. Daarmee saam moet ook besondere aandag gegee word aan die waarskynlike grootte van die dorpe, die opstel van kontoerplanne, die uitleg van die dorp, die verkoop en bebouing van persele. Die kommissie het egter die feit beklemtoon dat die beplanning van Bantoedorpe op hierdie stadium van die Bantoe se ontwikkeling eenvoudig, goedkoop en doeltreffend moet wees. Derhalwe is ook dorpe aanbeveel wat selfs uit hutte bestaan, mits die basiese plan goed is en die minimum standaarde toegepas word.

3.4 Administrasie van die dorpe

Die Tomlinsonkommissie het bevind dat ten tye van sy ondersoek ten minste 300,000 gesinne of 1,800,000 mense in die Bantoegebiede in dorpe saamgetrek sal moet word om die landbougrond enigsins te kan

verlig ⁴²⁾. Aangesien bestaande wetgewing die Provinsiale Administrasie van die stigting en beheer van dorpe in die Bantoegebiede uitsluit, en die bowestruktuur van administratiewe masjinerie wat by dorpstigting en -ontwikkeling op provinsiale en munisipale vlak in werking tree, nie in die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling bestaan het nie, het die kommissie n stelsel soortgelyk aan die van die Transvaalse Provinsiale Administrasie aanbeveel en wel binne die onderhawige departement. Hierdie standpunt en aanbeveling van die kommissie is verder versterk deur die gebrek aan inisiatief vir dorpstigting asmede die beperkte ervaring van dorpsadministrasie by die Bantoe.

Waar die inisiatief vir dorpstigting in die blanke sektor gewoonlik van privaat persone of maatskappye, munisipaliteite of in enkele gevalle van die staat self uitgaan, het die kommissie bevind dat Bantoe-inisiatief in hierdie opsig ontbreek. Gevolglik wou die kommissie die inisiatief laat uitgaan van „..... n stedelike ontwikkelingsvleuel of filiaal van die Korporasie” ⁴³⁾ en ten opsigte van kleiner nedersettings uitgaande van n klein onderafdeling van die Departement. Bantoeadministrasie en -ontwikkeling wat die funksies van n dorperaad kan uitoefen.

42. Ibid., p. 29.

43. Hier word verwys na n ontwikkelingskorporasie wat die kommissie vir die Bantoe-tuislande aanbeveel het; iets soortgelyks aan die Bantoebeleggingskorporasie wat later ingestel is.

Uit die verslag van die Tomlinsonkommissie blyk dit dus dat die inisiatief vir die stigting van dorpe in die tuislande hoofsaaklik sal moet uitgaan van so 'n korporasie soos aanbeveel, terwyl die werklike stigting en administrasie van die dorpe die taak van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling sal moet wees. Gevolglik is aanbeveel dat 'n vleuel in die departement so gou moontlik in die lewe geroep moet word om daardie provinsiale funksies van finansiëring en algemene beheer uit te oefen ⁴⁴⁾.

Daardie voorgestelde vleuel of dorperaad moes volgens die aanbevelings in die departement gesetel wees en saamgestel uit die volgende personeel: een of meer hoofde van akteskantore, die mynkommissaris, die hoof van die destydse lande-afdeling (Bantoegebiede), die direkteur van Bantoelandbou, die hoof van die afdeling ingenieurswese, 'n geneesheer, 'n landmeter en 'n stadsbeplanner ⁴⁵⁾. So 'n dorperaad soos deur die kommissie aanbeveel sou in 'n groot mate ooreenstem met die dorperaad van die Transvaalse Provinsiale Administrasie wat ten opsigte van blanke dorpe verantwoordelik is vir stigting, uitleg en ontwikkeling (uitbreiding).

Die Tomlinsonkommissie het in sy verslag geen breedvoerige aanbevelings gemaak ten opsigte van die administrasie van die dorpe of die vorm wat die plaaslike bestuur moet aanneem nie. Die kommissie was wel deeglik bewus van die feit dat daar

44. Ibid., p. 33.

45. Loc. cit.

in die Bantoegebiede min Bantoes was wat ervaring van plaaslike bestuur gehad het, hetsy as raadslede of amptenare, en gevolglik is voorgestel dat die Bantoe onder leiding van blanke amptenare opgelei moet word. Om egter te voorkom dat n chaotiese toestand en verval intree, het die kommissie aanbeveel dat benewens die voorgestelde administratiewe masjinerie, ook nog n „pleegouer" soos die destydse Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede van Transvaal, binne die Departement Bantoeadministrasie geskep moet word. Hierdie beoogde raad van die Tomlinsonkommissie moes op n voltydse basis aangestel word en die lede daarvan moes kennis dra van die funksies van ten minste die volgende amptenare: stadsklerk, stadstesourier, stadsingenieur, stadsgeneesheer en stadsbeplanner. Hierdie voorgestelde „pleegouers" of raad moes sy eie hoofkantoor- en distrikspersoneel hê om uit n bestuursoogpunt die Bantoe dorpe tot selfstandigheid te lei. Verder het die kommissie ook voorgestel dat elke Bantoe dorp gedurende die oorgangstydperk tussen stigting en selfstandigheid, onder beheer van n bestuurder of amptenaar van die genoemde raad moet staan. Die kommissie se basiese uitgangspunt was egter dat die Bantoe so gou as moontlik alle stedelike bestuursfunksies moet oorneem

4. Dorpstigting as deel van 'n groter ontwikkelings-
program van die tuislande

Nadat die Tomlinsonkommissie sy verslag aan die parlement voorgelê het, het die regering 'n memorandum ⁴⁶⁾ gepubliseer waaruit blyk dat hy die aanbevelings van die kommissie prinsipieel aanvaar het nieteenstaande sekere voorbehoude ten opsigte van die middels en metodes deur die kommissie, voorgestel ⁴⁷⁾. Volgens Dr. Verwoerd, die destydse Minister van Naturellesake, was die verslag nie die begin van 'n nuwe era nie, maar gesien in sy historiese verband in der waarheid die "..... voortsetting van die voortdurende gesoek na 'n oplossing van 'n ou en geskiedkundige probleem" en derhalwe iets binne 'n duidelike en heldere verband waarin "..... aanbevelings gevind en uitgehaal en toegepas kan word" ⁴⁸⁾.

Vir sover dit die aanbevelings in verband met dorpstigting raak, was dit wel die geval. Die beginsel is aanvaar ⁴⁹⁾, behalwe dat die organisasiemetode soos deur die kommissie voorgestel, op daardie stadium nie deur die regering toepasbaar geoordeel is nie. Dorpstigting in die Bantoetuislande was ten tye van

46. Unie van Suid-Afrika. Besluite deur die regering oor aanbevelings van die kommissie vir die sosio-ekonomiese-ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. W.P.F. - '56.

47. Pelzer. Verwoerd aan die woord, p. 98.

48. Ibid., p.p. 95 - 98.

49. W.P.F.-'56, op. cit., par. 12, p. 10.

die publikasie van die Tomlinsonverslag nog in die beginstadium, en om daardie rede kon die regering homself nie onvoorwaardelik bind deur elke besondere aanbeveling te aanvaar nie. Soos in 'n later hoofstuk sal blyk, was nie al die aanbevelings van die Tomlinsonkommissie ten opsigte van dorpstigting prakties uitvoerbaar nie. Dit was slegs 'n onderdeel van 'n veel groter ondersoek en daardie deel van die aanbevelings, alhoewel rigtinggewend, kon met vrag verder ondersoek en nagevors word.

Hierdeur word ook nie te kenne gegee dat die besondere aanbevelings ten opsigte van dorpstigting nie die doel gedien het nie. Trouens, deur die prinsipiële aanvaarding daarvan het die regering binne sy beleid, met veel groter erns dorpstigting as deel van die fisiese ontwikkeling van die tuislande aangepak. Gesien teen daardie agtergrond was die werk en aanbevelings van die Tomlinsonkommissie beslis 'n stimulant vir dorpstigting en -ontwikkeling. Die erns van die saak is deur so 'n kommissie van ondersoek beklemtoon, en aangesien die departement reeds die weg van dorpstigting ingeslaan het, kon die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling in 1961 verklaar dat dit nie „.... net verbeeldingstrukture is”⁵⁰⁾ nie, maar 'n werklikheid en 'n beplanningsprojek wat al gedeeltelik uitgevoer is.

Terwyl daar in die periode voor 1954 slegs drie Bantoe dorpe in die tuislande gestig is, het die posisie tot 1956 in so 'n mate verbeter dat daar toe reeds 'n verdere vier dorpe geproklameer kon word en 35 in verskillende stadia van proklamering verkeer het.

50. Pelzer, op. cit., p. 550.

Die stigting van Bantoedorpe het egter nog te stadig gevorder, en as gedeeltelike uitvoering van die aanbevelings van die Tomlinsonkommissie, het die regering in 1961 'n vyfjaarplan vir die ontwikkeling van die Bantoegebiede aangekondig ⁵¹⁾. Volgens 'n verslag van die Naturellesakekommissie ⁵²⁾ het die vyfjaarplan 'n drieledige ontwikkeling van die Bantoegebiede beoog, naamlik:

- (a) 'n maatskaplike ontwikkeling met die klem op die mensontwikkeling,
- (b) 'n konstitusionele ontwikkeling met die klem op die gemeenskapsontwikkeling en
- (c) 'n fisiese ontwikkeling met die klem op die natuurlike hulpbronne en bodem van die Bantoegebiede.

Dorpsstigting in die Bantoetuislande het 'n prominente posisie in die vyfjaarplan ingeneem, en daar is in alle erns met die stigting van dorpe begin. Vanaf 1954 is 125 dorpe goedgekeur en volgens die vyfjaarplan sou slegs 38 daarvan tussen die jare 1961/1966 gestig en ontwikkel word. Die oorblywende 119 dorpe sou ingevolge die volgende vyfjaarprogram 1966/1971

51. Republiek van Suid-Afrika. Vyfjaarplan vir die ontwikkeling van die Bantoegebiede, Deel II, 1962.

52. Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Naturellesakekommissie, 1961, U.G. 72/1962, p. 5.

gestig en ontwikkel word ⁵³⁾. Teen 1964 het dit duidelik geword dat die behoefte aan dorpe vir die hervestiging van plakkers en die opruiming van „swartkolle“ asook die verskuiwing van oortollige Bantoes uit die landbou, so groot is dat die getal dorpe meer as verdubbel moes word ⁵⁴⁾.

Die aktualiteit van dorpstigting in die tuislande word duidelik aangetoon in die bewilliging van fondse vir daardie doel. Vir die 38 dorpe wat volgens die skema tussen die jare 1961 en 1966 ontwikkel moes word, is 'n bedrag van R75,949,500 begroot. Daarvolgens sou 81,505 permanente en 8,650 tydelike huise in die voorgestelde Bantoe dorpe opgerig word. Daardie bedrag was onder andere ook bedoel om lenings aan die Bantoe beskikbaar te stel vir die aankoop van persele en die oprigting van huise. In die program is ook voorsiening gemaak dat die Bantoe met eie kapitaal persele kon koop en huise daarop kon bou.

Gedurende 1964 is bereken dat volgens die voorgestelde skema meer as 400,000 Bantoes in daardie 38 dorpe gehuisves sou word ⁵⁵⁾. Verder het dit ook geblyk dat die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling

53. Hierdie gegewens is verkry van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling. Soos later aangetoon sal word, is die uitvoering van die vyfjaarplan deur inflasionêre neigings en die voorlopige opskorting van groot ontwikkelingskemas gekortwiek.

54. Marais. Gesondheidsaspekte by die beplanning van dorpe in die Bantoe tuislande, p. 393.

55. Loc. cit.

gedurende die laaste twee jaar van die program meer as honderd huise per dag sou moes voltooi om die beoogde totaal binne die vyf jaar te bereik.

Die begrote bedrag van R75,949,500 vir die periode 1961-1966, is aan die verskillende streke toegewys, soos uit onderstaande tabel blyk.

TABEL II 56)

Gebied	Getal huise	Fondse bewillig (R)
Noordelike gebiede	18,255 + 500 T + selfbou	16,579,500
Transkei	2000 + 5,5150 T	3,345,000
Natal	45,300 + 1000 T	41,070,000
Westelike gebiede	4,300 + 1000 T + selfbou	4,170,000
Ciskei	11,650 + 100 T + selfbou	10,785,000
Totaal	81,505 + 8650 + Selfbou	75,949,500

T = tydelike huise.

56. Gegewens verkry uit Deel II van vyfjaarplan.

n Ontleding van bestaande tabel toon dat aan Natal 54% van die totale fondse toegesê is terwyl die noordelike Bantoegebiede 22%, die Ciskei 14.2%, die westelike Bantoegebiede 5.5% en die Transkei 4.5% gekry het. Aangesien die Umlazi-Bantoeoordorp reeds voor 1961 gestig is en die hervestiging van Bantoes in die Durbangebied aktueel was, is die grootste persentasie van die begrote bedrag aan Natal toegesê. Die noordelike Bantoegebiede was in n soortgelyke posisie waar dorpe soos GaRankuwa en Molietsies reeds gestig was en met die huishouprogram voortgegaan moes word. Die verdeling van die beskikbare fondse tussen die verskillende dorpe het geskied ooreenkomstig die behoeftes van elke dorp asook die dringendheid van dorpstigting vir elke besondere gebied.

Die vyfjaarplan vir die ontwikkeling van die Bantoe-tuislande het vir slegs dertien dorpe in die noordelike Bantoegebiede voorsiening gemaak. Hierby moet in aanmerking geneem word dat die posisie met betrekking tot dorpstigting vir die noordelike Bantoegebiede aanmerklik verskil van die ander gebiede. Dit bestaan hoofsaaklik uit vyf groot blokke met verskillende kleiner gebiede wat van sekondêre belang is.

Die nywerhede was tot betreklik onlangs hoofsaaklik gekonsentreer in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging gebied ⁵⁷⁾ en dus betreklik ver van die verskillende Bantoegebiede. Met die uitsondering van Pretoria, en in n mate Pietersburg, kan dorpstigting in die Bantoe-tuislande van Transvaal nie ten volle op die Witwatersrandse nywerheidskompleks gebaseer word nie.

57. Die Tomlinsonkommissie, op. cit., hoofstuk 37, p. 74, het bereken dat daar destyds $\pm$ 3000 verskillende nywerhede gevestig was met ongeveer 285,000 Bantoes in diens.

Die neiging bestaan tans om in daardie nywerheidsgebied die Bantoewoonbuurtes op n streeksbasis te beplan en te ontwikkel. Uit daardie oogpunt gesien, kon dit dus nie tot dorpstigting in die tuislande lei nie. Tensy nywerheidsdesentralisasie suksesvol materialiseer, sal dorpstigting in die Transvaalse Bantoetuislande in n groot mate op die inherente groeipotensiaal van elke gebied self aangewys wees.

Ten opsigte van dorpstigting verkeer die Transkei in n unieke posisie. Dit is n aaneengeslote gebied wat redelik ver van enige noemenswaardige blanke ontwikkelingssektor geleë is. Word die Transkeise posisie nou byvoorbeeld vergelyk met die van Natal waar dorpstigting gebaseer kan word op naby geleë blanke ontwikkelingsgebiede, sal gevind word dat die Transkei in n betreklike ongunstige posisie verkeer. Die enigste werklike arbeidsmark binne die gebied was die 26 dorpe wat tot onlangs blank beheer was. Afgesien van die staatkundige ontwikkeling van die Transkei en die feit dat die blanke dorpe daar as „witkolle" mettertyd sal verdwyn, wil dit tog voorkom asof dit nogtans n beginpunt vir verdere Bantoedorpsontwikkeling is. Dit sluit hoegenaamd nie die moontlikheid uit dat nuwe dorpe op ander plekke gestig en tot groeipunte ontwikkel kan word nie.

Op die oomblik is die Transkeise verbindingsnetwerk om daardie bestaande dorpe opgebou, wat hulle in die gunstige posisie plaas dat hulle alreeds verbinding-sentra is ⁵⁸⁾. Die voortbestaan en toekomstige ontwikkeling van daardie dorpe is in n groot mate afhanklik

58. Tomlinsonverslag, op. cit., hoofstuk 37, p. 61.

van hulle inherente groeivermoë, hulle omgewings en die vestiging van nywerhede. Dit verklaar ook die rede waarom daar in die vyfjaarplan geen groot en gedetailleerde voorsiening vir dorpstigting in die Transkei gemaak is nie. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat die inisiatief en verantwoordelikheid vir dorpstigting nou ná die verlening van selfbestuur, nie uit die hande van die Transkeise regering geneem kan word nie.

Ten opsigte van dorpstigting verkeer die Natalse Bantoegebiede om verskeie redes weer in 'n gunstige posisie. Waar die versnipperdheid van die Bantoegebiede van Natal 'n struikelblok op die weg van staatkundige ontwikkeling is, is dit met die oog op dorpstigting weer 'n voordeel aangesien dit relatief naby aan blanke ontwikkelingsgebiede geleë is. Die verskillende Bantoegebiede is ook in 'n relatief klein provinsie versprei en deurgaans betreklik naby aan blanke ontwikkelingssektore. Die Tomlinsonkommissie het reeds die aandag daarop gevestig ⁵⁹⁾ dat die blanke ontwikkelingsgebied hoofsaaklik langs een groot lyn met drie sytakke geleë is. Die hoofontwikkelingslyn strek vanaf Durban deur Pietermaritzburg en Newcastle na Johannesburg. Die eerste sytak spruit uit Durban, af langs die suidkus en weer op langs die noordkus. Die tweede sytak spruit vanuit Pietermaritzburg en ontplooi noordoos in een rigting en suidwes in 'n ander rigting. Die derde sytak spruit uit Estcourt na Weenen aan die een kant en Bergville aan die ander kant. Hierdie ontwikkelingslyn is deur die Tomlinsonkommissie tereg die lewensare van Natal genoem, terwyl dit terselfdertyd uit die oogpunt van Bantoe-

59. Ibid., p. 37.

dorpsstigting, naby aan die Bantoegebiede geleë is. Bantoedorpsstigting in die Natalse Bantoegebiede verkeer dus vir sover dit die blanke ontwikkelingsgebiede as basis moet hê, in 'n baie gunstige posisie.

Die vyfjaarplan (1961-1966) vir die ontwikkeling van die Bantoegebiede het met daardie feite rekening gehou. Dit verklaar verder ook waarom die Natalse Bantoegebiede so 'n groot deel van die beraamde fondse vir die stigting en ontwikkeling van Bantoedorpe gekry het. In die ontwikkelingsprogram is vir die stigting en ontwikkeling van dertien dorpe in die verskillende Bantoegebiede van Natal voorsiening gemaak. Die Umlazi-Bantoedorp sou alleen 33.5% van die totale bedrag gekry het, Duckponds, 'n Bantoedorp naby Newcastle, sou 11% gekry het, terwyl die res van die dorpe ooreenkomstig hulle besondere behoeftes en omstandighede bedeel sou word.

Die westelike Bantoegebiede is oor die algemeen in 'n droë deel van die land geleë, en dit is terselfdertyd relatief arm aan natuurlike hulpbronne. Die Tomlinsonkommissie het ook bevind dat daar min geleenthede vir intensiewe ontwikkeling is ⁶⁰⁾, en in die meeste gevalle is dit moeilik om 'n goeie basis vir dorpsstigting te vind. Hierby moet ook in aanmerking geneem word dat die belangrikste blanke ontwikkelingsgebiede aan die Wesrand en by Klerksdorp en Kimberley bestaan. Al drie hierdie ontwikkelingsgebiede is relatief ver van die bestaande Bantoegebiede sodat dorpsstigting nie maklik daarop gebaseer kan word nie. Die Bantoegebiede in die omgewing van Rustenburg en Mafeking verkeer egter in 'n gunstiger posisie en indien nywerhede daar

60. Ibid., p. 82.

gevestig kan word, behoort dit n basis vir dorpstigting te kan verskaf. Verder sal die stigting van dorpe in die westelike Bantoegebiede in n groot mate van interne ontwikkeling en soos later aangetoon sal word, van die groeipotensiaal van die gebiede self afhanklik wees.

Daar dien verder op gewys te word, soos reeds breedvoerig in hoofstuk II gedoen is, dat die gekonsentreerde nedersettings of digte agglomerasies van die Tswana nie dorpe is nie. Elke vorm van beplanning en stedelike bestuur, naas al die ander stedelike funksies, ontbreek oor die algemeen nog daar. Die verdere ontwikkeling van daardie statte is planneloos sodat dit dus nie altyd moontlik sal wees om dit te omvorm tot dorpe nie. Met die oog daarop, asmede op die reeds genoemde ongunstige posisie van dié gebiede, is die hele kwessie van dorpstigting in die westelike Bantoegebiede met n groot mate van versigtigheid in die vyfjaarplan (1961-1966) behandel. Daar is slegs vir die stigting en ontwikkeling van ses Bantoedorpe voorsiening gemaak.

Daar mag geredeneer word dat daardie nedersettings funksioneel nie meer dieselfde is nie en dat met die nodige ekonomiese stimulus dit in dorpe kan ontwikkel. Aan die ander kant moet daarop gewys word dat ervaring in verskillende Afrika-gebiede bewys het dat dit uit n beplannings- en finansiële oogpunt gesien, profytliker sal wees om nuwe dorpe te stig wat aan beplanningsvereistes voldoen. Tradisionele grondbesit en -gebruik, die waarde wat aan die grafte van voorvaders geheg word, is maar enkele faktore wat die omvorming van so n tradisionele nedersetting in n dorp bemoeilik.

Vir die Ciskeise Bantoegebiede het die vyfjaarplan (1961-1966) slegs vir die stigting en ontwikkeling van ses dorpe voorsiening gemaak. Die Ciskei is nie 'n aaneengeslote Bantoegebied nie maar dit bestaan uit verskeie kleiner gebiede. Die posisie daar kan met die van Natal vergelyk word behalwe dat die blanke ontwikkelingspunte daar meer beperk en verder geleë is. Oos-Londen is die belangrikste blanke ontwikkelingsgebied, en dit is ongeveer 10 myl vanaf die naaste Bantoegebied geleë. Omstandighede vir dorpsstigting in die Ciskei is redelik gunstig vir sover dit van die blanke ontwikkelingsgebiede afhanklik is, maar die interne groeivermoë van die gebied self sal 'n nog groter rol speel.

'n Faktor wat miskien vir die ontwikkeling van die Ciskei bepalend kan wees en dorpsstigting kan beïnvloed, is die kwessie of die Ciskei as losstaande eenhede wat 'n nasionale tuiste moet bied vir 'n deel van die Xhosa-sprekendes sal voortbestaan en of dit miskien mettertyd tot een gebied met die Transkei sal saamsmelt.

Volgens die eerste vyfjaarplan (1961-1966) vir die ontwikkeling van die Bantoegebiede blyk dit dat die noodsaaklikheid van dorpsstigting as deel van die fisiese ontwikkeling van die gebiede besef is en met groot erns aangepak is. Volgens gegewens wat van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling verkry is ⁶¹⁾, is tot op datum ongeveer 125 dorpe in die tuislande in verskillende stadia van proklamering en ontwikkeling.

61. 'n Volledige lys van Bantoe dorpe wat gestig is en ontwikkel word, verskyn in Bylae G.

Gedurende die eerste helfte van die ontwikkelingsplan is die bouprogram in die verskillende dorpe as gevolg van 'n skaarste aan bakstene en 'n tekort aan Bantoe-boukontrakteurs ernstig vertraag. Gedurende die tweede helfte van die program het inflasionêre tendense meegebring dat van owerheidsweë 'n beperking op groot kapitale ondernemings geplaas is. In 'n poging om 'n dreigende inflasie die hoof te bied, is die ontwikkeling van die Bantoetuislande noodwendig daardeur geraak en was dit veral dorpsstigting wat daaronder gely het. Die huidige tempo by die stigting en ontwikkeling van dorpe kan dus hoofsaaklik dááaraan toegeskryf word en beslis nie omdat die noodsaaklikheid daarvan nou 'n sekondêre posisie ingeneem het nie.

Sedertdien is die tweede vyfjaarplan (1967 - 1971) opgestel ⁶²⁾ maar dit is ook in die uitvoering daarvan onderhewig aan dieselfde eksterne beperkings. Die departement is tans nog besig om die agterstand van die eerste vyfjaarplan in te haal en gevolglik is daar tot op datum nog nie veel vordering met die implementering daarvan gemaak nie.

62. As gevolg van die inflasionêre neigings kon daardie ontwikkelingsplan nie bekend gemaak word nie.

HOOFSTUK VI

GARANKUWA EN MAKWARELA -

'N BESKRYWING EN ANALISE VAN TWEE BANTOEDORPE

n Normale en ewewigtige bestaan en ontwikkeling van n dorp of stad stel as voorvereistes n differensiasie van stedelike funksies. Funksionele differensiasie kan verskil van dorp tot dorp, maar sekere basiese funksies behoort by elke forp aanwesig te wees. By n normatiewe begrensing moet die noodsaaklike funksies wat elke dorp of stad ten opsigte van sy inwoners uitoefen, ook in samehang met sy omgewing of hinterland gesien word.

Waar die klem in die vorige hoofstuk op die dorpsstigtingsbeleid geval het, kan die aandag nou bepaal word by n saaklike beskrywing en evaluering van twee Bantoe-dorpe wat reeds geproklameer is en in verskillende stadia van ontwikkeling verkeer. Die keuse het geval op n grensnywerheidsdorp, Garankuwa en n dorp in die „hart" van n tuisland, Makwarela. Op laasgenoemde dorp is besluit omdat dit tot op datum die enigste geproklameerde tuislanddorp is wat tot n mate ontwikkel word en nie aan n blanke ontwikkelingsgebied grens nie. Dit is primêr afhanklik van die groeipotensiaal van die gebied self.

Daar is wel ander dorpe in die sentra van die tuislande wat ontwikkel gaan word, maar vir die doeleindes van hierdie beskrywing is hulle nie geskik nie omdat daar nog nie veel verder gevorder is as miskien net die beplanningstadium of in enkele gevalle, die oprigting van n paar huise nie. Die enigste ander dorp

wat reeds geproklameer is, ontwikkel word en nie n grensdorp is nie, is Shayandima. Dit is n paar myl suid van Makwarela geleë ¹⁾ en volgens die kwartaalverslag aan die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling ²⁾, is daar op die oomblik slegs 14 selfbouhuise en geen trusthuise nie.

Daar is geen verdere ontwikkeling in Shayandima aan die gang nie, en volgens mededelings van die departement wil dit voorkom asof die dorpie „doodgebore” is. Die huidige posisie is dus sodanig dat daar geen ander keuse gemaak kan word as tussen een grensnywerheidsdorp en Makwarela nie.

1. Garankuwa

1.1 Ontstaan en groeistimulante

Garankuwa het sy ontstaan as tuislanddorp te danke aan die opruiming van „swartkolle” binne die blanke gebied van Pretoria. In die Bantoe-woonbuurt, Lady Selborne, het 1484 Bantoes ³⁾ eiendomsreg op persele gehad. Dit is in stryd

-
1. Sien Bylae H vir Bantoegebiede met voorgestelde en bestaande dorpe.
 2. Kwartaalverslag vir periode geëindig op 31 Maart 1968.
 3. Van Gass. n Kritiese ondersoek van die vestiging, ligging en vorm van die Bantoe-dorp Garankuwa, p. 8.

Waardevolle gegewens is uit hierdie skripsie verkry veral sover dit die oorspronklike beplanning betref.

met die heersende landsbeleid en derhalwe moes daardie „swartkollie" opgeruim word en die inwoners vergoedende grond binne 'n tuisland (dorp) ontvang. Sommige van daardie Bantoes het hulle gronde verkoop en dus aanspraak op ander kompenserende grond verbeur, maar die grootste persentasie het tog verkies om ander grond van die owerheid te ontvang.

Die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling het vanaf 1955 begin onderhandel met die Stadsraad van Pretoria oor die opruiming van Lady Selborne en die hervestiging van die inwoners in 'n dorp binne die naaste Bantoegebied. Die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust het vervolgens in 1957 die plaas Uitvalgrond van blanke eienaars gekoop en dit gekonsolideer met die bestaande Hammanskraalse Bantoegebied. Gedurende 1960 is die naam Garankuwa aan die te stigte dorp gegee ⁴⁾.

Vanaf 1959 is met die opmeet en beplanning van die dorp begin en gedurende 1961 is vasgestel dat die behoeftes vir die volgende vyftien jaar op 12,850 persele te staan sou kom. Langdurige onderhandelinge is gevoer oor die verkryging van addisionele grond vir dorpsuitbreiding. Die mees geskikte uitbreidingsrigting vir die dorp was op die stamgrond, Sjambok Zyn Oude Kraal van Kaptein Mamogale. Teenkanting van die stam, veral om van hulle grond afstand te doen, het die uitbreiding van die dorp ernstig gestrem. Eers gedurende 1966 het die stam ingewillig om vyf plase, driemaal so groot as die stamgrond, as kompensasie vir Sjambok Zyn Oude Kraal te neem.

4. Gegewens oor die geskiedenis van Garankuwa is hoofsaaklik verkry uit die skripsie van Van Gass.

Gedurende 1961 is besluit om die eerste 950 huise en twee laer primêre skole deur Bantoe kontrakteurs te laat oprig. Binne n jaar was 650 huise reeds voltooi en nog 850 in aanbou. Aanvanklik was die Bantoe van Lady Selborne baie traag om na Garankuwa te verskuif, met die gevolg dat baie huise leeg gestaan het. Namate meer dienste beskikbaar gestel is, het die inwonertal n stygende tendens begin toon, en teen Mei 1964 was die eerste eenheid reeds vol bewoon.

Die verdere groei van Garankuwa staan in die nouste verband met die nywerheidsontwikkeling in die aangrensende blanke gebied en die verdere opruiming van „swartkollie“. n Nywerheidsgebied, Rosslyn, is in ooreenstemming met die beleid van nywerheidsdesentralisasie en grensnywerhede ten noorde van Pretoria tot stand gebring.

1.2 Demografiese aspekte en etniese samestelling van die bevolking.

Betroubare gegewens in hierdie verband is nie beskikbaar nie. Van Gass ⁵⁾ het in sy opname van die dorp gevind dat die inwoners vanaf Julie 1962 van 7.0 persone per gesin afgeneem het tot 6.3 per gesin in 1966. Die Departement Bantoe administrasie en -ontwikkeling stel die gemiddeld egter op vyf persone per bewoonde huis.

5. Ibid., p. 29.

Indien die posisie dieselfde gebly het as tydens Van Gass se opname behoort daar ongeveer 20,000 inwoners in Garankuwa woonagtig te wees. Word die formule van die departement egter as basis geneem, was daar op 30 Junie 1968 ongeveer 16,035 inwoners in die dorp.

Garankuwa is binne 'n Tswanatuusland geleë, maar die inwoners is etnies uiters heterogeen. Uit gegewens wat van die departement verkry is ⁶⁾, is die etniese samestelling van die dorp soos volg:

<u>Groep</u>	<u>Persentasie van Totaal</u>
Tswana	30.92
Noord-Sotho	22.14
Shangaan	15.35
Nguni (veral Ndebele)	13.15
Ongespesifiseerd	11.87
Venda	3.31
Suid-Sotho	1.76
Uitlands	1.50

Die heterogene aard van die inwoners van Garankuwa plaas die dorp in 'n unieke posisie wat besondere probleme oplewer soos later aangetoon sal word. Die situasie kon nie voorkom word nie aangesien die ontstaan van die dorp met die hervestiging van die inwoners van Lady Selborne verband hou.

6. Slegs getalle, gebaseer op vyf persone per huis, is verstrek, en daarvolgens is persentasies bereken.

1.3 Funksionele betekenis van Garankuwa

1.3.1 Residensie

Die voorsiening van woonplek is ongetwyfeld die primêre funksie van elke dorp. Gevolglik beslaan die woonbuurtes die grootste deel van n dorp of stad. Garankuwa is beplan en ingedeel in 16 eenhede, elk met n bepaalde aantal woon- en spesiale persele. Op die oomblik is net ses eenhede in verskillende stadia van ontwikkeling.

By n ontleding van die meesterplan en die onderskeie eenheidsplanne, is die posisie met betrekking tot die verdeling van woonerwe soos volg:

eenheid nommer 1	1908 woonpersele,
eenheid nommer 2	1087 woonpersele,
eenheid nommer 3	918 woonpersele,
eenheid nommer 4	1418 woonpersele,
eenheid nommer 5	710 woonpersele,
eenheid nommer 6	777 woonpersele.

Indien die eerste fase van ontwikkeling voltooi is en die eerste ses wooneenhede ten volle benut is, behoort Garankuwa reeds oor 5,731 woonerwe te beskik. Daarna sal in n noord-westelike rigting in die tuisland met die ontwikkeling van die ander beplande eenhede begin word.

Die grootte van die woonpersele van eenheid nommer een is 10,000 vk. vt. terwyl die ander eenhede se woonpersele 5,000 vk. vt. groot is. Onderstaande tabel ⁷⁾ toon die bruto digtheid van die verskillende eenhede:

<u>Eenheid</u>	<u>Digtheid in woenerwe per morg</u>
1	5.25
2	4.74
3	7.67
4	7.81
5	9.13
6	nog nie beskikbaar nie.

Die rede waarom eenheid nommer twee se digtheid die laagste is ondanks die kleiner persele, kan toegeskryf word aan die groot oop ruimtes en die voorsiening wat vir drie spesiale inrigtings gemaak is. Verder is daar ook nog in wooneenheid nommer een vir twee woonstelpersele voorsiening gemaak.

Die woonhuise word op die oomblik hoofsaaklik deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust gebou met Bantoekontrakteurs. Die Bantoe word egter toegelaat om self ook huise te bou indien die planne en bouwerk aan die gestelde vereistes kan voldoen.

Die departementele huise (deur die Bantoetrust gebou) kan enige van die volgende vier kategorieë wees:

7. Van Gass, op. cit., p. 15.

- (a) een-vertrek voorafvervaardigde huise met buite-latrine,
- (b) twee-vertrek huise met buite-latrine,
- (c) vier-vertrek huise met buite-latrine, en
- (d) vier-vertrek huise met binne-latrine.

Op 30 Junie 1968 was daar in Garankuwa geen een- en twee-vertrek huise nie en 2,556 vier-vertrek huise met buite-latrines, 576 vier-vertrek huise met binne-latrines en 75 selfbou-huise. Hoewel daar in die beplanning vir woonstelle voorsiening gemaak is, is tot op datum nog geen aansoek vir die oprigting van 'n woonstelgebou ontvang nie.

1.3.2 Handel

By die beplanning van Garankuwa is die handelsfunksie van die dorp in gedagte gehou en voorsiening is gemaak vir etlike handelspersele. Die sakepersele van eenheid nommer een is in twee groepe verdeel, naamlik elf in die sentrum van die dorp en drie versprei oor die res van die dorp. Verder is ook nog vir twee motorhawepersede, een bioskoopperseel en drie persele vir diensnywerhede voorsiening gemaak.

Eenheid nommer twee is beplan om voorsiening te maak vir 'n klein sakesentrum met drie besigheidspersede, terwyl eenhede vier en vyf slegs vir twee hoekpersele voorsiening maak, elk waarop handel gedryf kan word.

Onderstaande tabel toon die verskillende aantal besighede wat op 30 November 1968 in Garankuwa bestaan het.

Soort besigheid	Aantal
Algemene handelaar	6
Slaghuis	2
Restaurant en varsprodukte	4
Biersaal	1
Kleremaker	1
Begrafnisondernemer	1
Geneesheer	2
Kruiedokter	1
Bank (Bantoe-Beleggingskorporasie) ...	1

Uit gegewens wat van die departement verkry is, blyk dit dat die inwoners nog tot n groot mate geneig is om elders hulle benodigdhede te koop en dus nie ten volle van die gevestigde besighede in Garankuwa gebruik maak nie. Die regulasies bepaal ook dat slegs persone behorende tot die etniese groep binne wie se stamgebied n tuislanddorp geleë is, handelslisensies mag verkry.

1.3.3 Nywerhede

By die beplanning van Garankuwa is vir nywerheidsontwikkeling in die dorp self voorsiening gemaak. Die nywerheidsgebied bestaan uit 196 persele wat in grootte wissel van 15,000 vk. vt. tot 90,000 vk. vt. met enkele groot persele van tot twee morg elk.

Tot op datum van skrywe was die enigste noemenswaardige ontwikkeling op nywerheidsgebied naasligte diensnywerhede, n steenmakery. Die kontrak om stene vir die boubedrywigheide van die Bantoetrust te maak, is aan vier Bantoes toegeken.

1.3.4 Onderwys

Vir hierdie belangrike funksie van 'n dorp is daar ook in Garankuwa voorsiening gemaak. In eenheid nommer een is in totaal vyf skoolpersele beplan: drie laer primêre skole, een hoër primêre skool en een sekondêre skool. In eenheid nommer twee is vir twee laer primêre skole, een hoër primêre skool en twee sekondêre skole beplan, (een sekondêre skool moet van sy leerling uit eenheid nommer een trek).

Eenheid nommer vier is inderdaad as gevolg van die uitleg van die gebied in twee dele verdeel. Die skole sal oor die verskillende dele van die eenheid versprei wees sodat in die eerste deel twee skole, 'n park en 'n kleuterskool 'n eenheid sal vorm. In die tweede deel word dieselfde beginsel gevolg maar drie skole word voorsien.

Die huidige posisie met betrekking tot die voorsiening van opvoedkundige dienste in Garankuwa blyk uit onderstaande tabel ⁸⁾.

Tipe skool	Aantal
Laer primêr	4
Hoër primêr	3
Gekombineerd	2
Sekondêr	1
Totaal	10

8. Gegewens verstrek deur die Kringinspekteur van Bantoe-onderwys, Pretoria-Wes, 5 Desember 1968.

In bogenoemde verskillende skole word aan 8245 leerlinge onderrig gegee deur 97 onderwysers. Daar bestaan egter geen ander skole en opvoedkundige inrigtings in Garankuwa nie. Die moontlikheid van die oprigting van 'n mediese skool vir Bantoes word tans ondersoek.

Naas die bogenoemde skole is daar nog 'n instituut vir blindes opgerig en 'n bewaringsinrigting, die sogenaamde Plek van Veiligheid en Bewaring.

1.3.5 Kerke

Met die beplanning van die eerste ses eenhede is voorsiening gemaak vir 32 kerkpersele. Naas elke kerkperseel is ook nog voorsiening gemaak vir een pastorieperseel. Tot op datum van skrywe is vyf kerkgeboue opgerig terwyl verskeie kerkgenootskappe reeds persele aangekoop het.

1.3.6 Ander dienste


Aangesien Garankuwa nog in die ontwikkelingstadium is, is nie alle ander basiese dienste reeds ingestel nie. Die massa watervoorsiening is reeds voltooi, die riool-uitvalwerke is in 'n proses van voltooiing, terwyl elektriese straatligte reeds aangebring is. Op die oomblik word water en riolering aan 3149 erwe voorsien, terwyl dieselfde getal erwe reeds van strate voorsien is. Ander sanitêre dienste word verskaf, en sodra die hospitaal opgerig is, behoort Garankuwa ook selfstandig gesondheidsdienste te kan verskaf.

1.3.7 Administrasie

Die administratiewe funksie van die dorp is in gedagte gehou by die beplanning. Ruim voorsiening is gemaak vir administratiewe geboue met latere desentralisasie na strategiese plekke in ander eenhede.

Die administrasie van die dorp geskied ingevolge Proklamasie No. 293 van 1962. Op die huidige tydstip staan Garankuwa nog direk onder beheer van 'n blanke amptenaar en is daar nog geen voorsiening gemaak vir deelname deur die inwoners aan die plaaslike bestuur nie.

Onderstaande skema gee 'n uiteensetting van die heersende posisie met betrekking tot die administrasie



Eenheid 1: 1 Bantoe klerk graad I
3 Bantoe klerke graad II
1 Bantoe tikker
1 Bantoe tolk/klerk

Eenhede 2 & 3: 1 Bantoe klerk graad I
3 Bantoe klerke graad II

Eenhede 4 & 5: 1 Bantoe klerk graad I
3 Bantoe klerke graad II

By elke eenheid is 'n Bantoe polisiesersant en vyf Bantoe konstabels gestasioneer.

1.3.8 Sport en ontspanning

In die beplanning van die tuislanddorp Garankuwa, is ruim voorsiening gemaak vir sportgronde en parke. Die huisbou-program en die voorsiening van rudimentêre dienste het tot dusver meegebring dat daardie deel van die ontwikkelingsprojek minder aandag geniet het. Slegs een gemeenskapsaal is nog opgerig.

2. Makwarela Bantoedorp

2.1 Ontstaan en groeistimulante

Makwarela-Bantoedorp is in die Venda-tuisland digby Sibasa geleë. Tot op datum is dit die grootste dorp in die „hart“ van n Bantoetuisland. Die ander Bantoedorpe wat groter en meer ontwikkel is, kan feitlik almal as grensdorpe of grensnywerheidsdorpe geklassifiseer word. Makwarela kan verder as dorp nie op blanke ontwikkeling steun nie en is dus op die inherente groeivermoë van die tuisland self aangewese.

Die Tomlinsonkommissie het in sy verslag ⁹⁾ aanbeveel dat n Bantoedorp by Sibasa gestig moet word en dat dit mettertyd tot n groot stad ontwikkel moet word. n Afvaardiging van

9. Tomlinsonverslag, op. cit., hoofstuk 37, p. 76.

die Venda uit daardie omgewing het tydens die kommissie se ondersoek vertoë tot die kommissie gerig om die stigting van 'n dorp daar aan te beveel.

Die kommissie is in sy aanbeveling deur verskeie oorwegings gelei. In die eerste instansie is bevind dat die gebied besonder dig bevolk is en dat 'n groot konsentrasie mense reeds by Sibasa saamgetrek is. Daarby is die gebied in 'n hoë reënvalstreek geleë, terwyl water vir dorpsgebruik maklik verkrygbaar is.

Daar was verder ook, volgens die oordeel van die kommissie, voldoende aanvanklike basisse wat dorpsstigting moontlik gemaak het. Naas trekarbeid het die bosbou-ontwikkelinge en die intensiewe landbou-ontwikkelinge 'n genoegsame primêre basis verseker. Op Palmaryville was daar reeds 'n besproeiingskema van ongeveer 80 morg wat in 1/16 morg persele uitgelê was vir die verbouing van groente en subtropiese vrugte. Een-en-n-half myl verder is daar nog 300 morg besproeibare grond aan die Dzindirivier en by die naby geleë Rembander was 140 morg reeds onder besproeiing.

Vir die verdere groei van die dorp kan 'n nywerheid begin word wat gebaseer is op die bosbou by Vonde. Daarnaas kan 'n inmaakfabriek by die dorp opgerig word wat op sy beurt werkgeleentheid aan 'n groot getal Bantoes sal verseker.

Die Bantoegebied as sodanig is uitnemend geskik vir die verbouing van Phormium tenax en 'n veselverwerkingsnywerheid behoort 'n goeie ekonomiese basis vir 'n dorp te verskaf.

Vendaland is die derde grootste Bantoeblok in Suid-Afrika, en n dorp by Sibasa sou, volgens die Tomlinsonkommissie, die mees sentrale plek wees vir die hele gebied om daarby te baat. Dit is ook, ten opsigte van n spoorwegverbinding, binne trefafstand van Louis Trichardt geleë.

In die laaste instansie het die kommissie ook voorgestel dat n dorp by Sibasa die administratiewe hoofstad en onderwyssentrum van Vendaland moet word.

Na aanleiding van bogenoemde aanbevelings van die Tomlinsonkommissie het die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling met die beplanning van n dorp in die Mphaphulelokasie begin ¹⁰⁾. Dit sou bekend staan as Mphaphule.

Die oorspronklike idee was dat die dorp Mphaphule direk noord-oos en feitlik teenaan Sibasa aangelê moes word, sodat dit met verloop van tyd as voorstad van groter Sibasa kan ontwikkel. Gevolglik is besluit om in die beplanning nie vir al die stedelike funksies van n dorp voorsiening te maak nie. Daar is aanvanklik dus net vir die behoeftes van Mphaphule beplan sover dit handel, behuising, administrasie en enkele ligte nywerhede betref.

10. Geen gegewens is beskikbaar oor die presiese datum waarop met die beplanning en ontwikkeling van Mphaphule begin is.

Met die ontwikkeling van die dorp is streng by die oorspronklike doelstelling gehou en net die naam is sedertdien verander. Vandag staan dit as Makwarela bekend. Die groei van die dorp het egter nie aan die verwagtings voldoen nie ondanks die feit dat die Bantoesakekommissaris van Sibasa reeds in Maart 1966 gerapporteer het dat daar 'n ernstige tekort aan huise bestaan het. Volgens die jongste kwartaalverslag (30 September 1968) was daar geen aansoeke om akkommodasie nie en het daar nege huise leeg gestaan.

2.2 Demografiese aspekte

Die inwoners van Makwarela is etnies homogeen en behoort tot die Vendagroep. Volgens beraming van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling, kan die inwonertal van die dorp op ten minste 410 gereken word.

2.3 Funksionele betekenis van Makwarela

2.3.1 Residensie

Die voorsiening van huisvesting is op hierdie stadium die belangrikste funksie van die dorp. Makwarela is beplan en uitgemeet om vir 1549 woonpersele voorsiening te maak. Al die woonpersele is 5,000 vk. vt. groot. Net soos in die geval van die ander dorpe kan die Bantoe wat aan die regte etniese groep behoort, eiendomsreg op die grond verkry. Volgens die uitlegplan van die dorp is daar sekere persele in die omgewing van die beoogde Gebiedsowerheidskompleks wat vir 'n beter tipe huis bedoel is as die standaard-huise wat deur die Bantoe-trust opgerig word.

Die gewone vier kategorië huise word deur die Bantoetrust opgerig, en die Bantoes kan dit koop of huur. Aan die einde van die laaste verslagperiode ¹¹⁾ was daar slegs 42 vier-vertrek huise met buite-latrine~~s~~ opgerig. Daarbenewens is daar nog twee huise wat nie van die standaardtipe is nie. In totaal is daar dus nog net 82 woonhuise in Makwarela.

2.3.2 Handel

In die beplanning is vir 'n moderne sakesentrum met ruimte vir 16 winkels en een mark voorsiening gemaak. Daar is egter nog geen winkelgebou opgerig nie.

2.3.3 Nywerheid

Aan die noordekant van die dorp is 'n beperkte aantal persele afgebaken vir die daarstelling van ligte- en diensnywerhede. Daar is egter nog geen nywerhede gevestig nie.

2.3.4 Onderwys

Wanneer Makwarela ten volle ontwikkel is, sal daar volgens die uitlegplan drie laer primêre, twee hoër primêre, een sekondêre en twee kleuterskole wees. Tans bestaan daar nog geen skool in die beplande dorp self nie.

11. 30 September 1968.

2.3.5 Kerke

In die beplanning van die dorp is vir nege kerke voorsiening gemaak, elk met n pastorieperseel. Daar is egter nog geen kerkgebou in die beplande dorp opgerig nie.

2.3.6 Ander dienste

Die dorp is reeds tot so n mate ontwikkel dat 348 persele van water voorsien is, 303 persele van riolering voorsien is, en 303 erwe met strate bedien word.

2.3.7 Administrasie

Vir administratiewe doeleindes ressorteer Marakwela onder die Bantoesakekommissaris van Sibasa. n Bantooklerk behartig tans nog die administrasie van die dorp.

Die enigste openbare geboue wat opgerig is, is n huis vir besoekende kapteins en n gebou vir die Bantooklerk.

Aangesien die dorp die hoofkwartier van die Gebiedsowerheid is, is in die beplanning voorsiening gemaak vir 2.7 morg grond vir die oprigting van n gebouekompleks vir daardie doel.

2.3.8 Sport en ontspanning

Die uitlegplan maak ruim voorsiening vir sportgronde, parke en n gemeenskapsaal. Gedurende 1965 het die Streeksowerheid

aansoek gedoen vir die oprigting van 'n gemeenskapsaal en ander ontspanningsfasiliteite, maar in 1967 het die departement besluit dat as gevolg van 'n tekort aan geld, nie aan die versoek voldoen kon word nie.

3. Evaluering

In die voorafgaande gedeeltes is twee Bantoedorpe in twee verskillende Bantoetuislande beskryf. Die agtergrond, ontstaan en ontwikkeling is verskillend en derhalwe is die huidige omstandighede en betekenis van die dorpe nie ten volle vergelykbaar nie.

Die ontstaan van Garankuwa was nie spontaan nie. Die dorp het nie as 'n behoefte van die gebied en sy inwoners tot stand gekom nie. Die grondeienaars en ander inwoners van Lady Selborne moes van 'n alternatiewe verblyfplek voorsien word terwyl die bestaande Bantoewoonbuurtes van Pretoria hulle nie kon absorbeer nie. Hulle hervestiging, die vergoedende grond en die nabyheid van 'n tuisland het die oplossing gebied.

Makwarela se ontstaan spruit hoofsaaklik uit die aanbevelings van die Tomlinsonkommissie en die redelike digte konsentrasie van mense in die gebied. 'n Belangrike voorwaarde wat destyds deur die kommissie gestel is, is die skepping van groeistimulante. Die landbouontwikkelinge op sigself kon nie die bestaan van 'n dorp van die omvang wat deur die departement in vooruitsig gestel is, regverdig nie, en die ander ekonomiese basisse soos deur die kommissie aanbeveel, het agterweë gebly. Daarby moes Makwarela as voorstad van Vendaland se hoofstad ontwikkel word nog voordat die hoofstad self gebou is.

Garankuwa daarenteen moes noodwendig groei en ontwikkel. Diegene wat inwoners van die dorp geword het, was reeds aan bepaalde werksgeleenthede gekoppel toe hulle nog elders gewoon het. Die werksgeleenthede was dus daar en slegs die woonplek het verander. Met die vestiging van grensnywerhede te Rosslyn is verdere stimulant verskaf waardeur die toekomstige groei van die dorp verseker kon word.

Daar bestaan geen twyfel dat Garankuwa verder sal ontwikkel nie, want nywerheidsuitbreiding by Rosslyn en nuwe grensnywerheidsgebiede in die omgewing van die tuisland sal dit verseker. Die hele blanke gebied ten ooste van die Rustenburgse Bantoegebiede tot by Hammanskraal is grensnywerheidsgebied ¹²⁾. Al sou Rosslyn 'n versadigingspunt bereik, kan nywerheidsuitbreiding weswaarts plaasvind totdat dit die ooswaartse uitbreiding vanaf Rustenburg ontmoet. Groter Garankuwa, dit wil sê teen die beplande uitbreidings-tempo, sal sodoende van werksgeleenthede vir sy inwoners verseker wees.

Die verskaffing van werksgeleenthede aan so 'n groot getal Bantoes in 'n tuislanddorp blyk bemoedigend te wees. Daar is egter 'n paar sake wat kwel. Garankuwa en sy verbondenheid aan die blanke nywerhede, en moontlike toekomstige uitbreiding soos reeds genoem, skep die indruk asof daardie grensnywerhede geen werklike desentralisasie is nie, maar eerder 'n oorsentralisasie van die metropolitaanse nywerheidsgebied, Pretoria-Witwatersrand - Vereeniging. Die gebied word dus net groter.

12. Sien kaart, Bylae H.

Streeksbeplanners ¹³⁾ sien die bogenoemde ontwikkelinge waarby Garankuwa ten nouste betrokke is, as 'n ongewenste ontwikkelingsvorm. Dit bring volgens hulle geen ordelike verstedeliking nie. Ordelike verstedeliking in die regte streeksverband kan slegs plaasvind in 'n nodale organiese struktuur, en grensnywerheidsuitbreiding soos daar plaasvind en verder beplan word, gaan 'n eksentriese besettingspatroon skep ten koste van so 'n nodale struktuur.

Verdere nywerheidsontwikkeling in genoemde gebied en gepaardgaande uitbreiding van Garankuwa impliseer dus dat steeds groterwordende getalle Bantoes op die grens van 'n digbevolkte en belangrike blanke gebied saamgetrek gaan word. Sodoende ontstaan gordels rondom die blanke gebied waarin die Bantoe mettertyd die blankes anderkant die grens in getalle kan oortref.

Nog belangriker is die feit dat hierdie ontwikkelinge in die grensgebied ten koste van nywerheidsontwikkeling binne die Hammanskraalse tuisland self geskied, omdat die nodige werksgeleenthede op die periferie aanwesig is ¹⁴⁾. Op hierdie wyse kan dit die ontwikkeling van daardie deel van die Tswanatuisland as ekonomiesvolwaardige eenheid verhoed en enersyds lei tot 'n bevolkingsametrek op die grense met andersyds 'n bevolkingsvakuum in die res van die gebied.

In 'n sekere sin het die teenoorgestelde by Makwarela plaasgevind. Die mense was daar en die behoefte aan 'n dorp het bestaan, maar die werksgeleenthede en verdere groeistimulante het ontbreek. Tensy dit verskaf kan word, word geen noemenswaardige uitbreiding verwag nie.

13. Page, op. cit., 137,
Van Gass, op. cit., p. 47,
Rossouw. Die stad as funksionele kern van die Bantoe-
tuisland, met spesiale verwysing na die
Hammanskraalgebied, p. 54.

14. Rossouw, op. cit., p. 54.

Beide Garankuwa en Makwarela is as dorpe geproklameer. By n verdere analise en waardebeplating moet ook op die stedelike funksies van daardie twee nedersettings gelet word.

Uit die beskrywing wat reeds van Makwarela gegee is, het dit duidelik geword dat daardie nedersetting hoofsaaklik nog net een stedelike funksie voorsien. Aan n beperkte aantal mense word huisvesting gegee. Van die ander noodsaaklike funksies is daar tot nog toe weinig sprake.

Garankuwa daarenteen, voldoen sonder twyfel aan die eerste en belangrikste funksie van n dorp, naamlik die voorsiening van huisvesting aan mense. n Dorp het egter nie net die funksie van residensie nie; daar is ook ander basiese funksies wat Garankuwa moet lewer.

Tot op datum is die inwoners feitlik uitsluitlik in die blanke gebied werksaam. Slegs n klein persentasie word in die dorp self van werksgeleenthede voorsien. Funksioneel en struktureel is Garankuwa nog n Bantoe-woonbuurt van n aangrensende blanke gebied. Op sigself kan dit nog nie bestaan nie en is dit n ekonomiese aanhangsel van n blanke gebied. Van Gass ¹⁵⁾ sien dit nog as n slaapdorp en Page ¹⁶⁾ noem dit weer n slaapbuurt. Hierby moet in gedagte gehou word dat dit nie om die residensie per se moet gaan nie. Die mense moet ook hulle brood daar verdien.

15. Op. cit., p. 38.

16. Op. cit., p. 81.

Ten opsigte van sy administratiewe funksie is Garankuwa nog blankbeheerd. Alhoewel blanke beheer op hierdie stadium noodsaaklik is, behoort die inwoners self n geleentheid tot bestuurservaring te kry. Soos in n volgende hoofstuk aangetoon sal word, lê die leemte primêr by die wetgewende maatreëls.

Administrasie as stedelike groeipunt beteken nie administrasie van die dorp ter wille van homself nie, maar n administratiewe sentrum van n veel groter gebied.

Wat sy handelsfunksie betref, speel Garankuwa nog n onbeduidende rol. Die geld wat buite die dorp in die blanke gebied verdien word, word nie alles weer binne die dorp bestee nie. Volgens mededeling van die Departement Bantoeadministrasie en-ontwikkeling is die inwoners nog te veel geneig om buite Garankuwa te koop, selfs op die grense waar blanke besighede bestaan. Daar is geen groothandelaars in die dorp nie. Die handelaars in Garankuwa kan as gevolg van mededingende handel van buite asook beperkte kapitaal nie groot voorrade aanhou soos gevestigde besighede elders nie.

Geniewski ¹⁷⁾ het tereg die stigting van dorpe as ekonomiese groeipunte vir die tuislande gesien want verdienstes kan dan daar bestee word wat daartoe sal lei dat sekondêre bedrywe ontstaan. In dieselfde trant redeneer Rautenbach ¹⁸⁾ maar waarsku dat "... measures should be involved to ensure that the income to the

17. Geniewski. A solution for the problems of South Africa: Bantustans?, in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, April 1961, p. 156.

18. Rautenbach. Secondary and tertiary development of the Bantu areas in South Africa, in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Oktober 1960, p. 26.

Bantu homelands ... is retained for the development locally, and not re-exported back to the European areas through the medium of tertiary channels".

Om so 'n kringloop van geld enigsins te voorkom behoort besighede binne Garankuwa beskerm te word. Dan alleen sal die besighede in die dorp kan uitbrei en in toenemende mate aan die stygende behoeftes van die inwoners en die omgewing kan voorsien.

'n Verdere belemmering van die handelsfunksie is die feit dat die regulasies bepaal ¹⁹⁾ dat slegs een handelsperseel (vir een besigheid) aan 'n persoon toegeken kan word. Kapitaalkragtige en ondernemende Bantoe kan gevolglik nie met ander besighede uitbrei nie.

Garankuwa is 'n tuislanddorp vir die Tswana. Om 'n handelsperseel te kan bekom, moet 'n nie-Tswana van etniese groep verander. Amptenare sien dit as 'n groot struikelblok by die uitoefening van handelsfunksies in so 'n etnies-heterogene dorp.

Onderwysfasiliteite word goed voorsien, en in hierdie opsig lewer Garankuwa reeds 'n basiese diens aan sy inwoners.

Aangesien Garankuwa nog in die beginstadium van sy ontwikkeling is, kan nie verwag word dat alle funksies van 'n volwaardige dorp reeds aanwesig sal wees nie. Om egter te voorkom dat dit vir altyd net 'n slaapdorp met beperkte funksies sal bly, sal daar in die toekoms nog groeipuntskeppende instellings en aktiwiteit in meerdere

19. Proklamasie R 293, 1962, art. 7 (3).

mate ontwikkel moet word. Die ekonomiese afhanklikheid van die blanke sektor sal verminder moet word met gepaardgaande selfstandigheid deur die daarstelling van sekondêre bedrywe. Dit moet met ander woorde nie net as arbeidsreservoir vir die blanke gebied dien en 'n eiland in die tuisland bly nie, maar ook n funksionele betekenis vir sy hinterland hê.

HOOFSTUK VII

ADMINISTRATIEWE BELEID EN PRAKTYK T.O.V. BANTOEDORPE

1 Beleidsaspekte in verband met dorpstigting

In die vorige hoofstuk is die aandag bepaal by die eerste fase in die geskiedenis van dorpstigting in die Bantoetuislande. Tot n groot mate was dit eksperimenteel omdat die ervaring daar opgedoen nou eers met vrug toegepas kan word. Dorpstigting het as n onderdeel van n rehabilitasieprogram vir die Bantoegebiede begin. Daaruit het dit gegroei en tot so n mate ontwikkel dat dorpstigting vandag amptelik aanvaar word as die „.... kernpunt in die uitvoering van regeringsbeleid.” ¹⁾

Nou kan daar wel geredeneer word dat dorpstigting en ontwikkeling reeds vir n geruime tyd deel van die owerheid se beleid was. Sedert 1950 is die kwessie van dorpstigting in die tuislande by herhaling in toesprake en beleidsmosies in die openbaar en in die parlement, respektiewelik genoem. Die noodsaaklikheid van n skeiding tussen woongebied en landbougronde in die tuislande is terdeë besef, en uit daardie konserwatiewe siening het n beleid ten opsigte van dorpstigting gegroei wat vandag seker een van die belangrikste pilare is waarop Suid-Afrika se hele beleidsuitvoering rus.

Alreeds so vroeg soos 1950 het die Minister van Natu-
rellesake bepleit dat naas „.... die landbouontwikkeling

1. Pepler. Bantoetuisland-ontwikkeling, p. 5.

moet ook n stedelike ontwikkeling kom" ²⁾. Met verloop van tyd het daardie gedagte dieper ingedring; dit het wyer erkenning geniet en wel in so n mate dat daar vandag van n dorpstigtingsbeleid gepraat kan word.

Terwyl die belangrikheid van dorpstigting in die tuislande nou algemeen aanvaar word, moet dit net soos die beleid ten opsigte van blanke stedelike gebiede, as deel van n groter en omvangryker plan gesien word. Daardie groter plan of program van aksie wat bekend staan as die beleid van afsonderlike ontwikkeling, is inderdaad selfstandige ontwikkeling as deel van n nasionale selfbeskikkingsbeleid. In daardie struktuur of raamwerk beklee Bantoetuislandontwikkeling van selfsprekend n belangrike rol. In hierdie hoofstuk gaan dit nou veral om n aspek van die fisiese ontwikkeling van die tuislande, maar soos later aangetoon sal word, is daar verdere grondbeginsels wat die regte klimaat vir dorpsontwikkeling meebring.

In dieselfde mate as wat die land se Bantoebeleid ontwikkel het, het die dorpstigtingsbeleid ook ontwikkel. Aanvanklik, veral in die vroeë vyftigerjare, is slegs gepraat van landelike woonbuurtes of dorpies wat „..... nie die karakter van swierige stedelike lokasies hoef of kan aanneem nie" ³⁾. Dit is as nedersettings gesien wat by die besondere aard en ontwikkeling van die tuislandse Bantoe moes aanpas. Derhalwe sou daar ook geen beswaar gewees het teen beplande dorpies wat bestaan het uit n groep tradisionele kleihutte nie.

2. Pelzer, Verwoerd aan die woord, p. 23.

3. Ibid., p. 32.

Ten opsigte van die dorpstigtingsbeleid het die Tomlinsonkommissie 'n positiewe bydrae gelewer om veral 'n heroriëntering van die funksionele betekenis van tuislanddorpe te bewerkstellig. Die kommissie het naamlik aanbeveel dat volwaardige dorpe en stede ontwikkel moet word waarin die Bantoe eiendomsreg op die grond kan kry. In alle opsigte moet dit voldoen aan alle vereistes van 'n moderne dorp en stad, maar dit moet terselfdertyd ook Bantoegeoriënteer en -beheer word. Die Bantoe moet die arbeider, die vakman, die werkgewer en die professionele persoon wees. Dus alle „ampte vanaf straatveër tot burgemeester moet vir hom oop wees" 4).

Na aanleiding van die rigtinggewende aanbevelings van die Tomlinsonkommissie het die owerheid in sy vyfjaarplan vir die ontwikkeling van die tuislande, 'n nuwe betekenis aan Bantoe dorpe gegee. In 1962 het die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling verklaar dat die Bantoe dorpe wat toe teen 'n verhoogde tempo gestig en ontwikkel is, die Bantoe van alle burgerlike regte moet voorsien en so aantreklik moet wees dat „..... die stedelike Bantoe geleidelik na sulke dorpe toe sal verhuis" 5).

Uit hierdie enkele beleidsverklarings wil dit nou voorkom asof die owerheid met die dorpe in die tuislande iets in gedagte het wat tog wesentlik verskil van die bekende Bantoe woonbuurtes in die blanke gebiede. Aan die hand van die beleid kan dus afgelei word dat dit ware dorpe sal wees en nie potensiële stedelike Bantoe lokasies in die Bantoe gebiede nie.

4. Tomlinsonverslag, op. cit., hoofstuk 37, p. 10.

5. Botha. Huidige en toekomstige tendense in Bantoeadministrasie, p. 18.

Vir die doeleindes van hierdie onderwerp kan nie volstaan word slegs met enkele ministeriële beleidsverklarings nie. Daarmee saam moet die beleidsuitvoerende maatreëls, dit wil sê die wetgewing, die proklamasies, die regulasies sowel as departementele voorskrifte, gelees word om enigsins 'n duidelike beeld van die beleid en praktyk met betrekking tot dorpsstigting te kan kry.

Aangesien die dorpe binne die Bantoegebiede gestig word, bring dit eerstens die Bantoe-trust en -Grond Wet, 1936, in gedrang. Hierdie wet bepaal ⁶⁾ dat die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust onder andere vir die neder-setting van die Bantoe verantwoordelik is. Dit is derhalwe logies om te aanvaar dat die Bantoe-trust as regspersoon, die instansie is wat die stigting en ontwikkeling van die dorpe moet onderneem. Hiermee saam moet die Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle, 1937 ⁷⁾ gelees word waar bepaal word dat dorpe nie binne die afgesonderde Bantoegebiede of oopgestelde gebiede gestig mag word sonder die goedkeuring van die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling nie. Met ander woorde, by die stigting van dorpe in die tuislande moet die betrokke minister dit eers skriftelik goedkeur.

Die verskillende provinsiale administrasies het hoe-genaamd geen bevoegdheid nie as dit gaan om dorpsstigting in die Bantoe-tuislande. Die Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle, 1949 ⁸⁾ bepaal uitdruklik dat die wetsbepalings wat in die verskillende provinsies van krag is, met betrekking tot die stigting van dorpe of dorpsaanleg, nie in die Bantoegebiede van toepassing is nie.

6. Wet 18 van 1936, artikel 4(2).

7. Wet 46 van 1937, artikel 37.

8. Wet 56 van 1949, artikel 33.

Alhoewel die Bantoetrust en -Grond Wet, 1936, die bevoegdheid om dorpe in die tuislande te stig aan die Suid-Afrikaanse Bantoetrust verleen het, bevat daardie wet geen bepaling in verband met die bestuur en beheer van sodanige dorpe nie. In hierdie verband het die Bantoeadministrasie Wet, 1927, soos gewysig weer voorsiening gemaak deur te bepaal ⁹⁾ dat regulasies uitgevaardig kan word vir die bestuur en beheer van dorpe wat buite die bepalings van die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945 val. Daarnaas bepaal dieselfde wet in artikel 25 dat die Staatspresident bevoeg is om wette vir die Bantoegebiede te proklameer. Dit was dan ook ingevolge laasgenoemde artikel dat die Staatspresident gedurende 1962 die regulasies vir die administrasie en bestuur van dorpe in die Bantoegebiede ¹⁰⁾ geproklameer het.

In daardie proklamasie word die owerheidsbeleid met betrekking tot Bantoedorpstigting verder uiteengesit. Aangesien dit nou die voornemens van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust is om verdere dorpe aan te lê, is dit die oogmerk van die regering om 'n geskikte vorm van plaaslike bestuur in die lewe te roep „.... tot tyd en wyl die Staatspresident daarvan oortuig is dat die Bantoe-inwoners 'n stadium van ontwikkeling bereik het " ¹¹⁾ waar hulle self die beheer en bestuur van die dorpe kan oorneem.

In hierdie proklamasie is twee belangrike beginsels opgesluit, naamlik:

-
9. Wet 38 van 1927, artikel 30.
 10. Proklamasie R293 van 1962 wat Proklamasies nos. 362/1948, 23/1953, 98/1953, 258/1954, 260/1955, 227/1955, en 261/1955 vervang.
 11. Republiek van Suid-Afrika. Buitengewone Staatskoerant, No. 373/1962, p. 1.

- (a) dat dit slegs tussentydse regulasies is, en
- (b) dat op een of ander stadium plaaslike selfbestuur aan die Bantoe-inwoners van tuislanddorpe gegee kan word. Soos later aangetoon sal word, is dit in die praktiese administrasie van die dorpe van besondere belang. Met ander woorde, die huidige administrasie is sodanig ingerig dat dit, in die gees van die tussentydse regulasies, werklike interim-beheer is, wat die weg voorberei vir n geleidelike en verantwoordelike onttrekking van die blanke amptenaar met n gepaardgaande verlening van verantwoordelikhede aan die inwoners op die pad na plaaslike selfbestuur.

2 Huidige reëling in verband met stigting, beheer en administrasie van tuislanddorpe

2.1 Die stigting van dorpe

Die bevoegdheid om dorpe in die Bantoetuislande te stig, berus by die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling. Nadat n geskikte terrein uitgesoek is deur n tegniese komitee bestaande uit n administratiewe amptenaar, n siviele ingenieur en n dorpsbeplanner, word n verslag voorgelê aan die Bantoedorpekomitee van die departement wat besluit of die terrein geskik is en voortgegaan moet word met die stigting van die dorpe. Dit is die beleid van die owerheid dat die beplanning en ontwikkeling van Bantoedorpe volgens moderne beplanningsmetodes en beginsels moet geskied. Sodra n dorp beplan is, die persele afgebaken en finaal bepaal is welke omvang dit sal aanneem, word die

grense bepaal en bakens vasgestel deur die opmetingsafdeling van die departement ¹²⁾. Eers daarna word dit deur die minister goedgekeur en die stigting afgekondig in die Staatskoerant. Daarna volg die ontwikkeling van die dorp en die voorsiening van rudimentêre dienste.

2.2 Etniese groepering

By die stigting en ontwikkeling van tuislanddorpe word die beginsel van etniese groepering van die inwoners sover as moontlik gehandhaaf. Indien n dorp binne die regsgebied van n kaptein of hoofman geleë is, mag niemand wat nie tot daardie kaptein of hoofman se stam behoort nie, sonder die goedkeuring van die Bantoesakekommissaris daar woon nie. Voorsiening word egter gemaak vir n Bantoe om by so n stam of gemeenskap aan te sluit, en dan kan hy inwoner van daardie dorp word. As n dorp nie binne die regsgebied van n besondere kaptein of hoofman geleë is nie, berus die verantwoordelikheid by die minister om te bepaal vir welke volkseenheid ¹³⁾ dit bedoel is.

Die regulasies magtig daarenteen die minister om Bantoe persone wat lede van verskillende volkseenhede is, toe te laat om inwoners van n besondere dorp te wees. Hierdie tegemoetkoming is noodsaaklik,

-
12. Die toekenning van n naam aan n dorp berus by die Bantoesakekommissaris en die Bantoeowerheid binne wie se regsgebied so n dorp geleë is, onderworpe aan die goedkeuring van die departement en die Pleknamekomitee.
 13. Hier word die indeling in volkseenhede gevolg soos uiteengesit in die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959

want daar moet voorsiening gemaak word vir diegene wat in so 'n mate ontstam is dat hulle dan deur 'n te strenge toepassing van die beginsel van etniese groepering, nêrens 'n tuiste sal hê nie. Gevalle mag voorkom waar Bantoes, behorende tot verskillende volkseenhede, buite hulle stamgebiede werk en woon, en om dus vir hulle voorsiening te maak, moet die regulasies 'n mate van soepelheid hê.

Dit gebeur verder ook dikwels dat 'n Bantoe-egpaar tot verskillende etniese groepe behoort, en die regulasies bepaal nie of die man of die vrou se groep by die toewysing van 'n woongebied deurslaggewend sal wees nie. In so 'n geval kan 'n Bantoe 'n inwoner van 'n besondere dorp word, ongeag of hy by daardie stam binne wie se regsgebied die dorp geleë is, aangesluit het ¹⁴⁾. Hierdie vergunning raak ook Bantoes wat nie tot enige van die in die Wet genoemde volkseenhede behoort nie, en laat die geleentheid vir hulle om in 'n besondere dorp te woon. Dit is belangrik veral vir sake- en beroepslui in dorpe soos Garankuwa.

Aangesien dit die beleid van die owerheid is om die grondbesit en beheer van dorpe tot bepaalde etniese groepe te beperk, mag geen Bantoe sonder die goedkeuring van die Sekretaris van Bantoe-administrasie eiendomsreg op grond in 'n dorp verkry as hy nie tot die bepaalde etniese groep behoort nie. Ewe-eens mag so 'n Bantoe ook nie sonder die skriftelike vergunning van die Sekretaris van Bantoeadministrasie, lid van 'n Bantoe-raad van so 'n dorp word nie.

14. Proklamasie 293, 1962, artikel 5(3)b.

Daar word egter geleentheid gegee aan Bantoes, wat nie tot 'n besondere stam behoort nie, om by sodanige stam aan te sluit. Voordat 'n Bantoe 'n lid van 'n ander stam kan word, moet hy eers by die kaptein of hoofman van daardie stam aansoek doen om opgeneem te kan word. Sy opname is verder aan die regstelsel van die besondere stam onderhewig, veral wat betref die opname van nuwe lede. Die Bantoesakekommissaris binne wie se regsgebied so 'n stam woon, moet enige opname in 'n ander stam goedkeur.

2.3 Beheer en administrasie van die dorpe

Die beleid van die owerheid is dat die beheer en administrasie van die dorpe in die tuislande mettertyd deur die Bantoe self behartig sal word. In hierdie verband is die proklamasie en die tussentydse regulasies duidelik waar bepaal word dat „..... genoemde dorpe deur die Bantoe-inwoners daarvan bestuur kan word” ¹⁵⁾. Aangesien die Bantoe in die tuislande op hierdie stadium nog weinig of geen ervaring het van plaaslike beheer op sowel bestuurs- as administratiewe vlak nie, word die beheer en administrasie voorlopig deur die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust behartig.

Ingevolge die afgekondigde regulasies ¹⁶⁾ kan die Sekretaris van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, bestuurders of superintendente en die nodige personeel aanstel om

15. Proklamasie No. R293, 1962.

16. Loc. cit.

- (i) die sosiale en ekonomiese voortuigang van die inwoners te bevorder,
- (ii) ondersoek in te stel na enige aangeleentheid in verband met die welstand en welsyn van die inwoners, en
- (iii) oor die algemeen alle pligte uit te voer wat die Bantoesakekommissaris mag opdra.

In die praktyk kom dit daarop neer dat in die groter dorpe blanke bestuurders of superintendente en sover as moontlik Bantoe personeel en -polisie aangestel word om die administrasie te behartig. In die kleiner dorpe is Bantoe-amptenare onder toesig van die Bantoesakekommissaris daarvoor verantwoordelik. Die regulasies verleen verder ook uitgebreide bevoegdhede aan 'n Bantoesakekommissaris ten opsigte van die administrasie van dorpe wat in 'n tuisland binne sy regsgebied geleë is ¹⁷⁾.

2.4 Persele

In die tuislanddorpe kan persele slegs aan Bantoe-inwoners verkoop of verhuur word. Daar word voorsiening gemaak ¹⁸⁾ vir drie soorte persele, naamlik

- (i) vir woondoeleindes
- (ii) vir handelsdoeleindes en
- (iii) vir professionele-, kerklike, opvoedkundige en ander doeleindes.

17. Artikel 19.

18. Artikel 6, proklamasie R293, 1962.

Wanneer aansoek gedoen word vir die huur van n perseel vir woon- of handelsdoeleindes, is die bestuurder by magte om die aansoek te oorweeg en goed te keur. In die geval van eienaarseenhede vir woon- of handelsdoeleindes, berus die bevoegdheid by die Sekretaris van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling. Tot tyd en wyl n dorpsraad vir n dorp ingestel is, kan die Hoofbantoesaakekommissaris n bevoegde owerheid, bestaande uit een of meer persone, aanstel om alle aansoeke vir persele eers te oorweeg en daarna by die bestuurder of Sekretaris van Bantoeadministrasie, na gelang die geval, aan te beveel vir toekenning. Geen persoon mag ook sonder die goedkeuring van die Sekretaris van Bantoeadministrasie vergunning verkry om meer as een perseel vir enige doel te bekom nie. Slegs hoofde van gesinne mag in n tuislanddorp persele vir woondoeleindes huur of koop. Hierdie beperkende bepaling is ingestel om spekulasie met persele te voorkom.

Om die ontwikkelingskoste van dorpe en dienste binne die bereik van die Bantoe te hou en ten einde die grond op die mees voordelige wyse te benut, word woonpersele van n gemiddelde grootte van 5,000 vierkante voet voorsien. Vir die meer goeie Bantoe wat met eie kapitaal huise wil oprig, word groter woonpersele van tot 10,000 vierkante voet beskikbaar gestel. In enkele gevalle waar geskikte grond beperk is, word kleiner persele van ongeveer 3,500 vierkante voet beskikbaar gestel.

In die tuislanddorpe kan die Bantoe volle eiendomsreg op grond verkry mits hulle aan die stam behoort binne wie se regsgebied die dorp geleë is. Die verkoopprijs van woonpersele is R2 vir elke 500 vierkante voet, mits dit 250 vierkante voet te bowe

gaan. Persele vir handels-, industriële- en professionele doeleindes se verkoopsprys is R5 vir elke 500 vierkante voet of gedeelte daarvan¹⁹⁾. Onbeboude persele word kontant verkoop terwyl persele met huise opgerig deur die Bantoetrust, op 'n huurkoopbasis aan die Bantoe verkoop word. Die huurkooptermyn strek oor 40 jaar en rente op alle uitstaande bedrae word bereken teen 3½% per jaar.

2.5 Die registrasie van aktes

By elke Hoofbantoesakekommissaris se kantoor is 'n akteskantoor gestig. Alle persele wat deur die Bantoe in tuislanddorpe gekoop word, word aan die kopers oorgedra deur middel van 'n grondbrief wat in die akteskantoor van die Hoofbantoesakekommissaris geregistreer kan word. Die uitreiking van grondbriewe word gedoen selfs in gevalle waar daardie eiendom op 'n huurkoopstelsel gekoop is, solank die koopbrief net geteken is.

2.6 Behuising

Oor die algemeen word alle huise in die tuislanddorpe deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust opgerig. Indien huise beskikbaar is, kan die Bantoe dit huur teen die voorgeskrewe tariewe soos vasgestel deur die departement²⁰⁾. Die huise is sodanig beplan en gebou dat dit by die geldelike vermoëns van die Bantoe in die verskillende

19. Sien Bylae I

20. Sien Bylae J

inkomstegroepe moet aanpas. Daar word egter gepoog om die maksimum koste per huis tot R600 te beperk. Om die Bantoe in staat te stel om die huise te kan koop, stel die Bantoetrust behuisingslenings uit die trustfonds beskikbaar op voorwaardes wat die Sekretaris van Bantoeadministrasie mag neerlê.

Indien n Bantoe n groter huis as die standaard-tipe wil oprig, kan n behuisingslening tot n maksimum van R600 aan hom toegestaan word mits die totale boukoste van die huis nie R1200 oorskry nie. Daar bestaan egter geen beperking ten opsigte van die oprigtingskoste van n huis indien die Bantoe met sy eie kapitaal die huis oprig nie.

Alle huise wat deur die Bantoetrust gebou word, is van die standaardtype volgens planne wat deur die departement in samewerking met die Bounavorsingsinstituut en die Nasionale Behuisingsraad opgestel is. Naas twee soorte voorafvervaardigde huise is daar nog ses tipes huise met verkoopspryse wat vanaf R345 tot R520 wissel, wat die Bantoe kan koop. Daarenteen moet Bantoes wat self hulle huise wil bou en nie van die standaardplanne gebruik wil maak nie, eers hulle terrein- en bouplanne laat goedkeur. Hierdie voorsorgmaatreëls is noodsaaklik om te verseker dat aan die minimum standarde voldoen word en die dorpe nie ontaard in plakkerskampe nie.

Om te voorkom dat persele onekonomies benut word, word perseeleienaars wat self hulle huise wil bou, verplig om binne n bepaalde tyd met die bouery te begin en dit ook binne n sekere tydperk te voltooi. Aangesien die Bantoe vanweë ekonomiese en ander omstandighede nie altyd in staat is om ander huisvesting te bekom terwyl sy woning gebou word nie,

is n erf- en diensskema ingestel. Daarvolgens kan n Bantoe dan vir n bepaalde tyd in n tydelike struktuur op sy perseel woon tot tyd en wyl sy huis voltooi is.

Aangesien slegs hoofde van gesinne huureenhede of eenaarseenhede mag verkry, word alleenlopende persone of selfs getroude persone wat nie n woning kan bekom nie, toegelaat om as loseerders onder n permitstelsel by gesinne in te woon. Die bevoegdheid om loseerderspermitte uit te reik, berus by die superintendent van die dorp.

In die regulasies word minimum gesondheidstandaarde neergelê²¹⁾, en elke huurder of eienaar is verplig om dit na te kom. Van elke eienaar word verwag om te alle tye sy perseel en huis skoon en in n goeie toestand te hou. Die maksimum aantal persone wat n huis mag bewoon, word bepaal en bereken volgens die kubieke voet lugruimte per persoon benodig. Slegs vertrekke wat vir slaapdoeleindes gebou is, mag as sodanig gebruik word. Die opvoedkundige waarde van al hierdie streng en oënskynlik onnodige maatreëls word besef as in aanmerking geneem word dat die dorpe aanvanklik uitsluitlik deur mense bewoon sal word wat nog geen ervaring van dorpslewe het nie.

Net soos in die blanke dorpe word verskillende dienste aan die inwoners van die tuislanddorpe voorsien. Water en sanitêre stelsels word aangelê, terwyl straatligte voorsien word. Voorsiening

21. Artikel 14(1 - 7).

word verder ook vir strate, parke en ontspannings-fasiliteite gemaak. Al hierdie ontwikkelingswerke word deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust onderneem, en die inwoners van die dorpe betaal slegs 'n nominale maandelikse fooi vir sekere dienste ²²⁾.

2.7 Handel

'n Belangrike aspek van die administrasie van dorpe in die Bantoetuislande is die beheer wat oor die dryf van handel en die voorsiening van fasiliteite vir daardie doel uitgeoefen word. Aangesien dit die voorneme van die owerheid is dat dorpe in die ware sin van die woord in die tuislande tot stand sal kom, moet in die administrasie ook vir daardie besondere funksies van 'n dorp voorsiening gemaak word. In ooreenstemming met die beleid word die handel in die tuislande slegs tot Bantoes beperk. Handelspersele kan gehuur of gekoop word deur Bantoes, maatskappye, verenigings, sindikate of vennootskappe waarin Bantoes 'n beherende belang het. Daarbenewens mag geen handelaar op 'n perseel wat aan hom toegeken is, 'n nie-Bantoe in diens neem nie. Insgelyks mag niemand behalwe 'n Bantoe deur die handelaar toegelaat word om in die wins van sy besigheid te deel nie.

In die regulasies word geen voorsiening vir die brou of verkoop van Bantoebier of die verkoop van ander soort drank gemaak nie. Die brou, verkoop en lewering van Bantoebier in die tuislande word egter deur 'n afsonderlike stel regulasies gereël ²³⁾.

22. Sien Bylae K.

23. Proklamasie R50 van 1963.

Naas die vergunning aan huisbewoners om Bantoebier vir huishoudelike verbruik te brou, kan individue of stamowerhede ook lisensies verkry vir die brou en verkoop van Bantoebier.

Die gekonsolideerde departementele voorskrifte bepaal egter dat die departement verantwoordelik is vir die oprigting van geboue vir die brou en verkoop van Bantoebier in tuislanddorpe. Alle profyte wat op drankverkope deur die Bantoetrust gemaak word, moet in die Bantoetrustfonds gestort word. Daar bestaan egter geen monopolie ten opsigte van die brou en verkoop van Bantoebier nie, en inwoners van n Bantoeorp mag vryelik bier vir eie gebruik brou.

Dit is die beleid van die departement dat die uitreiking van lisensies aan drankwinkels vir die verkoop van sterk drank, aan geskikte partikuliere Bantoes toegeken moet word ²⁴⁾. Daarteenoor is dit ook nie die beleid om Bantoe-stam- of streeksowerhede wat drankhandelsake in tuislanddorpe wil onderneem, geheel en al uit te skakel nie. Die doel is egter om sover as moontlik private inisiatief aan te moedig, maar nie tot nadeel van die algemene belange van die Bantoe nie.

In gevalle waar Bantoe-owerhede drankbelange in tuislanddorpe verkry, verwag die departement dat hulle n deel van die profyte aan die Bantoetrust afstaan. Trouens, die Minister van Justisie is by magte om dit as voorwaarde te stel dat n deel van die drankwinste aan die plaaslike bestuur of Bantoetrust, oorbetaal moet word.

24. Gekonsolideerde voorskrifte, par. 92.

Indien Bantoe-owerhede en privaat instansies in besit van dranklisensies is en drankwinkels in tuislanddorpe het, is hulle ook geregtig om Bantoebier daar te verkoop. Hulle mag egter nie self bier brou nie en moet dit verkry van die departementele brouery en indien dit nie bestaan nie, van enige (gewoonlik die naaste) munisipale brouery in die blanke gebied.

2.8 Dorpsrade

By die bespreking van hierdie gedeelte sal net soos in die voorgaande gedeeltes, slegs aandag aan die feitlike posisie gegee word, aangesien n evaluering van die hele opset in die derde gedeelte van die hoofstuk gedoen word.

In hoofstuk VIII ²⁵⁾ van die regulasies word vir die instelling van dorpsrade vir die tuislanddorpe voorsiening gemaak. Die bevoegdheid om sodanige rade in te stel, berus by die Hoofbantoe-sakekommissaris binne wie se regsgebied daardie dorp of dorpe geleë is, en wel eers op n stadium wanneer hy dit dienstig ag.

Die regulasies maak voorsiening vir twee kategorieë dorpsrade, naamlik (i) n raad vir n dorp of n gedeelte van so n dorp, of (ii) n raad vir die Bantoes wat behoort tot n volkseenheid soos uiteengesit in die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959, en wat in so n tuislanddorp woonagtig is.

25. Die hele hoofstuk sal hier volledig onder bespreking geneem word.

Wanneer n dorpsraad saamgestel word, moet dit uit ten minste ses gekose en verkose lede bestaan, met dien verstande dat die aantal gekose lede nie meer as die aantal verkose lede mag wees nie. Die ampstermyn van die lede van so n dorpsraad word deur die Hoof-Bantoesakekommissaris bepaal. Die Hoof-Bantoesakekommissaris is ook bevoeg om op versoek van n dorpsraad, die getal lede te vermeerder of te verminder solank as wat dit net nie minder as ses in totaal sal wees nie en die gekose lede nie meer as die verkose lede is nie. Slegs Bantoes wat in die betrokke dorp woonagtig is, mag tot lede van die dorpsraad verkies word.

In die geval van n dorpsraad wat ingestel word vir n besondere volkseenheid, moet die lid of lede wat verkiesbaar is, behoort tot daardie volkseenheid, en hulle moet verkies word net deur Bantoes wat tot daardie volkseenheid behoort. Waar n dorpsraad egter vir n hele dorp, dit wil sê nie op etniese grondslag nie, verkies moet word, mag net Bantoepersone wat in die dorp woon, ongeag etniese verband, aan die verkiesing deelneem.

Die regulasies is egter nie baie duidelik ten opsigte van die gekose lede van n dorpsraad nie. Dit bepaal slegs dat die Bantoesakekommissaris te enige tyd die lede kan kies uit die geledere van die volkseenhede waarna in sub-regulasie (1) verwys word, en van wie daar volgens die oordeel van die Bantoesakekommissaris, soveel woonagtig is dat hulle in die raad verteenwoordig moet word. Die gekose lede se ampstermyn moet ook met die van die verkose lede saamval. Hieruit kan afgelei

word dat die gekose lede in elk geval, ongeag of dit n raad op etniese basis is of nie, verteenwoordigers van etniese groepe moet wees.

Om skakeling met die kaptein of hoofman binne wie se regsgebied so n dorpsraad ingestel word, te bewerkstellig, maak die regulasies vir die aanstelling van kapteinsvertteenwoordigers voorsiening. Die Hoofbantoesakekommissaris kan n kaptein of hoofman gelas om

- (i) n geskikte persoon as sy plaasvervanger of n onderhoofman, na gelang van die geval, in daardie dorp aan te stel, en
- (ii) binne tien dae na die datum waarop hy sodanige opdrag ontvang het, die naam van die aangestelde verteenwoordiger aan die Bantoesakekommissaris bekend te stel.

Die Bantoesakekommissaris (en nie die Hoofbantoesakekommissaris nie) het nou die bevoegdheid om die aanstelling van so n kapteinsvertteenwoordiger te veto indien hy volgens sy oordeel onaanvaarbaar is. Die Bantoesakekommissaris kan egter in so n geval die kaptein of hoofman gelas om iemand anders voor te stel. Indien die kaptein of hoofman in gebreke bly om dit te doen, kan die Bantoesakekommissaris self so n verteenwoordiger aanstel.

Die magte en funksies van kapteinsvertteenwoordigers word nie breedvoerig in die regulasies uiteengesit nie behalwe dat so n verteenwoordiger verantwoording aan die kaptein of hoofman verskuldig is en dat hy, solank as wat hy so n aanstelling in n dorp beklee, n lid van elke dorpsraad in daardie dorp is.

Indien n dorp nie binne die gebied van n kaptein of hoofman geleë is nie, kan die Bantoesakekommissaris van die gebied n indoena aanstel wat dan dieselfde bevoegdhede, pligte en werksaamhede as n kapteinsverteenwoordiger het. So n indoena is aan die Bantoesakekommissaris verantwoording verskuldig. n Kapteinsverteenwoordiger of indoena moet binne die regsgebied van die dorpsraad woon, en hy moet daarbenewens die houer van n sertifikaat vir n huureenheid of die bevoordeelde van n grondbrief wees.

n Dorpsraad kan met wye bevoegdhede bekleed word. Trouens, naas enige ander bevoegdhede en werksaamhede wat die regulasies of enige ander wet voorskryf, word n dorpsraad vir die plaaslike bestuur binne sy regsgebied verantwoordelik gemaak. Daarbenewens kan so n dorpsraad ook nog

- (i) bevele en voorskrifte, wat vir die behoorlike bestuur en beheer van die dorp noodsaaklik is, uitvaardig, mits dit nie met die regulasies strydig is nie;
- (ii) verordeninge opstel vir algemene toepassing in die dorp ten opsigte van:
 - (a) sanitasie,
 - (b) die aanhou van diere,
 - (c) die slag van diere,
 - (d) gemeenskaplike watervoorrade en wasplekke,
 - (e) die konstruksie van geboue,
 - (f) die omheining van persele,
 - (g) die sluiting van strate,
 - (h) verkeersaangeleenthede,
 - (i) die instelling van gemeenskapswagte;

- (iii) die heffing van n jaarlikse belasting van hoogstens een rand ten opsigte van elke bevoordeelde of houer van n grondbrief.

Alle bevele en voorskrifte wat deur n dorpsraad uitgevaardig is, kan egter deur die Bantoesake-kommissaris op eie inisiatief geveto word. Enige wettige inwoner van n dorp kan ook skriftelik teen n bevel of voorskrif by die Bantoesake-kommissaris appél aanteken, en dan kan hy diskresioneel so n voorskrif of bevel veto. Voordat n verordening van n dorpsraad van krag kan word, en voordat enige belasting deur hom gehef kan word, moet die betrokke Bantoesakekommissaris dit eers skriftelik goedkeur. Sodra die belasting van n dorpsraad goedgekeur is, moet dit binne sestig dae nadat dit verskuldig en betaalbaar geword het, aan die bestuurder van die dorp ten bate van die raad betaal word.

Terwyl die Bantoesakekommissaris die reg het om n voorskrif of verordening van n dorpsraad te veto, het die dorpsraad weer die reg om teen so n veto appél aan te teken by die Hoofbantoesakekommissaris, wie se beslissing finaal sal wees.

Sodra n dorpsraad vir n bepaalde tuislanddorp ingestel word, verloor die Bantoesakekommissaris sy bevoegdhede ten opsigte van alle aangeleenthede wat op die dorpsraad oorgegaan het. Wanneer n Bantoesakekommissaris egter oortuig is dat n saak in belang van die vrede en orde of die goeie bestuur van n dorp is, kan hy nogtans n dorpsraad skriftelik beveel om n verordening te dien effekte uit te vaardig. As n dorpsraad na dertig dae in gebreke bly om aan so n opdrag uitvoering te gee, kan die Bantoesakekommissaris self die verordening uitvaardig. Die regulasies maak daarvoor voorsiening dat n Hoofbantoesakekommissaris kan gelas dat

die werksaamhede van 'n dorpsraad net adviserend of raadgewend kan wees, en daarna moet so 'n raad verder in oorleg met die Bantoesakekommissaris optree.

3 Basiese vraagstukke in verband met die huidige Administrasie

Reeds in 1938 het Lord Hailey, met verwysing na die toenemende getal stedelike Bantoe in Afrika, verklaar dat „..... (one) of the gravest problems of the future will be the development of a legal and administrative system for the rapidly growing class which cannot be suitably regulated by tribal institutions" ²⁶⁾.

Onder koloniale bewind het verskillende moondhede in Afrika reeds met daardie probleem geworstel. Verskillende administratiewe stelsels is ontwerp en toegepas om aan te sluit by die aard en ontwikkelingspeil van die verskillende inheemse bevolkingsgroepe. Namate die inheemse bevolkings in dorpe en stede 'n tuiste gevind het, het probleme in verband met beheer en administrasie ook toegeneem. In die gebiede waar indirekte beheer die administratiewe beleid was, het die vraag ontstaan in hoeverre inboorlingowerhede aan die administrasie van die dorpe deel moet hê. In Wes-Afrika was die dorpe aanvanklik uitgesluit van die jurisdiksie van stamowerhede omdat dorpe as die „ refugees of malcontents and wrongdoers ..."²⁷⁾ gesien is. Gaandeweg het die owerhede begin besef dat, as gevolg van die toenemende verstedeliking, daar geen bande meer bestaan het tussen die stamlede in die dorpe en hulle

26. An African survey, 1938 ed. p. 1646.

27. Comhaire, op. cit., p. 13.

betrokke stamme nie en 'n aanpassing van die administratiewe stelsel by veranderde omstandighede n vereiste was om te voorkom dat die hele stamstelsel tot niet sou gaan.

Dit was veral Lord Hailey wat bepleit het dat die stelsel van indirekte beheer by die veranderde omstandighede aangepas moes word, sodat stamowerhede se magte tot die dorpsgebiede uitgebrei kon word. Die risiko daaraan verbonde was groot, veral aangesien die tradisionele owerhede voor probleme te staan kon kom waarvoor hulle nie opgewasse kon wees nie. Nogtans is dit gevoel dat dit die moeite werk sou wees om daardie risiko te loop want „.... indirect rule cannot be regarded as a constructive policy unless native authorities are given scope for development of their activities" 28).

Aan die anderkant is die belangrike rol wat die dorpe in Afrikagebiede sou speel, nie uit die gedagte verloor nie. Die beleid van indirekte beheer het die deelname van die inheemse bevolking aan die sentrale regering van elke onderhawige gebied as doelstelling gehad. Die spontane samewerking van die inheemse stedelike bevolkings was n vereiste vir die verwerwing van uiteindelijke selfregering. Daarby is ook steeds besef dat die samewerking van die inwoners van stede en dorpe moeilik verkry kan word aangesien daardie mense al tot n mate weg beweeg het van die stamlewe met sy sosiale bindinge en bestaanseconomie. Desondanks het die voorstanders van indirekte beheer hulle beywer om deur middel van verskillende metodes n samewerking tussen die plattelandse en dorpsgemeenskappe tot stand te bring.

28. Loc. cit.

Die resultate in verskillende Afrikagebiede was net so uiteenlopend soos die metodes wat aangewend is om stamowerhede in dorpsadministrasie te betrek. Comhaire ²⁹⁾ het tot die gevolgtrekking gekom dat daar met weinig optimisme gedink kan word aan die plasing van dorpe onder beheer van stamowerhede. Tradisionele owerhede verstaan oor die algemeen nie die probleme van die dikwels heterogene „stedelike“ bevolkings nie, en sodra hulle gekonfronteer word met nuwe situasies en probleme van mense wat nie deur bande van bloed en verwantskap verenig is nie, word hulle maklik tot bejammerenswaardige, maglose instansies afgekerf.

Daarteenoor is meer bemoedigende resultate behaal in die gevalle waar tradisionele stamowerhede die bevoegdhede verkry het om verteenwoordigers op dorpsrade aan te stel ³⁰⁾. Dit beteken wel die uitbreiding van die jurisdiksie van die tradisionele owerhede en n skakel tussen dorp en stam, maar dit laat nie die dorpsinwoners geheel en al in die hande van n stamowerheid nie.

In Freetown, Sierra Leone, is aan die inwoners van die dorp byvoorbeeld die reg gegee om self uit eie geleedere stamowerhede te kies wat dan in beheer van die administrasie geplaas is. Daardie stelsel het definitiewe voordele ingehou ³¹⁾. Vir die inwoners van Freetown was dit in die tydperk voor onafhanklikheid n waardevolle leerskool in plaaslike bestuur.

Hierdie feite word inleidend genoem om aan te toon dat die beheer en administrasie van dorpe met inheemse bevolkings reeds vir n geruime tyd vraagstukke opgelewer het. Sonder om te probeer veralgemeen en die tuislandse

29. Op. cit., p. 21.

30. Loc. cit.

31. Loc. cit.

situasie as analoog te beskou, kan die genoemde feite waardevolle riglyne verskaf by die evaluering van die huidige stelsel van beheer en administrasie.

3.1 Bantoebeheer van tuislanddorpe

Waar dit die amptelike beleid is dat dorpe in die Bantoetuislande gestig word, kan verwag word dat verstedeliking van die bevolking van nou af in toenemende mate sal plaasvind. Die Bantoedorpe moet hulle inwoners uit die tuislande self trek, maar ook uit die blanke gebiede. Word die bestaande administratiewe masjinerie vir die beheer van daardie dorpe nou beoordeel, sal daar tog enkele basiese vraagstukke na vore tree.

Tot dusver het verstedeliking van die Bantoe slegs in die blankbeheerde gebiede plaasgevind. Soos in 'n vorige hoofstuk aangetoon, is die kernprobleem wat met die Bantoe se teenwoordigheid in die blanke stedelike gebiede saamhang, sy aanspraak op 'n moontlike deelname aan plaaslike bestuur. Dit het inderdaad 'n problematiese situasie veroorsaak. Word die verstedeliking in die tuislandse dorpe egter daarmee vergelyk, kan dadelik gekonstateer word dat daar nie soortgelyke vraagstukke behoort te bestaan nie. Verstedeliking word nou gekanaliseer na daardie gebiede wat vir die Bantoe opsygesit is en statutêr beskerm en verseker is as die onvervreembare nasionale tuiste van die Bantoe.

So lui die beleid en so kan verwag word dat die beheer oor en administrasie van daardie tuislandse dorpe ingerig sal wees. In die regering se

kommentaar op die aanbevelings van die Tomlinson-kommissie ³²⁾ is dit onomwonde gestel: „ (dorpsbesture) word ingeskakel onder die Bantoe-owerhedestelsel, en die Departement van Naturelle-sake sorg vir die nodige leiding en opleiding soos ook nog nodig is in verband met Stam-, Streeks- en Gebiedsowerhede". (Eie onderstreping).

In die proklamasie van 1962 ³³⁾, die huidige administratiewe beheermaatreël, word dit ewe-eens duidelik gestel dat aan die tuislandse dorpe 'n geskikte vorm van plaaslike bestuur deur die inwoners self, gegee sal word. Die probleem is dus nie soos in die blanke gebiede, óf die Bantoe deelname aan plaaslike bestuur moet kry nie, maar eerder op watter stadium en in welke vorm.

Dieselfde proklamasie gee nou die antwoord op altwee hierdie vrae. Eerstens, wanneer die „..... Hoof-Bantoesakekommissaris dit dienstig ag kan hy bepaal dat 'n dorpsraad ingestel word" ³⁴⁾. Daar word geen ander toets gestel of norm neergelê nie; slegs die diskresie van 'n senior amptenaar. Buite die Bantoetuislande in die blanke stedelike gebiede, het dit die Bantoe agt-en-dertig jaar geneem om uit 'n stadium van adviserende bevoegdhede te kon geraak tot 'n vorm van deelname aan plaaslike bestuur. Daar het die stedelike Bantoe nog veel meer in sy guns gehad ten opsigte van leiding en opleiding as in die huidige tuislandse dorpe.

32. W.P.F. - '56, p. 10.

33. R.293, 1962.

34. R.293, 1962, hoofstuk 8, artikel 1(1).

n Verdere probleem in die bestaande administratiewe maatreëls lê daarin dat tot tyd en wyl die Bantoe daardie stadium van ontwikkeling bereik het, daar in die regulasies self geen voorsiening gemaak word vir enige ervaring wat in bestuurs-aangeleenthede opgedoen kan word nie. Selfs nie eers in adviserende hoedanigheid bestaan daar die geleentheid om daardie noodsaaklike ervaring op te doen nie. Die vraag wat kwel, is hoe dit onder die huidige omstandighede vir die Bantoe-inwoners moontlik kan word om so n stadium van bestuursontwikkeling te bereik.

Aangesien daardie regulasies slegs n interim-maatreël is, kan met reg verwag word dat dit opsigself die nodige masjinerie sal bevat om daardie noodsaaklike bestuurservaring moontlik te maak. Dat daar aan die begin van blanke amptenare in administratiewe hoedanighede gebruik gemaak word, is te verstaan. In die tuislande, net soos in die blanke gebiede, is daar nog nie voldoende Bantoe-amptenare nie. Vir die opleiding van n Bantoeamptenary bestaan daar egter opleidingsmoontlikhede. Mettertyd behoort genoegsaam Bantoepersoneel opgelei te wees om self die administrasie oor te neem. Amptenare kan egter nie alleen n dorp beheer nie. Daar behoort dus ook vir die opleiding van Bantoes op bestuursvlak voorsiening gemaak te word.

Dit is juis op hierdie vlak wat die bestaande beheermaatreëls ernstige vraagstukke oplewer. Daardie vraagstukke en probleme is van so n aard dat dit wil voorkom asof die beheer en administrasie van die tuislandse dorpe nie ten volle met die neergelegde beleid gerym kan word nie. Die kern van die dorpstigtingsbeleid is immers dat daar volwaardige dorpe onder Bantoe-beheer sal wees. Daarby kan gevoeg word dat die

uiteindelijke sukses van die hele onderneming tot n groot mate om die beheer van daardie dorpe draai.

Word die dorpsrade, soos in die regulasies uiteengesit, nou verder beoordeel, sal n treffende ooreenkoms met die huidige stedelike Bantoerade ³⁵⁾ in die blankbeheerde stedelike gebiede bemerk word. Ten opsigte van samestelling is dit feitlik eensluidend. As nou in aanmerking geneem word dat so n tipe raad vir die Bantoetuislande voorgestel is slegs n jaar nadat die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, in werking getree het en nog voordat n stedelike Bantoeraad in die blanke gebiede ingestel is, kan die wysheid daarvan bevraagteken word. Die omstandighede is verskillend. Enersyds is dit blanke gebiede en die aandrang sonder aanspraak van die Bantoe op bestuursdeelname en andersyds is dit Bantoegebiede en die aanspraak sonder aandrang van die Bantoe-inwoners op plaaslike bestuur. Vir daardie twee uiteenlopende situasies kan moeilik dieselfde voorsiening gemaak word.

n Fynere ontleding van die regulasies, veral ten opsigte van die dorpsrade, openbaar verder ernstige leemtes. Terwyl n dorpsraad, ingevolge die regulasies ingestel, bevoeg is om voorskrifte en verordeninge uit te vaardig en belastinge te hef, is dit nog nie n liggaam met regs persoonlikheid nie. Dit kan dus nie as regpersoon sowel eisend as verwerend optree nie.

Nog n praktiese probleem is dat die regulasies nie bepaal hoedanig die raadslede verkies moet word of wat die kwalifikasies van die verkose lede behoort te wees nie. Teoreties is dit dus moontlik

35. Ingestel kragtens die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961.

dat selfs persone met 'n misdadaadrekord en insolvente persone lede van 'n dorpsraad kan word. Net so word ook geen melding gemaak van die kwalifikasies van kiesers nie. Dit kan dus gebeur dat groot getalle ongewenste persone 'n maand voor 'n verkiesing onder die heersende stelsel as loseerders verblyfpermitte verkry en in 'n verkiesing 'n deurslaggewende faktor kan word.

Bogenoemde is slegs enkele van die leemtes in die bestaande regulasies ³⁶⁾. Die indruk ontstaan egter dat daardie regulasies, veral vir sover dit die bestuursdeelname van die Bantoe betref, opgestel is op 'n stadium toe dorpsstigting nog in so 'n eksperimentele toestand verkeer het, dat die opstellers van die regulasies self ook nie van die vorm wat die beheer moes aanneem seker was nie.

Aan die ander kant moet toegegee word dat die regulasies ook positiewe bepalings bevat wat die Bantoe van die tuislande op 'n ordelike wyse deur 'n moeilike oorgangstadium van plattelanders na dorpsbewoners wil lei. Voorsiening word gemaak vir gesondheidsdienste, sanitasie, boubeskermer en verwante maatreëls. Die opvoedkundige waarde daarvan is voor-die-hand-liggend.

Vir die doeleindes van hierdie studie kan daar egter nie meer ruimte aan daardie maatreëls afgestaan word nie. Die beheer en administrasie van die dorpe is egter die kern van die werk. Gevolglik sal die dorpsrade, soos die regulasies dit voorsien, van nader betrag word om miskien

36. Op datum van skrywe is die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling besig om die regulasies vir die bestuur en administrasie van tuislanddorpe te hersien. Volgens mededelings van die departement behoort dit baie van die bestaande leemtes uit te skakel.

daardeur te kan bepaal in hoeverre dit beleids-ooreenstemmend is.

3.2 Skakeling met Bantoe-owerhede

Die stigting van dorpe in die Bantoetuislande geskied nie op 'n stambasis nie. Soos reeds aangetoon, gaan die inisiatief vir die stigting en ontwikkeling van dorpe uit van die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust en die Departement Bantoe-administrasie en ontwikkeling. Nêrens in die regulasies vir die administrasie en bestuur van die dorpe word enige verwysing na 'n Bantoe-owerheid gemaak nie. In die regulasies word wel vir die aanstelling van kapteins-verteenwoordigers voorsiening gemaak ³⁷⁾, maar vir 'n tuislandse dorp is dit inderdaad geen werklike, effektiewe skakel nie omdat die dorpsrade as sodanig geen skakeling met die stam-, streeks- en gebiedsowerhede het nie. Die regulasies bepaal in artikel 2(4) dat sodanige kapteins-verteenwoordigers slegs die kaptein verteenwoordig en nie die stamowerheid nie.

Die voorgestelde dorpsrade staan los van die hele gesagstruktuur van die Bantoetuislande. Dit sal, met ander woorde, uiteindelik plaaslike owerhede word wat in 'n besondere gebied of land aan geen bowestruktuur gebonde is nie. Die enigste instansie aan wie daardie beoogde dorpsrade verantwoording verskuldig sal wees, is aan die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

37. Hoofstuk 8, artikel 2(1).

Uit daardie oogpunt gesien kan daar ook nie van die tuislandse Bantoe, en in besonder die tradisionele, erkende gesagsinstellings, verwag word om enige positiewe bydrae tot die stigting en ontwikkeling van dorpe te lewer nie. Dorpstigting is tans 'n onderneming wat los staan van die Bantoe. Dit is ook een van die grootste besware van die departement teen die huidige reëling. Afgesien van al die voordele daaraan verbonde en die noodsaaklikheid daarvan, laat dit tog die indruk asof dit van bo af op die tuislandse Bantoe afgedruk word.

As teenargument kan aangevoer word dat die Bantoe nog nooit die inisiatief getoon het om self dorpe te stig nie en dat veral die tuislandse Bantoe ook geen ervaring van dorpslewe en dorpsbestuur het nie. Dit is inderdaad die geval, en daarom moet die inisiatief van bo, van die departement of die Bantoe-trust kom. Maar al sou dit van bo kom, moet die tradisionele erkende gesagsinstellinge, die Bantoe-owerhede, daarin geken word. Daardie dorpe sal uiteindelik tog binne die raamwerk van die erkende owerhede moet ressorteer. Al sou dit aanvanklik nie moontlik wees om die Bantoe-owerhede doeltreffend te aktiveer in die stigting van dorpe nie, moet hulle as gesagsinstellinge op die regte wyse geken word. Dan sal hulle ook mettertyd die nodige belangstelling in dorpstigting begin toon. En die mees voor-die-hand-liggende wyse sou wees om die dorpsrade, of wat dit ook al genoem mag word, in samestelling en funksionering, iewers by die bestaande gesagsinstellinge te laat aansluit. Dit is nie net die Bantoe-inwoners wat moet leer om hulle dorpe self te bestuur nie — die stam- en ander owerhede moet tog ook ervaring opdoen in die beheer van dorpsbestuur.

Soos reeds aangetoon ten opsigte van ander gebiede in Afrika, is daar te veel probleme aan verbonde om die dorpe direk onder beheer van byvoorbeeld stamowerhede te plaas. Oor die algemeen sal hulle nie altyd opgewasse wees vir die situasies waarmee hulle in die dorpe en stede gekonfronteer word nie. Aanvanklik sal daardie probleme nie so ooglopend wees in daardie dorpe wat diep in die hart van die tuislande gestig sal word waar dit ook eers uitsluitlik deur stamgebonde Bantoe bewoon sal word nie. Die beleid maak egter ook voorsiening vir Bantoes uit blanke stedelike gebiede om hulle mettertyd daar te vestig. Daardeur sal die dorpe inwoners hê wat probleme kan oplewer waarvoor die gemiddelde stamowerheid nie bekwaam en bevoeg sal wees om op te los nie.

Hierby moet ook in gedagte gehou word dat alhoewel daar teoreties gepoog word om die dorpe etnies homogeen te hou, dit prakties nie altyd die geval sal wees nie. Dorpe in die nabyheid van grensnywerhede soos Garankuwa, Umlazi en Zwelitsha sal byvoorbeeld onmoontlik altyd etnies homogeen kan wees.

Daar sal dus langs 'n ander weg gesoek moet word na 'n vorm van deelname deur die dorpsbewoners aan plaaslike bestuur, en wel op 'n wyse wat skakeling met die tradisionele gesagsinstellings te weeg sal bring. By die daarstelling van sodanige bestuursrade sal konsekwent daarteen gewaak moet word dat daardie rade inherente moontlikhede besit om in te pas en te kan skakel, sonder om van die bestaande gesagsinstellinge wit olifante te maak. Dit kan verwag word dat die hele politieke swaartepunt mettertyd sal oorbeweeg na die tuislanddorpe en daarom moet die uiterste versigtigheid aan die dag gelê word by die instelling en samestelling van dorpsrade.

As al die genoemde feite en vraagstukke in aanmerking geneem word, word dit duidelik en verstaanbaar waarom daar tot op datum nog geen dorpsrade ingevolge die bestaande regulasies in die lewe geroep is nie. Die proklamasie van 1962 bepaal dat wanneer die inwoners van 'n dorp 'n stadium van ontwikkeling bereik het wat die invoering van 'n vorm van plaaslike bestuur regverdig, dit aan hulle in die vorm van dorpsrade verleen sal word. Die afwesigheid van dorpsrade of die nie-deelname van die inwoners van dorpe soos Garankuwa en Umlazi aan plaaslike bestuur, kan dus nie toegeskryf word aan die feit dat hulle nie reeds so 'n stadium van ontwikkeling bereik het nie. Die grootste persentasie van daardie inwoners was voor hervestiging in die tuislanddorpe in Bantoe-woonbuurtes woonagtig waar adviserende komitees gefunksioneer het. Die oorsaak moet eerder by die inherente swakheid van die stelsel self gesoek word. Dit is ongerymd om te dink dat die inwoners van die munisipale Bantoe-woonbuurt, Vlakfontein by Pretoria, deelagtig kan wees aan plaaslike bestuur terwyl die inwoners van Garankuwa, 'n paar myl verder, nog nie soortgelyke bevoegdhede verkry het ten opsigte van hulle dorp wat binne 'n tuisland geleë is nie.

Die maatreëls van 1962 bied dus eerstens geen geleentheid vir die inwoners van die dorpe om ervaring van stedelike, plaaslike bestuur op te doen nie, en tweedens bied dit 'n swak en onrealistiese vorm van plaaslike bestuur. As dit alles in aanmerking geneem word, kan slegs tot die gevolgtrekking gekom word dat dit verouderd en uitgedien is en daarby nog in stryd met die beleid is.

Die vervanging of opknapping van die bestaande regulasies vir die beheer en administrasie van die tuislanddorpe is op hierdie stadium van dorpstigting en ontwikkeling, n absolute vereiste en n noodsaaklikheid.

3.3 Regspraak in tuislanddorpe

Namate die beleid van dorpstigting in die tuislande verder deurgevoer word, sal daar n bevolkingsverskuiwing vanaf die platteland na daardie dorpe plaasvind. Die tuislanddorpe sal egter nie net die heenkome van n deel van die tuislandse Bantoe wees nie, maar dit sal noodwendig ook baie Bantoes uit die blankbeheerde gebiede opneem. Mense in verskillende stadia van verstedeliking en verwestersing sal gaandeweg die inwoners van daardie dorpe word.

Dorpstigting in die tuislande bring ook die kwessie van regspleging in die tuislande in gedrang. Dit val egter buite die bestek van hierdie werk om breedvoerig aandag te gee aan die posisie waarin Bantoereg vandag verkeer en die hofstelsel wat in die lewe geroep is vir die bediening van daardie reg.

Een van die ernstigste vraagstukke wat reeds opgeduik het en waarmee in die toekoms rekening gehou sal moet word, is die uitoefening van die regspraak in die tuislanddorpe. In die regulasies vir die bestuur van die dorpe word geen voorsiening vir daardie aangeleenthede gemaak nie. Die saak word slegs sydelings aangeraak deur die Bantoeadministrasie Wet van 1927. Daarvolgens is die jurisdiksie van kapteins en hoofmanne egter

gebieds- en persoonsgebonde. As 'n dorp byvoorbeeld buite die regsgebied van 'n Bantoekaptein of -hoofman geleë is, beteken dit dat so 'n kaptein of hoofman geen jurisdiksie het ten opsigte van sy onderdane wat daar woon nie.

Teoreties is dit moontlik dat daardie dorpe die toevlugsoorde kan word van diegene wat hulle nie aan die kapteins se gesag wil onderwerp nie. Tensy binne afsienbare tyd voorsiening gemaak word vir die bediening van Bantoereg in die tuislanddorpe, sal die posisie en status van die kapteins en hoofmanne verder afgetakel word.

Indien die dorpsrade nie na analogie van die tradisionele patroon hiërargies ingeskakel word by die landsadministrasie nie, is dit egter onlogies om daaraan judisiële bevoegdhede te verleen, want dan sal daar twee langsmekaarstaande regstelsels ontstaan.

Reeds gestigte dorpe soos Umlazi, Zwelitsha en veral Garankuwa vertoon 'n uiters heterogene bevolkingsamestelling. In laasgenoemde dorp, wat binne die Tswana-tuisland geleë is, is ongeveer 31% van die inwoners Tswana, terwyl die res uit Venda, Noord-Sotho, Shangaan, Ndebele, Suid-Sotho en enkele vreemde Bantoes bestaan ³⁸⁾. Die uitoefening van die regspraak in dorpe van daardie kategorie veroorsaak 'n problematiese situasie wat nie net dorpsadministrasie raak nie, maar ook die bediening van Bantoereg in sy geheel.

38. Volgens gegewens verkry van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling.

Die belangrike rol wat die dorpe in die toekoms gaan speel, sal dus meebring dat ernstig besin moet word oor die posisie van die Bantoereg. Moontlik is die tyd reeds ryp vir 'n reorganisasie van die Bantoehofstelsel met gepaardgaande aanpassings van die Bantoereg.

HOOFSTUK VIII

MOONTLIKE - KORREKTIEWE MAATREËLS IN DIE PROSES VAN DORPSTIGTING

1 Faktore in die blanke stedelike gebiede

In die vorige hoofstuk is die feitlike posisie ten opsigte van die beheer en administrasie van dorpe in die Bantoetuislande gegee, met die klem op die bestuursaandeel van die Bantoe. In hierdie hoofstuk sal die aandag bepaal word by daardie faktore wat dorpstigting oor die algemeen, en Bantoebeheer van daardie dorpe in die besonder, beïnvloed.

Daar is sekere faktore in die besondere beleidsuitvoering aanwesig wat dorpstigting en dorpsontwikkeling strem, en indien dit nie uitgeskakel kan word nie, sal dit die hele onderneming nadelig beïnvloed. Dit moet dadelik toegegee word dat dorpstigting nog in die beginstadium verkeer en derhalwe kan nie verwag word dat dit tot dusver foutloos sou geskied het nie. Maar aan die ander kant moet ook in gedagte gehou word dat, terwyl die Bantoetuislande nog oor weinig dorpe beskik, dit die owerheid in 'n posisie stel om die gebiede op 'n ordelike en beplande wyse te laat verstedelik. Dit kan alleen moontlik wees indien van die begin af reg en beleidsooreenstemmend te werk gegaan word. Foutiewe optrede en swak beplanning kan op hierdie stadium reeds onherstelbare skade berokken.

Dorpstigting in Suid-Afrika se Bantoetuislande is 'n noodsaaklike maar duur onderneming. Uit 'n finansiële oogpunt gesien, kan die land nie bekostig dat dit 'n mislukking moet wees nie. Maar veel belangriker nog is die rol wat daardie dorpe in die uitvoering van die landsbeleid gaan speel. Dit het die Tomlinsonondersoek

reeds bewys en vandaar die groot aantal aanbevelings, wat inderdaad ook bewys dat dorpsstigting die kern van die beleidsuitvoering in die tuislande behoort te wees.

Die ontwikkeling van die tuislande is n spoedeisende onderneming wat bepalend en deurslaggewend vir die toekoms van Suid-Afrika gaan wees. Derhalwe is dit n ongelukkige situasie dat dorpsstigting nie meer geleidelik kan geskied nie. Tereg het Kreinin beweer dat „Africa is a 'continent in a hurry', completely absorbed in one main objective: jet-propelled growth. Its leaders are seldom satisfied with the answer that 'Rome was not built in a day' which they get from the West, and are often reluctant to turn East for assistance“¹⁾.

Hierdie stelling geld ook Suid-Afrika en in besonder sy Bantoetuislande. Die ontwikkeling van die Bantoebeleid en die amptelike aanvaarding daarvan vereis nie net n konsekwente deurvoering van alle aspekte daarvan nie, maar ook terselfdertyd snelle optrede.

In hierdie werk gaan dit om n enkele maar belangrike aspek in die beleidsuitvoering wat, indien dit nie geslaagd gaan wees nie, verreikende gevolge sal hê vir alle bevolkingsgroepe van die land. Oor die belangrike rol wat dorpe en stede in ontwikkelende lande speel, kan hier nie verder uitgewy word nie. Veel eerder moet die aandag bepaal word by alle faktore wat dorpsstigting en dorpsontwikkeling in die Bantoe-tuislande strem. Daar moet in besonderhede nagegaan word welke omstandighede die klimaat vir daardie belangrike beleidsuitvoering nadelig beïnvloed.

1. Kreinen. Israel and Africa. A study in technical cooperation, p. 6.

Dit sal egter net gedeeltelik in die doel slaag indien nie ook aan moontlike korrektiewe maatreëls aandag gegee word nie. Sonder om op volledigheid aanspraak te maak, sal enkele van die mees opvallende aangeleenthede behandel word. Dorpstigting en ontwikkeling in die tuislande moet vanaf twee kante benader word: vanaf die blank-beheerde stedelike gebiede en vanuit die Bantoetuislande. Indien sekere belemmerings op daardie twee terreine uitgeskakel kan word, behoort die regte klimaat vir dorpstigting daargestel te kan word. Daarmee saam sal die beheer en administrasie van die tuislandse dorpe ook meer in ooreenstemming met die landsbeleid kan geskied en sodoende sal die swaartepunt vanaf die blanke stedelike gebiede na die tuislandse dorpe oorgeplaas kan word.

1.1 Stedelike Bantoeadministrasie aanvullend tot tuislandse ontwikkeling.

Die ontwikkeling van Suid-Afrika se Bantoebeleid bewys dat stedelike Bantoebeleid deurgaans as 'n basiese onderdeel van die breë beleid gesien is. So behoort stedelike Bantoeadministrasie ook in ooreenstemming te wees met die tuislandse ontwikkeling en administrasie. Stedelike Bantoeadministrasie en tuislandadministrasie is nie twee kragte wat afsonderlik en teen mekaar werk nie, maar twee aspekte van een beleidsuitvoering. Indien daar enige teken of bewys bestaan dat die twee beleidsuitvoerende aspekte weg van mekaar beweeg of mededingend is, bestaan daar gevaar dat die hele beleid kan verongeluk. As daar verder ook tekens is dat dit wel die geval is, moet die beleidsuitvoering by enige van die twee punte, naamlik die blanke stedelike gebiede en die Bantoetuislande, sodanig gewysig word dat daar harmonie en eenvormigheid bewerkstellig sal word.

Trouens, een van die kenmerkende beginsels van die beleid van afsonderlike ontwikkeling is die feit dat die stedelike Bantoe nie 'n afsonderlike en andersoortige etniese groep as die Bantoe in die tuislande is nie. So beskou, moet die Bantoe in die blanke stedelike gebiede beheer word as synde 'n deel van die kerngroep in die tuislande. Stedelike Bantoeadministrasie behoort tuislandgerig en stamsentries te wees.

Die vraag ontstaan egter hoe dit moontlik kan wees om 'n harmonieuse Bantoeadministrasie te kry waar verskillende instansies vir die beleidsuitvoering op die twee terreine verantwoordelik is, naamlik stedelike Bantoeadministrasie en tuislandadministrasie. In die een geval, die tuislandse administrasie, is beleidmaker en beleidsuitvoerder tot een owerheid, die sentrale owerheid, beperk. In die ander geval, naamlik stedelike Bantoeadministrasie, is beleidmaker en beleidsuitvoerder twee verskillende instansies.

Alhoewel plaaslike owerhede geen beleidmakende of -skeppende funksies ten opsigte van die Bantoe het nie, kan die uitvoering van die beleid nogtans aan verskillende vertolkinge van 'n enkele beleid onderhewig wees. Die praktiese toepassing van die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, bewys hierdie stelling. Een plaaslike owerheid mag slegs adviseerende bevoegdhede aan sy Bantoeraad gee oor al die aangeleenthede in die wet genoem, terwyl 'n tweede plaaslike owerheid uitvoerende bevoegdhede sal gee. Die feit dat stedelike Bantoerade nog nie deur alle plaaslike owerhede ingestel is nie, bewys verder dat die wet hom leen vir verskillende en uiteenlopende vertolkinge waardeur beleidsuitvoering bemoeilik word.

Terwyl voldoende regverdigingsgronde daarvoor bestaan dat die stedelike Bantoeadministrasie nie slegs ooreenstemmend nie maar ook aanvullend tot tuislandse administrasie moet wees, kan op hierdie stadium nie ingesien word hoe n suksesvolle beleidsuitvoering moontlik sal wees met n verskeidenheid van stedelike Bantoeadministrasies wat ook nie in alle gevalle met tuislandadministrasie gekoördineer is nie.

Dorpsstigting in die Bantoetuislande is ten nouste aan die administrasie van die Bantoes in die blankbeheerde stedelike gebiede gekoppel. In vorige hoofstukke is reeds genoem dat die Bantoe tot dusver net in die blanke dorpe en stede verstedelik het en dat dit juis daar is waar fasiliteite vir die nodige ervaring in plaaslike bestuur bestaan. Ondanks leemtes in die wetgewing, bestaan daardie fasiliteite in n mate in die vorm van stedelike Bantoerade. Die geleenthede daargestel deur die Wet op Stedelike Bantoerade word egter nie altyd reg benut deur plaaslike besture nie, en so gaan waardevolle geleenthede verlore vir die stedelike Bantoe om ervaring op te doen van bestuursaangeleenthede. Die stedelike Bantoe, soos enige ander gemeenskap, soek na uitlaatkleppe vir sy politieke aspirasies. Met wetgewende masjinerie wat onvoldoende en verkeerd gerig is, sal daardie aspirasies nie bevredig kan word nie en selfs kan lei tot politieke frustrasie met ernstige gevolge vir alle bevolkingsgroepe van Suid-Afrika.

Aangesien die suksesvolle toepassing van Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling tot n baie groot mate afhang van die wyse waarop dorpe in die tuislande gestig, ontwikkel en beheer gaan word, is dit van die allergrootste belang dat stedelike

Bantoeadministrasie as n basiese komponent van dorpsadministrasie in die tuislande gesien moet word. Dit is een van die belangrikste vereistes wat vir die suksesvolle verstedeliking van die Bantoetuislande gestel kan word. Die verstedelingsdrang van die Bantoe moet na sy eie tuislande gekanaliseer word omdat daar vir hom geen beperking op sy ontwikkelingsmoontlikhede geplaas behoort te word nie. Slegs wanneer stedelike Bantoeadministrasie by tuislandse ontwikkeling aangepas word, kan daardie doel verwesentlik word.

Waar stedelike Bantoeadministrasie nie aanvullend tot die dorpsadministrasie in die tuislande is nie, behoort alles in die werk gestel te word om daardie doel te bereik. Daar sal noodwendig leemtes in die huidige stelsel van stedelike Bantoeadministrasie wees wat uitgeskakel moet word, terwyl alle belemmerende faktore landswyd in hersiening geneem moet word. Aan die anderkant sal dit vrugteloos wees om stedelike Bantoeadministrasie te reoriënteer en alle hindernisse op die weg van n tuislandgerigtheid uit te skakel, as dorpsadministrasie in die tuislande nie ook by n breedopgestelde en omvangryke program inpas nie.

Sonder om in volgorde van noodsaaklikheid daarop in te gaan, kan enkele sake genoem word wat stedelike Bantoeadministrasie nie aan die gestelde ideale en doel as aanvullende beleidsuitvoering, laat voldoen nie.

1.2 Eenvormigheid van beheer

Die bron van die beleid ten opsigte van die stedelike Bantoeadministrasie is die sentrale owerheid. Soos reeds vroeër aangetoon, berus die verantwoordelikheid om beleid te maak by

die regering of die sentrale owerheid. Die plaaslike owerhede tree slegs as agente van die sentrale owerheid op vir sover dit stedelike Bantoeadministrasie betref. Dit was die posisie in 1923 met die aanname van die eerste Stadsgebiede Wet en ook in 1961 met die inwerkingtreding van die nuwe grondwet.²⁾

Die suksesvolle uitvoering van die Bantoebeleid oor die algemeen en die beleid van dorpsstigting in die besonder, vereis as noodsaaklike voorwaarde 'n eenvormige beheer oor die Bantoes in die algemeen en die stedelike Bantoe in die besonder. Met die aanname van die Stadsgebiede Wet in 1923 was die sentrale owerheid, in beleid sowel as in administrasie, nog nie bevoeg of gereed om stedelike Bantoeadministrasie ook te behartig nie en daarom is dit aan plaaslike owerhede oorgelaat. Omstandighede het verander, Bantoebeleid het ontwikkel en in 'n toestand beland waar dit veel groter eise vir die uitvoering daarvan stel as 'n halwe eeu gelede. Daarby moet in aanmerking geneem word dat Bantoebeleid vandag in meerdere mate in die politieke arena verkeer en dat die suksesvolle uitvoering daarvan dikwels plaaslike owerhede daarheen meesleur. Terwyl die sentrale owerheid nou die beleid neerlê en die uitvoering daarvan op die stedelike terrein as basiese onderdeel van die groter geheel aan 'n verskeidenheid plaaslike owerhede oorlaat, kan die gewenstheid daarvan reeds bevraagteken word.

2. Artikel III, Wet 32 van 1961.

Die administrasie van die Bantoe in die blanke stedelike gebiede moet aanvullend wees tot dié in die tuislande en gesien teen die diversiteit in die toepassing van die beleid deur verskillende plaaslike owerhede, kan daar weinig sprake wees van 'n tuislandgerigte stedelike Bantoeadministrasie. Tensy een instansie verantwoordelik is vir beleid en beheer, sal daar ook nie werklik aanvullende administrasies van die Bantoe in die blanke dorpe en Bantoetuislande kan wees nie.

1.3 Doeltreffende toestromingsbeheer

Die stigting en ontwikkeling van dorpe in die tuislande sal geen sin en betekenis hê nie as toegelaat word dat die Bantoewoonbuurtes van blanke dorpe en stede as verblyfplekke vir die Bantoe in belangrikheid toeneem. Die Bantoewoonbuurtes in die blanke gebiede en die dorpe in die Bantoetuislande moet nie in 'n mededingende posisie verkeer nie. Op die oomblik is hulle nog in 'n mededingende posisie, maar omstandighede moet sodanig gewysig word dat die tuislanddorpe in 'n gunstiger bedingingsposisie kom. Daarmee saam moet 'n klemverskuiwing plaasvind; enersyds moet die dorpe in die tuislande ontwikkel word as nedersettings vir die Bantoe van die tuislande self en andersyds as opvanggebiede vir die Bantoe van die blankbeheerde stede en dorpe. Die Bantoe wat uit die blanke stedelike gebiede hervestig word, behoort te kom uit die geledere van surplus arbeiders wat oortollig geraak het as gevolg van vervanging deur ander kwalifiserende arbeiders.

Alhoewel n bloot negatiewe beperkende wetgewende program die tuislanddorpe nie altyd in n gunstige mededingende posisie sal plaas nie, behoort hulle nogtans deur n effektiewe toestromingsbeheer in belangrikheid te kan toeneem. Toestromingsbeheer, veral ten opsigte van Bantoevroue, is aansienlik verskerp sedert 1952. Die masjinerie vir die terugsending van die surplus en ongewenste Bantoes funksioneer egter nie altyd by alle plaaslike besture doeltreffend genoeg nie. Derhalwe moet amptenare in beheer van arbeidskantore opgelei en opgeskerp word om hulle diskresionêre magte nog meer verantwoordelik te gebruik by die toelating van Bantoes in stedelike gebiede.

Die bestaande administratiewe en wetgewende masjinerie reguleer enersyds die arbeid en andersyds is dit n bruikbare middel om die toestroming van Bantoes die hoof te bied. Terselfdertyd is die maatreëls ook op uitstromingsbeheer bereken, aangesien n Bantoe nie n voorgeskrewe gebied mag binnegaan tensy vooraf vergunning deur die arbeidsburo vir die gebied wat hy wil verlaat, verkry is nie. Ook in hierdie geval kan eenvormigheid van beheer, verkieslik deur een instansie, tot voordeel van die beleidsuitvoering strek.

Die beperking van die getal stedelike Bantoes deur n doeltreffende instromingsbeheer is noodsaaklik, maar daar moet nie net afwerend te werk gegaan word nie, maar ook voorkomend.³⁾ As dit nie gebeur nie, sal die simptoom gedokter word en nie die oorsaak verwyder word nie. Een

3. Botha. Ons stedelike Bantoebeleid teen die agtergrond van ons landsbeleid, p. 18.

van die oorsake wat in die blanke gebiede self geleë is, is die sametrekking van arbeidsintensiewe nywerhede in enkele sentra in die blanke sektor. Naas toestromingsbeheer behoort daar ook verantwoordelike beheer oor nywerheidsuitbreiding plaas te vind.

Doeltreffende toestromingsbeheer kan op sigself nie slaag nie, tensy die praktyk nader aan die teorie gebring word. Terwyl die beleid neerlê dat die Bantoes in die blanke stedelike gebiede slegs tydelike inwoners is, wie se verblyf alleenlik deur dienslewering geregverdig word, verloën die wetgewende masjinerie daardie beginsel. Groot getalle Bantoes kwalifiseer jaarliks vir domicilium in die blanke dorpe en stede, en alle pogings tot 'n doeltreffende instromingsbeheer kan verydel word indien die Stadsgebiede Wet, 1945, nie gewysig word om by die beleid aan te pas nie.

Naas die feit dat die verkryging van verblyfs-permanensie in blanke gebiede met die beleid in stryd is, lewer dit talle administratiewe probleme vir die plaaslike owerhede. Daarby wek dit 'n valse hoop by die Bantoe op en sien hy nie meer die Bantoegebiede nie, maar eerder die blanke dorp en stad as sy werklike tuiste.

Stedelike Bantoeadministrasie moet aanvullend wees by die ontwikkeling en administrasie van die tuislande en hulle dorpe, maar solank as die wetgewende masjinerie op 'n wyse soos genoem, van die blanke dorpe die permanente tuistes van groot getalle Bantoes maak, sal dorpstigting in die tuislande verydel word.

Die tuislandse dorpe het veral ook die mense-
materiaal van die Bantoewoonbuurtes van die blanke
dorpe nodig. Hulle kennis en ervaring van n
stedelike lewenswyse behoort verstedeliking van
die tuislandse Bantoe met minder ontwrigting te
laat geskied. Alhoewel die heil van die tuis-
landdorpe nie net in beperkende wetgewende maat-
reëls lê nie, sal n wysiging in die bestaande
wetgewende masjinerie die verdere permanensie
van groot getalle Bantoes in die blanke
stedelike gebiede tog verminder.

Toestromingsbeheer moet nie net die verdere
toename in die getal stedelike Bantoes beperk
nie, maar ook so gerig wees dat dit die per-
manensie van die Bantoes in blankbeheerde stede-
like gebiede aan bande sal lê. Om daardie doel
te kan bereik, behoort daar n algehele verbod
op die instroming van Bantoevroue na blanke
stedelike gebiede geplaas te word. Van owerheids-
weë word plaaslike besture reeds beweeg om sover
as moontlik slegs enkellopende Bantoewerkers
in stedelike gebiede toe te laat.

Die voorsiening van huisvesting aan stedelike
Bantoes is in die verlede as n effektiewe
toestromingsmaatreël beproef. Die behuisings-
beleid is tans sodanig gewysig dat alle nuwe
gesinshuise in die stedelike gebiede voortaan
slegs aan die Bantoes verhuur mag word. Dit is
alles pogings om die verdere permanensie van die
Bantoe in die blankegebiede te voorkom. In
aansluiting hierby behoort daar egter van staats-
weë n verbod geplaas te word op die oprigting
van groot getalle nuwe gesinshuise vir die
stedelike Bantoes. Met ander woorde, slegs daar-
die Bantoes wat in n stadsgebied gebore en perma-
nent daar woonagtig is, behoort vir gesinshuise
te kwalifiseer. As in aanmerking geneem word dat

daar in die periode 1948 tot 1952 n bedrag van R102,237,942 bestee is aan die oprigting van 219,661 gesinshuise teenoor R16,572,981 vir enkelkwartiere in blankbeheerde stedelike gebiede⁴⁾, dan kan enigsins n idee gevorm word van die groot finansiële las wat deur die aanwesigheid van groot getalle Bantoesinne teweeg gebring is.

Dit moet aanvaar word dat daar in die naoorlogse jare n geweldige tekort aan huise vir die stedelike Bantoe bestaan het en dat groot bedrae deur die staat en plaaslike owerhede bestee moes word om die behuisingsagterstand in te haal. Indien doeltreffende toestromings- en uitstromingsbeheer egter voor 1948 toegepas was, kan met sekerheid aanvaar word dat die behoefte aan gesinshuise ook nie so groot sou gewees het nie. As die dorpsstigtingsprogram wat in der waarheid reeds voor daardie tyd begin is, met meer erns en doelgerigtheid aangepak is, en dieselfde bedrag in die tuislandse dorpe aan huisvesting bestee is, sou daar vandag ook nie so n groot getal Bantoes permanente inwoners in die blankbeheerde stedelike gebiede gewees het nie. Alhoewel dit enigsins spekulatief mag voorkom, illustreer dit tog die noue verband wat daar tussen dorpsstigting in die Bantoetuislande en effektiewe toestromingsbeheer in die blanke stedelike gebiede bestaan.

Deur van owerheidsweë n beperking te plaas op die bou van nuwe gesinshuise vir die Bantoes in die blanke gebiede, word hoegenaamd nie betoog dat daar geen huise meer gebou moet word nie. Daar moet slegs beperkte getalle gebou word waardeur terselfdertyd ook toestroming beheer kan word.

4. Kotze. Die huidige stelsel van beheer in die praktyk in stedelike gebiede, p. 1.

As daar nie gesinshuise beskikbaar is nie, kan daar ook nie persone op 'n gesinsbasis toegelaat word nie. Die oprigting van enkelkwartiere in die blanke stedelike gebiede en gesinshuise in die tuislandse dorpe behoort prioriteit te geniet. Behuisingskapitaal moet dus eerder na die tuislandse dorpe gekanaliseer word.

Samevattend kan dit dus gestel word dat, indien doeltreffende toestromingsbeheer nie in die blank-beheerde stedelike gebiede toegepas word nie, dorpstigting en ontwikkeling in die Bantoetuislande nie in die beoogde doel sal slaag nie. Toestromingsbeheer met alles wat dit impliseer, is 'n basiese vereiste vir die suksesvolle deurvoering van die dorpstigtingsbeleid.

1.4 Doelgerigte hervestigingsprogram

Die dorpe in die tuislande word enersyds daargestel vir die opname van daardie deel van die Bantoebevolking wat uit die landbou „gestoot" word en andersyds om die surplus Bantoes uit die blankbeheerde stedelike gebiede op te vang. Aldus word die tuislandse dorpe gestig as de novo vestigingsentra sowel as hervestigingsoorde. Dit is dan ook in laasgenoemde opsig dat die blankbeheerde stedelike gebiede 'n belangrike rol te vervul het.

Dorstigting en -ontwikkeling in die Bantoe-tuislande is tot 'n groot hoogte afhanklik van die vermindering van die inwoners van Bantoe-woonbuurtes in die blanke stedelike gebiede. Soos vroeër reeds genoem, kan die tuislandse dorpe op hierdie stadium van hulle ontwikkeling,

veral vanweë die belangrike rol wat dit as groei-
punte in ontwikkelende gebiede moet speel,
moeilik die aanwesigheid van die meer ervare
Bantoes uit die blanke stedelike gebiede ontbeer.
Die hervestiging van sodanige Bantoes is n
basiese vereiste vir die gesonde en gebalanseerde
ontwikkeling van die tuislandse dorpe.

Vir die doeleindes van dorpstigting is dit nodig
om eers duidelikheid te verkry oor wat met
hervestiging bedoel word en watter Bantoes
hervestigbaar is. Hervestiging beteken die ver-
skuiwing of oorpasing na tuislandse dorpe van
Bantoes wat tans in die blanke stedelike gebiede
is, maar wie se verblyf daar om een of ander rede
nie meer noodsaaklik of gewens is nie. Daar kan
twee soorte Bantoes wees wat vir hervestiging
in die tuislandse dorpe kwalifiseer: eerstens
daardie Bantoes wat ekonomies onproduktief en n
surplus is en as sodanig nie van veel waarde vir
die blanke stedelike gebiede is nie. Tweedens
kan dit ook ekonomies produktiewe Bantoes wees
sonder wie die blanke gebiede wel kan klaarkom,
maar wie se teenwoordigheid in die tuislandse
dorpe (soos later aangetoon sal word) n nood-
saaklikheid is.

Om saam te vat wil dit dus voorkom asof die
hervestigingsprogram n tweërlei doel moet dien,
naamlik eerstens die vermindering van die getal
Bantoes in die blanke stedelike gebiede en
tweedens die terugplasing van mensemateriaal in
die Bantoetuislande, en veral in die dorpe. By
so n terugplasing van mensemateriaal in die
tuislande moet steeds in gedagte gehou word dat
alternatiewe bestaansmoontlikhede n vereiste is.

In so n hervestigingsprogram van Bantoes uit die blanke stedelike gebiede, kom dus twee kategorieë ter sprake: produktiewe en onproduktiewe Bantoes.

1.4.1 Produktiewe Bantoes.

Dorpstigting en -ontwikkeling in die Bantoe-tuislande is reeds in n groot mate afhanklik van die hervestiging van ekonomies produktiewe Bantoes wat op die oomblik in die blanke stedelike gebiede nie tot hulle volle potensiaal benut kan word nie. Die uitskakeling van aansienlike getalle Bantoearbeiders uit blanke stedelike gebiede behoort, naas al die voordele wat dit vir daardie gebiede inhou, ook nog n geweldige bydrae te kan lewer tot dorpsontwikkeling in die tuislande.

Ondersoeke⁵⁾ het in 1964 aan die lig gebring dat daar 1½ miljoen Bantoe werknemers in die blanke stedelike gebiede was (450,000 mynwerkers uitgesluit). Daarvan was 300,000 by die fabriekswese, 424,000 in die huishoudelike en akkomodasiedienste, 114,000 in die handel en 111,000 in konstruksiewerke betrokke. n Verdere ontleding van daardie syfers het in dieselfde ondersoek getoon dat baie werkgewers geneig is om meer Bantoe werkers in diens te neem as wat werklik noodsaaklik is. n Vergelyking met ander Westerse lande het ewe eens aan die lig gebring⁶⁾ dat die

5. Van Rensburg. Die uitskakeling van Bantoe arbeid in stadsgebiede, p. 41.

6. Loc. cit.

verhouding van werkgewer tot werknemer in Suid-Afrika van die hoogste is, naamlik 1 : 20, teenoor 1 : 5 in ander Westerse lande.

Verskillende faktore is verantwoordelik vir hierdie hoë indiensnemingsyfer. As van daardie faktore, soos die ongeskiktheid van die arbeid en die wisselvalligheid daarvan deur die opleiding van Bantoewerkers enersyds en meganisasie andersyds, uitgeskakel kan word, behoort die totale arbeidsmag van die stedelike Bantoe drasties verminder te kan word sonder enige merkbare gevolge vir landsproduksie. Soos onder 'n ander hoof aangedui sal word, moet daar in die tuislandse dorpe egter bestaansmoontlikhede vir daardie uitgeskakelde, stedelike Bantoes voorsien word. Indien sodanige alternatiewe bestaansmoontlikhede in die tuislandse dorpe bestaan, kan daardie uitgeskakelde, ekonomies bedrywige Bantoes dáár 'n addisionele bydrae tot die landproduksie as geheel lewer, terwyl die blanke stedelike gebiede hulle kan ontbeer.

Hier moet toegegee word dat sekere bedrywe soos die myne en konstruksiewerke moeilik van hulle Bantoewerkers kan uitskakel, aangesien dit arbeidsintensiewe bedrywe is wat terselfdertyd ook plekgebonde is. In 'n groot mate neem hierdie bedrywe egter enkellopende trekarbeiders in diens en hulle aanwesigheid behoort nie probleme op te lewer nie. Sonder om op hierdie stadium op die morele aspekte van die trekarbeidstelsel in te gaan, kan dit net genoem word dat plaaslike bestuure sover as moontlik pogings moet aanwend om trekarbeiders etnies-selektief in hulle onderskeie gebiede toe te laat. Aangesien die meeste

Bantoewoonbuurtes vandag reeds op etniese basis uitgelê is, behoort etnies-homogene trekarbeiders minder administratiewe probleme op te lewer. Indien hulle verder nog etnies verwant is aan die stedelike Bantoe, verskaf dit op sigself weer 'n skakel met die tuislande.

Die fabriekswese daarenteen, is nie so plek-gebonde nie en deur 'n desentralisasie van nywerhede behoort daardie sektor groot getalle Bantoearbeiders te kan uitskakel en hulle tot groter voordeel van die tuislande beskikbaar te kan stel. In die grensgebiede bly daardie uitgeskakelde Bantoes nog ekonomies bedrywig vir beide die blanke ekonomie en die tuislandse dorpe.

Volgens die gegewens van Van Rensburg⁷⁾ blyk dit dat die handel en huishoudelike dienste sekerlik die twee bedrywe is wat met die minste ontwrigting Bantoearbeid kan bespaar en uitgeskakelde ekonomies bedrywige Bantoes tot voordeel van die tuislande oor die algemeen, en die dorpe in besonder, kan stel. Huishoudelike dienste kan weliswaar nie onder noodsaaklike dienste geklassifiseer word nie, en 21.2%⁸⁾ van die ekonomies bedrywige Bantoes is daarby betrokke. Arbeidsbesparing op daardie terrein behoort die blanke sektor van die landsproduksie nie nadelig te tref nie

7. Ibid., p. 42.

8. Ibid., p. 43.

terwyl daardie uitgeskakelde Bantoearbeiders in die tuislandse dorpe n positiewe bydrae tot die ekonomiese opbloei van die gebiede kan lewer.

Die uitskakeling of vermindering van ekonomies bedrywige of produktiewe Bantoearbeiders in die blankbeheerde stedelike gebiede kan slegs tot heil van die blanke gebiede strek en terselfdertyd n belangrike bydrae lewer tot die ontwikkeling van die tuislandse dorpe as groeipunte in ontwikkelende gebiede. Terwyl hervestiging van daardie kategorie stedelike Bantoes vir die blanke gebiede n groter mate van arbeidsonafhanklikheid sal verseker, kan dit vir die tuislande, naas bodempotensiaal en vermeerdering van kapitaal, ook die aanwending van eie arbeidskragte in die wydste sin van die woord beteken.

In die verlede is die produktiewe arbeidskragte uit die tuislande na die ontwikkelende blanke gebiede gedreineer, terwyl die onproduktiewes, die oues van dae en vrouens, vir die ontwikkeling van die gebiede verantwoordelik was. Deur die uitskakeling van ekonomies produktiewe Bantoes in die blanke gebiede en hulle hervestiging in tuislandse dorpe, behoort daardie mannekrag weer tot voordeel van die tuislande gebruik te kan word.

Dit is egter nie net uigeskakelde, stedelike Bantoeerwerknemers wat in die tuislandse dorpe nodig is en daar hervestig behoort te word nie. Daar is ook die Bantoe-ondernemer, die

sakeman en die professionele persoon wat tuislandbewus gemaak moet word en in daardie dorpe hervestig behoort te word. n Opname⁹⁾ in 1962 het getoon dat daar in die 35 groter dorpe en stede ongeveer 5,237 werkende Bantoe-eienaars van besighede in Bantoewoonbuurtes was. Gesamentlik het hulle 6,358 Bantoewerknemers in diens gehad. Daarnaas was daar nog 8,356 onafhanklike Bantoe-ondernemers met verskillende besighede wat nie ander Bantoes in diens gehad het nie. Dit is in ooreenstemming met die landsbeleid dat die handel in Bantoewoonbuurtes slegs tot die Bantoe beperk moet word, maar indien daardie Bantoe-ondernemers in die tuislandse dorpe hervestig kan word, sal hulle bydrae om ekonomiese groeipunte van daardie dorpe te maak, van onskatbare waarde wees. Hulle aanwesigheid in die blanke dorpe en stede bring nou egter mee dat die Bantoewoonbuurtes daardie groeipunte word. Dié toedrag van sake is nie tuislandgerig nie en daarom behoort die swaartepunt ook verskuif te word.

Teoreties lyk dit baie mooi en eenvoudig om van hervestiging van uitgeskakelde, ekonomies produktiewe Bantoes te praat. Die voordele van hervestiging van daardie mense in tuislanddorpe, is voor-die-hand-liggend. Die probleem is egter hoe om daardie mense dáár te kry. Die administratiewe masjinerie¹⁰⁾

9. Ibid., p. 44.

10. Artikel 28 van Wet 25/1945.

bestaan wel om oortollige en surplus Bantoes te hervestig. Sodra daardie Bantoes nie meer ekonomies bedrywig is nie, kan plaaslike besture hulle in die Bantoetuislande laat hervestig op die wyse wat voorgeskryf word deur die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945. Daar moet egter alternatiewe huisvesting in die tuislande beskikbaar wees voordat sodanige hervestiging kan plaasvind, en verder behoort daar uit 'n morele oogpunt gesien, ook plaasvervangende werkseleenthede beskikbaar te wees.

Wat die Bantoe-ondernemers in die blanke stedelike gebiede betref, kan daar nie van hulle verwag word om vrywillig na die tuislandse dorpe te gaan indien dieselfde of selfs beter moontlikhede nog nie in die tuislande bestaan nie. Sonder daardie groep Bantoes kan die tuislandse dorpe nie werklike dorpe en groeipunte word nie en sonder die nodige afsetgebied sal hulle nie daarheen gaan nie.

Om 'n terugvloei van die Bantoe na die tuislande en 'n vestiging in die dorpe te kan bewerkstellig, moet die tuislandse dorpe in alle opsigte vir die Bantoe aantrekliker wees as die Bantoewoonbuurtes van die blanke dorpe en stede. Dit bring mee dat plaaslike besture in die blanke gebiede sorg sal moet dra dat die Bantoewoonbuurtes nie mededingend met die tuislandse dorpe word nie.

Ook in hierdie opsig illustreer 'n beroep¹¹⁾ wat die Minister van Bantoe-administrasie en

11. Botha. Huidige en toekomstige tendense in Bantoeadministrasie, p. 19.

-ontwikkeling in 1962 op plaaslike besture gedoen het, die noodsaaklikheid van 'n swaartepuntverskuiwing na die tuislande " waak teen buitensporige uitbreiding en oormatige en luukse interne ontwikkeling daarvan (Bantoewoonbuurtes) omdat dit sal meewerk om aan hulle die karakter van 'Bantoetuislande in Blanke gebiede' te verleen."

Hoewel die stedelike Bantoes goed en menswaardig gehuisves moet word, behoort stedelike Bantoewoonbuurtes sodanig beplan en ontwikkel te word dat dit slegs tydelike verblyfsoorde van werkers sal wees. Die tuislandse dorpe moet steeds vir die Bantoe aantrekliker wees sodat die begeerte om daar te gaan woon, altyd sterker sal word. Alhoewel baie stedelike Bantoes reeds alle bande met die tuislande verbreek het, is daar nog diegene wat graag op hulle oudag in die tuislande wil gaan woon. Indien stedelike Bantoewoonbuurtes teenoor die tuislanddorpe as verblyfsoorde nie verder in populariteit toeneem nie, behoort selfs die werklik verstedelike Bantoe mettertyd die voordele te kan insien van verblyf in die tuislandse dorpe. Daardie dorpe sal die Bantoe se ware tuiste wees waarin hy onbelemmerd kan woon, werk, beleggings maak en homself polities kan uitlewe. In hierdie verband het 'n onlangse berig van 'n Durbanse dagblad die houding van die stedelike Bantoe geïllustreer toe verklaar is dat "..... Africans prefer to return to their traditional home than (to) remain in a city".¹²⁾

12. The Daily News, 28 Augustus 1968.

1.4.2 Onproduktiewe en oortollige Bantoes

Die tuislandse dorpe behoort nie net die hervestigingsoorde van slegs produktiewe Bantoes uit die blanke stedelike gebiede te word nie, maar ook die onproduktiewes in die blanke gebiede moet daar hervestig word.

Met onproduktiewe Bantoes word bedoel diegene wat in die blanke stedelike gebiede nie ekonomies bedrywig is nie. Daaronder val hoofsaaklik oues van dae, gestremdes, nie-werkende weduwees, chroniese werkloses en werksku Bantoes. Hervestiging van hierdie groepe Bantoes behoort egter met groot versigtigheid in die tuislandse dorpe te geskied. Die regverdiging vir die aanwesigheid van sodanige Bantoes in blanke gebiede kan bevraagteken word veral as daaraan gedink word dat hulle inderdaad die verantwoordelikheid van n Bantoegemeenskap behoort te wees. Daarby staan hulle in die weg van ander ekonomies bedrywige Bantoes wat hulle arbeid in die blanke gebied kan verkoop. Net soos enige gebalanseerde gemeenskap sy ekonomies onproduktiewe lede het, behoort ook die tuislandse dorpe n heenkome vir daardie mense te kan bied.

Dit word beklemtoon dat die hervestiging van onproduktiewe Bantoes in die tuislandse dorpe met die grootste mate van versigtigheid moet geskied. Daar is uitsonderlike gevalle soos bejaardes wat n leeftyd van diens in die blanke stedelike gebiede agter die rug het en nie sonder meer in die tuislandse dorpe hervestig

kan word nie. Die versorging van oues van dae is in baie gevalle vandag nog n gesins- of familieverantwoordelikheid. Hervestiging van oues van dae in tuislanddorpe kan maklik ontwrigting veroorsaak indien alle faktore daarvoor nie gunstig is nie.

Na aanleiding van die 1960-sensus is beraam dat daar in 1967 in al die stedelike gebiede van Suid-Afrika tussen 45,000 en 50,000 Bantoebejaardes was wat ouer as 70 jaar was¹³⁾. Hierdie getal oues van dae verteenwoordig 1.5% van die totale stedelike Bantoebevolking. Volgens dieselfde raming was daar teen die middel van 1967 ongeveer 25,000 liggaamlik en geestelik gestremde Bantoes in die blanke stede en dorpe van Suid-Afrika.¹⁴⁾

Indien al hierdie onproduktiewe bejaardes en sowel produktief as onproduktief gestremdes in die tuislandse dorpe hervestig kan word, behoort die Bantoebevolking van die blanke stede en dorpe met ongeveer 2.5% te verminder. Dit sluit nog nie die werksku Bantoes, die chroniese werkloses en diegene wat op twyfelagtige wyse n bestaan maak, in nie. Word die onvolledige of gebroke gesinne sowel as ongehude moeders en hulle kinders bygereken¹⁵⁾, behoort daar nog n groter afname in die stedelike Bantoebevolking plaas te vind.

13. Gegewens verkry van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (S.A.B.R.A.)

14. Loc. cit.

15. Gegewens oor hierdie kategorie persone kan nie maklik bekom word nie en waar dit wel bestaan, is dit nie baie betroubaar nie.

Die hervestiging van hierdie tipe onproduktiewe Bantoes in tuislanddorpe is egter n netelige aangeleentheid. Daar is altyd die morele aspek wat in aanmerking geneem moet word. Baie van daardie persone het in die blanke gebiede onproduktief en ongeskik vir arbeid geraak en as sodanig wil dit voorkom asof hulle versorging die verantwoordelikheid van daardie gemeenskap is. Daarby kan sommige sogenaamde onproduktiewe Bantoes ook nog n nuttige funksie in die Bantoewoonbuurtes van die blanke dorpe vervul. Bejaardes is n behoudende en bestendige faktor in die gesinslewe van baie stedelike Bantoes, en hulle kan dus nie altyd sonder n mate van ontwrigting hervestig word nie. Liggaamlik gestremde Bantoes kan dikwels met die nodige opleiding nuttige beskutte arbeid verrig. Baie ongehuide moeders is kinders van die Bantoewoonbuurt en het geen bande met die tuislande nie. Hervestiging van sodanige onproduktiewe Bantoes in die tuislandse dorpe kan slegs tot ontwrigting lei.

Alhoewel dit die oorwoë mening is dat die versorging van Bantoebejaardes primêr n gesinsverantwoordelikheid is, kan dit op hierdie stadium tog bevraagteken word. Met die huidige stelsel van ouderdomspensioene en oue-tehuise is hervestiging in die tuislande tog nie so onuitvoerbaar nie. Bowendien mag dit help om kinders van werkende vroue in die tuislanddorpe onder die sorg van grootouers te plaas. Dus, n verdere kontak met die tuislande.

Nogtans kan daar nie van die hervestiging van onproduktiewe Bantoes in die tuislandse dorpe weggeskram word nie. Die staat het reeds vier tehuise vir oues van dae in die tuislande opgerig.¹⁶⁾ In totaal maak daardie inrigtings vir 800 Bantoebejaardes voorsiening. Daarbenewens is daar ook nog nege hospitale in die tuislande wat voorsiening maak vir die permanente versorging van ongeveer 800 chroniese siekes. Daardie inrigtings en hospitale staan hoofsaaklik onder beheer van sendingkerke maar word deur die staat gesubsidieer.

Uit n hervestigingsoogpunt gesien was dit dus n noodsaaklikheid dat van owerheidsweë besluit is dat die verskaffing van welsynsdienste op die Bantoetuislande gerig moet wees. In aansluiting hierby behoort alle inrigtings vir die versorging van Bantoes sowel as nieplekgebonde hospitale, in die tuislandse dorpe opgerig te word. In hierdie verband kan plaaslike besture n daadwerklike bydrae tot die hervestiging van onproduktiewe Bantoes in die tuislande lewer.

Ondanks al die argumente teen en struikelblokke in die weg van hervestiging van onproduktiewe Bantoes in tuislandse dorpe, behoort die fasiliteite vir hervestiging daargestel te word. Dit moet in gedagte gehou word dat hervestiging van bejaardes en gestremdes nie noodwendig beteken dat n gemeenskap sy verpligtinge in hierdie verband probeer afskud

16. S.A.B.R.A., op. cit.

nie. Tuislandse hervestiging mag in baie gevalle meebring dat die hervestigde Bantoe veel beter versorg kan word as deur sy familie in die Bantoewoonbuurt van die blanke stede.

Voorkoming is egter altyd beter as genesing. Effektiewe toestromingsbeheer by die blanke dorpe en stede behoort derhalwe n groot bydrae te lewer in die uitskakeling van ekonomies onproduktiewe Bantoes. Ewe eens behoort toenemende gebruikmaking van enkellopende trekwerkers ook in die toekoms n vermindering in die getal onproduktiewe Bantoes in stedelike gebiede tot gevolg te hê.

Al die genoemde korrektiewe en voorkomende maatreëls wat in die blankbeheerde stedelike gebiede toegepas kan word, behoort die effek te hê dat die blanke gebiede aan die eenkant uiteindelik slegs daardie Bantoes sal huisves wat bona fide daar nodig is, terwyl die tuislandse dorpe aan die anderkant die uitgeskakelde Bantoes kan opvang. So kan die swaartepunt mettertyd tuisland toe beweeg en die tuislandse dorpe in daardie proses n nuttige funksie verrig.

1.5 Konsekwente stad- tuislandskakeling

Die noodsaaklikheid van n doelgerigte en konsekwente stad- tuislandskakeling is ook ten opsigte van dorpsstigting voor-die-hand-liggend. Vir die doeleindes van hierdie werk sal nie in besonderhede ingegaan word op die skakelingsgedagte of die bestaande administratiewe masjinerie waardeur dit ge-implementeer kan word nie. Waardevolle ondersoek is alreeds in hierdie verband gedoen¹⁷⁾ en

17. Maritz, op. cit., hoofstuk V.

heelwat is daaroor geskryf¹⁸⁾.

Aangesien dit hier eerder gaan om die noodsaaklikheid van aanvullende stedelike en tuislandse Bantoeadministrasie en moontlike korrektiewe maatreëls, veral in soverre dit stedelike Bantoeadministrasie betref, word die aangeleentheid van stad- tuislandskakeling net in die beeld geplaas om daardeur 'n beter perspektief te kan kry van wat later aanbeveel word.

Wat hier verder beklemtoon moet word, is dat indien stedelike Bantoeadministrasie en die beheer van tuislandse dorpe nie aanvullend en ooreenstemmend kan geskied nie, stad- tuislandskakeling uiteraard bemoeilik sal word. Die administrasie van die Bantoe in die blanke stedelike gebiede moet sodanig wees dat dit ook die regte klimaat vir 'n doeltreffende skakeling tussen die stedelike Bantoe en hulle stamgenote in die tuislande kan skep.

Indien daardie noodsaaklike skakeling nie bestaan nie, kan die Bantoe woonbuurtes in die blankbeheerde stedelike gebiede uiteraard ook nie die funksie vervul van leerskool vir die beheer en bestuur van tuislandse dorpe nie. Die skakelingsgedagte hou ook veel meer in. Daardeur moet die stedelike Bantoes tuislandbewus gemaak word; hulle moet weer aan 'n bepaalde tuisland en sy besondere kultuur vasgeknoop word. As doeltreffende skakeling kan plaasvind, sal baie probleme op die weg van hervestiging van die stedelike Bantoe in die tuislandse dorpe wegval. Stedelike plaaslike bestuursasmede die amptenare in beheer van die administrasies, kan 'n belangrike funksie vervul om die stedelike Bantoe tuislandbewus te maak en hulle aan daardie gebiede te koppel.

18. Riekert. Skakeling van die stedelike Bantoe met hul tuislande.

1.6 Stedelike Bantoeadministrasie op n streeksbasis

Die stigting, ontwikkeling en beheer van dorpe in die Bantoetuislande is, soos reeds aangetoon, ten nouste verbonde aan n eenvormige toepassing van die Bantoebeleid in die blankbeheerde stedelike gebiede. Daar is ook gevind dat die administrasie van die Bantoe in die blanke stedelike gebiede aanvullend moet wees tot die in die tuislandse dorpe. Die ideaal sou dus wees dat een instansie in volle beheer van sowel stedelike Bantoeadministrasie as tuislandse dorpsadministrasie moet wees, in elk geval tot tyd en wyl die Bantoe van die tuislande self beheer kan oorneem. Op daardie wyse sal enige diversiteit in beleidsvertolking en in beleidsuitvoering die hoof gebied kan word.

Die praktyk in Suid-Afrika het egter om reeds genoemde redes anders ontwikkel, en om dorpstigting en dorpsadministrasie aan die gestelde ideaal te laat voldoen, sal daar met die nodige korrektiewe maatreëls uit die bestaande praktyk n werkbare stelsel gevind moet word.

Aangesien dorpstigting in die tuislande so nou gemoeid is met die administrasie van Bantoes in die blanke stedelike gebiede, moet n weg gevind word waardeur die beleidsuitvoering op beide terreine nader aan mekaar gebring kan word sodat sowel blanke dorp as tuislandse dorp daarby kan baat.

Die uiteindelijke doelstelling is die vermindering van die aantal Bantoes in die blanke stedelike gebiede met n gepaardgaande hervestiging in die tuislandse dorpe. Anders gestel, kom dit enersyds

neer op n verblankingsproses van die huidige blank-beheerde stedelike gebiede en andersyds op die daarstelling van dorpe as groeipunte in die tuislande deur onder andere die hervestiging van uitgeskakelde stedelike Bantoearbeiders.

Om nou al daardie punte bymekaar te bring, beginnende by n eenvormige beleidsuitvoering en eindigende by n aanvullende administrasie op twee terreine, moet die aandag gevestig word op moontlike korrek-tiewe maatreëls in die heersende praktyk. Beleids-uitvoering word in die blanke stedelike gebiede deur n diversiteit in administratiewe optredes gestrem. Terwyl dit op hierdie stadium blykbaar onmoontlik en ongewens is om een liggaam of instan-sie ten volle verantwoordelik te maak vir Bantoe-administrasie op alle terreine, kan daar tog met vrug gedink word aan metodes waarvolgens die resultate van n verskeidenheid van beleidsuit-voerende maatreëls uitgeskakel kan word. In hier-die verband bestaan daar enkele moontlikhede wat afsonderlik oorweeg kan word.

1.6.1 Die daarstelling van Bantoewoonbuurtes op n Streeksbasis

Elke dorp in Suid-Afrika beskik oor sy eie Bantoewoonbuurt. Op sigself is daardie Bantoewoonbuurtes nog nie dorpe nie, maar aanhangsels of satelliete van die blanke dorpe. Die ontstaan van daardie Bantoewoon-buurtes is meegebring enersyds deur die behoefte aan Bantoearbeiders en andersyds deur die ontstaande praktyk van afsonderlike woongebiede. Hierdie twee strydende houdings het tot gevolg gehad dat in die groter geheel van die soge-naamde blanke gebied, oral Bantoewoonbuurtes

of lokasies bestaan wat, naas talle administratiewe probleme, ook nog n bont voorkoms aan die blanke gebied gee.

Plaaslike owerhede het in die verlede hulle Bantoewoonbuurtes op n afsonderlike grondslag gestig, ontwikkel en beheer en daardeur aansienlike kapitaal aan veral skakeldienste bestee. Baie van daardie plaaslike bestuursgebiede is binne n beperkte geografiese gebied geleë; nogtans is Bantoewoonbuurtes onafhanklik en afsonderlik ontwikkel en beheer. Administratiewe masjinerie en dienste is gedupliseer met n gepaardgaande vermorsing van mannekrag.

Teen daardie agtergrond is onder leiding van die sentrale owerheid n nuwe rigting ingeslaan en tuisgebring by sekere plaaslike owerhede. Daar is naamlik begin dink aan gesentraliseerde streekswoonbuurtes vir stedelike Bantoes. Uit n beplannings- en administratiewe oogpunt gesien, is die voordele aan daardie stelsel voor-die-hand-liggend.

Enkele streekswoonbuurtes, soos Tembisa, Soweto en Sebokeng vir naburige stedelike gebiede het tot stand gekom. Aansienlike sukses is daarmee behaal en dienste wat andersins gedupliseer sou word, is uitgeskakel.¹⁹⁾ In die geval van Tembisa word die Bantoes van sewe plaaslike bestuursgebiede gehuisves, terwyl Sebokeng die Bantoes van Vereeniging en Vanderbijlpark huisves.

19. Kotze, op. cit., p. 13.

Deur so n sentralisasie van Bantoewoonbuurtes word, naas n besparing van kapitaal en mannekrag, ook nog die bont voorkoms van die sogenaamde blanke gebiede tot n groot mate verander. Hierdie nuwe rigting in die beplanning en administrasie van Bantoewoonbuurtes is egter op n stadium begin toe dit reeds te laat was. Bestaande Bantoewoonbuurtes kan nie sonder geweldige kapitale verliese op streeksbasis omvorm of gesentraliseer word nie. Slegs nuwe uitbreidings sal in daardie rigting kan geskied.

Aangesien bogenoemde stelsel slegs op gesentraliseerde woonbuurtes betrekking het, moet n moontlike alternatief langs n ander weg gesoek word en wel op so n wyse dat nie slegs die woonbuurtes daarby sal baat nie, maar ook die administrasie van die stedelike Bantoe as geheel. In daardie pogings moet steeds in gedagte gehou word in welke mate beleidsuitvoering as geheel daarby kan baat. Eenvormige beheer wat aanvullend tot tuislandse administrasie in die besonder is, moet die deurslaggewende faktor wees.

1.6.2 Stedelike Bantoeadministrasie op n streeksbasis

Die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945, maak voorsiening vir samewerking deur plaaslike besture vir die doeleindes van Bantoeadministrasie ²⁰⁾.

Daarvolgens kan twee of meer plaaslike besture met mekaar of met die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling saamwerk by die uitvoering of nakoming van enige of al die bepalinge van die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945, die Bantoearbeid Regeringswet, 1911, en alle regulasies daarkragtens uitgevaardig wat betrekking het op die afsondering, aanleë en bestuur van Bantoe woonbuurtes. Die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945, maak verder ook vir die instelling van bestuursrade voorsiening, indien sodanige samewerking deur die minister goedgekeur word ²¹⁾. So n bestuursraad het dieselfde pligte, magte, funksies en bevoegdhede as n plaaslike bestuur ten opsigte van die Bantoes in die gebied waarvoor dit ingestel is.

Om die probleem van uiteenlopende beleidsvertolkings en n diversiteit van beleidsuitvoerende maatreëls te voorkom, moet daar gesoek word na een of ander vorm van plaaslike bestuur van stedelike Bantoeaangeleenthede waardeur n groter mate van eenvormigheid verkry kan word. n Moontlike alternatief vir die voorsiening van huisvesting op n streeksbasis is stedelike Bantoeadministrasie op n streeksbasis. Op min of meer n soortgelyke wyse as wat streeks woonbuurtes georganiseer en beheer word, kan stedelike Bantoeadministrasie as geheel verder gesentraliseer en ontwikkel word om alle aspekte daarvan in te sluit. Alreeds verwerfde

21. Artikel 40 bis. (1)

resultate deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede bewys dat gesentraliseerde beheer oor stedelike Bantoes moontlik is. Waar in die gevalle van Tembisa en Sebokeng slegs die huisvesting van die Bantoes op 'n streeksbasis deur verskillende plaaslike owerhede onderneem word, behoort daardie samewerking sover as moontlik na alle plaaslike besture en tot alle terreine van Bantoeadministrasie uitgebrei te word.

Volgens so 'n skema sal elke dorp nog sy Bantoewoonbuurt hê, maar deur administratiewe samewerking op 'n streeksbasis kan dit in die toekoms tot streekswoonbuurtes ontwikkel deur 'n geleidelike sentralisasie wat by streeksontwikkeling aansluit. Die geografiese verspreiding van Suid-Afrika se dorpe behoort nie 'n ernstige struikelblok op die weg van so 'n streeksindeling te wees nie. So byvoorbeeld kan Vereeniging en Vanderbijlpark 'n streek vorm; die Pretoria-Witwatersrandgebied kan desnoods in enkele streke verdeel word; Potchefstroom, Klerksdorp, Welverdiend, Carletonville, Stilfontein en Orkney kan 'n ander streek vorm terwyl die Vrystaatse Goudvelde met insluiting van Kroonstad weer 'n afsonderlike streek kan uitmaak. Hierdie is slegs 'n tentatiewe indeling in enkele moontlike streke, en met die nodige navorsing behoort daar 'n basis vir sodanige samewerking gevind te kan word.

Daar sal noodwendig sekere kleiner en meer afgeleë dorpe wees wat moeilik in bepaalde streke ingeskakel kan word, maar sodanige

dorpe behoort beheer te word deur n bestuursraad soortgelyk aan die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike gebiede.

In die praktyk sal dit daarop neerkom dat vir elke groep dorpe wat op n streeksbasis georganiseer is, n statutêre bestuursraad ingevolge die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945, deur die minister ingestel moet word. So n bestuursraad kan bestaan uit lede van die verskillende samewerkende plaaslike owerhede onder voorsitterskap van n senior amptenaar van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling. Alle amptenare van die verskillende plaaslike owerhede se Bantoesake-afdelings sal outomaties deur so n streeksbestuursraad geabsorbeer word.

In der waarheid is die grondslag vir sodanige samewerking op n streeksbasis reeds gelê deur die Bantoe (Stadsgebiede) Wet, 1945, en die streekswoonbuurtes wat kragtens genoemde wet tot stand gekom het. In n sekere mate kan die administratiewe stelsel van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede ook gesien word as n voorloper van stedelike Bantoeadministrasie op n streeksbasis. Daarby is verskillende plaaslike owerhede, in besonder die van die Vrystaatse Goudvelde, reeds besig om te onderhandel en ministeriële goedkeuring te verkry oor administratiewe samewerking op sekere terreine ²²⁾.

22. Op datum van skrywe word onderhandelinge onder leiding van die plaaslike owerheid van Welkom gevoer om stedelike Bantoeadministrasie op n streeksbasis vir die Vrystaatse Goudvelde te implementeer. Volgens onlangse mededelings behoort dit binne afsienbare tyd moontlik te realiseer.

Waar die sentrale owerheid volgens die huidige praktyk met alle stedelike plaaslike besture as „agente" van die staat moet skakel met betrekking tot Bantoeadministrasie, word die instansies deur so n streeksadministrasie nou verminder tot die bestuursrade van enkele streke. Daardeur behoort n groter mate van eenvormigheid verkry te kan word waardeur die moontlikheid van n verskeidenheid van administratiewe stelsels nou uitgeskakel word. Terselfdertyd verkry die sentrale owerheid ook meer direkte toegang tot bestuursrade en kan dus beter koördinerend optree.

Naas groter eenvormigheid in stedelike Bantoeadministrasie, kan deur so n stelsel van streeksbeheer, ook beter beleidsooreenstemmend opgetree word. Deurdat die sentrale owerheid deur so n stelsel n direkte skakel met die bestuursrade verkry, kan stedelike Bantoeadministrasie, wat nou met die ontwikkeling van n hele streek gekoördineer is, makliker aanvullend tot tuislandse administrasie gemaak word.

Aanvanklik is dit gestel dat dorpsstigting en -ontwikkeling in die Bantoetuislande in n groot mate ook afhanklik is van n doeltreffender stedelike Bantoeadministrasie wat nie net aanvullend moet wees nie, maar ook tuislandgerig. Om daardie doel te kan bereik, moet alle struikelblokke, nie net in die tuislande nie, maar ook in die blankbeheerde stedelike gebiede, uitgeskakel word.

Die organisasie van stedelike Bantoeadministrasie op 'n streeksbasis kan 'n stap in die rigting wees om sommige van die administratiewe struikelblokke uit die weg te ruim. Dit hou verder nog dié voordele vir die blanke stedelike gebiede in dat 'n beter koördinasie van huisvesting te weeg gebring kan word, 'n doeltreffende korrellasie van arbeidsaanbod en -aanvraag tot stand kan kom, asmede groter spesialisasie ten opsigte van stedelike Bantoeadministrasie, verbeterde dienslewering, meer ekonomiese brou en distrubisie van Bantoebier met gepaardgaande groter winste vir aanwending in die tuislande ens.

Dit is egter nie die doel van hierdie werk om in besonderhede op al die voordele van streeks-Bantoeadministrasie in te gaan nie. Dit is in elk geval 'n aangeleentheid wat 'n verdere ondersoek regverdig. Wat hier ter sake is, is slegs die uitskakeling van daardie faktore wat dorpsstigting en -beheer in die tuislande nadelig beïnvloed. Daarmee saam moet ook oorweging geskenk word aan nuwe moontlikhede en omstandighede wat dorpsstigting in die tuislande tot voordeel kan strek.

1.6.3 Deelname van stedelike plaaslike besture aan dorpsstigting in die tuislande

Tot dusver word die dorpe in die tuislande uitsluitlik deur die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling gestig, ontwikkel en beheer. Die onderhawige

departement verkeer egter nog in die beginstadium van dorpstigting, terwyl alle stedelike plaaslike besture in mindere of meerdere mate, reeds ervaring opgedoen het van daardie belangrike bestuurs- en ontwikkelingsaspek.

Sedert 1923, met die aanname van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, is die stigting, ontwikkeling en beheer van Bantoewoonbuurtes die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede. In daardie hoedanigheid beskik plaaslike owerhede „... oor n geweldige bron van versamelde kennis, kennis wat die departement besig is om ewe moeilik op te doen” ²³⁾.

Die huidige posisie is dus dat daar aan die een kant kennis en ondervinding bestaan wat noodsaaklik vir dorpstigting in die tuislande is, terwyl daar aan die ander kant n behoefte aan daardie kennis en ervaring is. Deurdat die departement nou self daardie ervaring moet opdoen, is daar nie altyd sprake van kapitaal- en mannekragbesparing nie, terwyl Bantoeadministrasie in die blanke dorpe en die tuislandse dorpe hoegenaamd nie aanvullend kan wees nie.

Indien stedelike Bantoeadministrasie op n streeksbasis georganiseer kan word, kan die sentrale owerheid verdere magte en funksies aan statutêre bestuursrade deleger om ook dorpstigting in die tuislande in te sluit.

23. Pepler. Bantoetuisland-Ontwikkeling, p. 6.

Op dieselfde agentskapsbasis waarop stedelike Bantoeadministrasie tans geskied, kan streke ook dorpstigting in die tuislande namens en onder toesig van die staat onderneem. Dorpstigting en -ontwikkeling op so 'n basis, sal meebring dat die Bantoebevolkings van die verskillende blankbeheerde streke direk aan etniesverwante tuislande geskakel word.

Dorpstigting en -ontwikkeling in die Bantoe-tuislande sal op hierdie wyse deur instansies met uitgebreide ervaring onderneem word wat net tot beswil van 'n gemeenskaplike doel, die suksesvolle uitvoering van die beleid, kan strek. Daarbenewens hou dit verder ook nog die moontlikheid en voordeel in dat stedelike Bantoeadministrasie, wat nou 'n groter eenvormigheid sal vertoon, beslis ook aanvullend tot die tuislandse dorpsadministrasie sal wees. Skakeling tussen stad en tuisland sal noodwendig plaasvind.

Indien stedelike plaaslike besture op 'n streeksbasis vir die stigting van dorpe in die tuislande verantwoordelik gemaak kan word, behoort hervestiging met veel minder probleme te kan geskied. Elke streeksbestuursraad wat ten nouste met die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling ingevolge artikel 40 van die Stadsgebiede Wet, 1945, saamwerk, kan dan doeltreffend die verdere groei van Bantoe woonbuurtes binne hulle afsonderlike streke bevries. Gepaard daarmee behoort beplande en effektiewe toestroming-beheer enersyds die swaartepunt na die tuislande te verskuif en andersyds 'n verblankingsproses in die sogenaamde blanke gebiede aan die gang te sit.

Die aanvanklike administrasie van die tuislandse dorpe kan ook op 'n agentskapsbasis deur die streeksbestuursrade behartig word tot tyd en wyl die Bantoe van die dorpe 'n stadium van ontwikkeling bereik het waar hulleself die beheer kan oorneem.

Indien stedelike Bantoeadministrasie op die genoemde streeksbasis aan die tuislandse ontwikkeling gekoppel kan word, sal die blank-beheerde stedelike gebiede in die ware sin van die woord die „leerskool“ vir die tuislandse dorpe kan word. Dit is vandag die amptlike beleid van die owerheid om sover as moontlik 'n Bantoeamptenary in die blankbeheerde gebiede op te lei vir gebruik onder hulle eie mense, maar hulle moontlikhede bly daar altyd beperk omdat dit 'n werkkring binne die geheel van die blanke gebied is. Aan die anderkant kan die tuislande self nog nie geskikte en voldoende opleidingsfasiliteite vir die Bantoeamptenare bied nie. As streeksbestuursrade nou ook verantwoordelik vir dorpstigting in die tuislande is, kan daardie opgeleide Bantoeamptenare met minder ontwrigting na die tuislandse dorpe oorgeplaas word. Sodanige amptenare bly dan in diens van dieselfde instansie en word dus net oorgeplaas. In die blanke gebiede kan plaasvervangende Bantoeamptenare uit 'n veel wyer werwingsveld getrek word en stelselmatig na die tuislandse dorpe oorgeplaas word.

Aan die begin van hierdie hoofstuk is die stelling gemaak dat alle hindernisse op die weg van dorpstigting, vanaf twee kante uit die weg geruim moet word. Vanuit die blankbeheerde stedelike gebiede moet alles in die

stryd gewerp word om daardie belemmeringe uit te skakel. Solank as wat dit nie gebeur nie, en die blanke dorp en stad vir die Bantoe n permanente tuiste bied, sal die swaartepunt nooit na die Bantoetuislande kan terugskuif nie.

Aan die anderkant sal dit ook geen sin en betekenis hê as slegs in die blankbeheerde gebiede korrektiewe maatreëls getref word sonder n soortgelyke optrede in die tuislande nie. Dit is reeds in n vorige hoofstuk aange-
toon en kan hier slegs herbevestig word, dat die beheer en administrasie van die tuislandse dorpe ook nie beleidssooreenstemmend is nie. Daar is, met ander woorde, in die tuislande oor die algemeen, en die dorpe in besonder, ook faktore aanwesig wat n suksesvolle beleidsuitvoering belemmer.

2. Faktore in die tuislande

Aangesien hierdie werk hoofsaaklik betrekking het op die beheer en administrasie van die tuislandse dorpe met die klem op die bestuursaandeel van die Bantoe, moet die aandag nou bepaal word by daardie faktore wat in die tuislande stremmend inwerk op die ontwikkeling en beheer van die dorpe. Dit sal meebring dat enigsins stilgestaan word by enkele verwante aangeleenthede wat inderdaad elk n afsonderlike ondersoek regverdig. Hoewel daardie aangeleenthede slegs genoem gaan word om n beter geheelbeeld te kry en as sodanig die indruk mag verwek dat dit van sekondêre belang is, sal dit nie gedegradeer of op die agtergrond geskuif word nie. Vir die doeleindes van hierdie

werk is dit egter verwante aangeleenthede en derhalwe sal dit in die slotgedeelte kortlike aangestip word.

Hier sal dus in die eerste instansie aandag gegee word aan daardie faktore wat 'n nadelige uitwerking op die beheer en administrasie van die tuislandse dorpe het, met daarmee saam moontlike korrektiewe maatreëls en in die tweede instansie, sal dan enkele verwante aangeleenthede genoem word wat weer stimulerend vir dorpstigting en -ontwikkeling kan wees.

2.1 Maatreëls ten opsigte van die beheer en administrasie van die tuislanddorpe

In die vorige hoofstuk is die huidige beheer en administrasie van die tuislandse dorpe bespreek. As daardie beheer en administrasie nou aan die verklaarde beleid getoets word, sal gevind word dat dit nie in alle opsigte in ooreenstemming daarmee is nie. In die eerste instansie bied dit die Bantoe-inwoners van die tuislandse dorpe weinig geleentheid om ervaring op te doen van plaaslike bestuur. As hulle dus op een of ander stadium met plaaslike bestuur toevertrou sal word, sal hulle moontlik onbevoeg en onervare wees. Deelname aan plaaslike bestuur sal volgens die huidige reëling slegs gegee word indien die dorpsinwoners 'n sekere stadium van ontwikkeling bereik het ²⁴⁾. Dit gaan egter moeilik om te sien hoe hulle so 'n stadium kan bereik, sonder dat daar geleenthede bestaan om daardie nodige ervaring op te doen. Deelname aan en ervaring van plaaslike

bestuur is 'n noodsaaklike skoling vir uiteindelijke selfbestuur, maar in die tuislande maak die huidige beheer nie daarvoor voorsiening nie.

Die tweede en sekerlik die belangrikste probleem ten opsigte van die tuislandse dorpsadministrasie is die feit dat, indien plaaslike bestuur wel aan die Bantoes toevertrou gaan word ingevolge die bestaande reëling, dit volksvreemd en los van die breër tuislandse bestuur sal wees. Die beoogde dorpsrade hou geen verband met die erkende tradisionele gesagsinstellings van die Bantoe nie. Die kapteinsverteenwoordigers waarvoor die regulasies ²⁵⁾ voorsiening maak, bied geen doeltreffende skakel met die Bantoeowerhede nie. Enersyds skakel die tuislandse dorpe nie met die tuislandse owerhede nie en andersyds skakel hulle ook glad nie met die Bantoes in die blanke stedelike gebiede nie. Laasgenoemde is veral wenslik aangesien met die tuislanddorpe ook beoog word om van die surplus Bantoes uit die blanke stede te trek. So gesien is daardie dorpe administratiewe eilande wat dalk kan ontwikkel tot administratiewe niemandslande.

In die Bantoe woonbuurtes van die blanke dorpe en stede kan die inwoners, ingevolge die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961, ervaring van plaaslike bestuur opdoen en uitgebreide bevoegdhede op bestuursvlak verkry. Afhangende van die beleidstoepassing van plaaslike owerhede, kan die

25. Proklamasie No. R293, 1962, artikel 2(1).

stedelike Bantoe dus in die blanke gebiede bestuursregte verkry. Daarteenoor kry die Bantoe-inwoners van die tuislandse dorpe hoegenaamd nie dieselfde geleenthede ten opsigte van bestuurservaring nie.

Met so 'n toedrag van sake is daar eerstens geen sprake van 'n aanvullende beleidsuitvoering in blanke dorp en Bantodorp nie, en tweedens is dit nie duidelik hoe dit moontlik sal wees om die swaartepunt ten opsigte van die Bantoe na die tuislande te verskuif met alles wat daarmee saamhang nie.

Om dus nou ook in die tuislande die belemmeringe op die weg na 'n suksesvolle deurvoering van die dorpsstigtingsbeleid uit te skakel, kan enkele moontlike maatreëls oorweeg word.

Aangesien daar reeds op gewys is dat dit nie altyd moontlik en wenslik is om stamowerhede in beheer van die tuislandse dorpe te plaas nie, moet daar langs 'n ander weg na maatreëls gesoek word waardeur die situasie reggestel kan word en 'n skakel met die erkende gesagsinstellings gevind kan word. Op hierdie stadium wil dit voorkom asof daar twee moontlike alternatiewe metodes kan wees: eerstens deur die dorpsrade te omvorm en as gemeenskapsowerhede in die bestaande hiërargiese gesagstruktuur van die tuislande te betrek, of tweedens om die dorpsrade, veral ten opsigte van samestelling, so te wysig dat of die streeksowerhede of die gebiedsowerhede verteenwoordiging daarop moet verkry.

Comhaire²⁶⁾ het gevind dat die inskakeling van dorpe onder die gesag van stamowerhede in verskillende Afrikagebiede nie gewens en prakties uitvoerbaar was nie. Daarteenoor het hy ook gevind dat, veral in die geval van Freetown, n gemeenskapsowerheid deur die gemeenskap self verkies, beter resultate opgelewer het in dorpsadministrasie.

Gemeenskapsowerhede vir Suid-Afrika se tuislanddorpe is geen nuwe gedagte nie. Trouens, daar bestaan bewyse dat die oorspronklike idee met die bestuur van die tuislandse dorpe, een of ander vorm van Bantoe-owerheid was. In n beleidsverklaring in 1955²⁷⁾ het die destydse Minister van Naturellesake met verwysing na Bantoe-owerhede gesê dat hulle (Bantoe-owerhede) „..... baie pligte op hulle moet neem wat in die ou Bantoestamlewe onbekend was. Een van hulle moeilikste take sal deur die stigting van landelike dorpe in hulle gebiede geskep word"

Gedurende 1956, toe die Tomlinsonverslag in die Volksraad ter sprake was, is die standpunt van die regering ten opsigte van die beheer oor die tuislandse dorpe ook duidelik gestel in n memorandum²⁸⁾. Daarin is onder meer

26. Op cit., p. 21.

27. Pelzer, op cit., p. 88.

28. W.P.F. - '56, p. 10.

verklaar dat dorpsstigting deel van die owerheid se beleid is en dat dorpsbesture ingeskaakel word „..... onder die Bantoe-owerhedestelsel, en die Departement van Naturellesake sorg vir die nodige leiding en opleiding soos ook nog nodig is in verband met Stam-, Streeks- en Gebiedsowerhede."

Artikel 2(1)(a)(ii) van die Wet op Bantoe-owerhede 1951, soos gewysig ²⁹⁾, maak voorsiening vir die instelling van n gemeenskapsowerheid ten opsigte van n Bantoegemeenskap, of twee of meer gemeenskappe gesamentlik. Die bedoeling met die 1964-wysiging was juis om voorsiening vir n owerheid te maak ten opsigte van groepe tuislandse Bantoe waarvoor n stamowerheid nie ingestel kan word nie. Aangesien daar by n gemeenskap in vergelyking met n stam, nie dieselfde innerlike gesagstruktuur aanwesig is nie, moet die gemeenskap as geheel geraadpleeg word by die verkiesing van raadslede.

n Gemeenskapsowerheid kan verder ook ingestel word in gevalle waar twee of meer stamme deurmekaar woon en hulle belange so ineengewef is dat afsonderlike gebiede nie omskryfbaar is nie. So n owerheid word dan ingestel met die klem op die gemeenskaplike gebied, terwyl die kapteins of hoofmanne van elk van die samestellende dele hulle status en bevoegdhede behou.

Indien gemeenskapsowerhede vir die tuislandse dorpe ingestel kan word, of indien dorpsrade die wetlike status van gemeenskapsowerhede kan verkry, bestaan daar dadelik n skakel met

29. Ingevolge die Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1964.

die erkende tuislandse owerheidstruktuur. Ingevolge die Wet op Bantoe-owerhede kan die dorpsowerhede nou as gemeenskapsowerhede, direkte verteenwoordiging op streeks- en gebiedsowerhede verkry. Sodoende sal die dorpe nie meer losstaan van die breëre tuislandse administrasie nie, en terselfdertyd verkry die hoër instansies, die streeks- en gebiedsowerhede, ook 'n direkte belang in die tuislandse dorpe.

Kapteins en Bantoe-owerhede sal met so 'n ontwikkeling ook in mindere mate die neiging toon om afsydig en selfs negatief te staan teenoor die dorpstigtingsprogram. Die tuislandse Bantoe self sal dan ook beseef dat dorpstigting nie altyd van bo af moet kom nie, maar uit die gebiede en in oorstemming met die behoeftes en omstandighede moet groei. Deur die dorpsowerhede aan die tuislandse administrasie te skakel word die kanale geskep om die Bantoe deur sy tradisionele owerhede 'n groter mate van belangstelling in dorpstigting te laat toon. Dit behoort 'n proses te begin waardeur die tuislandse Bantoe opgevoed sal word om uiteindelik 'n veel groter aandeel in dorpstigting en -ontwikkeling te neem.

Deur 'n behoorlike verkiesing van raadslede vir so 'n dorpsgemeenskapsowerheid, kan al die Bantoe-inwoners in die bestuur van hulle dorpe geaktiveer word. Aanvanklik kan daardie gemeenskapsowerhede bestaan uit verkose lede met enkele gekose lede wat selfs kapteins of gebiedsowerheidsverteenwoordigers kan wees.

Die verhouding tussen verkose en gekose lede behoort egter sodanig te wees, dat dit nie n normale, gebalanseerde, demokratiese ontwikkeling kan belemmer nie.

Gemeenskapsowerhede vir tuislandse dorpe kan in die beginjare reeds met beperkte bevoegdhede bekleed word, maar op so n wyse dat daar geleentheid vir bestuurservaring in alle aspekte van plaaslike bestuur bestaan. Namate die Bantoe in plaaslike bestuur ontwikkel, behoort die blanke toesighoudende beheer, stelselmatig en verantwoordelik onttrek te word sodat volwaardige Bantoedorps- of stadsrade tot stand kan kom.

Die moontlikheid bestaan egter altyd dat die politieke swaartepunt in die tuislande mettertyd sal oorbeweeg na daardie dorpe en dat daar met verloop van tyd n belangebotsing tussen die tradisionele leiers en die stedelike leierspersone op die hoër owerhede kan plaasvind. Dit sal in n sekere sin n universele verskynsel wees, want in alle lande met n gebalanseerde ontwikkeling bekleed die dorpe en stede op politieke gebied n belangrike (en dikwels dominante) posisie. Hodgkin ³⁰) verwys na die opkomende stedelike leierspersone as die nuwe elite, en beklemtoon tereg die rol wat die dorpe in die nuwe politieke konstellatie speel:

30. African political parties, p. 27.

"Clearly there is some correlation between the rapid development during the postwar period of associations of a modern type, including political parties, and other familiar processes of social change - economic expansion, the growth of towns, the spread of Western education; and, as a consequence, the emergence of new social groups,"

Die ideaal is egter dat die dorps- of stadsleiers en die gebiedsleiers saam moet ontwikkel. Indien die tradisionele leier dan met verloop van tyd nie meer die pas kan volhou nie, sal dit nie aan die dorpe toegeskryf kan word nie. Wat nou van belang is, is dat die dorpsbesture sodanig ingerig moet word dat dit aanvanklik, dit wil sê in die groei-jare aan die breër tuislandse administrasie geskakel sal wees en dat alle geleenthede vir bestuursontwikkeling daargestel moet word.

Daar kan hoegenaamd nie verwag word dat die tuislandse dorpe ekonomiese en kulturele groeipunte moet word en ad infinitum ondergeskik sal wees aan tradisionele owerhede wat op verre na nie hulle gelyke is nie. As volwaardige dorpe tot stand gaan kom, moet dit ook die rol van streeksversorgers speel. Op ekonomiese, kulturele en politieke gebied behoort daardie funksie vervul te word. Indien enige waarde aan die funksionele betekenis van die tuislanddorpe geheg word, moet hulle ontwikkeling, selfs ook politieke ontwikkeling, onbelemmerd wees. Derhalwe behoort hulle uit daardie oogpunt gesien, ook met die erkende gesagsinstelling van die tuislande geskakel te wees. Dan alleen kan hulle ook in die tuislande as streeksversorgers funksioneer en saam met hulle kan die tradisionele owerhede ontwikkel, of uitsak.

2.1.2 Dorpsrade met streeks- of gebiedsowerheidsver- teenwoordigers

n Volgende moontlike alternatief is om dorpsrade in hulle samestelling so te wysig, dat die bestaande en erkende gesagsinstellinge daarop verteenwoordiging kan verkry. Dorpsrade kan dan deur die minister ingestel word, bestaande uit verkose en gekose lede, met laasgenoemdes òf deur die streeksowerhede òf deur die gebiedowerhede aangewys.

Aangesien daar tans die neiging bestaan ³¹⁾ om die uitvoerende bevoegdhede van streeksowerhede te laat oorgaan na die gebiedowerhede, behoort die gekose lede van dorpsrade deur die gebiedsowerhede aangewys te word. Daar sal egter teen gewaak moet word dat die gekose lede nie meer as die verkose lede op die dorpsrade moet wees nie, anders bestaan die gevaar van oorheersing deur diegene daar-gestel deur die gebiedsowerhede. n Werkbare stelsel behoort voorlopig geïmplementeer te kan word deur n bepaling dat die gekose lede nie meer as die helfte van die verkose lede moet wees nie.

Net soos by die voorafgaande alternatief, kan dorpsrade aanvanklik met beperkte bestuursbevoegdhede bekleed word met die klem steeds op die bestuurservaring. Namate ervaring van plaaslike bestuur opgedoen word, kan steeds wyer wordende bevoegdhede verleë word met n gepaardgaande verantwoordelike onttrekking van blanke toesighoudende bevoegdhede. Die einddoel moet ook wees volwaardige Bantoe-beheerde dorps- of stadsrade.

31. Soos meegedeel deur die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling.

Indien sodanige dorpsrade ingestel kan word, behoort dit baie van die bestaande leemtes uit te skakel. Die tradisionele gesagsinstelling in die tuislande sal daardeur n skakel met die dorpsrade verkry waardeur hulle moontlik geaktiveer kan word om n aandeel te neem in dorpstigting en -ontwikkeling.

Ook in hierdie geval bestaan die moontlikheid dat die politieke swaartepunt na die dorpe kan verskuif. n Botsing van belange tussen die nuwe dorpsleiers of die verkose lede en diegene daargestel deur die gebiedsowerhede, kan ook voorsien word. In hierdie geval sal dit egter tot die geledere van die dorpsrade beperk bly, en nie op hoër rade tot uiting kom nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die gekose lede n minderheidsgroep moet vorm sodat n verdeling tussen verkose en gekose lede nie dorpsontwikkeling sal strem nie.

Word dorpsrade op hierdie wyse saamgestel, nou vergelyk met dorpsrade wat gemeenskapsowerhede is, sal dadelik gemerk word dat eersgenoemde tipe nie sitting op streeks- en gebiedsowerhede kan verkry nie want dit is nog geen Bantoe-owerhede nie. Dit sal dié voordeel inhou dat daar geen gevaar bestaan dat die tuislandse dorpe in die toekoms die streeks- en gebiedsowerhede kan oorheers nie. Die nadeel daaraan verbonde is egter dat dit met verloop van tyd tog weg van die erkende gesagsinstellinge kan beweeg. Sodoende kan dorpe in die tuislande tot onafhanklike entiteite ontwikkel wat inderdaad geen skakeling sal hê met die breë tuislandse administrasie

nie. Een of ander vorm van skakeling met die breë tuislandse administrasie kan tot voordeel van laasgenoemde bestuur strek aangesien verwag kan word dat die meer ontwikkelde Bantoe (klerke, sakelui, onderwysers ens.) 'n leidende rol sal speel in dorpsbestuur. Vanuit daardie posisie kan die dorpsowerhede 'n positiewe en nuttige funksie vervul. So 'n skakeling behoort ook nie vreemd vir die Bantoe te wees nie. Tradisioneel was die kraal/stat administratief deel van die breë stambestuur.

Ten slotte moet daarop gewys word dat dit slegs twee tentatiewe moontlikhede is. Die kern van die saak is egter dat die bestaande reëling onbevredigend is en dat daar spoedig 'n verandering aangebring moet word. Met die toepassing van volkekundige kennis en die ervaring wat reeds opgedoen is, behoort 'n bevredigende reëling moontlik te wees. Dorpstigting en -ontwikkeling in die tuislande is gelukkig nog in die beginstadium, en gevolglik is 'n verandering nog moontlik, maar daarmee kan nie lank gewag word nie, anders sal die skade onherstelbaar wees.

2.2 Enkele verwante aangeleenthede wat dorpstigting kan stimuleer

Die klem val in hierdie werk op die beheer en administrasie van die tuislandse dorpe. Tot dusver is die aandag in hierdie hoofstuk bepaal by daardie faktore wat in sowel die blankbeheerde gebiede as die tuislandse dorpe die beheer en administrasie van die dorpe strem. Enkele moontlike korrektiewe

maatreëls is genoem. Om egter reg te laat geskied aan die onderwerp, moet enigsins stilgestaan word by enkele verwante aangeleenthede wat dorpstigting stimuleer en waarsonder dorpstigting en -ontwikkeling nie moontlik sal wees nie.

Hier moet dadelik toegegee word dat n gedetailleerde uiteensetting van daardie aangeleenthede ietwat buite die bestek van hierdie werk sal val en gespesialiseerde kennis van verskillende dissiplines sal vereis. Verder moet ook gekonstateer word dat daar reeds aansienlike navorsing oor etlike van die aangeleenthede gedoen is en dat in hierdie werk met vrug daarvan gebruik gemaak is. Daardeur word die deure egter nie gesluit vir verdere ondersoeke daarvan nie - trouens, dit is op hierdie stadium van dorpstigting n noodsaaklikheid.

Die rede waarom daardie aangeleenthede hier as n slotgedeelte genoem word, kan soos volg kortliks saamgevat word : eerstens gee dit n beter perspektief op die hele problematiek van dorpstigting en bewys daardeur dat dorpstigting n enkele faset van n groot, omvangryke program is; tweedens kan deur die implementering van daardie aangeleenthede die regte klimaat vir dorpstigting geskep word met die gepaardgaande gevolge vir dorpsadministrasie; en derdens mag dit, gesien die belangrike rol wat dit by dorpstigting speel, as n prikkel tot verdere ondersoek dien.

2.2.1 Ekonomiese basisse vir tuislanddorpe

Tereg het die Tomlinsonverslag ³²⁾ dorpe en stede getipeer as dinamiese instellings wat

32. Op. cit., Hoofstuk 37, p. 15.

soos alle lewende dinge ontstaan, groei en ook kan sterf. Elke dorp moet 'n ontstaans-basis sowel as 'n groeibasis hê. Indien dorpe in die Bantoetuislande sonder so 'n ekonomiese ontstaans- en groeibasis gestig gaan word, sal dit niks anders as kampe wees waarin mense saamgetrek word nie. Dit sal hoegenaamd nie lewensvatbaar wees nie en beslis nie kan ontwikkel tot volwaardige dorpe wat op hulle beurt weer groeipunte in die tuislande kan word nie.

Derhalwe is dit van die grootste belang dat ekonomiese basisse vir die tuislandse dorpe gevind moet word. Dorpe behoort nie net staatkundig nie, maar ook ekonomies reg geplaas te word. Sorg sal veral gedra moet word dat daar vir elke dorp 'n ontstaans- of primêre basis gevind word met die moontlikheid van ander groei- of sekondêre basisse.

Dit sal egter nie help as ekonomiese basisse slegs in die randgebiede gevind word en nie ook diep in die „hart“ van die tuislande nie. Om 'n gebalanseerde verspreiding van dorpe te verseker, behoort ekonomiese basisse strategies gevind, geëksploiteer en ontwikkel te word. Dorpe wat so sal ontstaan, behoort streeksversorgers in die ware sin van die woord te word. Vir 'n ewewigtige en gebalanseerde politieke ontwikkeling, is dit 'n vereiste dat die dorpe gedesentraliseer word en nie slegs in die grensgebiede ontwikkel nie.

Daar bestaan verskillende ekonomiese basisse wat dorpstigting moontlik kan maak. Namate die tuislande en dorpe ontwikkel word, sal verskillende nuwe basisse gevind word wat verdere stigting en ontwikkeling van dorpe moontlik sal maak.

2.2.1.1

Trekarbeid as ekonomiese basis

Op die oomblik is daar een gemeenskaplike ekonomiese basis vir feitlik alle tuislandse dorpe. Dit is die ontwikkeling in die blanke sektor wat tans nog baie swaar steun op Bantoearbeid. In die toekoms behoort dit nog in n groot mate die geval te wees en sal trekarbeid as stelsel n groot rol in dorpsontwikkeling speel. Ondanks al die voordele verbonde aan die stelsel vir beide blanke en tuislandse gebiede, is daar tog ernstige maatskaplike probleme wat daarmee saamhang, soos byvoorbeeld periodieke afwesigheid wat tot gesinsontwrigting ens. kan lei. Derhalwe kan die grootskaalse aanwending van daardie tipe arbeid nie vir n gebalanseerde dorpsontwikkeling in die tuislande aanbeveel word nie. Die ideaal moet steeds wees die grootste mate van arbeidsonafhanklikheid vir beide die blanke gebiede en die Bantoe-tuislande.

2.2.1.2

Die landbou as ekonomiese basis

Die tuislandse landbou kan ook n ekonomiese basis vir dorpstigting wees. Dorpstigting behoort nie net plaas te vind met die oog op absorpsie van surplus Bantoes uit die blanke stedelike gebiede nie. Om die bevolkingsdruk op die landbougrond te verlig en ook n ware boeregemeenskap tot stand te bring, moet dorpe in die „hart" van die tuislande gestig word.

Die huidige beleid met betrekking tot die landbou in die tuislande, maak slegs vir twee kategorië nedersettings voorsiening: 33)

- (i) woongebiede vir die kleinboere:
en
- (ii) digter woongebiede, elk met n meent waarop grondlose Bantoes hulle vee mag aanhou.

Geen voorsiening word in hierdie nedersettings vir eiendomsreg op grond gemaak nie. Die moontlikheid bestaan dat hogenoemde soorte woongebiede mettertyd tot dorpe kan ontwikkel.

Volgens die huidige beleid en praktyk wil dit nie voorkom asof die landbou enige noemenswaardige ekonomiese basis vir tuislanddorpe sal wees nie. Dit skep geen of weinig werksgeleenthede vir ander as die boerende bevolking van so n nedersetting. Dit kan wel gebeur, maar dit sal n hele reorganisasie van die tuislandse landbou meebring. Daar moet dus na n stelsel gesoek word wat enersyds soveel as moontlik persone by die landbou sal betrek met behoud van die groter, totale produksie, en andersyds tot dorpstigting kan lei.

Daar is verskillende moontlikhede waarvolgens die landbou gereorganiseer kan word, maar die probleem bly steeds die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. In die

33. Van Gass, op. cit., p. 4.

soeke na 'n toepasbare landboustelsel vir die tuislande, moet die Bantoe as mens nooit uit gedagte verloor word nie. Daar moet ook nie weggeskram word om in ander ontwikkelende lande na 'n toepasbare stelsel te soek nie. Die basiese vereiste moet steeds wees of dit volkekundig gesien, aanpasbaar is by die tradisionele kommunale stelsel van die Bantoe.

'n Gedagte wat moontlik 'n verdere oorgewing en ondersoek regverdig, is iets min of meer soortgelyk aan die Israelse koöperatiewe stelsel, die Moshav-nedersetting.

Hoewel dit waar is dat 'n meganiese oorplanting van stelsels van een land en volk op 'n ander land en volk nie altyd moontlik en wenslik is nie, hou die Moshav-stelsel tog beloftes en gewis baie voordele in. Trouens, niks verhinder Suid-Afrika om met gebruikmaking van volkekundige kennis, uit die Israelse stelsel te neem wat dalk toepasbaar kan wees in die Bantoetuislande nie.

Verskillende Afrikastate het in die jongste verlede onder Israel se tegniese hulpskemas die koöperatiewe Moshav-stelsel met groot sukses toegepas ³⁴⁾. Die sukses met, en die aantreklikheid van die stelsel lê juis daarin dat dit so buigbaar en aanpasbaar is en terselfdertyd uit volkekundige oogpunt gesien, aansluiting kan vind by die tradisionele Bantoestelsel.

34. Kreinin, op. cit., p. 34.

Kreinin ³⁵⁾ gee n goeie beskrywing van die koöperatiewe landboustelsels soos dit vandag in Israel toegepas word. Daar bestaan veral drie soorte landboustelsels, die Kibbutz (kollektief), die Moshav Shitufi (kollektiewe dorp) en die Moshav (koöperatiewe dorp). Die Moshav-stelsel word deesdae meer algemeen toegepas en dit blyk ook makliker toepasbaar te wees in Afrikagebiede.

n Moshav bestaan uit tot 150 boerende familie-eenhede, saamgesnoer deur n sterk meerdoelige koöperatiewe organisasie. Elke gesin vorm n ekonomiese en sosiale eenheid wat sy eie huis bewoon en sy eie landerye bewerk. Elke boer is vir sover dit die interne bestuur van sy boerdery betref, n onafhanklike entrepreneur. Die basiese beginsel van die Moshav is selfarbeid met onderlinge hulpverlening in tye van nood.

Elke Moshav word behoorlik deur die Nasionale Beplanningsraad beplan vir òf gemengde boerdery òf die kweek van nywerheidsgewasse met behoorlike voorsiening vir oesrotasie, besproeiingswater en tegniese benodigdhede. Die grond is in staatsbesit en elke boer verkry slegs n langtermynhuurkontrak. Verkoop of versnippering van die grond word kontraktueel verbied.

Alle eksterne onderhandelinge word deur die enkele koöperatiewe organisasie van die gemeenskap gedoen en alle boere of

nedersetters is verplig om daaraan te behoort. Op hierdie wyse hanteer die Moshav se koöperasie enersyds die aankoop van implemente, saad en ander toebehore en voorrade, terwyl dit andersyds die bemarking van plaasprodukte behartig. Selfs krediet aan die individuele boer word deur dieselfde koöperasie gekanaliseer, terwyl opbrengste van produkte kollateraal gehou word. Die ander koöperatiewe landbouaktiwiteite sluit die gebruik in van gemeenskaplike implemente, die gemeenskaplike beweiding van veld ens.

Op bogenoemde wyse kombineer die Moshav individuele inisiatief en verantwoordelikeheid met n koöperatiewe benadering van grondbewerking, bemarking en krediet. Terwyl elke gesin sy individualiteit behou, verskaf die koöperasie n meer effektiewe boerdery- en gemeenskapsdienssisteem.

In die nie-ekonomiese sfeer word alle opvoedkundige, maatskaplike, kulturele, ontspannings en gesondheidsdienste koöperatief gelewer.

Die interessante van die Moshavstelsel lê egter daarin dat dit ook vir dorpstigting voorsiening maak. Trouens, dit is daarby ingesluit en n integrale deel van die hele stelsel. Nie slegs die koöperatiewe landbou is daarby betrokke nie, maar ook „.... the whole complex of

social, and economic regional planning of which the Moshav is the smallest unit" 36).

Die saamgestelde struktuur is inderdaad n nedersettingspatroon waarin 5 of 6 Moshavim rondom n plattelandse sentrum of dorpie gegroepeer is. n Groep sodanige dorpies met hulle plattelandse sentra word weer verder om n sentrale streeksdorp gegroepeer.

Dit word algemeen aanvaar dat plattelandse ontwikkeling n basiese vereiste is vir ekonomiese vooruitgang van onderontwikkelde en ontwikkelende gebiede. Selfs al word industrialisasie van n gebied as die uiteindelijke doel gestel, mag die landbou nie nagelaat of verwaarloos word nie. Landboukundige vooruitgang is dikwels n noodsaaklike voorvereiste vir ekonomiese- en nywerheidsontwikkeling.

Word die Israelse Moshav-stelsel nou teen daardie agtergrond beoordeel, sal gevind word dat dit n poging is om die maksimum aantal mense by die landbou te betrek met behoud van n verhoogde produksie. n Inherente deel van die skema is egter menslike nedersetting en as sodanig bied dit n ekonomiese basis vir dorpsstigting en -ontwikkeling. Modernisering van die landbou, anders as die tradisionele Bantoestelsel, het n behoefte aan dorpe as bemarkingsentra en as plekke waar benodigdhede aangekoop kan word.

36. Ibid., p. 42.

In Suid-Afrika se Bantoetuislande behoort die landboukundige ontwikkeling van so n aard te wees dat dit vanweë die beperkte oppervlakte van die gebiede net soos in Israel, meerdoelig sal wees. Hiermee word nie bedoel dat die Israelse stelsel sonder meer in die Bantoetuislande van toepassing gemaak moet word nie, maar die moontlikhede wat die stelsel bied, moet deeglik ondersoek word.

2.2.1.3 (c) Nywerhede as ekonomiese basis

Gesien uit die oogpunt van dorpsstigting in die Bantoetuislande is een van die belangrikste ekonomiese basisse inderdaad nywerheidsvestiging en -ontwikkeling. Vir n gebalanseerde, organiese en ekonomiese ontwikkeling van die tuislande is n spoedige en daadwerklike nywerheidsontwikkeling n absolute vereiste.

Die dilemma waarin die Bantoetuislande verkeer, kom kortliks daarop neer dat die gebiede nie die huidige landboubevolking kan dra nie en dat daar tot dusver feitlik geen nywerheidsontwikkeling plaasgevind het waardeur die surplus „landbouers" geabsorbeer kan word nie. Die gevolg van hierdie toedrag van sake is dat hulle buite die gebiede n heenkome moet vind.

Kapitaal, ervaring en ondernemingsgees het by die Bantoe tot dusver grootliks ontbreek. Die noodsaaklikheid van nywerheidsontwikkeling in die gebiede word

allerweë besef, maar daadwerklike optrede van die kant van die blanke private sektor word deur die owerheidsbeleid aan bande gelê. Die beleid bepaal dat die blanke en sy kapitaal uit die gebiede geweer moet word. Die rede daarvoor is dat dit Bantoegebiede moet bly, en blanke indringing en mededinging ten alle koste vermy moet word. Selfs die toelating van blanke kapitaal op 'n tydelike basis met behoud van die beginsels van die algemene beleid, word nie toegelaat nie.

As alternatief word 'n enorme ontwikkeling van die grensgebiede beoog. Dit beteken die vestiging van nywerhede naby en selfs teenoor (maar nie binne) die Bantoetuislande. Die klem val op die indiensneming van die Bantoes naby hulle tuislande eerder as in die blanke nywerheidsgebiede. Hierdie program word egter nie as die finale oplossing vir die ekonomiese ont-plooiing van die Bantoetuislande beskou nie, maar eerder as 'n ondersteunende maat-reël wat voorlopig goeie resultate oplewer.

Sedert daar met die ontwikkeling van grensgebiede in Junie 1960 begin is tot en met Junie 1966, het owerheidshulp in een of ander vorm gelei tot die daarstelling van 92 nuwe ondernemings in die grensgebiede ³⁷⁾. Daarbenewens het 68 nuwe ondernemings sonder staatshulp tot stand gekom en is 60 bestaande ondernemings uitgebrei ³⁸⁾. Ingevolge

37. Rautenbach. Die beleid van grensgebiedontwikkeling, p. 116.

38. Loc. cit.

hierdie program was die totale regstreekse bykomende belegging in die sekondêre nywerheid meer as R200 miljoen ³⁹⁾. Die grensnywerhede het teen 1966 reeds meer as 42,500 Bantoes in diens gehad teenoor 12,000 blankes ⁴⁰⁾.

Hierdie nywerhede is uit die aard van die saak blanke ondernemings en kan dus nie dieselfde bydrae tot die ontwikkeling van die tuislande lewer as nywerhede daarbinne nie.

Die daarstelling van grensnywerhede het verder ook die voordeel vir Suid-Afrika as geheel dat dit n desentralisasie van nywerhede inhou. Dit is egter net gedeeltelik desentralisasie want die gewone plattelandse dorpe baat nie daarby nie. Inderdaad kan dit net tot n ander tipe van nywerheidskonsentrasie in die grensgebiede lei.

Vir sover dit dorpstigting in die tuislande betref, kan grensgebiedontwikkeling wel aanleiding gee tot die ontstaan van tuislanddorpe. Dit voorsien ook n goeie ekonomiese basis vir daardie dorpe. Maar naas al die voordele daaraan verbonde, is daar tog ook probleme wat veral vir dorpstigting en -ontwikkeling van wesentlike belang is. Grensnywerhede lei slegs

39. Loc. cit.

40. Loc. cit.

tot die ontstaan van dorpe op gesentraliseerde plekke langs die grense van die blanke ontwikkelingsgebiede. Reeds gestigte grensnywerheidsdorpe soos Garankuwa „..... is vir alle praktiese doeleindes deel van die Blanke nedersettingskomplekse, omdat hulle, ten spyte daarvan dat hulle in die Bantoegebiede lê, deel vorm van die Blanke ekonomie⁴¹⁾”.

Indien n gebalanseerde dorpsontwikkeling in die tuislande beoog word, kan as eerste vereiste gestel word nywerheidsontwikkeling binne die gebiede. „(The) quickest way of accomplishing this is through developing them (tuislande) organically from the centre”⁴²⁾

Terwyl die Bantoe tot dusver nog nie oor die nodige ervaring, ondernemingsgees en kapitaal beskik om self nywerhede in die tuislande te vestig en te ontwikkel nie, behoort van owerheidsweë ernstige aandag geskenk te word aan n herooring van die ekonomiese beleid, veral ten opsigte van die tuislande.

Op die voordele van grensnywerhede vir die blanke gebiede sowel as die tuislande is reeds gewys. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat, as gevolg van die ligging van die grensnywerheidsgebiede, baie van die kumulatiewe voordele van daardie tipe nywerhede in werklikheid slegs betrekking het op die blanke gebied. Die Bantoetuislande baat veel minder daarby.

41. Page, op. cit., p. 231.

42. Norval. Bantu towns and country towns, p. 26.

Uit daardie oogpunt gesien, bly die tuislande ekonomiese aanhangsels van die blanke grensgebiede in plaas daarvan dat daardie grensnywerhede die ekonomie van die tuislande stimuleer.

Bloot uit die oogpunt van dorpsstigting is nywerheidsvestiging in die tuislande, hetsy oor die grens, hetsy in die „hart" van die gebiede, 'n dringende noodsaaklikheid.

By die Bantoe ontbreek die ondernemersinisiatief en kapitaal nog. Derhalwe is die enigste alternatief in hierdie spoedeisende aangeleentheid om van die ondernemersinisiatief en kapitaal uit die ontwikkelende sektor gebruik te maak. Trouens, die Tomlinsonondersoek het dit reeds aan die lig gebring.

Die hoofargument wat ingebring word teen die vestiging van blanke nywerhede en kapitaal in die tuislande, al is dit tydelik en onder streng voorwaardes, is dat dit tot koloniale kapitalisme sal lei.

Alle ontwikkelende lande verwelkom vandag egter buitelandse beleggings. Selfs die Republiek van Suid-Afrika trek tans die voordele van buitelandse beleggings of dan koloniale kapitalisme, indien dit so genoem wil word. In hierdie verband beweer Sadie ⁴³⁾ dat dit 'n

43. Mercator, p. 33.

mite is dat 'n gasheerland magteloos teenoor buitelandse kapitaal staan. Dit is eerder die buitelandse belegger wat magteloos staan.

As dit enigsins moontlik sou wees om dieselfde steun aan die oprigting van nywerhede binne die tuislande te gee as wat tans gegee word aan die ontwikkeling van grensgebiede, behoort 'n blywende ekonomiese basis vir tuislanddorpe daargestel te kan word. Indien dit nie moontlik sal wees nie, bestaan die gevaar dat die enkele landelike woongebiede, in die woorde van Houghton,⁴⁴⁾ niks anders sal wees as „rural slums littered by the fragments of broken families and oppressed by poverty“.

Gepaard met die daarstelling van ekonomiese basisse vir tuislanddorpe, moet 'n infrastruktuur ook vir elke tuisland uitgebou word. Paaie en spoorweë moet die verskillende dorpe verbind terwyl ander noodsaaklike geriewe soos kragvoorsiening en telefoondienste 'n noodsaaklikheid is vir behoorlike dorpsontwikkeling. Die daarstelling van elk van hierdie dienste kan terselfdertyd werksgeleenthede bied aan groot getalle tuislandse Bantoes. Die uitbou van so 'n infrastruktuur is egter 'n wit olifant indien dit nie aktief funksionierend vir die werklike ekonomiese behoeftes is nie.

44. Land reform in the Bantu areas and its effects upon the urban labour market, p. 175.

2.2.2 Werksgeleenthede

Daar is op die oomblik nie voldoende werksgeleenthede in die tuislande om al die inwoners „..... in staat te stel om hierdie primêre behoeftes (voedselverkryging) te vervul nie ⁴⁵⁾“. Gevolglik moet hulle elders heen gaan om die nodige werk te vind.

Daardie werk kan hulle op die oomblik hoofsaaklik in die blanke gebiede vind. Die aanwesigheid van groot getalle Bantoes in die blanke gebiede skep egter onder andere ekonomiese, maatskaplike en administratiewe vraagstukke vir die blanke gebiede.

Voorheen was dit gebruikelik om die arbeider na die werk te neem. Vandag word die werk na die werker geneem. Die grensnywerheidsbeleid is n gedeeltelike manifestasie daarvan. Die beginsel moet egter tot sy volle konsekwensies deurgevoer word. Die werksgeleenthede moet tot in die „hart“ van die tuislande geskep word.

n Onderzoek van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie ⁴⁶⁾ het getoon dat 23,500 Bantoes jaarliks vanaf 1971 in die grensnywerhede opgeneem sal moet word. As hierby nou in gedagte gehou word dat slegs een grensnywerheidsdorp, Garankuwa, op die oomblik 8245

45. Die Transvaler, 16 September, 1968.

46. Die Transvaler, 13 November 1968.

leerlinge op skool het wat binne tien jaar vir werk sal kwalifiseer, word die noodsaaklikheid van genoegsame werksgeleenthede beklemtoon.

2.2.3 Mensontwikkeling

Tot dusver is veel aandag aan die fisiese ontwikkeling van die tuislande gegee. Sodanige ontwikkeling is noodsaaklik, maar net so belangrik en miskien nog noodsaakliker is ook die mensontwikkeling in die tuislande. Veral met die oog op dorpsstigting behoort hieraan veel aandag gegee te word.

Alle ontwikkelingskemas en hulpprogramme sal eenvoudig kunsmatig wees indien dit nie met mensontwikkeling gekorreleer word nie. As fisiese ontwikkeling van die tuislande nie hand-aan-hand met mensontwikkeling gaan nie, sal die volksiel van die Bantoe ten gronde gaan en „n kultuurleë massa“ 47) daargestel word. By herhaling is in koloniale Afrika van die verlede bewys dat die grootste ontwikkelingskemas wat nie vir die inheemse bevolking absorbeerbaar was nie, vandag vergete drome van die witman is.

Terwyl omstandighede in Suid-Afrika vir n snelle ontwikkeling van die Bantoegebiede vra, moet daar tog teen oorhaastige en kunsmatige optrede gewaak word.

47. Bruwer. Gevaartekens in hantering van Bantoe-beleid, in Die S.A. Beeld, 3 Julie 1966.

Aan die ander kant is dit ewe waar dat n volk se hoogste historiese verwesentliking in die politieke vryheid onder sy eie regering lê. n Volk sonder n eie vaderland is nog geen volk nie. Suid-Afrika se Bantoebeleid stuur in sy volle manifestasie af op politieke selfbeskikking vir die onderskeie Bantoe-volkseenhede. Dorpstigting in die tuislande is maar een van die aspekte in die beleids-uitvoering waardeur daardie doel verwesentlik kan word.

Indien n volk se vaderland egter nie brood aan die volkslede kan verskaf nie, verloor daardie vaderland die volk se liefde en trou. Waar die volkslede hulle bevind en waar hulle bestaansmoontlikhede is, hetsy binne of buite hulle nasionale tuistes, is hulle liefde geanker. Inwoning in n ander land, en veral langdurige inwoning, is een van die dinge wat meehelp om die afkomsband te laat deurskaaf.

Daar moet konsekwent teen gewaak word dat die klem nie te veel op die afkomsfaktor gelê word ten koste van die verblyfsfaktor nie. Verblyf in die blanke gebied sal meebring dat komende geslagte Bantoes, ondanks belange in die tuislande, op die lang duur hoër eise om politieke medeseggenskap sal stel daar waar hulle hulle brood verdien.

As die vaderland nie bestaansmoontlikhede vir die burgers kan bied nie, sal daardie vaderland dus gaandeweg nie meer die vaderland wees nie, maar uiteraars n kuierplek.

In die beleidsuitvoering moet die ewewig tussen politieke en ekonomiese ontwikkeling bewaar word. Politiek onafhanklike, maar ekonomies afhanklike Bantoestate is hoegenaamd nie die beoogde en gewensde einddoel vir „groter” Suid-Afrika nie. Derhalwe moet die Bantoetuislande nie net polities selfregerend word nie, maar spoedig op ’n realistiese wyse ekonomies lewensvatbaar gemaak word. Deur dit te probeer ontwyk of dit vir later geslagte uit te stel, sal die beoogde doel verongeluk word teen ’n geweldige koste aan kapitaal, mannekrag en boweal ten koste van die volkerebeeld wat Suid-Afrika graag wil reflekteer.

BEVINDINGS

In die voorafgaande hoofstukke is n breë uiteensetting gegee van sekere aspekte van die stigting en administrasie van dorpe in die Bantoetuislande van Suid-Afrika. Dit moet duidelik gestel word dat baie van die aspekte wat in daardie hoofstukke aangeraak is, hulle leen tot n verdere afsonderlike ondersoek omdat dit hierdie werk te ver op ander vakterreine as die van die naturelle-administrasie sou gelei het. Dit was nie wenslik en moontlik om binne die raamwerk van hierdie proefskrif in volle besonderhede op al daardie aspekte in te gaan nie. Nogtans is dit moontlik om uit die reeds verstrekte en verwerkte gegewens, sekere basiese gevolgtrekkings te maak.

Dit is moeilik om in een bondige definisie volledig die essensiële van die moderne stad saam te vat, want die stad besit n te groot kompleks van aspekte soos die geografiese, die ekonomiese, die sosiale ens.

Daarby moet enige wetenskaplike omskrywing van die stad weerspieël dat dit n sosiale, politieke, juridiese en ekonomiese eenheid is, want die stad het n kenmerkende sosiale struktuur, n gespesialiseerde regeringsorganisasie, n unieke wetlike status en n hoogsontwikkelde ekonomiese lewe.

Vanuit die vakterrein van die naturelleadministrasie moet terdeë daarmee rekening gehou word sonder dat van die vakwetenskaplike verwag moet word dat hy dit in besonderhede bespreek.

Anders as in Europa is daar in Suid-Afrika geen groot funksionele verskil tussen dorp en stad nie. Die grens is eerder een van intensiteit van stedelikheid.

Uit die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van dorpe en stede het dit duidelik geword dat daar n ontstaans- of ekonomiese basis vir elke dorp moet wees en dat elke dorp n bepaalde funksionele betekenis het. Daarby het n dorp nie net een funksie nie maar n verskeidenheid, en dit is nie by alle dorpe presies dieselfde nie.

Saamgevat kom die mees algemene en basiese funksies van n dorp neer op residensie (primêr), handel, nywerheid, onderwys, administrasie, ontspanning (sport, vermaaklikheid, ens.) en verkeer.

Een van die kenmerkendste verskynsels van Afrika suid van die Sahara is die feitlik algehele afwesigheid van inheemsgestigte dorpe en stede. Die enigste uitsondering is die inheemse dorpe van Nigerië en veral die Yorubadorpe. Hierdie dorpe het hoofsaaklik ontstaan uit jagterskampe, gepaard met n sterk gemeenskapsgevoel onder die Yoruba. Ander faktore soos verdediging, godsdienstige en politieke oorweginge en die handel het in enkele gevalle tot die ontstaan van dorpe in daardie gebied gelei.

Die res van die vasteland van Afrika suid van die Sahara het oorwegend landelik gebly en die tradisionele nedersettings van die inheemse bevolkings het weinig afgewyk van die algemene patroon van geïsoleerde groepe hutte of krale versprei oor groot gebiede.

As gevolg van eksterne faktore en veral blanke invloed, het nuwe dorpe sedert koloniale bewind op die vasteland ontstaan. Daardie dorpe het in die meeste gevalle as setels vir administrasie en die handel ontstaan, en dit

het woonplek gebied primêr aan die blankes. Namate die inheemse bevolkings as gevolg van 'n verarmde platteland daarheen gemigreer het, is gesegregeerde woonbuurtes aan hulle toegewys.

Die primêre funksie van die inheemsgestigte dorpe van Nigerië is die voorsiening van huisvesting aan 'n boerende bevolking. Die agrariese en nie-stedelike karakter van daardie nedersettings bring mee dat dit as landboudorpe getipeer kan word. Ander beperkte funksies, soos administrasie (die ilu), handel (marke) en vervaardiging van huishoudelike verbruiksgoedere, kom daarop neer dat dit in werklikheid ekonomies selfonderhoudende agrariese nedersettings is.

Vanaf die koloniale tydperk is stedelike funksies in toenemende mate gekoppel aan die bestaande dorpe eerder as om nuwe dorpe te stig. Dit het die beplande en gebalanseerde ontwikkeling van dorpe gestrem (Lagos).

Die inboorlingwoonbuurtes van die nuwe dorpe of koloniale dorpe van Afrika (cités indigènes, lokasies, ens.) is funksioneel eintlik geen dorpe nie. Dit beskik oor geen of weinig stedelike funksies. Op sigself kan dit nie bestaan nie omdat dit bloot ekonomiese aanhangsels in die vorm van arbeidersbuurtes van die koloniale dorpe is.

Na die verkryging van onafhanklikheid het horisontale woonbuurtsegregasie, gebaseer op rasse-, etniese of kulturele verskille, plek gemaak vir vertikale woonbuurtskeiding op grond van klasseverskille.

Gedurende die koloniale bewindstydperk is die beheer van die dorpe gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid administratiewe stelsels toegepas met wisselende welslae. Op enkele uitsondering na (Franse gebiede) het dit die inheemse bevolkings onvoorbereid vir hulle toekomstige regeringstaak in die „nuwe" Afrika gelaat.

n Kenmerk van die Suid-Afrikaanse Bantoe is die feit dat hulle oor die algemeen in hulle tuisgebiede nie in groot en digte konsentrasies woon nie. Die vorm en wyse van nedersetting by die Bantoe verskil wesentlik van die van die blankes en toon eerder ooreenkoms met die ander inheemsgestigte Afrikadorpe. Terwyl die blankes hulle oor die land versprei het beide in n stedelike en plattelandse patroon, ken die Bantoe in sy tuisgebiede nie so n onderskeid nie. Almal is plattelanders wat slegs een basiese nedersettingspatroon ken.

n Interessante kenmerk van die Bantoenedersetting is die ordelike patroon van die kraal of stat. Elke hoofgroep van die Bantoe volg sy eie kenmerkende patroon wat basies van die ander groepe verskil. Dit is hoofsaaklik verwante in die vaderlinie wat dieselfde kraal of stat bewoon. Hierdie gebondenheid van die verwante gee dan ook vorm aan die uitleg van die kraal of stat.

Die Nguni se tradisionele vorm van nedersetting is die enkelgesinseenheid (kraal), terwyl die ander groepe, die Sotho en Bavenda, se vorm van nedersetting van verwante gesinseenhede tot stamkonsentrasies wissel. In hierdie opsig beklee die Tswana n unieke posisie aangesien tot hele stamme in een stat saamwoon. Dit is onder andere deur geografiese en kulturele omstandighede meegebring. Hierdie groot en digte nedersettings van die Tswana is egter nog geen dorpe in die moderne Westerse sin van die woord nie aangesien die tipiese stedelike funksies ontbreek.

Funksioneel en prinsipieel is daar nieteenstaande strukturele afwykings geen groot verskille tussen die nedersettings van die onderskeie hoofgroepe nie. Uit die beskrywing en analise van die verskillende Bantoenedersettings het dit duidelik geword dat elke nedersetting (kraal of stat) n duidelik waarneembare funksionele betekenis het.

Die mees algemene funksies wat deur daardie nedersettings uitgeoefen word, is weliswaar residensieel, beskermend, verdedigend, ekonomies, sosioreligieus en opvoedkundig asook administratief.

Maar die tradisionele Bantoenedersetting is primêr 'n oorwegend selfversorgende, agrariese nedersetting met 'n ongedifferensieerde sosio-ekonomiese bestaanswyse. Funksioneel is dit vergelykbaar met die 18e-eeuse plaasopstal wat as nedersettingsvorm onder die blankes bekend is.

Uit 'n administratiewe en beplanningsoogpunt is gevind dat dit nie wenslik sal wees om die enkele digte konsentrasies (Tswana) in moderne dorpe te probeer omvorm deur stedelike funksies daaraan te koppel nie.

Ná die blanke vestiging in Suid-Afrika het hier twee nedersettingspatrone ontplooi. In die eerste instansie het die ekonomies selfonderhoudende, blanke plaas-nedersetting ontwikkel waar die Bantoe slegs as arbeider ongeskoolde diens gelewer het en op feitlik tradisionele wyse in gesinsnedersettings gewoon het.

Ter wille van administratiewe desentralisasie, handels-oorwegings en kerklike omstandighede het dorpe dieper die binneland in ontstaan. Daardie dorpe was aanvanklik uitsluitlik die woonplek van die blankes en dus blank-beheerd.

Na die blanke gesagsvestiging oor die Bantoe het beperkte getalle Bantoes as ongeskoolde arbeiders na daardie dorpe getrek. Aanvanklik is hulle op die persele van hulle werkgewers gehuisves en namate hulle in getalle toegeneem het, het hulle afsonderlik van die blanke gewoonlik op dorpsgrond hulle huise gaan oprig.

Na die ontdekking van diamante en goud en meer bepaald na die vestiging van nywerhede, het groot getalle Bantoes in opvolging van werksgeleenthede na die blanke dorpe gemigreer.

In ooreenstemming met die tradisioneel geworde Bantoe-beleid van geskeidenheid, is afsonderlike woonbuurtes binne die geheel van die blanke gebiede aan die Bantoes toegewys. Die Bantoes is gereken as tydelike inwoners van die dorpe en hulle verblyf is geregverdig deur dienslewering.

Daardie beleidsaspek is statutêr vasgelê maar die praktyk het sodanig ontwikkel dat groot getalle Bantoes, ondanks die teorie van tydelikheid, domicilium in die regsgebied van die blanke, plaaslike owerheid verkry het. Hierdie praktyk het gelei tot residensiële parallelisme, ekonomiese afhanklikheid en juridies-administratiewe ondergeskiktheid.

Funksioneel is die Bantoe woonbuurtes geen wesentlike dorpe nie. Naas die voorsiening van huisvesting en beperkte handelsfunksies, word daar geen ander stedelike funksies uitgeoefen nie. Dit is oorwegend woonbuurtes wat nie selfstandig kan bestaan nie en dus net ekonomiese aanhangsels van die blanke dorpe is.

In daardie blanke dorpe het die Bantoe in ooreenstemming met die neergelegde beleid geen aandeel gehad in plaaslike bestuur nie. In die verlede is slegs adviserende bevoegdhede aan die Bantoe toegeken sover dit Bantoe-aangeleenthede in daardie woonbuurtes betref. Volgens die huidige reëling kan stedelike Bantoe-ingevoerde word en beklee word met groter uitvoerende magte ten opsigte van die Bantoe-inwoners. Indien daardie stelsel soos voorsien in die wetgewing, ten volle geïmplementeer word, behoort dit aan die stedelike Bantoe groter geleenthede te bied om ervaring van plaaslike bestuur

op te doen sonder dat dit die posisie en aard van die Bantoewoonbuurt wesentlik sal verander. Die opleiding van die inwoners in bestuurskundigheid is egter net 'n tydelike nuwe funksie.

Daardie ervaring kan eventueel in belang van die tuislanddorpe benut word. Daar is egter noodsaaklike voorvereistes wat nagekom sal moet word voordat diegene wat deur die leerskool van die blanke dorp gegaan het, hulle kennis en ervaring tot voordeel van die tuislanddorpe kan aanwend.

Die ontwikkeling van die Bantoegebiede, aanvanklik slegs beperk tot die rehabilitasie van die grond, het na die Tweede Wêreldoorlog vir die eerste keer die behoefte aan een of ander vorm van gekonsentreerde nedersettings vir die Bantoe laat ontstaan.

Drie sogenaamde Bantoe dorpe is tydens die bewind van die vorige regering gestig. Funksioneel was dit egter niks anders as Bantoewoonbuurtes of behuisingskemas van nabygeleë blanke ontwikkelingsgebiede nie. Die enigste afwyking van die algemene patroon is dat dit binne Bantoegebiede geleë was. Dit was egter nog afhanklik van 'n blanke „moederdorp" in die blanke gebied.

Sedert 1953 is die ontwikkeling van die Bantoegebiede as deel van die uitvoering van 'n definitiewe en omvangryke beleid gesien. Dorpstigting is sedertdien met groter erns aangepak.

Na die Tomlinsonondersoek het die stigting van Bantoe dorpe 'n ander betekenis gekry. Dit is nie slegs as 'n verligting van die landbougrond gesien nie, maar as 'n noodsaaklike vereiste vir 'n normale ewewigtige ontwikkeling van die Bantoemens en sy tuisgebiede in 'n gedifferensieerde sosio-ekonomiese struktuur.

Daarna het dorpsstigting verder momentum verkry en die hele projek is by die sosio-ekonomiese en staatkundige ontwikkeling van die tuislande ingeskakel.

In navolging van die aanbevelings van die Tomlinson-kommissie moet daardie dorpe funksionele betekenis hê en gebonde wees aan eie ekonomiese basisse, onafhanklik van blanke dorpe en stede.

Meer as n honderd dorpe is vir die verskillende tuislande beplan en verkeer tans in verskillende stadia van ontwikkeling. Die dorpsstigtingsprogram is egter deur inflasionêre druk en gepaardgaande geldelike besnoeiings gestrem.

Drie kategorieë dorpe word gestig, naamlik

- (a) grensnywerheidsdorpe,
- (b) dorpe wat Bantoewoonbuurtes van naby geleë blanke dorpe vervang, en
- (c) veraf geleë dorpe in die „hart" van die tuislande.

Daarbenewens word nog twee soorte landelike nedersettings beoog, naamlik

- (a) woongebiede vir kleinboere en
- (b) digter woongebiede vir grondlose Bantoes wat die reg verkry om vee aan te hou.

Laasgenoemde nedersettings het n oorwegend agrariese karakter, maar dit kan ontwikkel tot dorpe.

Dit word voorsien dat die verstedeliking van die tuislande eventueel soos volg sal verloop:

- (a) landelike dorpe wat uit die landbou-surplus bevolking sal groei maar wat nog vir n geruime tyd n oorwegend agrariese karakter sal openbaar,
- (b) grensnywerheidsdorpe wat in die tuislande geleë is en ekonomiese aanhangsels van die blanke gebiede sal bly, tensy nywerhede oor die grense verskuif kan word, om aan hulle n eie ekonomiese lewens- en groeikern te gee en
- (c) dorpe wat in die „hart" van die tuislande sal ontstaan maar eers wanneer groeipunte gevind en geëksploiteer is.

Tot dusver het die grensnywerheidsdorpe nog die grootste ontwikkeling getoon. Na n ontleding van daardie tipe dorpe is gevind dat dit funksioneel tot n sekere mate aan dorpsvereistes voldoen, maar dat dit wesentlik ekonomies nog afhanklik is van die naby geleë blanke grensnywerhede. Die ekonomiese basis en die groei-stimulante van daardie dorpe is nie in die tuislande self geleë nie, maar in die blanke ontwikkelingsgebied.

Verder is gevind dat daardie tipe dorpsontwikkeling, indien te veel daarop gekonsentreer word, n ongebalanseerde ontwikkeling van die tuislande ten gevolg sal hê. Dorpe, as ekonomiese aanhangsels van blanke grensnywerhede, ontstaan nou slegs op die grense van die tuislande ten koste van dorpsontwikkeling dieper die tuisland in. Dit is nie selfstandige dorpe in eie reg nie maar nog afhanklik van die ekonomiese groeipunt en kern in die blanke gebied.

Die afhanklikheid van werksgeleenthede buite die tuislande sal verminder moet word met gepaardgaande daarstelling van geleenthede binne die tuislande. Tot nog toe kon die grensnywerhede die inwoners van die dorpe van werk voorsien, maar nywerheidsontwikkeling in bepaalde gebiede kan die versadigingspunt bereik en indien addisionele werksgeleenthede nie geskep kan word nie, sal groot getalle Bantoes wat nou nog op skool is, moontlik tot 'n werklose proletariaat kan ontwikkel.

In een grensnywerheidsdorp wat beskryf is, is gevind dat daar 8245 leerlinge op skool is. Binne tien jaar sal daardie mense 'n arbeidsmark moet betree en die aangrensende blanke gebied sal dit nie kan voorsien nie.

Etnies heterogene dorpe soos Garankuwa lewer administratief probleme op. Voorlopig behoort 'n toename in daardie tipe dorpe nie plaas te vind nie en behoort die verdere interne uitbreiding van daardie dorpe beperk te word.

Verskillende dorpe wat reeds beplan en in sommige gevalle reeds begin ontwikkel is, is weer gedeproklameer of die verdere ontwikkeling gestaak. Alvorens dorpe gestig word, behoort ekonomiese basisse eers ontgin te word. Dit kan verder ook geen nadelige effekte oplewer indien die dorpstigtingsprogram eers op 'n meer konserwatiewe wyse aangepak word sodat gekonsentreer kan word op minder dorpe, maar dorpe wat lewensvatbaar is.

Die stigting van dorpe in die tuislande en die gepaardgaande verstedeliking van die Bantoe moet as 'n natuurlike en noodsaaklike proses in die Bantoe se ontwikkeling gesien word. Dorpe moet egter nie net gestig word bloot omdat die beleid dit vereis nie.

Dit moet eerder gestig word volgens die behoeftes van elke streek. Dan alleen sal dit funksionele kerns binne die tuislande word.

Een van die basiese vereistes vir 'n geslaagde verstedeliking van die tuislande is die daarstelling of ontginning van ekonomiese basisse en groeistimulante. Die dorp moet normaalweg om 'n ekonomiese groeikern ontstaan en nie omgekeerd nie (vgl. Kimberley, Johannesburg, Sasolburg, Phalaborwa, ens.). Deur die interne ontwikkeling van die tuislande kan daardie basisse geskep word. Die mees voor-die-hand-liggende en vinnigste metode lê in nywerheidsvestiging in die gebiede opgesluit.

Ten opsigte van die administrasie van die dorpe is gevind dat dit tot dusver nog blankbeheerd is. In die beginstadium is dit noodsaaklik aangesien die Bantoe nog nie oor die nodige ervaring beskik om dit self te doen nie.

Die huidige beheermaatreëls maak wel voorsiening vir deelname van die Bantoe aan die bestuur van die dorpe, maar op so 'n wyse dat daar nog vir geen dorp 'n bestuursraad ingestel is nie. In die tussentyd ontbeer die inwoners die geleentheid om bestuurservaring op te doen.

Die beheermaatreëls van die tuislanddrope behoort hersien te word sodat dit geleentheid kan bied aan die inwoners om deel te neem aan en ervaring op te doen van plaaslike bestuur op 'n wyse wat nie volksvreemd sal wees nie.

Die beheer van die tuislanddorpe behoort verband te hou met die breëre tuislandse administrasie. Verder is dit nie 'n vereiste dat dorpsadministrasie in die tuislande presies dieselfde as die van blanke dorpe moet wees nie. Derhalwe kan dit selfs met die erkende Bantoe-owerhede skakel, nie noodwendig deur daardie owerhede se jurisdiksie oor die dorpe uit te brei nie, maar deur daardie dorpsowerhede as gemeenskapsowerhede 'n progressiewe stem in die piramidale opbou van die tuislandse owerhede te gee. Op daardie wyse sal die Bantoe-owerhede ook 'n verantwoordelikheid vir 'n belangstelling in die dorpsstigtingsprojek toon.

Om die dorpsstigtingsbeleid en daarmee ook die ontwikkeling van die tuislande suksesvol te laat materialiseer, moet alle hindernisse, selfs in die blanke stedelike gebiede sover as moontlik uit die weg geruim word.

Waar die tendens vandag bestaan (en in een geval al geïmplementeer is) om stedelike Bantoeadministrasie op 'n streeksbasis te onderneem ter wille van groter doeltreffendheid en beter beheer, kan die moontlikheid ondersoek word om dorpsstigting in die tuislande ook op dieselfde wyse en deur dieselfde instansies op 'n streeksbasis te onderneem. Indien toepasbaar, sal diegene met grondige ervaring van Bantoedorpsstigting, verantwoordelik wees vir die stigting van tuislanddorpe.

'n Verdere saak wat moontlik 'n ondersoek regverdig, is die toepasbaarheid van die Israelse Moshav-stelsel op die Bantoetuislande. Daardie landbou-koöperatiewe stelsel wat met aansienlike sukses in verskillende Afrikagebiede toegepas word, sluit onder andere dorpsstigting in.

BIBLIOGRAFIE

- ANON. Dorf. (In Der Grosse Brockhaus, 1953,
3 : 326.)
- Stadt. (In Der Grosse Brockhaus, 1953,
11 : 151.)
- ASHTON, H. The Basuto, London, Oxford
University Press, 1955.
- BARBOUR, K.M.
PROTHERO, R.M. reds. Essays on African popu-
lation. London, Routledge, 1961.
- BARNES, H.E. Society in transition. New York,
Prentice-Hall, 1952.
- BARTH, H. Travels and discoveries in North
and Central Africa: being a journal of an
expedition undertaken under the auspices of
H.B.M.'s government in the Years 1849-1855.
London, Longmans, n.d. 5 dle.
- BECKER, P. Rule of fear; the life and times
of Dingane king of the Zulu, London, Long-
mans, 1964.
- BERGEL, E.E. Urban sociology. New York,
McGraw-Hill, 1955.
- BOS, A. red. De stad der toekoms — de toekomst
der stad. Rotterdam, Voorhoeve, 1946.
- BOTHA, M.C. Huidige en toekomstige tendense
in Bantoeadministrasie. Referaat, 11e jaar-
kongres, I.A.N.A., 1962.
- Ons stedelike Bantoebeleid teen
die agtergrond van ons landsbeleid. Tydskrif
vir Rasse-aangeleenthede, 15 : 12-21, 1964.
- BOUMAN, P.J. Algemene maatschappijleer.
Amsterdam, Paris, 1949.
- BREESE, G. Urbanization in newly developing
countries. Englewood Cliffs, Prentice-Hall,
1966
- BRUWER, J.P. van S. Die Bantoe van Suid-Afrika.
Johanneseburg, Afrikaanse Pers, 1963.
- Gevaartekens in hantering
van Bantoebeleid. Die S.A. Beeld, 3 Julie,
1966.

- BRYANT, A.T. The Zulu people, as they were before the white man came. Pietermaritzburg, Shuter + Shooter, 1967.
- COETZEE, A. Die Afrikaanse volkskultuur, inleiding tot die studie van volkskunde, Kaapstad, Balkema, 1960.
- COETZEE, J.H. Townsmen or tribesmen deur Philip Mayer, boekresensie. Tydskrif vir maatskaplike navorsing, 12 : 241-244, 1962.
-
- Moderne tendense in die ontwikkeling van die stedelike Bantoe in die Unie. Referaat, 6e jaarkongres, I.A.N.A., 1957.
- COERTZE, P.J. red. Inleiding tot die algemene volkekunde. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1965.
- COMHAIRE, J.L.L. Aspects of urban administration in tropical and Southern Africa. (Communications from the School of African Studies.) Kaapstad Universiteit, 1953.
- COOK, P.A.W. Social organisation and ceremonial institutions of the Bomvana. Kaapstad, Juta, 1931.
- DE CONING, C. Die stedelike Bantoeverbruiker. Referaat, 10e jaarkongres, I.A.N.A., 1961.
- DE COULANGES, Fustel N.D. The ancient city. New York, Doubleday, n.d.
- DE JAGER, E.J. Settlement types of the Nguni and Sotho tribes. Fort Hare, Univ. Press, 1964.
- DUGGAN - CRONIN, A.M. The Bantu tribes of South Africa, Cambridge, 1939, Vol 1, 2 + 3.
- DUTTON, E.A.T. The Basuto of Basutoland. London, Jonathan Cape, 1923.
- DUVENHAGE, J.P. Geografie en geotegniek; 'n vergelykende studie. D.Phil.- proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1964.
- EASTON, S.C. The twilight of European colonialism; A political analysis, London, Methuen, 1961.

- EGLI, E. Geschiede des Städtebaues. Stuttgart, Eugen Reutsch, 1959.
- EISELEN, W.W.M. Die ontwikkeling van die Bantoe-volkseenhede na selfstandigheid. (In Lombard, J.A. Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1967. p. 101-116.)
- FLOYD, T.B. Town planning in South Africa. Pietermaritzburg, Shuter & Shooter, 1960.
- FORTES, M.
EVANS - PRITCHARD, E.E. eds. African political systems. London, Oxford Univ. Press, 1963.
- GENIEWSKI, P. A solution for the problems of South Africa: Bantustans? Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, 12 : 149 - 60 1961.
- GLISSEN, J. Stad. (In Winkler Prins Ensiklopaedie, 1963, 17 : 23 - 25.)
- GIST, N.P.
FAVA, S.F. Urban society. New York, Crowell, 1964.
- GLUCKMAN, M. The kingdom of the Zulu of South Africa. (In Fortes M. + Evans-Pritchard, E.E. African political systems, London, Oxford University Press, 1963. p. 25 - 55).
- GREAT BRITAIN. Report East African Royal Commission, 1953-1955. London, H.M. Stationery Office, 1955.
- _____ Report to the General Assembly of the United Nations on the administration of Tanganyika, 1951. London H.M. Stationery Office, 1951.
- HAILEY, LORD. An African survey, London, Oxford Univ. Press, 1938.
- _____ An African survey, 1956 revised. London, Oxford Univ. Press, 1957.
- _____ Native Administration in the British African territories. London, H.M. Stationery Office, 1950. parts. 1-3.
- HAMMOND-TOOKE, W.D. Bhaca-society; a people of the Transkeian uplands, South Africa. Kaapstad, Oxford Univ. Press, 1962.

- HENNING, J.J. Die „Naturellen (Stadsgebieden) Wet," No. 21 van 1923. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1957
- HESSELTINE, N. Remaking Africa. London, Meuseum Press, 1961.
- HODGKIN, T. African political parties; an introductory guide. Middlesex, Pengium, 1961.
- HOLDEN, W.C. The past and future of the Kaffir races. Kaapstad, Struik, 1963.
- HOLFORD, W. The city and the farm. Johannesburg, S.A.B.C. publications n.d.
- HOMERUS. The Iliad; edited by W. Leaf and M.A. Bayfield. London, MacMillan, 1955.
- HOUGHTON, D.H. Land reform in the Bantu areas and its effects upon the urban labour market. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, 29 : 165 - 75, 1961.
- JACKSON, I.C. Advance in Africa; A study in community development in Eastern Nigeria. Middle East Publications, 1956?
- JOOSTE, C.J. Munisipale funksies en verantwoordelikheid ten opsigte van nie-blanke administrasie-aangeleenthede. Referaat 10e jaarkongres, I.A.N.A., 1961.
- KEUNING, H.J. Dorp. (In Winkler Prins Ensiklopaedie, 1963, 7 : 395 - 400.)
- KIMBLE, G.H.T. Tropical Africa. New York, Doubleday, 1962, 2 dle.
- KOTZE, C.H. Die huidige stelsel van beheer in die praktyk in stedelike gebiede. Referaat 14e jaarkongres, S.A.B.R.A., 1963.
- KREININ, M.E. Israel and Africa. A study in technical cooperation. New York, Praeger, 1964.
- KRIGE, E.J. The social system of the Zulus. Pietermaritzburg, Shuter + Shooter, 1962.
- KUPER, H. An African aristocracy; rank among the Swazi. London, Oxford Univ. Press, 1947.

- LABUSCHAGNE, J.M.T. Blanke bestuurstelsels
en hulle invloed op die tradisionele politieke
instellings in die Transkei. M.A.-verhandeling,
P.U. vir C.H.O., 1965.
- LANGUAGE, F.J. Stamregering by die Tlhaping.
Kaapstad, Nasionale Pers, 1943.
- LERNER, D. Comparative analysis of processes
of modernisation. (In Miner, H. The city
in modern Africa, London, Pall Mall, 1967.
p. 21-38.)
- LOMBARD, J.A. red. Die ekonomiese politiek
van Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1967.
- MARAIS, J.G. Gesondheidsaspekte by die beplan-
ning van dorpe in die Bantoetuislande.
Geneeskunde, 6 : 393-95, 1964.
- MARITZ, C.J. Bestuursontwikkeling van die
Tswana - stammegroep met besondere verwysing
na die skakeling tussen stad en tuisland.
M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965.
- MARWICK, B.A. The Swazi; An ethnographic account
of the natives of the Swaziland Protectorate.
Cambridge, University Press, 1940.
- MAYER, P. Townsman or tribesman. Kaapstad,
Oxford Univ. Press, 1961.
- MBATHA, M.B. Migrant labour and its effects
on tribal and family life among the Nyuswa
of Botha's Hill. M.A.-verhandeling, Univ.
Natal, 1961.
- MINER, H.ed. The city in modern Africa.
London, Pall Mall, 1967.
- MITCHELL, N.C. Yoruba towns. (In Barbour, K.M.
+ Prothero, R.M. red. Essays on African
population. London, Routledge. 1961.
p. 279-301.)
- MITCHELL, P.E. Sir. African afterthoughts.
London, Hutchinson, 1954.
- MONKHOUSE, F.J. A dictionary of geography.
London, Arnold, 1965.
- MUMFORD, L. The culture of cities. London,
Secker + Warburg, 1940.

- MUMFORD, L. The city in history. Its origins, its transformations, and its prospects. Middlesex, Penguin Books, 1961.
- MUNRO, W.B. City. (In Encyclopaedia of the social sciences, 3-4 F 474-482, 1948.)
- NEL, A.
- VAN ZYL, J.A. Stad en dorp. Stellenbosch, Univ. Uitgewers, 1962.
- NORVAL, A.J. Bantustans and country towns. Commercial Opinion, 40(484) : 26-27, 1963.
- OLIVER, R.
- FAGE, J.D. A short history of Africa. Middlesex, Penguin, 1962.
- ORAM, N. Towns in Africa. London, Univ. Press, 1965.
- PAGE, D. Die verstedeliking van die Bantoegebiede van Transvaal. D.Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van S.A., 1964.
- PELZER, A.N. Verwoerd aan die woord. Toesprake 1948-1962. Afrikaanse Pers, 1964.
- PEPLER, L.A. Bantoetuisland-ontwikkeling. Referaat, 15e jaarkongres, I.A.N.A. 1967.
- POTGIETER, E.F. Ekonomiese lewe en organisasie. (In Coertze, P.J. Inleiding tot die algemene volkekunde, Johannesburg, Voortrekkerpers, 1965. p. 70-91.)
- POTGIETER, F.J. Die vestiging van die blankes in Transvaal, (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. D. Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1955.
- PRELLER, G.S. Piet Retief; lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker; 10e uitgawe. Kaapstad, Nasionale Pers, 1920.
- ' PRICE, J.H. Political institutions of West Africa. London, Hutchinson, 1967.
- QUEEN, S.A.
- CARPENTER, D.B. The American city. New York, Mc Graw-Hill, 1953.

RANDALL, R.J. Economic growth and urban native policy in South Africa. M.Com.-verhandeling, Univ. van Natal, 1960.

RAUTENBACH, P.S. Die beleid van grensgebied-ontwikkeling (In Lombard, J.A. Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1967. p. 115-116.)

Secondary and tertiary development of the Bantu areas in South Africa. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, 12 : 22 - 35, 1960.

RIEKERT, P.J. Bantoeadministrasie in Potchefstroom. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1963.

Toepassing van volkekundige beginsels in stedelike Bantoeadministrasie. Referaat 14e jaarkongres, I.A.N.A., 1967.

Skakeling van die stedelike Bantoe met hul tuislande. Referaat S.A.B.R.A., 1965.

ROGERS, H. Native administration in the Union of South Africa. Pretoria, Government Printer, 1949.

ROSSOUW, P.D. Die stad as funksionele kern van die Bantoetuisland, met spesiale verwysing na die Hammanskraalgebied. M.Sc.-verhandeling, Univ. Pretoria, 1963.

SADIE, J.L. Ekonomiese beleid vir Bantoestans in herooring. Mercator, 29 - 35, 1968.

SCHAPERA, I. Native land tenure in the Bechuanaland Protectorate. (s.p.l.) Lovedale, 1943.

The political organisation of the Ngwato of Bechuanaland Protectorate. (In Fortes, M. + Evans-Pritchard, E.E. African political systems. London, Oxford, 1963. p. 56-82.)

The Tswana. London, International African Institute, 1953.

- SCHMIDT, J.J. Stamverbandenheid van 'n stedelike Bantoe gemeenskap; 'n ondersoek na die mate van ontstamming van die Bantoe bevolking binne die Munisiapliteit van Klerksdorp. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1965.
- SCHNEIDER, W. Babylon is everywhere. The city as man's fate. New York, McGraw-Hill, 1963.
- SCHOLTZ, G.D. Die ontstaan en wese van die Suid-Afrikaanse rassepatroon. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, 9:143-168, 1958.
- SCHÜLER, G.M.K. Die BaRolong van Thaba 'Nchu, O.V.S.; 'n studie van kultuurverandering. D.Phil.-proefskrif, Univ. Stellenbosch, 1965.
- SHEDDICK, V.G.L. The Southern Sotho. London, International Africa Institute, 1953.
- SJOBERG, G. The preindustrial city. Illinois, Free Press, 1960.
- SMITH, ANDREW. The diary of edited by P.R. Kirby. Cape Town, Van Riebeeck Society, 1939.
- SMITS, P.S. Kerk en stad. 's-Gravenhage, Boekencentrum, 1952.
- SPENGLER, J.J. Africa and the theory of optimum city size. (In Miner, H. The city in modern Africa. London, Pall Mall, 1967. p. 55-89.)
- STANDER, H. Die verhouding tussen die boere en Zoeloe tot die dood van Mpande in 1872. D.Phil.-proefskrif, Univ. Pretoria, 1963.
- STAYT, H.A. The Bavenda. London, Oxford Univ. Press, 1931.
- STEEL, R.W. The towns of tropical Africa. (In Barbour, K.M. + Prothero, R.M. Essays on African population, London, Routledge, 1961. p. 249-278.)
- SUID-AFRIKA, REPUBLIEK. Die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961.

SUID-AFRIKA,
REPUBLIEK.
1964.

Die Wysigingswet op Bantoewetgewing,

Modelregulasies vir Stedelike Bantoe-
rade, 1961. opgestel deur Departement Bantoe-
administrasie en -ontwikkeling.

Proklamasie R293, 1962, Buitengewone
Staatskoerant, No. 373/1962.

Vyfjaarplan vir die ontwikkeling van
die Bantoegebiede, Deel II, 1962.

Verslag van die Naturellesakekom-
missie, 1961, U.G. 72/1962.

Proklamasie R50, 1963.

Statistiese Jaarboek, 1962,
A - 12.

Gekonsolideerde vaste omsendbrief-
voorskrifte, Bantoedorpe, 1966.

DIE TRANSVALER, 16 September 1968,
13 November, 1968.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. De Naturellen (Stads-
gebieden) Wet, 1923.

Die Naturelleadminie-
trasie Wet, 1927.

Die Naturelletrust
en -grond Wet, 1936.

Die Wet tot wysiging van
die Wette op Naturelle, 1937.

Die Naturelle (Stads-
gebiede) Konsolidasiewet, 1945.

Die Bantoe (Stadsge-
biede) Konsolidasiewet, 1945, met regula-
sies.

Die Wet op die Bevor-
dering van Bantoeselfbestuur, 1959.

Die Wet tot wysiging
van die Wette op Naturelle, 1949.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Die Grondwet van die
Republiek van Suid-Afrika, 1961.

Affairs Department for the years 1919 to 1921,
U.G. 34, 1922.

No. 672, 1924.

Verslag van die Ekono-
miese Naturellekommissie, 1930-1932,
U.G. 22, 1932.

Verslag van die Natu-
rellesakekommissie vir die jaar 1936,
U.G. 48/37.

Verslag van die Departe-
ment Naturellesake, 1945-1947.

Verslag van die Departe-
ment Naturellesake, 1947-1948.

Buitengewone Staatskoerant
No. 4791, 22 Februarie 1952.

Bantoe, Augustus 1954.

Verslag van die Kommissie
vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die
Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika,
Vol. 1 en 14.

Samevatting van die
verslag van die Kommissie vir die sosio-
ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede
binne die Unie van Suid-Afrika, U.G. 61/1955.

Besluite deur die regering
oor die aanbevelings van die Kommissie vir die
sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoe-
gebiede binne die Unie van Suid-Afrika,
W.P.F. — '56.

Memorandum ter verdui-
deliking van die agtergrond en doelstellings
van die Wetsontwerp op die Bevordering van
Bantoeselfbestuur, 1959, W.P. 3 — '59.

UNIVERSITY OF
EDINBURGH.

Urbanization in African social
change. Inaugural seminar, Centre of African
Studies, 1963.

VAN AS, B.S. Enkele beskouings oor die Naturelle-
beleid van genl. J.B.M. Hertzog (In S.A. Aka-
demie vir wetenskap en kuns Gedenkboek
Generaal J.B.M. Hertzog, p. 176 - 218.)

Moontlike alternatiewe vir Advise-
rende Naturelle-komitees. Referaat 7e jaar-
kongres, I.A.N.A., 1958.

VAN BILJON, P. Grensbakens tussen blank en
swart in Suid-Afrika. Kaapstad, Juta, 1947.

VAN DEN HEEVER, C.M. Generaal J.B.M. Hertzog,
Johannesburg, A.P.B., 1943.

VAN DER WALT, A.J.H.

WILD, J.A.

GEYER, A.L. reds. Geskiedenis van Suid-
Afrika. Kaapstad, Nasionale Boekhandel,
1955. dl. 2.

VAN DEURSEN, A. Memfis. (In Christelike
Encyclopedie, 1959, 4 : 645.)

VAN GASS, L.K. n Kritiese ondersoek van die
vestiging, ligging en vorm van die Bantoe-
Garankuwa. Skripsie, Dipl. Stads- en Streeks-
beplanning, Univ. Pretoria, 1966.

VAN HINTE, E. Stad en land. Amsterdam, Wêreld-
bibliotheek, 1946.

VAN RENSBURG, P.F.S.J. Die uitskakeling van
Bantoe-arbeid in stadsgebiede. Referaat 14e
jaarkongres S.A.B.R.A., 1963.

VAN SCHALKWYK, A. Die ontwikkeling van die Bantoe-
huwelikstelsel onder invloed van industriali-
sasie. D.Phil.-proefskrif, Univ. Pretoria,
1936.

VAN ZYL, H.J. n Volkekundige studie van die eko-
nomiese lewe en posisie van die Bakgatla
Bagamosêtlha. D. Phil.-proefskrif, Univ.
Pretoria, 1952.

VERWOERD, H.F. Stedelike plaaslike owerhede en
die staat. Pretoria, Departement Naturelle-
sake, 1957.

WALTON, J. African village. Pretoria, Van
Schaik, 1956.

DORPE IN AFRIKA (SUIDELIKE AFRIKA UITGESLUIT)

Jaar	Staat	Dorp/stad	Inwoners
1962-63	Nigerië	Lagos	450,000
		Kaduna	51,000
		Ibadan	600,000
		Enugu	63,000
		Port Harcourt	72,000
		Abeokuta	84,000
		Aba	58,000
		Ife	111,000
		Ilesha	72,000
		Iwo	100,000
		Kano	130,000
		Katsina	53,000
		Ogboinosho	140,000
		Onitsha	77,000
		Oshogbo	123,000
		Oyo	72,000
		Sokoto	48,000
		Yerwa	57,000
		Zario	54,000
		Benin	54,000


Jaar	Staat	Dorp/stad	Inwoners
1960	Ghana	Accra Kumasi Takoradi Cape Coast Tamale Sekondi Koforidua Obuasi Nsawam Oda	338,000 190,000 41,000 41,000 40,000 35,000 28,000 23,000 20,000 20,000
1963 1961	Sierra Leone " "	Freetown Bo Makeni Segbwema	128,000 30,000 10,000 5,000
1962-63	Gambia	Bathurst	27,809
1962-63	Kameroen	Doula Yaoundé Nkongsamba Tiko	124,400 58,100 31,991 26,600
1962-63	Mali	Bamako Kayes Segou	120,000 28,500 19,400
1962-63	Togo	Lomé	66,800


Jaar	Staat	Dorp/stad	Inwoners
1962-63	Soedan	Khartoum	117,685
		El Obeid	56,970
		Wad Medani	53,677
		Kassala	44,182
		El Fasher	28,462
1962-63	Rwanda	Kigali	5,000
1962-63	Ivoorkus	Abidjan	180,000
		Bouaké	70,000
1962-63	Bo-Volta	Ouagadougou	52,000
1962-63	Dahomey	Porto Novo	31,500
		Cotonou	54,100
		Abomey	18,900
		Ouidah	14,000
1962-63	Mauritanië	Kaedi	8,500
		Atar	4,200
1962-63	Niger	Niamey	30,000
1962-63	Senegal	Dakar	366,600
		Rufisque	48,300
		Saint-Louis	47,900
		Kaolack	46,800

Jaar	Staat	Dorp/stad	Inwoners
1962-63	Gaboen	Libreville	31,000
1962-63	Kongo (Brazzaville)	Brazzaville	133,700
1962-63	Sentraal Afrikaanse Republiek	Bangui	79,500
1962-63	Ethiopië	Addis Ababa Asmara	450,000 120,000
1959	Uganda	Entebbe Kampala Jinja Mbale	22,679 9,913 5,136
1957	Tanzanië	Dar-es-Salaam Tanga Mwanza Tabora Zanzibar Chake Chake	128,742 38,053 19,877 15,361 57,923 7,167
1959-60	Kenia	Nairobi Mombasa	

Hierdie gegewens is hoofsaaklik saamgestel uit

- (a) The Statesman's Year Book, en
- (b) The Commonwealth Year Book.





BEVOLKING: BANTOES - VOLGENS GEBIEDE (1960)

Provinsie en gebied	Vk. myl	1960	Digtheid per vk. myl
Suid-Afrika	471,445	10,927,922	23
Kaap Totaal	278,380	3,011,080	11
Transkei	16,675	1,407,815	84
Ciskei	4,662	424,418	91
Res van Kaap Provinsie	257,043	1,178,847	8
Natal Totaal	33,578	2,199,578	66
Zoeloeland	10,375	550,195	53
Res van Natal	23,203	1,649,383	71
Transvaal Totaal	109,621	4,633,378	42
Witwatersrand	1,044	1,296,486	1,242
Res van Transvaal	108,577	3,336,892	31
O.V.S Totaal	49,866	1,083,886	22
Goudvelde	45	121,677	2,704
Res van O.V.S.	49,821	962,209	19

(Gegewens verkry uit: Statistiese Jaarboek, 1964,
Tabelle A 10 en A 11.)

BEVOEGDHEDE, FUNKSIES EN PLIGTE : STEDELIKE BANTOERAAD :
WELKOM

<u>Artikel</u>	<u>Bevoegdhede, ens.</u>	<u>Voorwaardes</u>
4(2)(A)(1)	Die Stedelike Bantoe- raad moet kommentaar lewer en aanbevelings maak aan die Stedelike Plaaslike Bestuur oor die aanlegplan van n Bantoewoongebied en enige wysigings daar- van.	(A) Die Minister kan die opdrag te eniger tyd sonder opgaaf van redes, intrek, wysig of aanvul. (B) By die uitvoering van die opdrag moet die Stedelike Bantoeraad optree in ooreenstemming met enige toepaslike beplanning of beleidsbepalings
4(2)(A)(v)	C. Die Stedelike Bantoeraad moet aan- soeke vir die gebruik van die gemeenskapsaal oorweeg en by die Stedelike Plaaslike Bestuur aanbevelings maak vir finale oor- weging en beslissing.	(A) Die Minister kan die opdrag te eniger tyd sonder opgaaf van redes, intrek, wysig, of aanvul. (B) n Komitee of Bantoe aan wie die opdrag gedelegeer is moet besonderhede van die aansoeke en aanbeveling by die eersvolgende ver- gadering ter tafel lê. (C) Die uitvoering van die opdrag moet nie bots met enige toe- paslike wet of regulasies nie.

ArtikelBevoegdhede, ens.Voorwaardes

4(2)(A)(v)
vervolg

E. Die Stedelike Bantoeraad is verantwoordelik vir die uitvoering van die pligte, funksies en bevoegdhede van die Stedelike Plaaslike Bestuur ten opsigte van die volgende aangeleenthede:

(a) Die ontwikkeling van oop ruimtes;

(A) Die Minister kan die opdrag te eniger tyd sonder opgaaf van redes, intrek, wysig of aanvul.

(B) By die uitvoering van die opdrag is die Raad gebonde aan tegniese verslae en beplanning.

4(2)(A)(vi)

(A) Die Stedelike Bantoeraad moet die huisvesting wat benodig word en die tipe wonings wat verlang word oorweeg en aanbevelings daarvoor aan die Stedelike Plaaslike Bestuur voorsien.

(A) Die Minister kan die opdrag te eniger tyd sonder opgaaf van redes, intrek, wysig of aanvul;

(B) By die uitvoering van die opdrag moet die bepalinge ten opsigte van die minimum standaard van akkommodasie gehandhaaf word, en

(B) Die Stedelike Bantoeraad moet toesien dat geboue gebruik word vir die doel waarvoor hulle opgerig is en moet enige wangebruik aan die Plaaslike bestuur rapporteer.

(C) Alle beleids- en wetlike bepalinge en regulasies van toepassing op die sloping en verwydering van die geboue moet nagekom word.

(C) Die Stedelike Bantoeraad mag die sloping en verwydering van ongemagtigde of verlate geboue oorweeg en hulle kommentaar en aanbevelings daarvoor aan die Plaaslike Bestuur voorsien.

ArtikelBevoegdhede, ens.Voorwaardes

4(2)(A)(vii)

A. Die Stedelike Bantoeraad moet persone in die Bantoe-woongebied toeken vir kerkdoeleindes.

(A) Die Minister kan die opdrag te eniger tyd en sonder opgaaf van redes, intrek, wysig of aanvul.

(B) Dat geen aansoek oorweeg word nie tensy dit skriftelik by die amptenaar gelisensieer ingevolge artikel 22(1) van Wet No. 25 van 1945 ingedien is nie met besonderhede soos verlang en wat onder andere aandui:

(i) Die kerk se konfessie of beleidenis en konstitusie of stigtingsakte;

(ii) Die status en aansien van die kerk en tot watter mate dit gevestig is in die gemeenskap waar die terrein verlang word;

(iii) Die plaaslike aantal lidmate van die betrokke kerk wat deur die kerk op die terrein bedien sal word;

(iv) Die geriewe waaroor die kerkgenootskap beskik vir die opleiding van sy leraars;

(v) Die onderwyskwalifikasies en teologiese opleiding van die leraar of evangelis wat in beheer van die terrein sal wees;

(vi) Die kerk se verbintenis met ander liggame, indien enige;

<u>Artikel</u>	<u>Bevoegdhede, ens.</u>	<u>Voorwaardes</u>
4(2)(A)(vii) vervolg		(vii) Of dit die geestelike welsyn en belange van die Bantoes sal verander; (viii) Die finansiële of latente finansiële vermoë van die kerkgenootskap om n gepaste gebou op te rig; en (ix) Die beskikbaarheid van kerkterreine. (C) Dat die applikant homself bereid verklaar om die gebou te okkupeer ingevolge die bepalinge van n vergunning tot okkupasie wat deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling goedgekeur is. (D) Dat geen perseel okkupeer mag word alvorens goedkeuring deur die Minister ingevolge artikel 42(F) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No.25 van 1945) verkry is nie.
4(2)(A)(x)	(A) Die Stedelike Bantoeraad moet die Plaaslike Bestuur voorsien van hulle kommentaar en aanbevelinge oor die voorsiening van sanitêre, gesondheids- en mediese dienste vir <u>bona fide</u> inwoners van die Bantoewoongebied.	(A) Die Minister kan die opdragte te eniger tyd sonder opgaaf van redes, intrek, wysig of aanvul.

ArtikelBevoegdhede, ens.Voorwaardes

4(2)(A)(xi)

Die Raad is verantwoordelik vir die beplanning en administrasie van -

(a) Versorging van die individu byvoorbeeld oues van dae, liggaamlik en geestelik gestremdes, behoeftiges ens.

(b) Gesinsorg, byvoorbeeld huweliksprobleme, sedelike gedrag, buiteregtelike verhoudings, kindersorg, jeugversorgings, bewaarskole, ens. en

(c) Gemeenskapsorganisasie, byvoorbeeld gemeenskapsentrums sportgronde en fasiliteite ens.

of enige onderdeel van daardie funksies soos bepaal deur die Minister.

(A) Die bevoegdhede wat aan die Raad opgedra is kan te eniger tyd deur die Minister ingetrek, gewysig of uitgebrei word.

(B) Die Raad aanvaar verantwoordelikheid vir alle uitgawes wat lewering van hierdie dienste, wat andersins deur die Plaaslike Blanke Owerheid aanvaar sou word en is verantwoordelik dat uitgawes nie te eniger tyd die bedrag van beskikbare fondse en bronne van inkomste oorskry nie. Die nodige fondse word voorsien uit die Naturelle-inkomsterekening en sodanige ander bronne wat deur die Minister goedgekeur word.

(C) Vir die uitoefening van sy funksies maak die Raad gebruik van die dienste van geskik-gekwalifiseerde Bantoe personeel wat deur hom onderhouwig aan goedkeuring deur die Plaaslike Bestuur in diens geneem word, asook van sodanige Blanke personeel wat deur die Stedelike Plaaslike Bestuur tot sy beskikking gestel word vir die uitoefening

Artikel

Bevoegdhede, ens.

Voorwaardes

4(2)(A)(xi)
vervolg

- (C) vervolg
van funksies waar-
voor geskik-gekwa-
lifiseerde Bantoe-
personeel nie ver-
kry kan word nie met
dien verstande dat
waar die Raad vol-
ledige beheer uit-
oefen oor sy Bantoe-
personeel, die blan-
kepersoneel onder
toesig en beheer
staan van die Ste-
delike Plaaslike
Bestuur.
- (D) Die personeel ver-
bonde aan die uit-
voering van die
funksies staan onder
die gespesialiseer-
de toesig en leiding
van die Plaaslike
Bestuur.
- (E) Die personeel en
administrasie vorm
vir administrasie-
doeleindes 'n
integrale deel van
die stedelike Plaas-
like Bestuur.

URBAN BANTU COUNCIL: THABONG, WELKOM

STANDING ORDERS

1. Ward Committees:

That each ward be divided into not more than ten blocks from each of which one male registered tenant shall be appointed, by the elected member of the ward, to represent the residents of that block on a ward committee, the Chairman of which shall be the elected member of that ward.

2. Standing Committees

That the Council be divided into the following six standing committees:

- (a) Sport and Entertainment Committee,
- (b) Social Welfare Committee,
- (c) Public Works Committee,
- (d) Transport and Licences Committee,
- (e) General Purposes Committee,
- (f) Committee of Chairmen.

3. Constitution and Functions of Standing Committees:

That the constitution and functions of each of the Committees shall be:

A. Sport and Entertainment Committee

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties

and functions of the Sport and Entertainment Committee shall be to deal with the following matters:

- (a) Social Centre,
- (b) Crèche,
- (c) Sport facilities,
- (d) Swimming bath,
- (e) Children's Play Grounds,
- (f) Cultural activities i.e. tribal dancing, home craft, etc.

B. Social Welfare Committee:

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties and functions of the Social Welfare Committee shall be to deal with the following matters:

- (a) Family Welfare,
- (b) Child Welfare,
- (c) Mental Health,
- (d) Blood Transfusion,
- (e) Cripple Care,
- (f) Clinics and health matters,
- (g) Charitable organisations.

C. Public Works Committee:

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties and functions of the Public Works Committee shall be to deal with the following matters:

- (a) Road Construction,
- (b) Construction of Houses,
- (c) Electricity,
- (d) Sanitation

- (e) Parks,
- (f) Water reticulation,
- (g) Cemeteries,
- (h) General Maintenance,
- (i) Any matters of a works nature,
- (j) Schools.

D. Transport and Licences Committee:

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties and functions of the Transport and Licences Committee shall be to deal with the following matters:

- (a) Buses,
- (b) Taxis,
- (c) Trading Licences,
- (d) Trading Sites,
- (e) Dog Licences,
- (f) Stop Streets and Traffic,
- (g) All matters dealing with trading, licences and transport generally.

E. General Purposes Committee:

To be constituted by all members of the Council. That this Committee be considered as the Policy and Finance Committee. That the Chairman of the Council be accepted as Chairman of the General Purposes Committee. That the Vice Chairman preside at any meeting of the Council, in the absence of the Chairman of the Council.

The functions of the General Purposes Committee shall include, inter alia, all matters connected with:

- (a) Regulations and By-Laws,
- (b) Administration generally,
- (c) Police,
- (d) Staff,
- (e) Wages,
- (f) Labour and Employment,
- (g) Hostels,
- (h) Allocation of Houses,
- (i) Liquor,
- (j) Policy,
- (k) Disputes,
- (l) Finance,
- (m) Matters referred to it by the other standing committees.

F. Committee of Chairmen:

To be constituted by the Chairman and Vice Chairman of the Council, and the Chairmen of all the standing committees. The duties and functions of the Committee of Chairmen shall be:

In terms of Section four (2)(f) of the Urban Bantu Council Act No. 79 of 1961 the Committee shall carry out any executive powers expressly delegated to it by the Council and shall be empowered in cases of urgency to deal with any matter falling under the purview of any other standing committee;

Provided that any action taken in respect of such matter shall be reported to the next meeting of the respective standing committee for confirmation of the action taken.

4. Chairman and Deputy Chairman:

In terms of Regulation 25 of the regulations published in Administrator's Notice No. 173 dated 27th September, 1963, a special meeting of the Council shall be held within fourteen days after every general election and annually thereafter during the first fourteen days of the month of October and at every such meeting the members present shall elect one of their number to be Chairman and one member to be Deputy Chairman.

The Chairman shall be an ex-officio member of all standing committees, in addition to the members as laid down in the standing orders.

5. Quorum of Standing Committees:

That the quorum of the standing committees except General Purposes Committee shall be two members present including the Chairman of the committee concerned.

That the quorum of the General Purposes Committee shall be any number of members exceeding one half of the total number of duly elected and selected members comprising the Council.

6. Composition of Standing Committees and Procedure:

That the following procedure in respect of the standing committees be adopted:

- (a) Each Councillor must be elected to at least two committees.

- (b) Councillors who do not belong to a particular standing committee may attend a meeting of that standing committee, take part in discussions thereat; but shall have no vote.
- (c) Reports, Resolutions, of standing committees must be submitted for discussion, approval and amendment to the General Purposes Committee. The approved or amended reports of resolutions shall be reproduced in the report of the General Purposes Committee prior to their submission to the Urban Bantu Council.
- (d) Resolutions finally passed by the General Purposes Committee will be submitted to the monthly Council meeting for adoption. Resolutions so adopted shall be reproduced in the minutes of the Urban Bantu Council.
- (e) Only the reports of the General Purposes Committee shall be submitted for adoption at the monthly meeting of the Urban Bantu Council.

Any member or ex-officio member of the Urban Bantu Council may speak on any resolution or report submitted by the General Purposes Committee.

- (f) No member of the Council shall speak on any subject, under discussion, at a regular monthly meeting on more than one occasion except at the request or permission of the Chairman or the Director.
- (g) All Committees of the Urban Bantu Council may have as many meetings as the Chairman of various committees or the Director may find it necessary, and further no member of the Council shall speak on any subject on the agenda of the monthly meeting if such member had been absent from the Committee meeting at

which the agenda was approved.

- (h) No member of the Council may speak on any one item for longer than five minutes without the approval of the Chairman or the Director.

7. Attendance at Meetings:

- (a) That any member of the Council who fails to attend a duly convened meeting of a Committee of which he is a member, or, of the General Purposes Committee, or, of the Council, without leave of absence being granted to him, shall forfeit 10% of his monthly allowance per meeting.
- (b) That any member arriving at a duly convened meeting of the Council or its committees of which he is a member, later than 15 (fifteen) minutes after the appointed time for the commencement of such a meeting, and whose excuse for being late is not acceptable to that committee, shall be considered as having been absent without leave of absence being granted to him, and shall forfeit 10% of his monthly allowance per meeting.
- (c) That any Chairman of any standing committee failing to attend three consecutive meetings of his committee without applying for leave of absence, or whose application for leave of absence was not granted shall be deemed to have vacated his position as Chairman, and the Chairmanship of that Committee shall become vacant.
- (d) That upon a vacancy occurring in terms of (c) above, the Committee concerned shall be as soon as possible elect another Chairman; the former Chairman retaining his membership on the Committee.

BYLAE G

LYS VAN BANTOEDORPE

JULIE 1968

(Gegewens van Departement Bantoeadministrasie
en -ontwikkeling)

(Nommers van dorpe verwys na geografiese lokaliteit,
sien Bylae H)

GEBIED: NOORDELIK
 HBSK. PIETERSBURG

Distrik	No.	Naam	Groep
Baberton	1	Kaapmuiden	Swazi
Bochum	2	Königgratz (Dendron)	N. Sotho
Bosbokrand	3	Thulamahashe	Shangaan
	4	London	N. Sotho
	5	Belfast	Shangaan
	6	Arthurseat	N. Sotho
	7	Nsikazi	Swazi
	8	Gottenburg	Tsonga
Duiwelskloof	9	Ga-Kgapane	N. Sotho
	10	Bendstore	Tsonga
Groblersdal	11	Motetema (Varschwater)	N. Sotho
	12	Leeuwfontein	N. Sotho
	13	Elandsdoring	N. Sotho

GEBIED: NOORDELIK
HBSK. PIETERSBURG (Vervolg)

Distrik	No.	Naam	Groep
Louis Trichardt	14	Tshaumurondwe	Venda
Nebo	15	Hlogotlou	N. Sotho
Nelspruit (BSK. Bosbokrand)	16	Nyamazane	
Pelgrimsrus	17	Dientjie	N. Sotho
Phalaborwa	18	Namakgale	N. Sotho
Pietersburg	19	Mankweng	N. Sotho
	20	Molletsi	N. Sotho
	21	Sebayeng	N. Sotho
	22	Maclean	N. Sotho
Potgietersrus	23	Mahwelereng	N. Sotho
	24	Zebediela land- goed	N. Sotho
Sibasa	25	Makwarela (Mphaphuli)	Venda
	26	Shayandima	Venda
	27	Mhinga	Tsonga
Soekmekaar	28	Senwamokgope	N. Sotho
Tzaneen	29	Nkowakowa	Shangaan
	30	Morathong (The Oaks)	N. Sotho
	31	Lenyeenyee	N. Sotho
	32	Lorraine	N. Sotho
	33	Moetladimo	N. Sotho
	34	Letsitele	N. Sotho
Witrivier	35	Kabakweni (Ngodini)	Swazi

GEBIED: PRETORIA
 HBSK. PRETORIA

Distrik	No.	Naam	Groep
Pretoria	36	Ga-Rankuwa	Tswana
	37	Mabopane (Boekenhoutfontein)	Tswana

GEBIED: NATAL
 HBSK. PIETERMARITZBURG

Alfred	38	Harding	Zoeloe
Babanango	39	Mpungamhlope	Zoeloe
Bergville	40	(The Lake) (The Wedge)	Zoeloe
Dannhauser	41	Annandale	
Dundee	42	Zandbult	
	43	Flint-(Blaawbank)	
Empangeni	44	Ngwelezana	Zoeloe
	45	Nseleni	Zoeloe
Eshowe	46	Sundumbili (Mandeni)	Zoeloe
	47	Gesinsila	Zoeloe
	48	Reservaat 21 (Amatikulu)	Zoeloe
	49	(1186/4 is nou Qatimpi Biyela Tribal area Melmoth)	
Estcourt	50	Loch Sloy	Zoeloe
Hlabisa	51	Mtubatuba	Zoeloe
	52	Hluhluwe	Zoeloe
Howick	53	Montrose	Zoeloe

GEBIED: NATAL
HBSK. PIETERMARITZBURG (Vervolg)

Distrik	No.	Naam	Groep
Ingwavuma	54	Josini	Zoeloe
Oxope	55	Platt Estates	Zoeloe
Kranskop	56	Kranskopkloof	Zoeloe
Ladysmith	57	Vulandondo	Zoeloe
	58	Oliphantskop	Zoeloe
	59	Brankfontein (Pieterstasie)	Zoeloe
Mahlabatini	60	Ngome (Butelezi- gebied)	
Mapumule	61	Mthandeni	
Melmoth	62	Nkwaleni	Zoeloe
	63	Qatimpi Biyela Tribal Area	
Mtunsini	64	Ngeya	Zoeloe
	65	Reservaat No. 10 (Port Durnfort)	
	66	Reservaat No. 10 (Richardsbaai)	
Newcastle	67	Madadeni	Zoeloe
	68	Osizweni (Mountainview)	Zoeloe
New Hanover	69	Appelbosch	Zoeloe
Ndwedwe	70	Ndwedwe	Zoeloe
	71	Mona-gebied	

GEBIED: NATAL
HBSK. PIETERMARITZBURG (Vervolg)

Distrik	No.	Naam	Groep
Nqutu	72	Nondweni	
	73	Mondle	
Paulpietersburg	74	Blinkwater	Zoeloe
Piet Retief	75	Ncotshane	Nguni
Port Shepstone	76	Port Shepstone	Zoeloe
Richmond	77	Ndalení	Zoeloe
Stanger	78	Aldenville	Zoeloe
	79	Bulwer	Zoeloe
Umzinto	80	Umzinto	Zoeloe
		Park Rynie	Zoeloe
		Scottburgh	Zoeloe
		Turton Halt	Zoeloe
		Umzinto Lokasie No. 3	Zoeloe
Utrecht			Zoeloe
Weenen			Zoeloe

GEBIED: PORT NATAL
HBSK. DURBAN

Camperdown	81	Rietvallei (Cato Ridge)	Zoeloe
	82	Mpumalanga (Hammarsdale)	Zoeloe

GEBIED: PORT NATAL

HBSK. DURBAN (Vervolg)

Distrik	No.	Naam	Groep
Pinetown	83	Clermont	Zoeloe
	84	Salem	Zoeloe
	85	Dassenhoek	Zoeloe
Tongaat			Zoeloe
Umbumbulu	86	Magabeni	Zoeloe
	87	Kwa-Makuta	Zoeloe
	88	Umlazi	Zoeloe
Verulam	89	Ntuzuma (Dalmeny)	Zoeloe

GEBIED: WESTELIKE

HBSK. POTCHEFSTROOM

Brits	90	Elandfontein	Tswana
Hammanskraal	91	Temba	Tswana
		Leboneng	Tswana
Kuruman	92	Mothibistat	Tswana
	93	White Rocks	Tswana
	94	Coretsi	Tswana
Lichtenburg	95	Itsoseng	Tswana
Mafeking	96	Montshiwa	Tswana
Rustenburg	97	Thlabane	Tswana
	98	Monnakato (Rietspruit)	Tswana
	99	Morsgat	

GEBIED: WESTELIKE
HBSK. POTCHEFSTROOM (Vervolg)

Distrik	No.	Naam	Groep
Taung	100	Pampierstad	Tswana
	101	Magogong	Tswana
	102	Taungstat	Tswana
Zeerust	103	Welbedacht	Tswana

GEBIED: ORANJE-VRYSTAAT
HBSK. BLOEMFONTEIN

Harrismith	104	Phuthaditjhaba (Witzieshoek)	S. Sotho
Thaba 'Nchu	105	Selosesha	Tswana

GEBIED: TRANSKEI
HBSK. UMTATA

Matatiele	106	Matatiele	Xhosa
Mount Currie	107	Kokstad	Xhosa
Port St. Johns	108	Port St. Johns	Xhosa
Umzimkulu	109	Embetjuleni	Xhosa
		Hlambamabaga	Xhosa
	110	Bisi	Xhosa


GEBIED: CISKEI
HBSK. KING WILLIAM'S TOWN

Alice	111	Kayaletu	Xhosa
	112	Munro's Farm	Xhosa
Herschel	113	Orange Fountain	Xhosa

GEBIED: CISKEI

HBSK. KING WILLIAM'S TOWN (Vervolg)

Distrik	No.	Naam	Groep
Indwe	114	Indwe	Khosa
King William's Town	115	Mnxesha	Khosa
	116	Plaas 135	Khosa
	117	Zwelitsha	Khosa
	118	Gulu Pineries	Khosa
Lady Frere	119	Inlinge	Khosa
Lady Grey	120	Lady Grey	Khosa
Oos-Londen	121	Mdantsane	Khosa
	122	Soto	Khosa
	123	Xama	Khosa
Queenstown			
Whittlesea	124	Sada	Khosa
		(Shiloh)	Khosa
	125	Lesseyton	Khosa



VERKOOPPRYSE, HUURGELDE EN AFLOSSING VAN HUISE OPPERIG DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOE-
TRUST OP PERSELE VIR WOONDOELEINDES, UITGESONDERD DIE BEDRAE VOORGESKRYF IN BYLAES A EN C

Tipe huis	Verkoopprys, uitge- sonderd prys van perseel	Maandelikse huurgeld of Aflossing	
		Huurgeld	Aflossing
N.E. 51/6-tweevertrekhuis met sement- vloer slegs in kombuis	R 345	R 1.80	R 1.37
N.E. 51/6-tweevertrekhuis met sement- vloere in albei vertrekke	355	1.85	1.41
N.E. 51/6-viervertrekhuis met sement- vloer slegs in kombuis	450	2.36	1.78
N.E. 51/6-viervertrekhuis met sement- vloere in alle vertrekke	470	2.45	1.86
N.E. 51/9-vyfvertrekhuis met sement- vloer slegs in kombuis	500	2.61	1.98
N.E. 51/9-vyfvertrekhuis met sement- vloere in alle vertrekke	520	2.70	2.05
Voorafvervaardigde eenvertrekhuis (uit- gesonderd 'n houthut)	250	0.60	1.13
Voorafvervaardigde huis plus kamer van baksteen (uitgesonderd 'n houthut) ...	340	0.81	1.53

Met dien verstande dat in die geval van 'n houthut wat uitsluitlik vir verhuur verskaf word,
die maandelikse huurgeld R1.45 is.

(Saamgestel uit gegewens verkry uit Staatskoerant No. 1233, 24 September 1965)

GELDE TEN OPSIGTE VAN HUURGELDE EN VORDERINGS VIR BELIGTINGS-, WATER-, SANITERE-, GESONDHEIDS-, MEDIESE EN ANDER DIENSTE, BETAALBAAR BYKOMEND BY DIE BEDRAE VOORGESKRYF IN BYLAES

	Maandelikse gelde waar dienste, uit- gesonderd straatverlig- ting en volle spoelriole- ring, verskaf word.	Maandelikse gelde waar dienste, in- sluitende straatver- ligting, ver- skaf word maar nie volle spoelriolering nie.	Maandelikse gelde waar dienste, in- sluitende volle spoel- riolering, verskaf word maar nie straat- verligting nie.	Maandelikse gelde waar dienste, in- sluitende straatver- ligting en volle spoel- riolering, verskaf word.	Maandelikse gelde waar slegs rudi- mentêre dienste verskaf word.
	R	R	R	R	R
Persone vir woon- en kerkdoeleindes-					
Tot 6,000 vk. vt.	1.71	1.76	1.81	1.86	0.86
Bo 6,000 vk. vt.	2.01	2.06	2.11	2.16	0.86
Persone vir handels-, industriële, profes- sionele doeleindes -					
Tot 6,000 vk. vt.	3.42	3.52	3.62	3.72	1.72
Bo 6,000 vk. vt.	4.02	4.12	4.22	4.32	1.72

(Saamgestel uit gegewens verkry uit Staatskoerant No. 1233, 24 September 1965)

BYLAE L

VERKOOPPRYSE, HUURGELDE EN AFLOSSING VAN PERSELE VIR WOON-, INDUSTRIËLE OP PROFESSIONELE DOELEINDES, UITGESONDERD DIE BEDRAE VOORGESKRYF IN BYLAES B EN C

1. Verkoopprys van -

(a) 'n perseel vir woondoeleindes R2 vir elke 500 vk. vt. of gedeelte van 500 vk. vt. wat 250 vk. vt. te bowe gaan; en

(b) 'n perseel vir handels-, industriële en professionele doeleindes R5 vir elke 500 vk. vt. of gedeelte van 500 vk. vt. wat 250 vk. vt. te bowe gaan.

2. Huurgelde en aflossing:-

Grootte van Perseel	Perseel vir woondoeleindes waarop 'n voorafvervaardigde huis (uitgesonderd 'n hout-hut) deur die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust opgerig is.		Perseel vir woondoeleindes waarop 'n huis (uitgesonderd 'n houthut) of voorafvervaardigde huis deur die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust opgerig is.	Leë perseel vir woondoeleindes	Perseel vir handels-, en professionele doeleindes
	Maandelikse huurgeld	Maandelikse aflossing	Maandelikse huurgeld of aflossing	Maandelikse huurgeld of aflossing	Maandelikse huurgeld of aflossing
	R	R	R	R	R
Tot 10,000 vk. vt.	0.09	0.18	-	-	-
Tot 6,500 vk. vt.	-	-	0.07	0.35	0.16
7,000 tot 14,000 vk. vt. ...	-	-	0.16	0.77	0.41
14,500 tot 18,000 vk. vt. ..	-	-	0.26	1.21	0.64
19,000 tot 22,000 vk. vt. ..	-	-	0.32	1.50	0.80

(Saamgestel uit gegewens verkry uit Staatskoerant No. 1233, 24 September 1965)